UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GETRAUMATISEERDE ADOLESSENTE SE SOEKE NA HOOP: 'N PASTORALE MODEL

Proefskrif voorgelê ter vervulling van
die vereistes vir die PhD graad
in Praktiese Teologie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
FAKULTEIT TEOLOGIE

**ANNELIZE ENDRES**

STUDIELEIER: PROF DR YOLANDA DREYER
Augustus 2008

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


**Hoofstuk 1** 1

**Inleiding en vraagstelling** 1

1.1. Probleemstelling 1

1.1.1. Agtergrond tot probleemstelling 1

1.2. Navorsingsleemte 8

1.3. Doel van die studie 10

1.4. Die afbakenings en beperkings 11

1.5. Plan van ondersoek 15

**Hoofstuk 2** 19

**Die postmoderne konteks** 19

2.1. Inleiding 19

2.2. Moderne versus die postmoderne perspektief 19

2.2.1. Die vraag na waarheid 25

2.2.2. Die mens 29

2.2.3. Dominansie van sekulêre vorms van mag 30

2.2.4. Letterlik-feitelike interpretasies van die Bybel 31

2.2.4.1. Ortodokse teologie 31

2.2.4.2. Piëtisme 32

2.2.5. Rasionaliteit 34

2.2.6. Meta-narratiewe 40

2.2.7. Moderne denke is dualisties 42

2.3. Postmoderne epistemologie 42

2.3.1. Verdraagsaamheid in plek van veroordeling 44

2.3.2. Rol van die leser 45

2.3.3. Heelbrein-dominansie versus linkerbrein-dominansie 45

2.3.4. Holistiese benadering 46

2.3.5. Proses in plek van die doelwit 46

2.3.6. Konteks 47

2.3.7. "Global village" 47
2.3.8. Relasionaliteit 48
2.3.9. Detradisionering 50
2.3.10. Dekonstruksie 51
2.3.11. Karakter van teologie verander 53
2.4. Die narratiewe pastorale benadering as metode 55

**Hoofstuk 3** 57
**Adolessensie** 57
3.1. Inleiding 57
3.2. Adolessente-fase 57
3.3. Ontwikkelingsteorieë 58
3.3.1. Verklaring van enkele begrippe 58
3.3.2. Oorsig oor die ontwikkelingsielkunde 59
3.3.2.1. Oorsprong 59
3.3.2.3. Verskillende perspektiewe op die ontwikkeling van die kind 60
3.3.2.4. Oorsig oor die geskiedenis van die ontwikkelingsielkunde 62
3.3.2.5. Resente navorsing 67
3.3.2.5.1. Die informasie-verwerkingsteorie 67
3.3.2.5.2. Etnologie 68
3.3.2.5.3. Die ekologiese sisteem teorie 69
3.4. Omskrywings van adolessensie 71
3.4.1. Vroeë adolessensie (12-14 jaar) 72
3.4.2. Middel-adolessensie (15-18 jaar) 72
3.4.3. Laat adolessensie 73
3.5. Die ontwikkeling van adolessente 73
3.5.1. Die fisiese ontwikkeling van adolessente 74
3.5.2. Kognitiewe ontwikkeling van adolessente 75
3.5.2.1. Sensorimotoriese fase (geboorte tot 2 jaar) 77

3.5.2.2. Pre-operasionele fase (2-7 jaar) 77
3.5.2.3. Konkreet-operasionele fase (7-11 jaar) 77
3.5.2.4. Formeel-operasionele fase (12 jaar en ouer) 77
3.5.2.5. Onlangse navorsing oor die formeel operasionele denke 79
3.5.2.5.1. Die effek van die gevorderde denke op adolessente 81
3.5.3. Emosionele ontwikkeling 82
3.5.4. Sosiale ontwikkeling 84
3.5.4.1. Verhouding met die ouers 84
3.5.4.2. Adolessente se verhouding met hulle portuurgroep 85
3.5.4.3. Adolessente se verhouding met die teenoorgestelde geslag 87
3.5.5. Identiteitsverwerwing en selfbeeld-ontwikkeling van adolessente 87
3.5.5.1. Adolessente se fisiese kenmerke het 'n impak op hulle selfbeeld 87
3.5.5.2. Erikson se teorie oor identiteitsvorming 88
3.5.6. Die religieuse ontwikkeling van adolessente 91
3.5.7. Morele ontwikkeling van adolessente 91
3.6. Konteks van adolessente 93
3.6.1. Y-generasiepersoonlikheid 93

**Hoofstuk 4** 97
**Benaderings in die pastoraat** 97
4.1. Inleiding 97
4.2. Praktiese Teologie 97
4.3. Taak en doel van Praktiese Teologie 98
4.4. Enkele benaderings in die pastoraat 99
4.4.1. Kerugmatiese benadering 100
4.4.2. Noutetiese benadering 103
4.4.3. Empatiese benadering 104
4.4.4. Eduktiewe benadering 107

4.4.5. Relasiegesentreerde benadering 109
4.4.6. Ontwikkelingsmodelle 111
4.4.6.1. Fowler se geloofsontwikkelingsmodel 111
4.4.6.2. Capps se diagnostiese model 114
4.4.7. Hermeneutiese benadering 116
4.4.7.1. Heitink se bipolêre spanningsmodel 118
4.4.7.2. Capps se Psalm-, Spreuke- en gelykenismodel 119
4.4.8. Sosiale konteks benadering 123
4.4.8.1. Die sosiale individualisme van die 17de en 18de eeuse sosiale teorieë 126
4.4.9. Die herstruktureringsmetode 130
4.4.10. Die lewensverhaal model 130
4.5. Elemente van 'n pastorale terapie-sessie 137
4.6. Pastorale terapie en psigoterapie 139
4.6.1. Verskillende modelle 140
4.6.2. Verhouding tussen die teologie en die psigologie 142
4.7. Verbinding tussen teoretiese integrasie en praktiese integrasie 142
4.8. Korttermyn berading 146
4.9. Die gespreksvlakke binne pastorale berading 149

**Hoofstuk 5** 152
**Pastorale benadering tot trauma** 152
5.1. Inleiding 152
5.2. Verskillende benaderings tot trauma 152
5.2.1. Biopsigososiale sisteem teorie 153
5.2.2. Konstruktiewe selfontwikkelingsteorie 153
5.2.3. Psigoanalitiese model 154
5.2.4. Pastorale psigoterapie model 154
5.2.5. Leerteoretiese benadering 155
5.2.6. Ontwikkelingsmodelle 156
5.2.7. Eksistensiële teorie 156

5.2.8. Humanistiese benadering 156
5.2.9. Objek-verhoudingsteorie 157
5.3. Omskrywing van trauma 157
5.4. Individue se reaksie op trauma 159
5.6. Elemente wat nodig is om gebeure traumaties te maak 161
5.6.1. Persepsies van 'n gebeurtenis as negatief 161
5.6.2. Die gebeure is skielik en onverwags 163
5.6.3. Gebrek aan beheerbaarheid 164
5.7. Verskillende soorte trauma 165
5.7.1. Akute trauma 165
5.7.1.1.Verkragting 166
5.7.2. Kroniese trauma 167
5.7.3. Sekondêre trauma 168
5.8. Die verskil tussen 'n adolessent wat getraumatiseer is en een wat ly aan posttraumatiese stressimptome 169
5.9. Die brein en trauma 170
5.9.1. Die korteks 171
5.9.2. Die limbiese stelsel 171
5.9.3. Die amigdala 171
5.9.4. Die hippokampus 172
5.9.5. Die breinstam 173
5.9.6. Senuweeverbindings 173
5.10. Breinontwikkeling van kinders 175
5.11. Die rol van genes en ondervinding in trauma 177
5.12. Die rol van vorige trauma in huidige traumareaksies 178
5.13. Geheue tydens en na trauma 179
5.13.1. Storing van inligting 179
5.13.2.Die linker- en regterbrein stoor inligting verskillend 180
5.13.3.Liggaamsgeheue 182
5.13.4.Herroeping 182
5.14. Oorlewingstegnieke 183

5.14.1. Ontkenning 185
5.14.2. Disassosiasie 186
5.14.3. Gevoelloosheid 187
5.14.4. Repressie of onderdrukking 188
5.14.5. Die sondebok-meganisme 188
5.15. Fases van trauma 189
5.15.1. Impakfase 189
5.15.2. Reaksiefase 190
5.15.3. Vermydingsfase 190
5.15.4. Integrasiefase 191
5.15.5. Posttraumatiese stresfase 191
5.16. Trauma Skikkingsindroom 193
5.17. Simptome van trauma 194
5.17.1. Ontkenning 196
5.17.2. Angstigheid 197
5.17.3. Woede 197
5.17.4. Magteloosheid 198
5.17.5. 'n Gevoel van depressie 198
5.17.6. Versteurde slaappatrone 199
5.17.7. Verhoogde chaos 199
5.17.8. Versteurde eetpatrone 200
5.17.9. Die rol van plaasvervangers na trauma 200
5.17.10. Skuldgevoelens 201
5.17.11. Nagmerries en terugflitse 201
5.17.12. Hiperwaaksame gedrag 202
5.17.13. Denke na trauma 202
5.17.14. Gevoel van waardeloosheid 203
5.17.15. Wantroue in ander en in die omgewing 203
5.17.16. Selfbesering, kompulsiewe gedrag en selfmoord 204
5.18. Trauma en die self 204
5.18.1. Die self 206

5.18.2. Selfvermoëns 206
5.19. Ego-hulpbronne 207
5.20. Psigologiese behoeftes 208
5.21. Trauma en die dood 209
5.22. Genesing van trauma 210
5.22.1. Ontlonting 211
5.22.2. Die onthou en herleef van die trauma 213
5.22.3. Gedragsbehandeling 214
5.22.4. Vernuwing van denke 215
5.22.5. Rou 216
5.22.6. Konneksies en bemagtiging 219
5.22.7. Raak aktief betrokke by iets 220
5.22.8. Herformulering 220
5.22.9. Instel van veiligheid 221
5.22.10. Ontwikkeling van nuwe verhoudings en die self 221
5.22.11. Belewing van emosies 222
5.22.12. Vergifnis 222
5.22.13. Drome 223
5.22.14. Medikasie na trauma 223
5.22.15. Sosiale ondersteuning tydens trauma 224
5.23. Die invloed van die trauma op die pastor 226

**Hoofstuk 6** 227
**Pastoraat, jeugtrauma en die numineuse** 227
6.1. Inleiding 227
6.2. Kritiese denke 228
6.3. A priori vermoë 229
6.4. "Das Heilige" 231
6.5. Numineuse 232
6.5.1. "Tremens" 234
6.5.2. "Fascinans" 235

6.5.3. "Absolute profaneness" 236
6.6. Evaluering 236

**Hoofstuk 7** 240
**Pastoraat, jeugtrauma, die "sondebok-model" en Jesus as rolmodel** 240
7.1. Inleiding 240
7.2. Nabootsende geweld 242
7.3. Rolmodelle 245
7.4. Kognitiewe ontwikkeling van adolessente 248
7.4.1. Formeel-operasionele fase 249
7.4.1.1. Hipoteties-deduktiewe denke 249
7.4.1.2. Inter-proposisionele logika 249
7.4.1.3. Antisipering van moontlike gevolge 250
7.4.1.4. Introspeksie 250
7.4.1.5. Formeel-operasionele egosentrisme 250
7.4.1.6. Resente ondersoeke oor die formeel-operasionele Denke 251
7.5. Die sondebok-meganisme 255
7.5.1. Woede 256
7.5.2. Skuldgevoelens 258
7.5.3. Selfbesering, kompulsiewe gedrag en selfmoord 258
7.6. Profiel van 'n sondebok 259
7.6.1. Fisiese kenmerke 259
7.6.2. Erikson se teorie oor identiteitsvorming 260
7.6.3. Die emosionele ontwikkeling 263
7.6.3.1. Gevoel van waardeloosheid 265
7.6.3.2. Wantroue in ander en omgewing 265
7.7. Wanbegrippe in sondebok-ritueel 265
7.8. Jesus, die sondebok 266

**Hoofstuk 8** 269

**Die reis na heling – ’n narratiewe pastorale model** 269
8.1. Inleiding 269
8.2. Oorsprong van die narratiewe 270
8.3. Die narratiewe as ’n postmoderne navorsingsmetodologie 273
8.4. Meesterverhale 273
8.4.1. Moderne denke oor meesterverhale 273
8.4.2. Postmoderne denke oor meesterverhale 274
8.5. Die doel van die narratief 277
8.6. Die plek van die Bybel 280
8.6.1. Geloofsgemeenskappe leef die Bybel se verhaal 281
8.6.2. Voorkeur van die Christelike verhaal 283
8.7. Postmoderne narratiewe pastoraat 284
8.8. Drie verhale in die narratiewe teologie 286
8.9. Sin in vertelling 287
8.10. Die hermeneutiese dimensie in die narratiewe benadering 288
8.11. Die narratiewe pastor 291
8.12. Metafore en stiltes in die narratiewe 293
8.13. Narratief terapeutiese proses 295
8.14. Vertelling lei tot heling 298
8.15. Metode van narratiewe navorsing 299

**Hoofstuk 9** 302
**Pastoraat, adolessensie en geïnternaliseerde hoop** 302
9.1. Inleiding 302
9.2. Trauma en wanhoop 303
9.3. “Future visioning” 305
9.4. Hoop maak ’n verskil aan die toekoms 306
9.5. Inhoud van die hoop 307
9.5.1. Die uittog 308
9.5.2. Ballingskap en terugkeer 310
9.5.3. Die priester-verhaal 311

9.6. Moltmann se teologie van hoop 315
 9.6.1. Die Goddelike belofte 316
 9.6.2. Die verhoging van die gekruisigde Christus as God se belofte vir die wêreld 317
9.7. Hoop en herstrukturering 317
 9.7.1. Trauma Skikkingsindroom 319
 9.7.2. "Revising the past" 320
 9.7.3. Hoop as deug 321
 9.7.4. Omskrywings van herstrukturering 322
 9.7.5. Aard van herstrukturering 323
  9.7.5.1. Skynbaar teenstrydige ingrepe 324
  9.7.5.2. Wegweerkaatsing ("Dereflection") 325
  9.7.5.3. Die illusie-alternatief 325
 9.7.6. Kategorisering se rol in herstrukturering 328
 9.7.7. Herstrukturering met die oog op heelwording 329
 9.7.8. Waarde van herstrukturering 330
9.8. Waarde van hoopterapie 331

**Hoofstuk 10** 333
**Bevindings** 333
10.1. Terugskouing en slotopmerkings 333

**Literatuurverwysings** 337

**Summary** 374

**Keywords** 376

# Hoofstuk 1
# Inleiding en vraagstelling

## 1. Probleemstelling

### 1.1. Agtergrond tot probleemstelling

Suid-Afrika het ’n hoë misdaadsyfer. Dit beteken dat daar baie slagoffers van misdaad in die land is wat meestal erg getraumatiseer is. Daar is getuienis dat kinders en adolessente meer gereeld as volwassenes getraumatiseer word:

> For example, according to a Justice Department, Bureau of Justice Statistics study of 11 states of America and the District of Columbia for 1992, adolescents, ages 12 to 17, were the most common victims of violent crime in America, being raped, robbed, or assaulted at five times the rate of adults 35 or older. In a longitudinal study of 386 Caucasian working-class adolescents (17 years), the lifetime prevalence of PTSD was 6.3% while it was 5% for the working class adult.
>
> (Reinherz, Gaconia, Lefkowitz, Pakiz and Frost 1993:60)

Die helfte van die vroue wat in 1992 in die Verenigde State van Amerika verkrag is, was onder 18 jaar (U.S. Justice Department, Bureau of Justice Statistics - www.ojp.usdoj.gov/bjs/). Die effek van trauma is verskillend in verskillende ontwikkelingsfases van die mens se lewe en veral in die geval van kinders se lewensfases. Van der Kolk (1985:365-370), ’n wêreldkundige op die gebied van trauma het ondersoeke met Viëtnamese veterane wat met post-traumatiese stressimptome gediagnoseer is, onderneem. Van der Kolk (1985:365-370) het navorsing gedoen oor Viëtnamese oorlogs-veterane wat met posttraumatiese stressimptome gediagnoseer is. Posttraumatiese stres is die herlewing van 'n traumatiese gebeurtenis of insident oor 'n lang tydperk. Post-traumatiese stres tree gewoonlik in nadat 'n individu blootgestel is aan die een of

ander vorm van trauma of die slagoffer was van geweld of misdaad. Van der Kolk (1985:365-370) het bevind dat die simptome betekenisvol hoër is in die geval van soldate wat jonger was as die kontrole groep toe hulle tot die oorlog toegetree het (18.3 jaar teenoor 23.8 jaar). Tot onlangs toe is daar min navorsing gedoen oor kinders en adolessente se reaksie onmiddellik na 'n groot trauma (Joseph, Williams & Yule 1997:26). Die rede hiervoor is waarskynlik dat volwassenes baie beskermend teenoor kinders is en nie graag wil erken dat kinders swaarkry nie. Volwassenes mag derhalwe ontken dat kinders sielkundige simptome het wat navorsing regverdig (Joseph, Williams & Yule 1997:26).

Die manifestasie van geweld het die land in 'n knelgreep. Statistiek op sigself kamoefleer, abstraheer en reduseer gebeure. Geen statistiek word gegee oor hoeveel mense, families en gemeenskappe op 'n diep traumatiese wyse deur elke moord, verkragting, kaping of marteling geraak word nie en nog minder weerspieël die statistiek die omvang, diepte en lyding van die hartseer, ontbering en ontwrigting wat dit meebring. Die volgende statistiek gee insig in die hoë misdaadvlakke van die afgelope 10 jaar. Dit is slegs die gerapporteerde oortredings. Nie alle oortredings (byvoorbeeld verkragting) word gerapporteer nie. Daar word in Suid-Afrika daagliks tussen 121 en 127 uit elke 100 000 mense verkrag. In Suid-Afrika is tussen 560 en 570 uit elke 100 000 mense daagliks slagoffers van ernstige aanvalle soos byvoorbeeld kapings. Daar word daagliks 64 tot 70 pogings tot moord en 42 tot 67 moorde uit elke 100 000 mense gerapporteer (http://www.iss.co.za/CJM/statgraphs/index.htm). De Beer (2007:4), 'n Inligtingkundige aan die Universiteit van Pretoria toon aan dat in die tydperk tussen 2001 tot 2006 daar 130 000 mense gewelddadig vermoor is. Dit bring 'n mens by 60 000 aangemelde verkragtings, 300 000 ernstige aanvalle en 22 270 moorde per jaar (http://www.saps.gov.za/statistics/re...rime_stats.htm). Indekse wat van tyd tot tyd gepubliseer word, bied 'n ewe kommerwekkende prentjie van geweld en trauma. Een so 'n indeks plaas Suid-Afrika in die 99ste posisie uit 120 lande as dit by vrede kom. Dit is 'n posisie tussen lande wat deur oorlog geteister word (De Beer 2007:4). Die Mo Ibrahim indeks (28 September 2007)

toon aan dat Suid-Afrika op twee na die onveiligste staat is uit die 48 lande suid van die Sahara (De Beer 2007:4).

Die kerk is geroep om die evangelie van God aan stukkende mense en gemeenskappe te bedien. Die kerk behoort 'n genesende gemeenskap in die Suid-Afrikaanse konteks te wees. Daarvoor moet die kerk en pastors opgelei word om mense wat getraumatiseer is, te begelei om weer heel mense te word. Talle mense worstel met die finansiële, sielkundige en emosionele gevolge van misdaad. Die trauma van 'n misdaad is nie altyd maklik om te verwerk nie en die kerk is nie altyd genoegsaam betrokke by slagoffers nie. Dikwels weet die kerk ook nie hoe om slagoffers te begelei nie.

Natuurverskynsels kan ook trauma veroorsaak. Suid-Afrikaners reis buite die landsgrense en kom so in aanraking met trauma soos in die geval van die Tsunami in die Indiese Oseaan in 2004. Hierdie mense kom terug na Suid-Afrika en benodig terapie om die trauma te verwerk.

Die sentrale doelstelling van die pastoraat is om mense te help om sinvol te lewe (kyk Clinebell 1966; Oden 1966; Collins 1972; Stone 1972; Watzlawick, Weakland & Fisch 1974; Bandler & Grindler 1979; Capps 1980, 1993; Crabb 1985; Ballard 1986; Bridger & Atkinson 1988; Borg 1995; Louw 1999; Doehring 1999; Graham, Walton & Ward 2005; Swinton & Mowat 2006). Die mikpunt van die pastoraat is om die mens te help om versoening met God te ontdek, te leef vanuit die beloftes soos verwoord in die Skrif sodat elke gelowige vanuit die opstandingsperspektief op lewe, oorwinnend sin kan gee aan hulle bestaan (Louw 1999:426). Graham (1992:19) meen ook dat pastorale sorg nie bloot van 'n individuele benadering gebruik kan maak nie, maar probleme kontekstueel behoort te benader. In pastoraat vra hierdie verskuiwing 'n hernude evaluering van die geloofsnetwerk in die kerk as liggaam van Christus, wat die Skrif 'die onderlinge sorg vir mekaar en die positiewe invloed van *koinonia*' (Handelinge 2:37-42) noem. Daar is 'n verskuiwing weg van 'n eensydige professionele benadering na die onderlinge versorging van die gelowiges (Louw 1999:426). Vir Gerkin (1984:17) moet pastoraat meer konsentreer op hulp en onderlinge versorging binne die gemeenskap van gelowiges. Postmoderne

pastoraat sal derhalwe die konteks in ag neem en nie net gefokus wees op die individue nie, maar ook op sisteme.

Postmoderne pastoraat sal onregverdige sosiale strukture bestry en sal eerder daarna strewe om krities teen sosiale strukture te wees en indien nodig profeties op te tree. So sal beraders sosiale strukture wat onderdrukkend is, identifiseer en poog om dit te verander. ’n Postmoderne teologiese siening van pastoraat kan nie gereduseer word tot bloot die gebeure van verkondiging (kerugmatiese reduksie) nie. Die pastoraat is nie ’n herhaling van die preek nie, maar ’n gesprekmatige konkretisering van die evangelie binne die lewenswerklikheid van gelowige mense (Louw 1999:88). Uit ’n postmoderne hoek kan ’n teologie van die pastoraat nie gereduseer word tot slegs die ervaring en behoeftes van mense nie. Pastoraat is meer as die ontsluiting van innerlike potensiaal en ’n proses van selfrealisering langs die weg van empatiese inlewing (psigologiese reduksie). Indien die pastoraat volstaan met gesprekstegnieke en in lewenshulp opgaan, verloor dit sy eiesoortige dimensie van geloofsontwikkeling en gemeente-opbou (Louw 1999:88). Om hoop te skep is ‘n sentrale bestanddeel van die terapeutiese proses. ‘n Postmoderne perspektief op Christelike hoop beteken dat die pastor minder analities en meer sinteties te werk gaan. Vanuit postmoderne pastoraat korreleer Christelike hoop met ‘n tipe van spreke en taalgebruik in die pastorale gesprek wat minder deskriptief en analities is en meer op integrasie, insig, doelgerigte optredes en toekomsoriëntasie ingestel word (Louw 1999:535).

Om ’n sinvolle bydrae in hierdie gebied te lewer is van drie teorieë gebruik gemaak naamlik dié van Rudolf Otto (1869 – 1937), René Girard (1923 - ) en Donald Capps (1990, 1993, 1994, 1996). Hierdie studie verbind Girard en Otto se teorie met getraumatiseerde adolessente.

Rudolf Otto (1923) se teorie oor die numineuse is bruikbaar om ’n getraumatiseerde adolessent te begelei tot heelwording. Getraumatiseerde adolessente is verward omdat die kritiese denke, wat hulle tydens adolessensie ontwikkel twyfel kan veroorsaak. Mircea Eliade (1987), ’n antropoloog en

godsdienswetenskaplike, is van mening dat adolessente "soekers" is wat die geestelike betref.

Die moderne tyd se spiritualiteit verskil grootliks van die voorafgaande tydperk, naamlik die premoderne tyd. Alhoewel die postmoderne wêreld se spiritualiteit nie 'n terugkeer na die premoderne mitiese denke is nie, is daar tog ooreenkomste. Die psigoanalis, Carl Jung ([1956]1967:17), se verduideliking van 'n premoderne mitiese manier van lewe as "spontaneous, associative and directionless" kan ook toegepas word op die habitus van postmoderne "soekers" soos adolessente. In die drie-dimensionele premoderne wêreldsiening bepaal eksterne magte al die aspekte van mense se lewens. In die moderne era is hierdie wêreldsiening vervang met 'n "wetenskaplike" een (Van Aarde 2005:44). Maar soos Joseph Campbell aantoon in sy werk, *Myths to live by* (1972:145), kan transendensie "never be displaced by the findings of science, which relate rather to the outside world". In die paradigma van 'n drie-dimensionele wêreldsiening pas die dualistiese onderskeiding tussen 'n "bo-natuurlike" en "natuurlike" wêreld nie (Saler 1977:46). Die premoderne siening sluit die "natuurlike" en die "geesteswêreld" in. In die moderne paradigma word die "bo-natuurlike" en "natuurlike" geskei. Postmoderne perspektiewe sou onder andere hulle beroep op die "bonatuurlike" indien die "natuurlike" omstandighede as bedreigend ervaar word. Vir "soekers" is die transendente nooit afwesig nie. Dit sou dus helend wees vir getraumatiseerde adolessente indien hulle in hierdie verwarde tyd die misterie van die geestelike kan herontdek. Dit is nie 'n intellektuele paradoks nie, maar 'n geestelike belewenis. Die religieuse ontwikkeling van adolessente is van so 'n aard dat daar by hulle baie klem op die nie-rasionele val, wat dit maklik maak om hulle die numineuse te laat beleef. As die numineuse ervaar word, is daar twee gevolge, naamlik 'n ervaring van verwondering en 'n ervaring van vrees in die sin van diep respek en afstand. Die getraumatiseerde adolessent kan so begelei word om God binne 'n verwarde postmoderne wêreld te ontmoet.

In hierdie studie word ook René Girard (1965, 1977, 1978, 1979, 1986, 1987, 1993) se teorie oor nabootsende geweld en die sondebok-meganisme

gebruik om lig te werp op getraumatiseerde adolessente se verwerking van die trauma. Ceryl Krik-Duggan van die Shaw University Divinity School in North Carolina meen dat: "Teology does the analysis to name the wrong to heighten our awareness about violence and our complicity in it, and offers ways of being to help transform our own lives and others in society, through te grace of God." Wanneer 'n mens geweld analiseer kan 'n mens maklik 'n sondebok identifiseer. Die sondebok-meganisme teorie help 'n mens verstaan hoe mense geweld verwerk deur iemand óf iets te blameer. Girard (1986:156) meen dat kennis oor die werking van die sondebok-teorie nie geweld minder maak nie, maar " ... this knowledge must be added to the will to forgive". Vergifnis is die sleutel vir mense wat die verskrikking van hulle verlede wil oorkom. Girard werp lig op hierdie onderwerp. Adolessente het veral behoefte aan rolmodelle (Baumeister 1990:518-520). Rolmodelle word onder andere op televisie gevind. Hulle sien hoe 'n held optree wanneer hy te na gekom word, hulle sien sy weerwraak en neem dan aan dat dit die korrekte optrede is. Die huidige samelewing is gefassineer deur geweld. Henslin (1994:110) stel dit so: "It may seem bizarre to members of other cultures, but murder is a major form of entertainment in American Society. Night after night we watch shootings, strangulations, stabbings, slashing, beatings, bombings and various other forms of mutilation and mayhem flashing across our television screens – all in living color." Die geweld op televisie leer kinders en adolessente oor wraak en weerwraak. Mense kan nie lewe te midde van geweld nie, ook kan hulle nie oorleef deur geweld te ignoreer nie. Pastors moet getraumatiseerde adolessente lei om Jesus as rolmodel na te volg en om soos Jesus te word. Getraumatiseerde adolessente moet ook gelei word om die regstelsel te gebruik om geweld te keer en nie weerwraak uit te oefen nie.

Getraumatiseerde persone voel waardeloos en kan nie selfhandhawend optree nie. Hulle selfbeeld is aangetas deur vernedering, skuld en magteloosheid. Omdat tienerjare juis die tyd is waarin mens ontdek wie hy of sy is, is 'n trauma in daardie tyd baie sleg, want dan hou die brein hom besig met ander dinge as identiteitsvorming. Adolessente probeer om 'n

sondebok te vind. ’n Maklike teiken is die adolessent self en daarom blameer hulle hulleself vir die trauma, al is daar nie rasionele verband nie. Girard wil deur die sondebok meganisme te ontbloot, beter begrip by mense skep oor die manier waarop hulle trauma hanteer.

Uiteindelik vind ek Capps se teorie oor hoop en herstrukturering bruikbaar omdat dit adolessente weer hoop vir die toekoms kan gee. In Capps (1996) se werk bied hy ‘n model oor hoop aan. Hy lê klem op die feit dat pastors die draers van hoop is. Hy is van mening dat ’n kerntaak van die pastor is om ‘n “provider of hope” te wees (Capps 1996:12). Dit is waar dat ander beroepe ook hoop aanbied, maar dit is net ’n gedeelte van wat hulle aanbied. Pastors, aan die ander kant, is meestal nét draers van hoop. Dit is hierdie taak van ’n pastor wat hom of haar van ander beroepe onderskei. Om hoop te skep is ‘n sentrale bestanddeel van die terapeutiese proses. Hoopterapie geskied met behulp van herstrukturering omdat daar anders oor die situasie gedink moet word. Hiervoor word Capps se werk, *Reframing: New method in pastoral care* (1990) as raamwerk gebruik. Borg se werk, *Meeting Jesus again for the first tim*e (1994) gee inhoud aan die konsep van “hoop” uit ‘n postmoderne invalshoek en steun terselfdertyd sterk op die narratiewe. Ten einde aan verwarde getraumatiseerde adolessente weer hoop vir die toekoms te gee, is hierdie werk bruikbaar. Borg (1994, 1995) is ’n sterk voorstander van die narratiewe omdat dit die emosies van die mens aanspreek. Soos wat godsdienstige wette riglyne gee oor menslike gedrag, en die teologie en leerstellings mense meer insig in geloof gee, spreek verhale die belewenisse van mense aan. Borg (1994:121) stel dit so “… stories appeal to the imagination to that place within us where our images of reality, life and ourselves reside.” Sodoende bring hy hoop nader aan die ervaring van die numineuse.

Ek gaan ook kernelemente uit die hoopteologie van Moltmann (1926 - ) bespreek. Die waarde van Moltmann (1966) se denke vir hierdie studie is daarin geleë dat hy hoop koppel aan twee belangrike teologiese momente: God se identifikasie met menslike lyding via die kruis en die verband tussen God en die oorwinningsperspektief van die opstanding. Volgens Moltmann (1974:33) word

hoop gegenereer wanneer ’n persoon aan God se trou blootgestel word. Dit beteken dat daar gepoog moet word om mense se Godskonsep te beïnvloed en te verander. Hierdie verandering kan gegenereer word wanneer die persoon met Skrifbeloftes gekonfronteer word, wat in hierdie studie aan Borg (1994) se meta-verhaal model gekoppel word.

**1.2. Navorsingleemte**

Adolessente is individue in die lewensperiode tussen kind en volwassene. Hierdie tydperk is die periode wanneer hulle hulself herdefinieer, nuwe dimensies ontdek, hulle selfbeeld wysig en met ’n nuwe selfkonsep vorendag kom (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:11). Trauma werk ontwrigtend op hulle ontwikkeling in. Trauma-verwerking by kinders en volwassenes verskil. Volwassenes gebruik bewustelik en onbewustelik hulle gewone denkprosesse om deur trauma te werk tot op ‘n vlak waar dit relatief draaglik word. Omdat kinders en adolessente se breine nog nie sodanige vermoëns ontwikkel het nie, is dit vir hulle moeilik om deur die trauma te werk (Miller 1998:91). Adolessente se ervaringsveld is kleiner as volwassenes s’n en daarom het hulle ’n kleiner voorraad van suksesvolle hanteringsmeganismes om op te steun (Miller 1998: 90). Hierdie beperkte denkprosesse verminder hulle vermoë om elke keer ’n nuwe manier van aanpassing by trauma te vind. Trauma is aan die toeneem (http://www.iss.co.za/CJM/statgraphs/index.htm) en nou ontstaan die vraag in welke mate pastors toegerus is om trauma te hanteer en om meer spesifiek adolessente pastoraal te begelei. Die meeste predikante het min of geen formele opleiding of toerusting in die begeleiding van gesinne waar daar trauma voorkom nie. Die meeste van hierdie gevalle word na maatskaplike werkers en sielkundiges verwys. Weaver (1992:208) bevind dat al hoe meer mense, selfs soveel as vier uit elke tien persone, ’n predikant vir persoonlike en gesinsprobleme raadpleeg. Dit is ook in ons gemeente my gewaarwording dat daar al hoe meer trauma voorkom en dat lidmate op die predikant en medelidmate steun vir begeleiding en nie noodwendig op sielkundiges nie. Pastors het nie genoegsame kennis van trauma nie en het behoefte aan ’n

model om byvoorbeeld getraumatiseerde adolessente pastoraal te begelei. Effektiewe pastoraat aan adolessente wat trauma beleef, kan hulle help om nie ’n lewenslange las te dra van ’n situasie wat oneffektief gehanteer is, nie. Heelwat emosionele-, verhoudings- en geestelike probleme wat volwassenes ervaar, is die gevolg van krisisse tydens hul kinderjare wat nie verwerk is nie (Lester 1985:49). Dit is van kritiese belang om nie die kind in sy krisis mis te kyk nie “... because how they experience and interpret the crisis will affect every part of their developing selfhood” (Lester 1985:48).

’n Natuurramp, ’n kaping, motorongeluk, verkragting, plaasaanval en gewapende roof is gewoonlik ’n eenmalige traumatiese gebeure. Dit word akute trauma genoem. Terr (1988:104) definieer dit as Tipe 1 Trauma. Dit is ’n verskriklike gebeure wat ’n persoon ervaar, gesien of van gehoor het, veral wanneer dit lewensbedreigend is of fisiese skade veroorsaak.

Verwaarlosing, mishandeling en molestering is gewoonlik iets wat herhaaldelik oor jare plaasvind en dit word kroniese trauma genoem. Terr (1988:104) noem dit Tipe 2 Trauma. Daar is heelwat literatuur beskikbaar oor kroniese trauma (kyk o a Brown & Finkelhor 1986; Van Stone & Lutzer 1990; Breslau, N, Davis, G C & Andreski, P. 1991; Van der Kolk 1991; Weaver 1992; Sack 1993; Teicher 1993; Perry 1996; Price 1996; Chip 1988; Abel & Kandel 1998; Bremmer & Marmar 1998; Miller 1998; Coutois 1999; Wickham & West 2002). Oor akute trauma is daar meer beperkte literatuur as in die geval van kroniese trauma en die literatuur konsentreer in die meeste gevalle op verkragting (kyk o a Burgess & Homstrom 1974; Veronen, Kilpatrick & Resick 1979; Benedek 1985; Davis 1985; O’Brien 1985; Suger 1988; Warshaw 1988; Hodgkinsin & Stewart 1991; Clark 1992; Armfiel 1994). Selfs wanneer skrywers oor akute en kroniese trauma in een boek skryf, val die klem baie meer op kroniese trauma (kyk o a Herman 1992; Scott & Strading 1994; Kilbourn 1996; Van der Kolk, B.A. 1998).

Daar is baie literatuur beskikbaar oor verskeie aspekte van adolessensie (kyk o a Erikson 1968; Piaget 1972; Irving & Zuck 1977; Gould 1980; Levinson 1980; Gerdes 1988; Kohlberg 1983; Bonstein 1989; Dixon & Lerner 1992;

Bronfenbrenner 1993; Elium & Elium 1996; Berk 1997; Steinberg 1999; Smith, Cowie & Blades 2003). In beskikbare literatuur oor beide adolessente en trauma, val die klem op kroniese trauma en waar daar wel oor akute trauma en die adolessent geskryf word, is dit meestal oor verkragting (kyk o a Browne & Finkelhor 1986; Lyons 1987; Breslau, Davis & Andreski 1991; Kilbourn 1996; Miller 1998). Ek kon nie enige literatuur opspoor wat lig werp op pastoraat aan adolessente wat akute trauma oorleef het vanuit ’n postmoderne perspektief nie. Literatuur wat wel handel oor die getraumatiseerde adolessent uit ’n postmoderne perspektief is geskryf uit die hoek van die sosiale psigologie (kyk Monohon 1997; Anderson & Dartington 1998).

Daar bestaan dus ’n leemte aan navorsing wat fokus op pastoraat aan adolessente wat ’n akute trauma beleef het. Hierdie studie wil juis op hierdie gebied (akute trauma en adolessente) ’n bydrae lewer. Om ’n sinvolle bydrae te lewer op hierdie gebied is dit noodsaaklik om eers ’n in diepte verkenning te doen oor die adolessente-tydperk.

### 1.3. Doel van die studie

Na aanleiding van die leemte wat ek geïdentifiseer het uit die bestaande navorsing het ek ’n verkennende studie ten doel naamlik die heling van adolessente wat getraumatiseer is as gevolg van akute trauma soos onder andere van geweld en misdaad. Heling word bewerkstellig deurdat hulle strewe na die “numineuse” wat ek gaan aandui met behulp van die relevante teorie van Rudolf Otto. Die toeëiening van die “numineuse” kan die *tremens (*die verskrikking van die trauma) omskep in *fascinans* (bewondering as reaksie op God) sodat adolessente by meer uitkom as net “soek”. Adolessente is “soekers” wat hulle identiteit in die portuurgroep vind. Deur Girard se sondebokteorie op die kruis van Jesus toe te pas, kan die getraumatiseerde en gekruisigde Jesus die rolmodel van “soekers” word, eerder as die soeke na identiteit by hulle portuurgroep. ’n Literatuurstudie is onderneem om die verskillende aspekte van trauma en die adolessent te bestudeer.

**1.4. Die afbakenings en beperkings**

Die veld van trauma is te groot om in besonderhede te bespreek en te analiseer. Die fokus van hierdie studie is om mense bewus te maak van trauma. Namate mense bewus word van die problematiek kan daar ook gekyk word na ander belangrike aspekte van trauma. Dit is belangrik dat die kerk ook oor alle moontlike opsies moet besin om so effektief moontlik te wees. Ek gaan in hierdie studie net konsentreer op akute trauma. Daar sal ook net met adolessente gewerk word. Ek sal konsentreer op onlangse navorsing (afgelope 10 jaar) behalwe wanneer ek die adolessente bespreek, waar ek dan noodgedwonge van ouer materiaal gebruik moes maak. Die veld is Praktiese Teologie hoewel ek ook die Sielkunde gaan betrek.

Adolessente word groot met ’n postmoderne wêreldbeskouing. ’n Wêreldbeskouing is nie net mense se beeld van die realiteit nie, maar ook ’n lens waardeur hulle die realiteit sien. Hoe ’n mens dink en wat ‘n mens glo, word onder meer bepaal deur die spesifieke tyd in die geskiedenis waarin ’n mens leef. In hierdie sin is die mens onwillekeurig ‘n “kind van jou tyd” en daarom is dit belangrik om die aard van die tydgees waarbinne ‘n mens leef en dink te verstaan, om te weet hoekom mense dinge op ’n sekere manier sien en waarom mense op ’n bepaalde manier in dinge glo (kyk Du Toit 2000). Die pastor se wêreldbeskouing moet die algemene diskoers van die samelewing reflekteer, ten einde relevante pastoraat te kan doen. My keuse vir ’n postmoderne paradigma is omdat ek ’n postmoderne mens is wat tuis voel binne die betrokke dinkraamwerk. My epistemologie is postmodern en daarom sal ek in hierdie studie soek na postmoderne teorieë en metodes wat daarmee versoenbaar is. Die postmoderne paradigma is ook veral bruikbaar in ’n ondersoek oor adolessente omdat dit hoofsaaklik die atmosfeer is waarbinne hulle leef. Daarom is dit nodig om aandag aan kenmerke van postmoderniteit te gee.

Modernistiese teorieë lewer egter ’n belangrike bydrae tot my studie en daar is van sodanige teorieë gebruik gemaak (veral in hoofstuk 5), alhoewel die studie vanuit die hoek van die postmoderne gedoen word.

Moderne denke beklemtoon een absolute waarheid en onderbeklemtoon ’n verskeidenheid van perspektiewe op die waarheid (Lyotard 1984). Hierdie studie sal waak teen die vooronderstelling dat ’n enkele pastorale aanslag of terapie as die enigste “regte” metode beskou word. Waarheid vir die postmoderne denkers is nie ’n soeke na feite nie, maar die skep van betekenis en waardes (Rossouw 1993:903).

In die moderne tyd is die klem laat val op die kognitiewe. Slegs dit wat ‘n mens met rede en logika kan verstaan, is aanvaar. Met die postmoderne het die insig egter gekom dat sodanige suiwer kennis ’n illusie is. Die waarnemer se ervaring in die volste sin van die woord speel net so ’n belangrike en deurslaggewende rol in die ontwikkeling van kennis (Du Toit 2000:54). Dit staan lynreg teenoor die modernisme se standpunt dat kennis vas, objektief en absoluut is.

Postmoderniteit loods ’n skerp aanval teen die tradisionele manier van wetenskapsbeoefening, wat objektiewe, algemeen geldende waarhede nastreef. Kwalitatiewe en narratiewe navorsing is meer postmodern georiënteer en bring nuwe data na vore (vgl o a Gottlieb & Lasser 2001:191; kyk Lyotard 1984; Rossouw 1995; Freedman & Combs 1996; Richards & Bergin 1997; Ward 1997; Du Toit 2000; Malpas 2001; Butler 2002; O’Donnell 2003; McLaren 2000; Borg 2003; Riggs 2003; Burkhard 2004). Hierdie studie volg dieselfde werkswyse. Die vertrekpunt van hierdie studie word uit die postmoderne paradigma benader omdat dit die tydsgees is waarbinne ons leef. Dit is die heersende wind wat waai (Grassie 1997:8). Goeie navorsing sal in diepte ag slaan op hierdie verskynsel.

Diegene wat tussen 1965 en 1984 gebore is, word Generasie X genoem, terwyl diegene wat sedert 1984 gebore is, Generasie-Y genoem word. Albei generasies kan as die postmoderne geslag beskou word. Hierdie generasies kyk deur ander oë na die wêreld.

Thomas Kuhn verduidelik in sy boek, *The structure of scientific revolutions* (1970:2) dat kennis altyd in bepaalde paradigmas funksioneer. Die term paradigma word gebruik om ’n bepaalde struktuur van denke of ’n manier van

dink te beskryf. Borg (1995:4) omskryf ’n paradigma as ‘n “... large interpretive framework that shapes how everything is seen, a way of constellating particulars into a whole.” Volgens Kuhn (1970:3) kan ’n paradigma gesien word as die verwysingsraamwerk waarbinne ’n wetenskaplike sy of haar wetenskap bedryf.

Die geskiedenis van die astronomie gee ’n goeie illustrasie van wat alles betrokke is wanneer ’n paradigma verander. Tydens die 16$^{de}$ en 17$^{de}$ eeu kry ’n mens die verandering van ‘n Ptolomese paradigma na ’n Kopernikaanse paradigma. Elkeen het ’n prentjie gegee van die heelal as ’n geheel en die aarde se plek in die heelal. Nicholas Kopernikus (1473-1543) het geglo dat dit die son is wat stilstaan en die aarde en ander hemelliggame wat om die son draai. Claudius Ptolomeus (lewe in tweede eeu nC) het geglo dat die son om die aarde draai en dat die aarde die middelpunt van die heelal is. Die Ptolomese paradigma was dominant in die Westerse wetenskap vir 1500 jaar totdat Kopernikus gekom het. Die verandering van ’n Ptolomese na ’n Kopernikaanse paradigma was nie net ’n geïsoleerde gebeurtenis nie. Dit het ’n effek gehad op hoe die geheel gesien is (Borg 1995:5). Albei paradigmas is maniere om na dieselfde verskynsel (die heelal) te kyk, maar die verskynsel word verskillend gesien.

’n Paradigma is dus ’n denksisteem waarbinne bepaalde gemeenskappe hulle sin van bestaan legitimeer (Du Toit 2000:44). Sodra daar nuwe inligting kom waarvoor daar nie bevredigende antwoorde beskikbaar is nie (nuwe ontdekkings, ingrypende gebeurtenisse, veranderde omstandighede) ontstaan daar ’n spanning in hierdie denkstruktuur en hierdie spanning neem toe tot op ’n punt waar die nuwe kennis net nie meer geduld kan word nie, sodat ’n volgende paradigma ontstaan wat gaandeweg weer sy eie geslote sisteem van vrae en antwoorde ontwerp waarbinne die aanhangers van hierdie belangegroep hulle tuisvoel. Gaandeweg word die nuwe paradigma al hoe duideliker gevorm sodat daar ’n tydperk aanbreek vir die wat hierdie kennis integreer in hulle wêreld- en lewensbeskouing. Aanhangers van die nuwe paradigma kan wel die ou paradigma verstaan alhoewel hulle dit nie meer onderskryf nie. Die aanhangers van die ou paradigma kan die nuwe een nie verstaan nie. Vir die aanhangers

van die ou paradigma is die nuwe een ’n bedreiging en hulle reageer reaksionêr daarop. Omdat die nuwe paradigma egter die oue verstaan, is daar aanvanklik by die aanhangers van die nuwe paradigma meestal ’n gesindheid van genaakbaarheid en verdraagsaamheid ten opsigte van die aanhangers van die ou paradigma (Du Toit 2000:50).

Sentraal tot ’n paradigma is die betrokke wêreldbeskouing wat mense het. Mense se wêreldbeskouing is hulle beeld van die realiteit, hulle prentjie van wat werklik en wat moontlik is (Borg 1995:62). Alle mense het ’n wêreldbeskouing, of hulle daaroor dink of nie. ‘n Mens kry ‘n wêreldbeskouing eenvoudig deur die proses van grootword. Om te sosialiseer beteken onder andere om die gemeenskap (die breë kultuur waarin mense lewe) en ook die subkulture wat in alle breë kulture bestaan se manier van hoe hulle dinge sien, te internaliseer. Daarom is ’n wêreldbeskouing vir die meeste mense ’n mengsel van elemente van hulle kultuur se wêreldbeskouing en van die wêreldbeskouing van ’n godsdienstige tradisie wat geïnternaliseer is. Anders as in premoderne gemeenskappe is daar vandag konflikte in mense se wêreldbeskouings (Borg 1995:62).

’n Wêreldbeskouing is nie net mense se beeld van die realiteit nie, maar ook ’n lens waardeur hulle die realiteit sien. Hoe ’n mens dink en wat ‘n mens glo, word onder meer bepaal deur die spesifieke tyd in die geskiedenis waarin ’n mens leef. In hierdie sin is die mens onwillekeurig ‘n “kind van jou tyd” en daarom is dit belangrik om die aard van die tydgees waarbinne ‘n mens leef en dink te verstaan, om te kan weet hoekom mense dinge op ’n sekere manier sien en waarom mense op ’n bepaalde manier in dinge glo. Die pastor se wêreldbeskouing moet die algemene diskoers van die samelewing reflekteer, ten einde relevante pastoraat te kan doen. Ook het die pastor se paradigmabeskouing ’n belangrike invloed op sy of haar werkswyse om in hierdie geval die getraumatiseerde adolessente behulpsaam te wees.

Hierdie studie wil egter argumenteer dat dit ’n verkeerde aanname is dat moderne en premoderne denke verby is en dat postmoderne denke nou alleen as tydsgees bestaan. Modernistiese teorieë lewer ’n belangrike bydrae tot my

studie en daar is van sodanige teorieë gebruik gemaak (veral in hoofstuk 2 se teorieë oor trauma), alhoewel die studie vanuit die hoek van die postmoderne gedoen word. Pieterse (2002:78-79) dui aan: "Modernisme bepaal nog steeds belangrike aspekte van ons natuurwetenskaplike navorsing, ons Westerse tegniek en ons ekonomiese stelsels – ook die denkwyse van baie ontwikkelde mense van ons tyd."

Degenaar (in Slabbert 1998:17) toon aan dat daar drie maniere is waarop die werklikheid vertolk kan word: die premoderne perspektief (primitief, onkritiese, geslote wêreld), moderne perspektief (rasioneel, self-krities) en postmoderne perspektief (kompleksiteit, fragmentasie, pluraliteit). Die verskil tussen die drie kan gereduseer word tot 'n verskil in die epistemologie. Epistemologie verwys oor die algemeen na die vrae: "Hoe weet ons?" of "Wat weet ons?" Die premoderne se epistemologie is gebaseer op geopenbaarde kennis van gesaghebbende bronne. Daar is geglo dat direkte openbaring van God of die gode af kom. Waarheid word afgelei van kennis en die instandhouding van die gesag. Die mens se toestand is gesien as onveranderd en die sosiale orde word nie bevraagteken nie.

Die moderne perspektief leun sterk op wetenskaplike empirisme of moderne wetenskap. Rede en logika en wetenskap was verenig met mekaar. Die premoderne en moderne paradigma verwerp ander epistemologieë wat van hulle s'n verskil. Die postmoderne bevraagteken die vorige benaderings van kennis. Hulle pleit vir 'n epistemologiese pluralisme wat 'n verskeidenheid benaderings van kennis behels, in plaas daarvan om net op een benadering te steun.

### 1.5. Plan van ondersoek

Na aanleiding van die leemte wat ek geïdentifiseer het uit die bestaande navorsing, gaan ek die heling van adolessente wat getraumatiseer is as gevolg van geweld en misdaad in diepte ondersoek. Heling word bewerkstellig deurdat hulle strewe na die "numineuse" (om God die heilige te beleef). Ek gaan dit aandui deur gebruik te maak van Girard se sondebokteorie wat op mimesis

(nabootsing) bou. In die eerste hoofstuk toon ek aan dat die tendens van geweld en misdaad in besonder teen adolessente gepleeg word. Die tweede hoofstuk word gebruik om 'n breër begrip oor postmoderne denke te kry. In Hoofstuk 3 toon ek aan dat adolessente "soekers" is en hulle identiteit (mimesis) in die portuurgroep vind. Omdat trauma verskillend hanteer word op verskillende ouderdomme, is dit belangrik om die ontwikkelingsielkunde van nader te bestudeer. Daarom word daar in Hoofstuk 3 eerstens 'n oorsig oor die ontwikkelingsielkunde asook die geskiedenis van die ontwikkelingsielkunde, gegee word. Sodoende word die adolessent ook beter verstaan. Tweedens is die konteks waarbinne die adolessent grootword, bespreek omdat die konteks waarbinne elke generasie grootword, 'n besliste invloed op die behoeftes van daardie generasie het. Hoofstuk 4 fokus op pastorale modelle wat dan in Hoofstuk 8 uitgebrei word wanneer die narratiewe pastorale model bespreek word.

Hoofstuk 5 fokus op 'n in-diepte verkenning van die konsepte van akute trauma. Daar word ingegaan op watter situasies as trauma gereken kan word sowel as die simptome van trauma. Alhoewel ek nie 'n komprehensiewe oorsig oor die rol wat die brein in trauma speel sal weergee nie, sal ek insigte van die neurologie wat relevant is vir die doeleindes van hierdie studie, benut. Daar sal kortliks aangetoon word watter rol die brein in trauma speel en hoe trauma gestoor en herroep word. Ook sal aandag gegee word aan verdedigingsmeganismes op trauma en terapie en begeleiding van getraumatiseerdes.

In Hoofstuk 1 het ek die aanname gemaak dat die toeëiening van die numineuse die *tremens* (verskrikking van die trauma) kan omskep in *fascinans* ( bewondering van God as reaksie) sodat getraumatiseerde adolessente by meer kan uitkom as net "soek". In Hoofstuk 6 sal ek Rudolf Otto se teorie ondersoek om vas te stel of sy insigte ten opsigte hiervan sal help. Die teorie van Rudolf Otto se godsdienspsigologie bring die teologie en die sielkunde by mekaar uit.

` In Hoofstuk 7 word René Girard se sondebok-teorie bespreek. Die twee kern konsepte uit Girard se teorie naamlik nabootsende geweld en die sondebok-

meganisme is bruikbaar vir hierdie studie oor trauma omdat geweld in baie soorte akute trauma 'n groot rol speel en ook omdat daar na 'n traumatiese ervaring dikwels na 'n sondebok gesoek word. Deur die sondebok-teorie van Girard op die soteriologie van Jesus toe te pas, kan die getraumatiseerde (gekruisigde) Jesus die rolmodel (mimesis) word, eerder as die soeke na identiteit by hulle portuurgroep. Girard het met hierdie teorie 'n beduidende invloed gehad op die nadenke oor godsdiens en geweld.

Hierdie bydrae word metodologies ondersteun deur die narratiewe pastoraat sodat heling bereik kan word. Daarom volg daar in Hoofstuk 8 'n in-diepte verkenning van die narratiewe metode. In hierdie studie word die narratiewe metode gekies omdat dit die potensiaal het om die Godsverhaal en die trauma-verhaal bymekaar uit te bring ten einde die getraumatiseerde adolessent te begelei om 'n heel mens te word. Een manier om antwoorde te vind op vrae wat na trauma ontstaan is deur verhale. Hoofstuk 6 word gebruik om aan die pastor agtergrond te bied om met behulp van die narratiewe metode saam met die pastorant na antwoorde te soek. Die ondersoek sluit in Hoofstuk 9 af met 'n pastorale model van hoop. Dit bring die konsep "hoop" by herformulering uit. Die doel van hierdie hoofstuk is om vir getraumatiseerdes te wys dat daar hoop is, nie deur eie pogings nie, maar deur God. Dit is die mees vrymakende boodskap wat 'n persoon kan hoor. Dit is die boodskap wat die getraumatiseerde kan lei om die numineuse te beleef. Hoofstuk 10 is die bevindingshoofstuk.

Omdat adolessente grootword binne 'n postmoderne wêreldbeskouing en omdat ek 'n postmoderne mens is wat tuis voel binne die betrokke dinkraamwerk, ag ek dit nodig om in Hoofstuk 2 aandag aan kenmerke van postmoderniteit te gee. In Hoofstuk 3 gaan ek aandag aan adolessente gee. Omdat trauma verskillend hanteer word op verskillende ouderdomme, is dit belangrik om insigte van die ontwikkelingsielkunde te benut. Daarom gaan ek in Hoofstuk 3 eerstens 'n oorsig oor die ontwikkelingsielkunde asook die geskiedenis van die ontwikkelingsielkunde, gee. Sodoende word die adolessent ook beter verstaan. Tweedens gaan ek die konteks waarbinne die adolessent

grootword, bespreek omdat die konteks waarbinne elke generasie grootword, 'n besliste invloed op die behoeftes van daardie generasie het.

# Hoofstuk 2
# Die postmoderne konteks

## 2.1. Inleiding

Vir die doeleindes van hierdie studie gaan ek vervolgens die postmoderne paradigma bespreek. Omdat die oorgang van een tydperk na 'n volgende nie altyd so duidelik aantoonbaar is nie en omdat die moderne en die postmoderne nie geïsoleerd van mekaar hanteer kan word nie, begin ek deur eers die moderne denke te bespreek en dit dan vervolgens met die postmoderne te vergelyk. Nog 'n rede waarom ek die moderne ook by die bespreking insluit, is omdat die oorgang van die moderne benadering na die postmoderne benadering in die verskillende dissiplines nie gelyktydig plaasgevind het nie.

## 2.2. Moderne versus die postmoderne perspektief

Du Toit (2000:50) meen dat die skuif van die moderne- na die postmoderne perspektief nie gesien en verstaan kan word sonder genoegsame kennis van die modernisme nie. Eerstens is dit so dat die meeste van die eienskappe wat met die postmoderne benadering geassosieer word, 'n teenreaksie op die moderne benadering se aksiomas is.

Teen ongeveer 1650 het die premoderne sy invloed begin verloor as die manier waarop gedink word, en dit is verplaas deur moderne denke. Die rewolusies in Europa en Noord-Amerika tussen 1750 en 1848 het verreikende gevolge op die wêreld gehad omdat daar bepaalde insigte gekom het wat die denkstrukture van mense onherroeplik verander het. Du Toit (2000:24) meen dat die aanbreek van die 16$^{de}$ eeu die wetenskaplike tyd ingelui het as gevolg van sekere gebeurtenisse wat ek vervolgens kortliks gaan bespreek.

Met die koms van die Hervorming vroeg in die 16$^{de}$ eeu bied die Protestante weerstand teen die oorheersende Rooms Katolieke gebruik waarby medemenslike liefde verbind word aan die goedheid van 'n aardse gewer. Met sy 95 stellings het Martin Luther (1483-1546) in 1517 die outoritêre greep van die Rooms-Katolieke Kerk verbreek. Luther spoor mense aan om hulle sieleheil

en die voorsiening vir hul daaglikse brood by God te soek (Jaroslav, Hilton & Lehmann [1974] 1999:228). Luther het byvoorbeeld bedelary verbied en vereis dat almal wat kon werk eerder vir hul daaglikse brood moes werk. Hierdie konflik dui op die eerste skeiding tussen humanistiese en geestelikgerigte benaderings omdat die Rooms-Katolieke ongestoord voortgegaan het met die uitdeel van aalmoese as deel van hul godsdiensbeoefening, omdat hulle geredeneer het dat die mens sy saligheid kan verdien deur goeie werke. In 1536 volg Johannes Calvyn (1509-1564) se *Institusie* en met sy protesoptrede het die absolute gesag wat die pous en die kerk oor sake gehad het, begin verlore gaan. Daar was nou meer as een standpunt in die "kerk" oor verskeie sake. Dit het konflik gebring met heersende standpunte in die kerk (soek (Jaroslav, Hilton & Lehmann [1974] 1999:300). Die prominente denkers wat na vore getree het, het onomwonde verklaar dat die mens van die moderne tyd geen ander keuse het as om op rasionele gronde die kerk en die geloof in God te bevraagteken nie. Charles Darwin (1809-1882) se evolusieteorie het godsdienstige sekerheid van die algemene publiek ondergrawe. Die idee dat mense gedryf word deur dieselfde impulse as die laer diere was moeilik om te versoen met die idee van verhewe geestelikheid.

Uitstaande ontdekkings het die denkende mens stadigaan bevry van die premoderne wêreldbeeld. Kopernikus (1473-1543) het in 1514 met die idee gekom dat dit die son is wat stilstaan en dat die aarde en die ander hemelliggame om die son wentel. In 1609 het Galileo Galilei (1564–1642) met behulp van 'n nuut ontwerpte teleskoop verklaar dat die son nie die middelpunt van die heelal is nie en dat daar benewens ons eie ook nog ander sonnestelsels is. Isaac Newton kom in 1687 met sy werk *Philosophiae naturalis principia mathematica* wat die basis sou vorm van die moderne fisika. Sy teorie is dat hemelliggame in ruimte en tyd beweeg en dat die universele swaartekrag hierdie stelsel aanmekaar en uitmekaar hou. Dit het denkende mense stadigaan bevry van hulle premoderne wêreldbeeld.

Louis Pasteur (1822–1895), 'n Franse chemikus en bekend vir sy deurbrake in mikrobiologie, ontwikkel in 1885 die eerste middel teen bakteriële

infeksies. Met hierdie ontdekking word die oorsake asook die behandeling van siektes op 'n nuwe manier (behandelbaar en verstaanbaar) gesien. Alexander Flemming (1881 – 1955), 'n Skotse bioloog, se ontdekking van penisillien maak die behandeling van vele siektes moontlik. Met die Duitse fisikus, Wilhelm Röntgen (1845-1923), se ontdekking van x-strale in 1895 kon die liggaam se innerlike toestand wetenskaplik (fisiek en empiries) waargeneem word. Die ontdekkings op mediese gebied beteken dat die mensdom nie meer uitgelewer was aan allerhande bose magte of geeste wat hulle siek kan maak nie en wat dan net deur die kontrageesteswêreld aangespreek kon word nie (Du Toit 2000:28).

In 1637 laat hoor 'n Franse filosoof, Rene Descartes (1637 [1954]), die frase: omdat ek dink, daarom is ek. Volgens hom is die feit dat 'n mens kan dink juis dit wat die mens onderskei van ander skepsels. Hy het alles betwyfel behalwe die werking van die mens se eie verstand. Dit sou ontwikkel tot die standpunt dat slegs dit wat eksperimenteel bewys kon word, waar is en geglo kan word. Die Duitse filosoof, Immanuel Kant (1724-1804), skryf in 1781 dat die waarheid net deur middel van eksperimente en rasionele argumente as feite beskou kan word. Dit is die enigste betroubare kennis.

Die Verligting was die somtotaal van 'n ontploffing van intellektuele energie wat rigting gegee het aan die moderne perspektief omdat dit 'n nuwe benadering geïnspireer het. Die Verligting was 'n komplekse en vreemdsoortige verskynsel, en die kern daarvan was wat Roy Porter (1990:73), 'n Britse historikus en bekend vir sy werke oor die geskiedenis van die medisyne "a secular intelligentsia" noem. Met die Verligting het die rede 'n al groter wordende rol gespeel. Die rede het nou sentraal gestaan en alle bygelowigheid is beveg.

Op die gebied van die psigologie word daar teen die einde van die 19de eeu ingrypende teorieë ontwikkel wat verklarings aanbied vir bepaalde menslike gedrag. Sigmund Freud (1856-1939) word beskou as die grondlegger van die psigoanalise-metode om gedrag te verklaar. Ook Karl Jung (1875-1961) wil op sy beurt menslike gedrag bepaal deur persoonlikhede te kategoriseer. Voorheen is menslike gedrag nog dikwels toegedig aan die geesteswêreld.

Die filosofiese onderbou van die postmoderne word gevind in die denke van onder andere Friedrich Nietzsche (1844-1900) en Søren Kierkegaard (1813-1855) teen objektiwiteit en hulle klem op skeptisisme. Nietzche (1844-1900) toon aan dat mense besluit wat hulle wil hê en dat hulle dan al hul feite daarby aanpas. Die gevolg is dat kennis ’n uitdrukking van die mens se wil tot mag is. Daarom kan daar volgens hom geen absolute waarhede wees of iets soos objektiewe kennis nie. Volgens hom word enige filosofie of wetenskaplike teorie slegs as “feit” of “waarheid” aanvaar indien dit inpas by die heersende intellektuele of politieke diskoers.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het filosofie bygedra tot die idee dat ’n mens nie objektiewe oortuigings of lewenswyse kan hê nie. Hierdie denke is verder geneem deur filosowe soos Martin Heidegger (1890-1976), later deur Ludwig Wittgenstein (c. 1950) wie se denke ’n invloed uitgeoefen het op die filosofie van taal en op sekerheid. Heidegger, wat die filosofiese begronding van die konsepte van subjektiwiteit en objektiwiteit verwerp het, se hermeneutiese denke het aanleiding gegee tot die Franse dekonstruksie-teorie waarvan Jacques Derrida (1930-2005) ’n bekende eksponent is. Jean-François Lyotard (1924-1998) het verdere momentum aan die postmoderne denke verleen. ’n Groot deel van postmoderne denke is gebou op skeptisisme en hier speel Lyotard (1984) se bydrae ’n groot rol. Hy is van mening dat die mens nou leef in ’n tydperk waar meester-narratiewe in ’n krisis is en agteruitgaan. Hierdie narratiewe word geïmpliseer deur filosofieë soos Marxisme en Kantianisme wat aandui dat geskiedenis groeiend en voortgaande is en dat kennis die mens kan vrymaak. Die twee belangrikste narratiewe wat Lyotard aanval is dié van die progressiewe “emancipation of humanity” van die Christelike verlossing tot die Marxistiese Utopia en dié van die triomf van die wetenskap. Lyotard (1984:87) voel sterk dat sulke leerstellings hulle geloofwaardigheid sedert die Tweede Wêreldoorlog verloor het. Onder bogenoemde filosowe bestaan heelwat meningsooreenkomste oor wat postmoderne denke regtig is. Daar is egter ook verskille en verandering van perspektiewe onder die onderskeie filosowe te vind as gevolg van die verskillende denkskole waarin hulle teorieë gefundeer is. Hulle

was duidelik hulle tyd vooruit, want postmoderniteit het eers gedurende die huidige eeu sterk na vore gekom as ’n nuwe paradigma waarbinne die mens leef (Hurding 1998:76).

Hoewel die begrip ”postmodern” vandag algemeen gebruik word, is daar nie werklik duidelikheid oor wat dit presies behels nie. Die vele fasette van hierdie denkstruktuur maak dit nog moeiliker om op ’n eenvoudige manier die postmoderniteit te probeer omskryf. Volgens Wentzel van Huysteen (1999:20) is postmoderniteit ’n kulturele houding en perspektief eerder as ’n vaste begrip wat liniêr beskryf kan word. Volgens Richards & Bergin (1997:13) is postmoderne ’n groep filosofiese benaderings eerder as ’n verenigde filosofiese posisie. Postmoderniteit verwys dus nie na ’n samehangende filosofie nie, maar bestaan uit veelvoudige denkrigtings wat op verskillende aspekte van die postmoderne fokus.

’n Gemeenskaplike kenmerk van die postmoderne denke is dat hulle die geldigheid van moderne bevraagteken. Hulle sien dit as ’n filosofie wat onvoldoende is. Die begrip “postmodern” word sedert die 1970s toenemend gebruik in die literatuur (Hymann 2002:11-19). Postmoderne denke kan verstaan word as die epistemologiese breuk met die verlede en ’n selektiewe afskeid van die sogenaamde moderne-tyd (Kirsten 1988:31).

Die verandering van moderne na postmoderne het teen ongeveer 1950 begin. Die huidige warboel van armoede, kriminaliteit, besoedeling, rassisme en misdaad het die voorspoedsteologie ongeloofwaardig gemaak. Die wetenskap was bedoel om vir die beswil van die mensdom aangewend te word, terwyl genetiese ingenieurswese en kernbewapening die teendeel bewys het. Die twee wêreldoorloë met hulle verwoestende gevolge, die Russiese en Chinese rewolusies, die skending van menseregte deur heersers in lande wat verbind was tot sosialisme, Fascisme, Kommunisme en kapitalisme, die groterwordende gaping tussen ryk en arm en die ekologiese krisis het mense met totale ontnugtering oor vooruitgang en kennis gelaat. Dit het twyfel gebring oor die moderne aanname dat kennis inherent goed is (Butler 2002:13). Ná die gebeure by Auschwitz en Hiroshima was dit vir die mens problematies om vooruitgang

deur rasionaliteit en wetenskap te aanvaar. Waar moderniteit op die wetenskap vertrou het om die mens op die pad van vooruitgang te lei, het postmoderniteit nou die wetenskap bevraagteken. Daar was 'n groot ontnugtering in die mens se vermoë om 'n beter wêreld te skep. Die mens kon beide die effektiwiteit en verbeterings van die moderne era, maar ook die ontmensing en effek van meganisering waarneem. Sodoende het 'n verskuiwing in die mens se denke plaasgevind wat daarop neergekom het dat postmodernisme die gevolg van die mislukkings van die moderne tydperk was.

Die matelose optimisme in die mens se intellektuele vermoëns en tegnologiese vindingrykheid wat sedert die opkoms van die wetenskaplike tyd op alle terreine geheers het, was aan skerwe (Du Toit 2000:51). Die belewenisse van die 20ste eeu se volksagting en totalitarisme het die Verligting se geloof in die selfsigbaarheid en welwillendheid van die menslike rede verder geskud. Die beskawing is geen waarborg vir geregtigheid en onbaatsugtigheid nie. Inteendeel, dit het die mensdom groter instrumente van verdrukking gegee (Butler 2002:15). Ook kan dit so verwoord word:

> The unspoken terror permeating our collective memory of the Holocaust ... is the growing suspicion that the Holocaust could be more than an aberration, more than a deviation from an otherwise straight path of progress, more than a cancerous growth on the otherwise healthy body of the civilized society, that in short, the holocaust was not an antithesis of modern civilization and everything it stands for ... We suspect that the Holocaust could merely have uncovered another face of the same modern society whose other so familiar face we so admire. And that the two faces are perfectly comfortable attached to the same body.
>
> (Baumann 1989:7)

Dit is nie ‘n eenvoudige taak om ’n beginpunt van die postmoderne tyd vas te stel nie. Die rede is waarskynlik dat die denkstruktuur van die postmoderne tyd nie so dramaties ontstaan het soos dié van die modernisme nie.

Ons vind vandag op alle terreine ’n gekompliseerde vermenging van premoderne, moderne en postmoderne lewens- en wêreldbeskouings. Waar Suid-Afrika voorheen deur die Europees-georiënteerde wit mense beskou is as deel van die Weste en as deel van die Eerste Wêreld, is die land nou in beheer van mense afkomstig uit Afrika en die Ooste met die lande se premoderne denkstrukture. Suid-Afrika is daarom vinnig besig om te verander in ’n soort trikontinentale staat. Dit gebeur ten spyte van die feit dat ons ’n ongekende tegnologiese ontploffing beleef as gevolg van die feit dat ons internasionaal blootgestel is aan ’n doeltreffende inligtingsisteem in die vorm van rekenaartegnologie. Met ander woorde, ons beleef ’n tyd waarin die sekerhede en stabiliteit van die premoderne en die aanvanklike stadium van die modernisme verdwyn het. Terselfdertyd beskik ons oor die potensiaal van die mees gesofistikeerde tegnologie wat die wetenskap ons kan bied. Die nuwe Suid-Afrika is onherroeplik deel van die tydgees van die postmoderne tyd aangesien mens keuseloos deel is van die tyd. In hierdie sin is ons in die onstabiele revolusionêre fase van die paradigma-teorie van Thomas Kuhn (Du Toit 2000:59).

Daar is sekere kern-elemente wat onder die moderne perspektief en ander kernelemente wat onder die postmoderne perspektief kan ressorteer. Ek gaan vervolgens van die belangrikstes bespreek en die twee perspektiewe met mekaar vergelyk:

### 2.2.1. Die vraag na waarheid

Moderne denke beklemtoon een absolute waarheid en onderbeklemtoon ’n verskeidenheid van perspektiewe op die waarheid (Lyotard 1984:55). ’n Voorbeeld hiervan is wanneer die Kerkbode byvoorbeeld sou skryf dat die “ware kerk” *alleen* gevind word waar die Woord “suiwer” verkondig word, en die pastoraat “reg” gedoen word. Hierdie studie sal waak teen die

voorveronderstelling dat ’n enkele pastorale aanslag of terapie as die enigste “regte” metode beskou word. Ander moontlikhede en denke het nie ruimte in so ’n “totalitêre denke” nie (Grenz 1996:3). De Jager (2001:25-26) beskryf modernisme as volg: “Vasstelling van die absolute waarheid is die ideaal, en wel moontlik onder leiding van die rede. Dit is vir die moderne mens sinvol om die waarheid van die werklikheid in alles te probeer vasstel. Moderne perspektief werk met die sekerheid dat die rede dit vir mense kan doen. Mense moet die waarheid objektief kan vasstel.” Moderne denke se siening oor kennis is gebaseer op ’n rasionaliteit wat bou op “verifieerbare feite” wat verkry word deur middel van “objektiewe ondersoekmetodes” (De Reuver 2004:248).

Nietzsche (1875) vra in sy *Notebooks* (oorspronklike vertaal): “What is truth? A mobile army of metaphors, metonyms and anthropomorphisms?” (Kaufmann 1956:46). Dit is die taal van ekstreme wantroue. Vir hom bestaan alles uit interpretasies. As die waarheid gesien word as *beskrywend van ’n bepaalde gebeure,* bestaan daar vir die postmoderne denkende mens nie so iets soos die waarheid nie. Want dit is onmoontlik om iets eksak te beskryf: waarheid is nie universeel nie en elkeen wat ’n spesifieke saak beskryf, beskryf dit anders en vanuit ’n unieke ervaringswêreld (Hare-Mustin & Marececk 1988:455-456). Eerstens word waarheid *sosiaal* gekonstrueer. Dit wat beleef word, word geïnterpreteer binne die raamwerk van die gemeenskap waarbinne geleef word – waarheid is ’n kwessie van interpretasie (Kincheloe & McLaren 1994:143). Tweedens word die werklikheid *deur taal beskryf* (Gadamer 1989:10-49) en taal is ook sosiaal gekonstrueer (Dill & Kotze 1997:20-21). Taal kan dus nie ’n objektiewe realiteit beskryf nie, maar dit kan hoogstens verduidelik soos wat dit beleef word (Freedman & Combs 1996:29-32). Die vraag na waarheid vir die postmoderne is dus nie ’n vraag na universele dogmas en ander vaste waarhede nie, maar “it draws attention to ... the process of meaning-making” (Drewery, Winslade & Monk 2000:44).

Waarheid vir die postmoderne denkers is nie ’n soeke na feite nie, maar die skep van betekenis en waardes (Rossouw 1995:903). Die natuurwetenskappe het sedert Newton se ontdekkings, met ‘n “clockwork

universe" gewerk. Determinisme was die grondslag van Newton se wette - "die klokwerk van die verloop van alle dinge; die oorsaak en gevolg van alles wat in die heelal gebeur" (Joubert 1997:202). Die moderne mens het na liniêre prosesse gekyk. Tyd is liniêr. Een gebeurtenis gebeur na 'n ander met die enigste doelwit om eenvoudig op hierdie manier voort te gaan. Menslike reaksies word op 'n liniêre wyse deur omgewingsfaktore of eksterne insette bepaal. Trauma-literatuur word deur moderne beskrywings gedomineer. Traumasimptome word hoofsaaklik in 'n liniêre oorsaak-gevolg verhouding waargeneem. Getrou aan die modernistiese benadering wend hulle dan pogings aan om 'n kenmerkende simptoom, gekoppel aan 'n traumatiese ervaring, te veralgemeen en universeel te beskryf. 'n Spesifieke stressor as deel van 'n komplekse interaksieproses word op 'n eenvoudige liniêre wyse aan 'n spesifieke reaksie gekoppel.

Ontdekkings wat deur die kwantumfisici gemaak is, het aan die lig gebring dat onsekerheid essensieël is in die wetenskaplike navorsing. Fisici was nie meer so seker dat alles in die wêreld en heelal volgens Newton se "clockwork universe" werk nie. Die idee van objektiwiteit het nie meer sin gemaak nie.

Christene se kritiek op die postmoderne se verwerping van "absolute sekerheid" en "sekerheid" is dat as geloof nie op absolute waarheid en sekerheid gebou is nie, daar niks meer oor is om in te glo nie. Brain McLaren ([1998] 2000:166-167) wat dikwels na Lyotard (1925-1998) se geskrifte verwys, meen dat die beswaar teen "absolute waarheid" gerig is teen die arrogante idee dat mense met hulle beperkte verstand en insig daardie absolute waarheid (byvoorbeeld God) volledig kan ken. In die postmoderne tyd het ons dus die wete dat absolute kennis 'n vergissing is. 'n Mens het nooit die volle waarheid in pag nie. Du Toit (2000:15), wat McLaren dikwels as bron gebruik, meen dat in die geskiedenis van die Christendom die teologie en die kerk met sekerheid vir God "beskryf" en "geken" het, om dan net weer in die Naam van God soveel wandade te pleeg, mense se menswaardigheid aan te tas en oorloë te voer. Binne die Christelike geloof sou dit beteken dat mense nie in staat is om die

absolute waarheid (God) te kan omvat sodat ander dit akkuraat sal kan verstaan nie. Die postmoderne beswaar harmoniseer dus met die Bybelse idee in 1 Korintiërs 13:12b dat mense in hierdie aardse bedeling maar ten dele ken. In trauma-berading moet ‘n pastor weet dat hy of sy nie al die antwoorde het nie. Ons sien net in ‘n spieël en eendag eers van aangesig tot aangesig. Wanneer pastoraat aan getraumatiseerde adolessente verleen word, en die pastors meen dat hulle God verstaan, verhef hulle hulle eie beperkte insig tot “absolute waarheid”. Die postmoderne stel ’n meer beskeie benadering voor waardeur ’n bewuswording by pastors gekweek word dat hulle erken dat hulle ’n onvermoë het om die “absolute waarheid” te verwoord. Elke pastor se weergawe word bepaal en beïnvloed deur die denke waaruit hy of sy kom en die kultuur waarin hy of sy leef, asook persoonlike ervarings en vooroordele. Indien die pastor waardering het vir die postmoderne verskeidenheid sal terapieë aan getraumatiseerdes sekerlik daarby baat.

Lyotard (1984:189) meen dat die mens nie sekerhede nodig het nie aangesien die afwesigheid daarvan juis aan die mens die ruimte gee om betekenis en vorm aan hulle eie lewe te gee. Volgens hom is die sin van die lewe juis die sinmaak van die lewe – dit hou nooit op nie, maar gaan ononafgebroke voort. Terapie kan baat vind in die opsig dat geloof juis nodig is waar ‘n mens nie seker kan weet en alles duidelik kan sien nie. Dan bly net geloof en hoop oor (vgl McLaren 2000:173). As gevolg van die invloed van die postmoderne tydgees leef ons aan die begin van die 21ste eeu in ’n tyd van groot onsekerheid en onstabiliteit. Dit is spesifiek op Suid-Afrika van toepassing. Teenoor die res van die Westerse wêreld waar hierdie tydgees al sedert die begin van die vorige eeu sy invloed laat geld het, is die postmoderne invloed in Suid-Afrika geblokkeer deur ’n netwerk van outoritêre meganismes (Du Toit 2000:57). Die Nasionale Party en die drie Afrikaanse kerke het daarin geslaag om deur streng wetgewing en die doeltreffende toepassing daarvan te sorg dat die staatkundige politieke bestel en geloofstradisie die lewe van duisende mense kondisioneer volgens ’n fundamentalistiese resep van absolute waarhede. Dit het na 1990 dramaties verander toe die ANC en ander revolusionêre

organisasies ontban is. Die outoritêre greep van staat en kerk is deur die nuwe gees verbreek.

In so ’n onsekere samelewing is dit noodsaaklik om betekenis te ervaar. Hiermee kan entoesiastiese verhaalskepping, fiksie en die mites ‘n mens baie help: “History and fiction, therefore, intersect with myth as imaginative and narrative modes of finding meaning in the face of the ‘formless flow of things’” (Hare-Mustin & Marececk 1988:460). Hierdie studie is ‘n voorstander van die narratiewe metode.

### 2.2.2. Die mens

Die geboorte van die moderniteit is onder andere geassosieer met die massiewe ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling wat bygedra het tot die opkoms van industriële kapitalisme in Europa en Noord-Amerika. Produksie en verbruik is georganiseer op die basis van ’n mark-ekonomie. Die moderne samelewing was afhanklik van konstante vernuwing en nuwe ontwikkeling om die vereiste vlak van die tegnologiese en ekonomiese groei te handhaaf (Lenski, Nolan & Lenski 1995:198). ’n Kenmerk van die moderne denke was die onwrikbare geloof in vooruitgang. Daar het gedurende hierdie tyd volgens Du Toit (2000:30) ’n matelose optimisme in Europa begin posvat oor die intellektuele en tegnologiese vermoëns van die mens van die wetenskaplike tydperk. Die mens is nou in staat om sy omgewing, sy wel en wee, sy voorspoed en teenspoed te verstaan, te verklaar en selfs te beheer. Onder invloed van die moderne perspektief is lank geglo dat met die menslike verstand en met behulp van die tegnologie en die wetenskap, die wêreld verander kan word – en dat die wêreld deur hierdie menslike middele ’n veel beter plek gemaak kan word (Kearney 1998:28). Berger (1977:13) beweer dat tydens die moderne tyd daar gedink is dat mense leef in die beste van alle tye – daar is gemeen dat die mens immers die hoogs ontwikkelde tegnologie het wat ook net vooruitgang kan beteken. Die Verligting het ‘n optimistiese siening oor die mens gehad. Alle mense beskik oor die innerlike potensiaal om rasioneel te dink en om ondersoek in te stel. Alle mense is gemaak om

dieselfde toestande te deel, almal kan gelukkig wees met voldoende besittings en die beoefening van rede. Die moderne benadering sien die mens as 'n onafhanklike, rasionele denkende persoon. Mense se gedrag word uitsluitlik gemotiveer deur onafhanklike en rasionele denke.

Postmoderniteit daarenteen beklemtoon die diversiteit en toevalligheid van die menslike natuur. Dit is gekonstrueer deur faktore soos klas, geslag, seksualiteit, geloof en ouderdom. Daar is nie so iets soos abstrakte menslike natuur nie (Gay 1973:66).

Die mens is volgens talle navorsers veel meer as 'n rasionele wese. Verskillende fasette van die mens, soos emosies en sy wil het dikwels net so 'n groot invloed op die mens se besluite en gedrag. Rossouw (1995:83) stel dit soos volg:

> Part of postmodern culture is a growing consensus that human behavior is not exclusively motivated by independent rational thinking. The role that socialization, culture, ideology, beliefs, power, emotions, dispositions etc. play in the behavior of people, is acknowledged and accounted for in different practices.

Trauma behoort binne hierdie postmoderne konteks waargeneem word, met inagneming van die geskiedenis en kultuur en die spesifieke geval. So word diversiteit in trauma nie verontagsaam nie. Wie mense is, wat hulle weet en hoe hulle hulle wêreld hanteer, word deur veel meer bepaal as die menslike rede. Rudolf Otto se godsdienspsigologie-teorie soos benut in Hoofstuk 4 gee ewe veel erkenning aan die rasionele as die nie-rasionele in die godsdiensbelewenis.

### 2.2.3. Dominansie van sekulêre vorms van mag

Die moderne era is ingelei as 'n era van dominansie van sekulêre vorms van mag en invloed. In die moderne tyd is die outoritêre bronne weg van die kerk na die politiek (regerings) en universiteite (professore) toe geskuif. Soms was 'n godsdiensperspektief geïnterpreteer in die moderne outoriteitsbronne maar die kerk geniet nie langer die bevoorregte magsposisie nie. Regerings het gesag

gehad en nasietrots is gebou (Held 1992:71-119). Die voorstanders van die Verligting het kritiek uitgespreek teen die tradisionele samelewing waarin die mag in die monargie, kerke en aristokrasie gesetel was. Hulle bied alternatiewe modelle van gesag aan wat gegrondves is op individualisme, rasionalisasie en vrye ondersoek. Die rewolusies in die laat 18$^{de}$ eeu was gegrond op die beginsels van rede en gelykheid. Outoriteit en tradisionele vorms van regering deur die koning of kerk is vermy. Die Franse grondwet van 1790 stel burgerlike huwelike in wat beteken dat ’n huwelik gesien is as ’n wetlike kontrak tussen persone, vry van inmenging deur godsdienstige gesag. Die skeiding van kerk en staat in die Verenigde State se grondwet druk die oortuiging uit dat die sosiale terrein regeer sal word deur die vryheid van spraak en gewete, en nie deur ‘n godsdienstige of filosofiese wêreldsiening wat individue se reg om te kies, belemmer nie.

### 2.2.4. Letterlik-feitelike interpretasies van die Bybel

Binne die moderne paradigma word die Bybel letterlik geïnterpreteer. Bybelse onfeilbaarheid in Bybelse letterlike uitleg hoort tipies die laaste paar honderd jaar bymekaar, maar dit is nie op sigself verbind aan mekaar nie (Borg 1995:11). Volgens Du Toit (2000:37) ontwikkel daar twee fundamentalistiese reaksies (fundamentalisme in die sin dat daar slegs sekerheid is in absolute, finale waarhede) in die kerk naamlik die ortodokse teologie en die piëtisme.

#### 2.2.4.1. Ortodokse teologie

Teenoor die siening dat die lewe beheer word deur die geesteswêreld het die insig nou gekom dat die moontlikheid bestaan van logiese verklarings vir bepaalde gebeure en toestande. Teoloë het hulle besig gehou om volgens die reëls van die moderne paradigma die geloof in God logies te probeer verklaar en te propageer. Uit hierdie geledere kom die behoudende teologiese modelle waarmee daar probeer is om die wetenskaplike ontdekkings en nuwe insigte in die wêreld- en lewensbeskouing van die moderne mens te integreer met behulp van die herinterpretasie van die Bybelse gegewens (Du Toit 2000:36). Daar

word probeer om vir teenstrydige beriggewing en standpunte logiese verklarings te gee: die ses skeppingsdae van Genesis 1 word byvoorbeeld 6 skeppingstydperke. So word dit metafories verstaan. Die verhaal van Jona mag byvoorbeeld 'n gelykenis wees eerder as feitelike geskiedenis. Ortodokse teologie gebruik wetenskaplike navorsing wat as bewyse kan dien vir die egtheid en waarheid van die Bybelse gegewens en die geloof in God. Vir hierdie gelowiges is die Bybel as geïnspireerde Woord van God, die enigste bron van ware kennis en insig, al moet dit gelees word in die lig daarvan dat die konteks van die inhoud van die Bybel verskil van die wêreld waarin die mense leef (Du Toit 2000:37).

> They do not claim that every statement in the Bible is inerrant. Rather, it affirms that the Spirit of God guided the writers of scripture in such a way to prevent them from making any serious errors, namely, about anything that matters for our salvation. This view allows for statements in the Bible that reflect an ancient worldview, including premodern "science".
>
> (Borg 1995:8)

### 2.2.4.2. Piëtisme

Vir baie gelowiges en kerke is daar in die lig van die wetenskaplike aanslae op die kerk maar net een oplossing en dit is om op 'n eenvoudige manier terug te val op 'n letterlike interpretasie van Bybelse gegewens. Die Bybel as "geïnspireerde Woord van God" moet kritiekloos aanvaar word as die oppergesag om uitsprake te maak oor gebeure in die lewe (Du Toit 2000:38). Elke woord in die Bybel is die direkte resultaat van God se inspirasie. "The Bible is the *words* of God" (Borg 1995:8). Hulle gaan uiters selektief te werk met die gebruik van die Bybel vir bepaalde, absolute, fundamentalistiese standpunte. Terwyl hulle aanvaar dat die aarde rond en nie plat is soos in die Bybel beskryf word nie, verwerp hulle totaal en al enige moontlikheid van die evolusie van die menseras of moontlike lewe op ander planete in die heelal want die Bybel vertel

duidelik dat Adam en Eva die eerse mense is wat deur God gemaak is en nêrens word daar melding gemaak van 'n ander aarde of ander geskape wesens nie. "They insist upon the literal-factual interpretation of the whole Bible, including biblical stories that report spectacular events" (Borg 1995:8). Terwyl hulle die duiwel en bose magte verantwoordelik hou vir siektes, ellende en rampe, drink hulle tog pille vir hoofpyn en gaan dokter toe met siektes. Die bindinge van Satan en die bose geeste in die lug is slegs verbreekbaar deur beswering of dramatiese uitdrywingsgeleenthede. Die wêreld van die psigiatrie en psigologie word dus met 'n groot mate van agterdog en selfs vyandskap bejeën.

Die ortodokse teologie en die piëtisme kom ooreen in hulle siening dat die Bybel waar is omdat dit van God kom. Oorsprong en waarheid gaan hand aan hand (Borg 1995:8). Albei hierdie sienings oor die Bybel en die Christelike tradisie gaan gepaard met die manier waarop die Christelike lewe gesien word.

Butler (2002:20) meen dat ons kennis van die wêreld nie so direk is as wat ons wil glo dit is nie. Nietzsche meen "the apparently literal is also really metaphorical" (in Butler 2002:24). Filosofie en geskiedenis word nie meer letterlik gelees asof dit letterkunde is en *vic-versa* nie. Ons hoef nie langer in die letterlike te glo nie, want die letterlike kan ook metafories gesien word as dit van naby geanaliseer word (Butler 2002:24).

Die postmodernistiese paradigma sien die Bybel histories-metafories (Borg 1995:13). Histories gesien is die Bybel die produk van twee antieke gemeenskappe, antieke Israel en die vroeë Christelike beweging. Die Bybel is nie vir vandag se mense nie, maar vir hierdie twee antieke gemeenskappe geskryf. Binne die postmodernistiese paradigma word die Bybel ook metafories gesien. Borg (1995:14) praat van die "more-than-literal" en "more-than factual" betekenis. Dit is nie so begaan oor die historiese feitelikheid van die Bybelse verhale as oor die Bybel se betekenis nie. Dit hinder nie dat die stories van Jesus se geboorte en opstanding metafories eerder as letterlik feitelike gebeurtenisse is nie. Dit vra: "Of dit nou so gebeur het of nie – wat wil die verhaal vir my vertel? Wat is die betekenis?"

Soos die vorige paradigmas, beskou die postmoderne paradigma die Bybel as 'n heilige Skrif, maar nie omdat dit 'n goddelike produk is nie. Dit is heilig as gevolg van sy funksie en nie as gevolg van sy oorsprong nie. Die postmoderne paradigma beskou die Christelike lewe as 'n lewe van verhoudings en veranderings. Om 'n Christen te wees beteken nie om die vereistes na te kom om 'n beloning in die lewe na die dood te kry nie. Dit gaan ook nie soseer oor geloof nie. Die Christelike lewe kan eerder omskryf word as 'n verhouding met God wat die huidige lewe verander. Om 'n Christen te wees beteken nie om in die Christendom te glo nie, maar om 'n verhouding met God te hê wat uitgeleef word in die Christelike tradisie. Nie net die Bybel nie, maar ook die Christelike belydenis, aanbidding, rituele, praktyke en leerstellings kan as metafories en gewyd beskryf word. Binne hierdie raamwerk gaan dit nie primêr vir 'n Christen oor die handeling om te glo nie, maar lê die klem op verhouding en die betekenis van geloof, en dit lei dan na verandering. Om 'n Christen te wees, beteken om 'n verhouding met God te hê, om binne in die Christelike tradisie te lewe met die Bybel as die fondament van die tradisie, as metafories en gewyd (Borg 1995:58).

### 2.2.5. Rasionaliteit

In die era van die Verligting het sekere aspekte van menslike rasionaliteit die botoon gevoer. Die kognitiewe dimensie het byvoorbeeld so oorheers dat die emosionele en estetiese as "onwetenskaplik" getipeer is. Foucault (1977; kyk White 1988:190) is een van die filosowe wat op die onaanbaarbaarheid van "instrumentele rasionaliteit" wys, omdat kennis mag uitoefen en mense maklik gemarginaliseer kan word deur hierdie manier van magsuitoefening as die "estetiese rede" nie ook 'n plek kry nie (kyk Snyman 1995:69-70) Die filosoof Descartes (1596-1650) het hierdie era ingelei. Hy het geredeneer: "I think, therefore I am". 'n Nuwe era waarin wetenskap en kennis regeer, neem so in aanvang. In hierdie fase oorheers die rede of verstand. Net dit wat met die verstand uitgeredeneer en verstaan kon word, is as die werklikheid aanvaar (Van der Watt 2000:43). Nietzche, 'n belangrike voorloper van dekonstruksie

het reeds in die 1880's hom verset teen die Descartiaanse *cogito* deur uit te wys dat daardie stellings "ek dink" of " ek bestaan" nie realiteite kan wees nie en dat dit net stellings en nie toestande is nie. Rasionaliteit het tot gevolg dat vrae oor die Bybel as normatiewe bron van God gevra word omdat die verstand nie alles wat in die Bybel staan, kan verklaar nie (Van der Watt 2000:42). Rasionaliteit is die strewe om probleme met behulp van rasionele denke op te los. Dit is 'n wesenskenmerk van die moderne. Hierdie studie sal die postmoderne benadering steun dat rasionele denke nie belangriker as die emosionele is nie. Daar sal klem gelê word op die teoloog Rudolf Otto (1869-1937) se godsdiensbelewenis-model. Hy is van mening dat godsdiens nie ten volle deur rede en rasionele denke begryp kan word nie. Hy pleit dat die nie-rasionele in die godsdiens nie deur die rasionele uitgesluit mag word nie. Ten einde 'n getraumatiseerde adolessent na heel mens-wees te lei, moet aandag aan die rasionele en nie-rasionele elemente van die godsdiens gegee word. Drie dimensies van rasionaliteit kan veral onderskei word: die kognitief-instrumentele rasionaliteit, die normatiewe of praktiese rasionaliteit en die ekspressiewe rasionaliteit (Weber 1980). Die dryfveer van die moderne is primêr of bykans eksklusief dié van die kognitief-instrumentele rasionaliteit (vgl Habermas 1982). Dit beteken dat alles wat nie volgens die kognitief-instrumentele rede volkome rasioneel verantwoordbaar of beheerbaar is nie, uit die diskoers uitgesluit word. Dit het tot gevolg dat sake en mense gemarginaliseer is in gebiede waar ander dimensies van rasionaliteit funksioneer.

Rasionaliteit kan ook omskryf word as die gemeenskap se vereiste standaard om betekenisvolle en intelligente stellings oor die realiteit te maak. Vir die moderne perspektief was daar volgens Rossouw (1995:77-78) twee kriteria:

- Dit moet empiries en onafhanklik deur enige rasionele persoon getoets kan word; en
- Enige gevolgtrekkings wat van die bewyse gemaak word, moet op 'n logiese konsekwente manier gedoen word.

Empirisme het hoofsaaklik ontwikkel uit, onder andere, die standpunte van Thomas Hobbes (1588-1679), William J Locke (1863-1930) en G Berkeley (1685-1753). Hulle stel dit dat kennis slegs deur middel van sensoriese ervaring vanuit die werklike wêreld verkry kan word en nie deur middel van beredering nie. Ervaring is beskou as die toetssteen van objektiwiteit (Brennar 2001:46). Gedurende die Renaissance het die empirisme ontwikkel as die wetenskaplike metode om die realiteit te ontdek. Alle wetenskaplike ondersoek het 'n soeke geword na die fundamentele wette van die heelal, wat indien dit ontdek sou word, alle natuurfenomene sou verklaar. Empirisme word volgens Polkinghorne (1988:98) gekenmerk deur twee algemene aannames, naamlik dat die wetenskap verenig is, deurdat dit slegs gebruik maak van een metode wat kennis produseer, en dat die metode wat hierdie kennis voortbring, die eksperimentele metode is wat gebruik maak van numeriese en kwantitatiewe ontleding.

Volgens die moderne denke word kennis van die natuurlike en sosiale wêreld gekry deur waarneembare en kontroleerbare feite. Die eksperimentele metode was die grondslag van alle wetenskap. Daar is geglo dat wetenskaplike kennis die sleutel is tot alle latere groei in menslike kennis.

In postmoderne denke word verskillende dimensies van rasionaliteit erken en die oorheersing van die kognitief-instrumentele rasionaliteit daardeur in balans gebring. Vanuit hierdie breër begrip van rasionaliteit word erkenning verleen aan die praktiese en ekspressiewe dimensies van die lewe as bepalend vir betekenis en waarheid. Meer ruimte word gelaat vir die verskillende dimensies van die individuele of subjektiewe ervaring. Hierdie breër opvatting van rasionaliteit het ook reeds die teologiese en algemene wetenskapsdenke begin beïnvloed, soos Ricoeur (1981:145-181) aantoon met wat hy die *logika van die subjektiewe waarskynlikheid* noem. Hiervolgens word in die wetenskapsbeoefening ruimte gelaat vir die unieke of die gemarginaliseerde ten opsigte van wat as wetenskap beskou sou kon word. So kan ruimte vir die ervaring van adolessente geopen word, in besonder die diverse en individuele ervaring van adolessente. Dit beteken dat adolessente se trauma-ervaring nie

aangebied word as homogeen, as sou alle getraumatiseerde adolessente trauma op dieselfde wyse sou ervaar nie.

Sosiale wetenskaplikes het toenemend ongemaklik begin voel omdat menslike gedrag nie op dieselfde manier as natuurwetenskappe gemeet kan word nie. Uit hierdie ongemak volg die era van rasionaliteit in 'n soeke na erkenning van die subjektiewe. In die moderne tyd is die klem laat val op die kognitiewe. Slegs wat die mens met rede en logika kan verstaan is aanvaar. Met die postmoderne het die insig egter gekom dat sodanige suiwer kennis 'n illusie is. Die waarnemer se ervaring in die volste sin van die woord speel net so 'n belangrike en deurslaggewende rol in die ontwikkeling van kennis (Du Toit 2000:54). Dit staan lynreg teenoor die modernisme se standpunt dat kennis vas, objektief en absoluut is (Erickson 2001:84-92). Moderne denke is gebaseer op liniêre progressie, absolute waarhede, rasionele beplanning in 'n geïdealiseerde samelewing en standaardisasie van kennis en produksie. Daarenteen is postmoderne denke gebaseer op fragmentasie, emosies, pluralisme en 'n afkeer van totaliserende en universele diskoerse.

Verskille in interpretasie of waarneming is nie gevestig in die objek nie. Die objek is dieselfde vir almal (Erickson 2001:107-109). Verskil in waarneming, interpretasie en gevolgtrekking lê dus in die verskille in verwagting, doel en impulse wat deur ervaring bepaal word. Hy is van mening dat dit nie lei tot relativisme nie, maar tot relasionisme – die bewustheid van kennis se verhouding tot die konteks daarvan (Erickson 2001:107-109). Die waarheid is relasioneel, te vinde binne die verhouding (relasie) van en wisselwerking tussen insig, kennis en ervaring. In hierdie proses speel interpretasie altyd 'n bepalende rol: Daar bestaan nie iets soos objektiewe feite wat absoluut en finaal is nie. Ons het altyd te doen met geïnterpreteerde data (Du Toit 2000:67). Sodoende is postmoderne denke sensitief vir die konteks.

Wat trauma betref, is dit belangrik om bewus te wees van die feit dat nòg die slagoffer nòg die pastor al die antwoorde het. Ons sien net in 'n spieël en eendag eers van aangesig tot aangesig. Postmoderne denke ondermyn nie die wetenskap as sulks nie, maar verwerp die idee van 'n onafhanklike realiteit. Die

moontlikheid om die realiteit objektief te kan bestudeer word dus bevraagteken. Wat die navorser waarneem, is nie die realiteit op sigself nie, maar ’n geïntegreerde, geïnterpreteerde en gekonstrueerde realiteit.

Verskeie moderne navorsers plaas ’n beperking op die beskrywing van ’n gebeurtenis as traumaties deur die objektiewe kriteria van die trauma te beklemtoon. Hierdie objektiewe kriteria sluit onder andere in dat die trauma algemeen aanvaar moet word as ’n buitengewone, oorweldigende, onverwagse en lewensbedreigende gebeurtenis waardeur die persoon met onhanteerbare gevaar en vrees gekonfronteer word. Die postmoderne beskou hierdie objektiewe kriteria slegs as ’n gedeeltelike beskrywing van ’n meer komplekse dilemma. Verskeie faktore kan daartoe bydra dat selfs alledaagse gebeure as traumaties ervaar word. Die beskrywing van ’n ervaring as traumaties word vanuit hierdie raamwerk in ’n groot mate aan die interpretasie van die individu en die betrokke probleem-sisteem gekoppel.

Lyotard (1984:89-110) onderskei tussen narratiewe kennis en wetenskaplike kennis. In die “primitiewe” samelewings, so verduidelik hy, is narratiewe kennis oorheersend. Stories is die bron van kennis. Saans om die vuur word stories vertel waaruit blyk hoe die wêreld ontstaan het en wat die plek van elke individu in die samelewing is en die norme waarvolgens in die samelewing opgetree behoort te word. Lyotard lê klem daarop dat hierdie soort kennis, juis omdat dit in die vorm van narratiewe bestaan, geen legitimeringsprobleem het nie. ’n Narratief het immers geen nodigheid om sigself op een of ander manier te bewys as waar nie. Die vertelling self, die storie self is die legitimering van die storie. In die verhaal van Gouelokkies is dit nie nodig om te verklaar hoe dit moontlik is dat daar dwergies is en dat die prins haar hare kan gebruik om die kasteel op te klim nie. Die storie self is die fundering van die storie.

Wetenskaplike kennis vind nie legitimering, soos in die geval van narratiewe kennis, bloot in die vertel daarvan nie. Wanneer ’n wetenskaplike ’n stelling maak, moet hy of sy in staat wees om die stelling te kan bewys en teenstellings te kan afweer. Daarvoor is ’n konstante referent nodig sodat die

stelling deur verdere waarneming geverifieer of gevalsifiseer kan word. Wetenskaplike kennis vind nie legitimering bloot in die feit dat dit vertel word nie (soos wat met ’n narratief die geval is nie). Die opvallendste verskil tussen wetenskaplike kennis en narratiewe kennis, is dat narratiewe kennis geen legitimering nodig het nie. Die narratief word gevestig binne sy eie pragmatiek, sonder enige bewyse of beredenering. Gevolglik is daar by narratiewe kennis ’n onvermoë om wetenskaplike kennis te verstaan. Nietemin is narratiewe kennis verdraagsaam teenoor wetenskaplike kennis. Die teenoorgestelde geld egter nie. Wetenskaplike kennis verwerp narratiewe omdat dit nie onderwerp kan word aan bewyse en argumente nie.

Die modernisme beklemtoon slegs wetenskaplike kennis. Wetenskaplike kennis konsentreer op “one language game, denotation and excludes all others” (Erickson 2001:21). Erickson (2001:22) onderstreep verder die kenmerke van wetenskaplike kennis: “Within research, the competence required concerns only the sender, not the addressee or the referent.” Die postmoderne aanvaar narratiewe kennis en erken ook die legitimiteit van wetenskaplike kennis. Die Bybel bied twee komplimentêre verhale waarin ’n goddelike perspektief op die realiteit geopenbaar word - die verhaal van die mense van Israel en die verhaal van Jesus (Rossouw 1995:99). Die verskeidenheid van leringe, voorskrifte, stories, metafore en ander elemente van die Bybel is verbind aan die groter verhaal en aan die doel van albei stories om ’n Christelike verstaan van die realiteit te openbaar (Gustafson & Johnson 1982:319). Om ’n spiritualiteit van heelheid te kultiveer, moet gelowiges nie net die verhaal van die Bybel verstaan nie, maar ook die verhale verbind aan hulle lewensverhaal en andersom. Om so ’n spiritualiteit van heelheid te bou is niks anders as dat mense die realiteit vanuit ’n Christelike hoek verstaan nie. “Stories have the capacity not only to inform but also to involve the hearers, draw them into the story, call forth commitment and evoke ownership to the world and responsibilities embodied in the narratives” (McCoy 1992:60). Die narratiewe benadering sien wetenskaplike kennis dus as ‘n variant binne die familie van narratiewe kultuur. Wetenskaplike kennis trek egter narratiewe kennis se geldigheid in twyfel. Kennis word vir die postmoderne

benadering met interpretasie vervang (Grenz 1996:40). Lyotard (1984:89-117) gee baie aandag aan die onderskeiding tussen wetenskaplike- en narratiewe kennis. ’n Postmoderne siening sal nie die tradisionele manier van wetenskapsbeoefening, wat objektiewe, algemeen geldende waarhede nastreef, ondersteun nie. Kwalitatiewe en narratiewe navorsing is meer postmodern georiënteer en bring nuwe data na vore (Gottlieb & Lasser 2001:191).

Die mens in die postmoderne wêreld wil sy of haar storie spontaan vertel sonder dat dit in ’n spesifieke formule uitgedruk word (McLaren 2000:179)

**2.2.6. Meta-narratiewe**

Vir die Franse filosoof Jean-François Lyotard (1984:40) behels wetenskapsbeoefening nie alleen waarnemings en die formulering van nuttige algemeenhede, op soek na ’n korrekte formulering van “die waarheid” nie. Die wetenskapsbeoefening self, word naamlik deur sekere “reëls” bepaal. Vir elke spesifieke wetenskap is daar reëls wat bepaal wat binne daardie wetenskap as korrek aanvaar word, wat waar is, wat nie waar is nie, of wanneer ’n bewys geldig is en wanneer nie. Elke wetenskap poog om die reëls van sy eie spel te legitimeer. Hierdie legitimering word ’n afsonderlike diskoers. Lyotard (1984:41) noem hierdie diskoers die “metaverhaal” van die spesifieke wetenskap. Die metaverhaal berus nie op analitiese, valsifieerbare kennis nie, maar is ’n netwerk van vooronderstellings (byvoorbeeld religieuse-, politiese- of filosofiese oortuigings). Meestal is die mens nie bewus van hierdie metaverhale nie. Nietemin vorm hierdie metaverhale die begronding van ons denke. Wetenskaplike kennis word dus gegrond op ’n diskoers oor kennis (meta-narratief). Die metaverhale van verskillende wetenskappe doen op hul beurt weer ’n beroep op ’n meesterverhaal om hulself te legitimeer. Net soos die metaverhaal die spesifieke wetenskap legitimeer, benodig die metaverhaal ook legitimering wat gevind word in die meesterverhaal. Talle navorsers is van mening dat meta-narratiewe binne die modernisme gebruik is om in ’n bepaalde kultuur te funksioneer om sodoende sy eie uitgangspunte en praktyk te verklaar en te begrond. Dit dien dan as saambindende stories en

ordeningsbeginsels wat op die agtergrond bly funksioneer om sodoende die werklikheid te legitimeer. Orde en redelikheid dien as kernwaardes binne die modernisme. Dit moet help om die orde te skep en dit in stand te hou. Meta-narratiewe tree op as "sedebewakers" wat alle teenstrydighede en diskrepansies binne die samelewing en werklikheid diskrediteer as sleg en verkeerd. Negatiewe narratiewe word dan wêreldbeskouings wat opgesluit lê in sosialisme, kommunisme, kapitalisme, Marxisme (Klages 1997:112). Die meta-narratiewe sisteme maak van in- en uitsluiting gebruik. Alles wat nie voldoen aan die meta-narratiewe nie, word dan as minderwaardige kennis en problematiese sienings verwerp en uitgesluit.

Vanuit die postmoderne word daar kritiek gelewer op die meta-narratiewe. In Lyotard (1984:37-38) se boek, *The postmodern condition*, kondig hy die val van die meta-verhale, wat gefundeer word in universele, transendentale waarhede, aan. Hy wys op die manipulatiewe waarheidsaansprake van die moderne mens. Voorkeur word in die postmoderne denke aan mini-narratiewe verleen. Klages (1997:114) stel dit soos volg:

> Postmodernism, in rejecting grand narratives, favours "mini-narratives", stories that explain small practices, local events, rather than large-scale universal or global concepts. Postmodern "mini-narratives" are always situational, contingent and temporary, making no claim to universality, truth, reason, or stability.

In die teologie funksioneer sowel die meta-narratief as die mini-narratief. Die mega-narratief speel 'n deurslaggewende rol in die Bybel. Dit word oorvertel en onthou om sodoende 'n primêre identiteitsgewer in die Christelike en teologiese tradisie te wees. Terselfdertyd speel mini-narratiwiteit ook 'n deurslaggewende rol. Die Bybelse verhale in die hede is juis kontingente mini-narratiewe wat die kontekstuele verhale oor God en mens vertel. Dit word gedoen sonder die aanspraak om universeel geldig te wees.

### 2.2.7. Moderne denke is dualisties

Moderne denke oor kennis gebaseer op 'n rasionaliteit, wat bou op sy verifieerbare feite, wat weer op hul beurt verkry word deur middel van objektiewe ondersoekmetodes, lei tot splitsing van :

- die subjek van die objek,
- feite van waarde,
- wetenskap van geloof,
- politiek van godsdiens,
- die publieke van die private,
- die teorie van die praktyk,
- kerk en wêreld,
- binne en buite die kerk

Erickson (2001) som modernisme soos volg op:

> Knowledge will provide the solution to humanity's problems ... Objectivity is both desirable and possible. It is believed that any personal or subjective factors can be eliminated from the knowing process, thus rendering the conclusions certain … All beliefs are justified by their derivation from certain bedrock starting points or foundational beliefs … The structure of reality is rational. It follows an orderly pattern. The same logical structure of the external world is also found in the human mind, thus enabling the human to know and organize that world.
>
> (Erickson 2001:73-74)

## 2.3. Postmoderne epistemologie

Die postmoderne fokus nie soos die premoderne en moderne op net een vorm tot kennis nie. Die moderne neiging om kennis tot wetenskap te reduseer, is verby. Kennis moet breër verstaan word. Dit moet praktiese kennis

(lewenswysheid), effektiwiteit, geregtigheid, geluk en skoonheid insluit (Erickson 2001:117). Die postmoderne perspektief is voorstanders van epistemologiese pluralisme wat beteken dat die premoderne manier van kennis (openbaring) en die moderne manier (wetenskap en rede) saam met ander maniere soos intuïsie en relasionaliteit ingesluit word.

Epistemologiese pluralisme beskou nie alle kennis as gelyk nie, maar meen dat die mens altyd verskillende maniere van kennis moet oorweeg om probleme en gebeurtenisse dieper en beter te verstaan. Volgens Fries (1969:17) is dit nie nodig om pluraliteit as 'n bedreiging te sien nie. Dit is moontlik om pluraliteit te aanvaar as deel van die moderne samelewing sonder om te verval in godsdienstige relativisme en dit wat kenmerkend Christelik is, te verloor. Dit sal die Christelike geloof eerder goed doen as kwaad as die kerk sou ophou om te kompeteer met, mag uit te oefen oor en antagonisties op te tree teenoor ander gelowiges, maar eerder respekvol luister na waardevolle insigte van ander en in dialoog tree met hulle.

Vir John Burkhard (2004:159) kom postmoderne Christelike teologie daarop neer dat pluraliteit binne die Christelike teologie en denke aanvaar word as 'n werklikheid, terwyl Christene wat nie noodwendig dieselfde dink oor alles nie, steeds binne dieselfde geloofsfamilie bly. Die kerk is pluraal van aard. God se een waarheid kom juis tot uitdrukking in die dialoog van baie getuienisse. Binne die Christelike identiteit moet daar ruimte wees vir 'n verskeidenheid maniere om uiting te gee aan geloof. Die eenheid van die kerk lê daarin dat almal volgelinge van Jesus Christus is en die waarheid in Christus ontvang het (De Reuver 2004:233). Die waarheid beteken verskillende dinge vir verskillende mense. Die waarheid word op verskillende maniere gevier. Van die waarheid word met verskillende stemme en klemtone getuig. Dingemans (2001:276-301) gebruik die beeld van 'n "ronde tafel kerk". Dit is waar God en mens ontmoet en aan en oor Jesus gedink word. Almal is welkom aan tafel en die gawes word aan almal uitgedeel. Die tafelgemeenskap is 'n pluriforme een. Dit gaan nie daarom dat almal dieselfde moet dink en klink nie, maar dat hulle saam in

gesprek soek na die waarheid van God vir hulle onderskeie en gemeenskaplike lewens. Daar is spanning in hierdie eenheid (Dingemans 2001:286).

Die postmoderne tyd word gekenmerk deur pluraliteit ten opsigte van ervaring, interpretasie en praktyk. Dit gaan ook nie meer soseer oor liberale of konserwatiewe teologie nie, maar eerder oor fragmentasie binne die onderskeie teologieë (Grenz 1996:4).

### 2.3.1. Verdraagsaamheid in plek van veroordeling

Vir die meeste dinge wat in die premoderne tyd as aanvalle deur die bose gesien is, is daar vandag verklarings. Vir die meeste gedragsafwykings wat in die Bybel genoem word en eenvoudig as sonde in die moderne veroordeel word (en daarom gestraf sal word), is daar in die postmoderne tyd ander verklarings. Du Toit (2000:157) noem die voorbeeld van dronkenskap wat in die Bybelse tyd veroordeel is as sonde, sonder inagneming van bepaalde omstandighede. Vandag weet mense dat dronkenskap 'n oorsaak het – dat alkoholisme 'n baie komplekse verslawingsgedrag is wat met die regte behandeling en motivering aangespreek moet word. Die aanslag in die postmoderne tyd is sagter, meer pastoraal en terapeuties, sonder om sonde as sodanig te relativeer of goed te praat. Die Christelike boodskap is een van bevryding, vergifnis en versoening – 'n bevryding van sonde wat 'n diep innerlike vrede gee te midde van die postmoderne tyd se onsekerheid en onstabiliteit.

So gesien harmoniseer die verdraagsaamheid waarvoor postmoderne denke pleit, met die evangelie. Hedendaagse Christene is soms bang dat "te veel" verdraagsaamheid van "ander" waardes, Christelike waardes in gevaar sal stel. Regele (1995:216) wys egter uit dat verdraagsaamheid juis 'n verhouding kan skep wat vir Christene die geleentheid bied om naas al die ander verhale ook met vrymoedigheid die Christelike verhaal te vertel. Dit is vir hom "the opportunity to proclaim again the story of Jesus, and the hope of life that is in Him alone, will open before us. It is the unsurpassable story. No other story answers the question, what is life? or the question, where is meaning to be found?" Onverdraagsame pogings om Christelike waardes te beskerm teen of af

te dwing op ander, maak so ‘n “evangelisasie-geleentheid” onmoontlik. Trauma terapie-sessies is baie keer evangelisasie geleenthede. ’n Adolessent wat byvoorbeeld verkrag is toe sy halfdronk in ’n klub gekuier het en toe saam met vreemde mans daar weg is, moet nie veroordeel word oor haar sonde nie. Daar moet na die hele komplekse aangeleentheid gekyk word soos alkoholverslawing, sonder ouers se wete in klub (verhouding met ouers) ensovoorts. Om haar of hom net te veroordeel kom nie ooreen met die evangeliese waardes nie en gaan haar of hom ook nie help nie. Postmoderne denke adem die gees van deernis vir ander in (Beukes 1996:233-251).

### 2.3.2. Rol van die leser

Die postmoderne se speel met tekste (Butler 2002:21) lei tot ’n groter openheid terwyl die “amptelike” verklarings en interpretasies van ’n teks geïgnoreer word. Elke persoon kan met ’n teks rondspeel en as gevolg van subtiele aanpassing aan die teks tot ander gevolgtrekkings kom. Die “dood van die outeur” (Butler 2002:23) vind plaas omdat die aanvanklike bedoeling van die skrywer nie meer noodwendig ’n rol speel in die vertolking en gebruik van die teks nie. Die leser lewer net so ‘n groot bydrae tot die uiteindelike betekenis van die teks. Die geskrewe woord het die oorspronklike betekenis wat deur die skrywer daaraan gegee is, verklaar. Betekenis word eers geskep wanneer die teks gekommunikeer of gelees word. Die vorm en inhoud van die subjek ondergaan ’n intersubjektiewe verandering in die kommunikasieproses.

### 2.3.3. Heelbrein-dominansie versus linkerbrein-dominansie

Die modernisme het hoofsaaklik deduktief-analities klem gelê op die linkerbrein beredenering. Weens die modernistiese inslag in die postmodernisme, bly die gebruik van die linkerbrein nog geldig, maar word die regterbrein ook ingespan. Die postmoderne mens is heelbrein-georiënteerd. Die dominansie van die linkerbrein, analities-deduktiewe benadering is verby. Die regterbrein benadering wat kreatiwiteit, estetika, ervaring en emosies insluit, is ’n integrale deel van die postmoderne samelewing. Vroeër het die modernisme regterbrein-dominante

mense se potensiaal onderdruk. Linkerbrein dominante mense het gefloreer binne die aandrang op rasionaliteit en struktuur. In die postmoderne tyd word daar aan die kreatiewe, spirituele gees van die regterbrein-dominante mense ruimte gegee wat in die denkwêreld van die modernisme nie moontlik was nie (Du Toit 2000:55). In traumaterapie sal speletjies, tekeninge, dramas en stories net so 'n groot rol as die gesproke woord moet inneem.

**2.3.4. Holistiese benadering**

Postmoderne denke wil die werklikheid holisties benader (kyk Murphy & McClendon 1988/89:199-201). Kennis word verkry deur mense wat saamwerk, eerder as individuele kenners. Om kompartementeel te dink oor die mens en die lewe, oor gees en liggaam, oor hemel en aarde, oor goed en sleg, oor geloof en rede, oor Bybel en wetenskap, is om nie holisties te kyk na die werklikheid nie. Om holisties te dink beteken ten minste dat die mens sal verstaan dat hy of sy as eenheid gees en liggaam is en dat wanneer ons oor iets ingrypends soos geloof in God praat, daar met alle aspekte van menswees rekening gehou sal word (Du Toit 2000:117).

'n Postmoderne benadering oor trauma onderskryf dat die kenmerke van 'n traumagebeurtenis ook gekoppel kan word aan die eiesoortige gevolge van die trauma. Dit is meer gerig op die hele prentjie. 'n Enkele traumatiese insident kan byvoorbeeld lei tot 'n addisionele traumastorie, soos byvoorbeeld die dood van 'n ouer. Addisionele gevoelens van verlies, rou en bekommernis oor die toekoms kan hierdeur ontlok word. Dit impliseer dat 'n enkele trauma dikwels in meervoudige traumagevolge of traumastories ingebed is, soos byvoorbeeld verlies, die werkloosheid van 'n ouer of die verandering in die gesin se finansiële behoeftes. Postmoderne denkers vind sin wanneer hulle individuele lewensverhale gesien word in terme van die groter geheel (die metaverhaal).

**2.3.5. Proses in plek van die doelwit**

In die postmoderne denke word op die proses gefokus en nie op die einddoel nie. Dit gebeur eenvoudig omdat geen mens alreeds oor die einddoel kan beskik

nie (Du Toit 2000:67). In trauma-terapie sal daar ook op die proses van genesing gefokus moet word, ongeag wat die einddoel sal wees. Die persoon wat seergekry het, vind genesing al sou dit beteken dat hy of sy later in veiligheidssorg geplaas moet word omdat sy of haar huis nie veilig is nie.

### 2.3.6. Konteks

Die postmoderne persoon lê klem op die groter prentjie of konteks. Optredes van mense is nie inherent reg of verkeerd nie, maar hulle is reg of verkeerd in verhouding tot die situasie (Rossouw 1995:89). Hoe meer veralgemening plaasvind, hoe minder kan die konteks in ag geneem word.

Moderne terapie bestudeer die reaksies van die adolessent en die traumatiese gebeurtenis in isolasie. Die invloed van addisionele faktore soos byvoorbeeld die groter sosiaal-kulturele konteks en die spesifieke ontwikkelingsfaktore van die getraumatiseerde adolessent word dikwels buite rekening gelaat of apart bestudeer. Die interkonneksie van gebeure en faktore word hierdeur geïgnoreer en die faktore word gereduseer tot afsonderlike entiteite. Ontwikkelingsfaktore, die kognitiewe, verbale en emosionele vermoëns van die individu, geslag, kultuur, persoonlikheidseienskappe en gesinsondersteuning is slegs enkele faktore wat deel vorm van die ineengestrengelde web van betekenisse wat rondom ’n trauma ontwikkel. ’n Postmoderne benadering impliseer dat modernistiese ontwikkelingsmodelle ’n waardevolle bydrae tot die begrip van komplekse verskynsels kan lewer. Die standpunt wat met hierdie studie ingeneem word, is dat ontwikkeling deel uitmaak van ’n deurlopende, vloeiende, dinamiese en oorvleuelende proses waarin “kenmerke” en ontwikkelingsbehoeftes as riglyne gebruik word. Ontwikkeling is ook afhanklik van die sosiaal-kulturele konteks van die individuele kind.

### 2.3.7. “Global village”

’n Tipiese kenmerk van die postmoderne werklikheid en samelewing is die “globale village” (Rossouw 1995:14). Moderne tegnologie en veral die

kommunikasie tegnologie het verskillende en voorheen geïsoleerde dele van die wêreld op ’n ongekende manier bymekaar gebring. Dit het die wêreld verklein na ’n sogenaamde “global village”. Deur middel van satelliete, internet, selfone en vliegtuie kan alles en almal denkbaar moontlik bereik word. Hierdie verkleining van die wêreld het talle konsekwensies. In ’n postmoderne “global village” moet ’n Christen onvermydelik saamleef met mense wat die Christendom as betekenisloos beskou of wat die Christendom op dieselfde vlak as enige ander godsdiens sien. Volgens Rossouw (1995:904) kan Christene terugtrek na ’n private sfeer en sê dat hulle godsdiensoortuigings privaat is en dat dit nie ander mense raak nie. Hierdie opsie privatiseer geloof in so ’n mate dat dit betekenisloos word vir die samelewing waarin so ’n persoon leef. Die ander opsie is om hulle godsdienstige verstaan van die wêreld te verduidelik aan en te verdedig teenoor mense wat van hulle verskil. In plaas daarvan om te retireer na ’n private sfeer, nooi hulle die uitdager om ’n alternatiewe verstaan wat meer sinvol en meer verstaanbaar is as die Christelike een, te gee.

**2.3.8. Relasionaliteit**

Die postmoderniteit het, in teenstelling met die individualisering van die moderne era, ’n nuwe waardering vir die gemeenskap gebring sonder prysgawe van individualiteit. Die moderne tyd wat tot individualisme en gebroke verhoudings gelei het, het ’n honger vir verbintenis en gemeenskap by die jonger generasies na vore laat kom. Vir Generasie-Y is die internet in ’n mindere mate ’n informasiebron en in ’n meerdere mate ’n sosiale medium. Navorsing toon dat meer as die helfte van die adolessente die “chat Rooms” gebruik om met hul portuur kontak te maak. Vir die postmoderne mens kan heelheid alleen binne relasie ervaar word. “Postmoderns believe that not only our specific beliefs but also our understanding of truth itself is rooted in the community in which we participate” (Grenz 1996:14).

Daar is ook ’n soeke na ’n nuwe spiritualiteit wat individueel en binne die gemeenskap uitgeleef kan word. Daar het dus ’n herwaardering gekom van die

feit dat die mens per definisie ’n spirituele wese is. Die mens en menslike optrede word eenvoudig nie bepaal deur rede en logika alleen nie.

Binne hierdie gemeenskap is daar waardering vir verskillende standpunte, asook ruimte vir andersheid en individuele interpretasie en uitleef van lewenswyses. Daar is respek vir persoonlike keuses.

Postmoderne denke plaas die klem op die mens-in-verhouding eerder as op die mens as individu. Die postmoderne perspektiewe sien die self as ’n onderwerp-in-verhouding, wie se identiteit ingeweef is in die komplekse interaksie van ekonomiese, kulturele en politieke faktore. Die onderwerp van omgee verskuif vanaf ’n selfaktualiserende individu vir wie omgee-funksies primêr in tye van krisis gegee word na dié van ’n persoon wat ’n behoefte het aan versorging en omgee wanneer hy of sy met ’n komplekse verskeidenheid van morele en teologiese uitdagings moet onderhandel in ’n vinnige veranderde wêreld (Graham 1988:52). Die taak van omgee behels dus die toerusting van individue en van die geloofsgemeenskap met bronne waarmee hulle op sulke komplekse situasies kan reageer hetsy of dit in die vorm van veranderde toestande by die werk is en of dit verhoudings of geslagsrolle is.

Volgens die postmoderne is die individu altyd ’n kulturele onderwerp, gegraveer in ’n historiese en sosiale konteks. So gee postmoderne denke waarde aan baie verskillende kontekste. Met hierdie perspektief se voorveronderstelling van “every point of view is a view from a point” gee dit erkenning aan baie kontekste. Om te weet is nie ’n individuele saak nie, maar ’n groepervaring. Die groep waarin ‘n mens gebore is of waarby ‘n mens aansluit, het ’n sterk invloed op wat ‘n mens weet en wat ‘n mens dink hy of sy weet (McLaren 2000:163).

In ’n wêreld met persoonlike identifikasie is dit geen wonder dat die Christendom gereduseer is tot ’n verhaal oor hoe om ’n persoonlike Verlosser te kry en hoe om ’n persoon se siel in die hemel eerder as in die hel te kry nie. Individualisme word soos volg deur McLaren (2000:196) omskryf:

> auto-immune disease in the Body of Christ: it made parts of the body not recognize they were organically united to other parts. Instead of celebrating their connectedness, parts competed with, fought, rejected, and feared one another. In modernity it was me and Jesus, me and my Bible, me and my spiritual growth, me and my salvation. Even where the church came in, it still is all about me – getting my needs met, getting my soul fed, acquiring the religious goods and services needed for me and my happiness and my success. Can we imagine an understanding of the gospel that's bigger than the salvation of my individual soul? Can we imagine an approach to the church experience in which we do not exist for me? Are we prepared for a time when our finely crafted me-oriented evangelism and our consumer spirituality of self-interest seem, not a step ahead and up to a better life, but rather a step down and backward into a narrow, cramped, more selfish life? Will we have the courage to let go of those approaches, to find better ones, new ones, ancient one's?
>
> (McLaren 2000:196)

Die mens as verhoudingswese is 'n skeppingsverordening. Sy geskapenheid na die beeld van God, deur die Skepper, plaas hom dadelik in 'n verhouding tot God, homself, sy medemens en die omgewing (Heyns 1988:128). Heyns (1988:130) vat dit kortliks saam: "Menswees as geskape deur God is nie alleenwees nie, maar saamwees met God en die medemens" .

### 2.3.9. Detradisionering

Die modernisme het die era van totale verwerping van tradisie ingelei. Die postmoderne lei die era in waar tradisie herontdek word. "If postmodern means anything, it means a new openness to the past and to the authority of the tradition in the future" (Sweet 2000:19). Dit dui geensins op tradisionalisme nie, maar eerder 'n erkenning van die mens se eie historiese en sosiale lokaliteit.

**2.3.10. Dekonstruksie**

Dekonstruksie was ’n poging om met die strukturalistiese denke te breek. Die vader van die moderne linguistiek en die strukturalisme is die Geneefse linguis Ferdinand de Saussure (1857-1913). Strukturalisme is ’n benadering in die akademiese dissipline in die algemeen wat die verhoudings tussen fundamentele kern-elemente in taal, letterkunde en ander velde ontgin. Daarop word hoër verstandelik linguistiese sosiale strukture of strukturele netwerke gebou.

Die dekonstruksiedenke met sy klem op die fundamentele dubbelsinnigheid van taal, eerder as die logiese struktuur, het sedert 1980 populêr geraak. Dekonstruksie is bedoel om die verwysingsraamwerk en die veronderstellings wat onder die teks lê te ondergrawe. Jacques Derrida (1930 - 2004), ‘n Franse filosoof, is bekend as die stigter van dekonstruksie. Hy is grootliks beïnvloed deur die werk van Heidegger (1889 – 1976) en van die Duitse filosoof, Edmund Husserl (1859 – 1938) wat bekend is as die vader van die fenomenologie. Vir dekonstruksioniste is die mens nie in staat om ’n ware rekenskap van die realiteit of van gebeure te gee nie (Kaufmann 1956:50). Daar is twee redes hiervoor. Eerstens is die realiteit soos dit vir mense lyk sosiaal-gekonstruktureerd. Dit beteken dat wat ookal mense teëkom in hulle ervaring, geïnterpreteer word na die verwysingsraamwerk wat vir mense gegee is deur die samelewing waarin hulle lewe. Daarom voel hulle dat alles wat bestaan interpretasies is. Feite is niks meer as illusies nie. Die tweede filosofiese rede wat deur postmoderne denkers voorgestaan word, lê in die aard van taal. Taal is kunsmatig geskep deur die sosiale samelewing. Dit is ‘n sosiale konstruksie. Wanneer mense ervarings of gebeure beskryf, moet hulle noodgedwonge taal gebruik om dit te doen en dan weet hulle nie of dit wat die realiteit is, beskryf word nie. Daar is geen manier hoe ‘n mens kan weet wat die realiteit is nie. Bridger & Atkinson (1988:284) skryf:

> This is how postmodernists would have us view all language: not as referring to an objective reality which somehow can be found by the use of neutral, objective language; but as a pointer to fundamentally unknowable reality which can only be expressed in relative language systems which take their meaning entirely from within themselves. Reality is fundamentally what we make it, nothing more.

Dekonstruksie is een van die sentrale komponente van die narratiewe terapie. Morgan (2000:46) omskryf "dekonstruksie" kortliks as "The pulling apart and examining of taken-for-granted truths" (vergelyk White 1993:34).

Dekonstruksie word prominent in die hermeneuties-narratiewe benadering as strategie gebruik om die postmoderne epistemologie te dien. Vir die dekonstruksie van "dekonstruksie" word dieselfde strategie aangewend as in die narratiewe benadering. Die volgende twee aspekte staan uit as die kern van dekonstruksie in postmoderne narratiewe terapie, naamlik 'die dood van die outeur/subjek" en "die dood van God as subjek" (Madison 1988:88). Die frase: "God is dood" kom in verskeie van Nietzsche se werke voor en het waarskynlik die mees gekwoteerde frase van al die Nietzche-tekste geword. Hy bedoel met hierdie frase dat ontwikkelings in die moderne wetenskap en die verhoogde sekularisasie van die gemeenskap, die Christelike God doodgemaak het wat as basis vir betekenis en waarde gedien het in die Weste vir die vorige duisend jaar. Hy toon aan dat die 'dood' van God mettertyd sal lei tot die verlies van enige universele perspektief op dinge en daarmee saam enige gevoel van objektiewe waarheid. Dekonstruksie bevraagteken eerder die totalitêre uitsprake wat nie in logies-antropologiese denke begrond word nie. Dekonstruksie help met gesonde kritiese beoordeling en nadenke oor dit waaroor 'n persoon besin. Volgens Derrida bewys dekonstruksie dat tekste veelvuldige betekenis het en dat geweld tussen die verskillende betekenisse van die teks betrokke mag wees.

Postmoderne beraders moet weet dat wanneer pastorante hulle waarheid vertel, dit net húlle interpretasie van die waarheid is. Hulle het dit dan alreeds georganiseer en gefilter sonder dat hulle dit weet. Hierdie studie verwerp die ekstreem skeptisisme van die postmoderne denkers en meen dat pastors saam

met die pastorante na die waarheid moet soek en dan in die soektog die pastorante in staat stel om dit te hanteer, al is dit pynvol. Dekonstruksie het nie nuwe strukture as sodanig ten doel nie, hoewel nuwe strukture natuurlikerwys weer ontstaan. Dekonstruksie is volgens hierdie visie om krities met die strukture om te gaan. Die doel is om die negatiewe waardes wat in bestaande strukture werksaam is, aan die kaak te stel (Dreyer 2006:135).

**2.3.11. Karakter van teologie verander**

Postmoderniteit is ’n intelligente grens tussen die ou wêreld en die ander kant. Dit is belangrik omdat ‘n mens se siening van die waarheid verander wanneer ‘n mens se vertroue in mense se vermoë om die waarheid te ken, omvergewerp word en dan verander alles. Dit sluit die teologie in (McLaren 2000:70).

In hierdie konteks van postmoderniteit kan verwag word dat die plek en karakter van teologie verander. Griffen (1988:3) toon aan dat: “Because of the renewed interest in religious spirituality as the foundation for both individual and social life, theology can be expected to return to the center of public discussion in the postmodern world”.

Die opkoms van ‘n postmoderne wêreldbeeld wat ondersteun word deur ’n postmoderne wetenskap, voorsien die konteks waarbinne die postmoderne teologie aanvaar kan word. Postmoderne teologie is gebaseer op die bevestiging van nie-sensoriese waarnemings en is die fundamentele metode om op die omgewing te reageer. Postmoderne teologie se erkenning van nie-sensoriese waarneming “allows for a dimension or element of perceptual experience that is not a product of culturally conditioned frameworks and is therefore common to all of us” (Griffen 1988:4).

Een van die mees belangrike verskynsels van postmoderne teologie is die potensiaal om die skeiding tussen godsdienstige liberale en konserwatiewes te ontgin. In die postmoderne tyd word die Bybelse geskrifte na hulle aard gelees en verstaan. Die voorwetenskaplike aard van die geskrifte moet deurgaans konsekwent gehandhaaf word (Du Toit 2000:89). Hier help die ontwikkeling in die verskillende wetenskaplike dissiplines mekaar. Die ontwikkeling in die

literêre wetenskap, die geskiedskrywing, die psigologie, sosiologie en astronomie dra almal by om die ou tekste beter te kan interpreteer. Hier is nie sprake van 'n herskepping van 'n premoderne wêreld- en lewensbeskouing nie, maar daar word met inagneming van die winste uit die moderne tyd nuut gekyk na die klassieke tekste as kontekstuele literatuur en dit word so gelees en verstaan (Du Toit 2000:90). Die styl in die gebruik van die geskrifte is egter nie outoritêr, absoluut en finaal nie. Dit is egter so dat daar binne die Christendom 'n kernwaarheid is wat algemeen behoort te wees in al die tradisies van die geloofsgemeenskap. 'n Mens sou dit kon afbreek tot die kleinste gemene deler naamlik die geloof in Jesus van Nasaret as die openbaring van God aan die wêreld en sy kruisdood as verlossingsgebeure vir elkeen wat glo. Dit sou waarskynlik as kernwaarheid algemeen aanvaar word, terwyl ander standpunte hiervan verder op die periferie hulle plek sal vind met gepaardgaande mindere gesag (Du Toit 2000:90).

Om waarheidsaansprake te formuleer, moet daar met die volgende drie faktore rekening gehou word:

i. Die Bybel as bundel voorwetenskaplike oorsprongsdokumente;
ii. Die tradisie, as die manier waarop die kerk voorheen daaroor gedink het;
iii. Die huidige konteks as die wêreld waarbinne ons ons nou keuseloos bevind (Du Toit 2000:92).

Die Christelike apologie kry 'n ander rol. Voorheen het dit gevestigde waarhede verduidelik en verdedig. Nou gaan dit om nadenke oor nuwe maniere om die evangelie in die nuwe situasie te kommunikeer. Die lyding van mense en die tragedies en traumas van die lewe kan nie bevredigend beantwoord word met netjies afgeronde teologiese verduidelikings nie. Om nie alle antwoorde gereed te hê nie, is nie 'n swakheid van die teologie nie. Inteendeel, meen Lartey (2006:104): "Given the awesomeness of the theological endeavour a degree of uncertainty is always appropriate". Ambler (1995:94-98) verwoord 'n moontlikheid vir die wêreld van vandag om om te gaan met die vraag: 'Waar is

God?' God is "beyond" (verby) enigiets wat mense kan bedink of vasvang, kan ken of verstaan. God is hier, naby en teenwoordig, nie ver weg van mense en hulle lewens nie. Maar God is nie teenwoordig soos 'n objek teenwoordig is nie. God is teenwoordig in 'n ander dimensie, op 'n ander manier.

**2.4. Die narratiewe pastorale benadering as metode**

Sedert die sestigerjare het daar 'n algemene misnoë met moderne teorieë en tradisionele navorsingsmetodes (by name kwantitatiewe navorsing geskoei op 'n empiriese, positivistiese uitgangspunt) ontstaan. Dit is as onvoldoende beskou om die mens en menslike ervaring van die wêreld te ondersoek (Hinchman & Hinchman 1997:xiv). Deur die narratiewe paradigma word daar wegbeweeg van die modernistiese wyse van navorsing en dit is 'n belangrike rede hoekom ek hierdie metode gekies het. Die doelwit van die narratiewe metode is nie die verskaffing van realistiese objektiewe eksterne feite nie, maar wel die mededeling van ervarings en 'n oproep tot die aanhoorder om te deel in die ervarings van dit wat vertel word (kyk Crites 1971; Hauerwas 1974; Tracy 1975; Ricoeur 1981, 1984, 1991, 1998; Lindbeck 1984; Frei 1993; Loughlin 1996; Gerkin 1997; McFague 2001).

Binne die pastorale beraad het 'n narratiewe aanpak die effek dat storievertelling en die luister na stories 'n belangrike pastorale strategie word (Louw 1999:23). Hierdie stories moet belig word in die lig van die Storie van die Evangelie (Groome 1991:217). Alleen maar die groot Verhaal kan betekenis gee aan die menslike verhaal. 'n Persoon se storie word hervorm deur en in die storie van Jesus, in soverre dit in 'n nuwe rigting gestuur word en 'n nuwe doelwit en einde kry wat anders is as die eerste keer (Louglin 1996:214). Louglin (1996:215) stel dit soos volg: "It is the new ending of the story – the promised life of the Kingdom – that reconstitutes the old story as one of sin, a story that is now seen to have had only a conditional goal, a meaning that could not satisfy, could not be the good of the person."

Trauma bring vrae oor die sin en die doel van die gebeure na vore. Trauma, soos ander lewenservarings, nooi mense uit om die trauma te oordink

en om eie antwoorde te vind. Een manier om antwoorde te vind is deur verhale waar getraumatiseerde adolessente doelbewus hulle gewone interpreteringsproses vertraag om na die trauma te kyk. So herbeleef hulle weer die trauma en voel die emosies wat daarmee geassosieer was (Graham, Walton & Ward 2005:37). Coll (1992:95) meen dat getraumatiseerde mense deur verhale hulle geloof herinterpreteer. Die doel van verhale is “faith seeking understanding” en “...not to defend God in the face of overwhelming evil and suffering but to come to grips with demanding questions as honestly as we can” (Coll 1992:95). Met ander woorde die narratiewe metode is volgens haar om sin te maak van die lewe vanuit die geloofsperspektief. Dit is ‘n soeke na betekenis in die lig van geloof sodat ‘n mens agterkom wat agter die gebeure in die lewe sit.

# Hoofstuk 3
# Adolessensie

## 3.1. Inleiding

Adolessente is individue in die lewensperiode tussen kind en volwassene. Hierdie tydperk is die periode wanneer hulle hulself herdefinieer, nuwe dimensies ontdek, hulle selfbeeld wysig en met 'n nuwe selfkonsep vorendag kom (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:11). Trauma werk ontwrigtend op hulle ontwikkeling in. Trauma-verwerking by kinders en volwassenes verskil. Volwassenes gebruik bewustelik en onbewustelik hulle gewone denkprosesse om deur trauma te werk tot op 'n vlak waar dit relatief draaglik word. Omdat kinders en adolessente se breine nog nie sodanige vermoëns ontwikkel het nie, is dit vir hulle moeilik om deur die trauma te werk (Miller 1998:91). Adolessente se ervaringsveld is kleiner as volwassenes s'n en daarom het hulle 'n kleiner voorraad van suksesvolle hanteringsmeganismes om op te steun (Miller 1998: 90). Hierdie beperkte denkprosesse verminder hulle vermoë om elke keer 'n nuwe manier van aanpassing by trauma te vind. Omdat trauma verskillend hanteer word op verskillende ouderdomme, is dit belangrik om die ontwikkelingsielkunde van nader te bestudeer. Daarom gaan ek in hierdie hoofstuk eerstens 'n oorsig oor die ontwikkelingsielkunde asook die geskiedenis van die ontwikkelingsielkunde, gee. Sodoende word die adolessent ook beter verstaan. Tweedens gaan ek die konteks waarbinne die adolessent grootword, bespreek omdat die konteks waarbinne elke generasie grootword, 'n besliste invloed op die behoeftes van daardie generasie het.

## 3.2. Adolessente-fase

Trauma ontwrig mense se veronderstelling dat die lewe regverdig, ordelik en voorspelbaar is (Matasakis 1996:85). Adolessente soek na hulle eie identiteit en selfbeeld en is daarom onseker oor baie dinge. As adolessente nog boonop blootgestel word aan die verwarrende effek wat trauma op hulle het, naamlik

die belewenis dat hulle wêreld onveilig is, tree daar ernstige probleme na vore soos die verlies van basiese vertroue (Steinberg 1999:36). Sommige adolessente is meer weerloos en vatbaar om simptome van trauma te ontwikkel as ander om redes wat wetenskaplikes nie ten volle verstaan nie. Dit is wel bevind dat die impak van 'n traumatiese gebeurtenis groter is by adolessente wat voorheen reeds die slagoffers was van misbruik of enige ander vorm van trauma of wat alreeds 'n geestes-gesondheidsprobleem het (Morrison 2000:299). Adolessente en kinders wat nie die ondersteuning van 'n gesin het nie, loop die risiko om nie goed te herstel nie (Morrison 2000:299). Omdat trauma verskillend hanteer word op verskillende ouderdomme, is dit belangrik om die ontwikkelingsielkunde van nader te bestudeer. Daarom sal daar eerstens 'n oorsig oor die geskiedenis van die ontwikkelingsielkunde gegee word, ten einde die adolessentefase beter te verstaan. Volgens Codrington (1999:5-12) moet die konteks waarbinne die verskillende generasies grootgeword het, ook in ag geneem word wanneer daar oor die eienskappe en behoeftes van die adolessent besin word. Die konteks waarbinne elke generasie grootword, het 'n besliste invloed op die behoeftes van daardie generasie en die behoeftes van ander generasies omdat hulle binne verskillende wêreldbeskouings grootword. Tweedens sal daar dus oor die konteks waarbinne adolessente (die Y-generasie) grootword, besin word ten einde sekere eienskappe aan hulle toe te dig.

### 3.3. Ontwikkelingsteorieë

#### 3.3.1. Verklaring van enkele begrippe

"Ontwikkeling" kan omskryf word as 'n lewenslange proses van verandering in die strukture en die funksies van organismes (Gerdes 1988:10).
"Ryping" dui op veranderinge en toenames in die strukture of funksies van organismes as gevolg van die ontplooiing van genetiese potensiaal. Ryping verwys daarom na vooraf-geprogrammeerde veranderinge in organismes. Daardie punt in die rypingsproses waarby die mens of orgaan effektief kan

funksioneer word rypheid genoem. Individue sal op verskillende ouderdomme rypheid van verskillende fisiese en psigiese aspekte bereik. 'n Voorbeeld is dat seksuele rypheid eers op ongeveer 'n 14-jarige ouderdom kom (Gerdes 1988:10).

### 3.3.2. Oorsig oor die ontwikkelingsielkunde

#### 3.3.2.1. Oorsprong

Navorsing oor ontwikkelingsielkunde word gestimuleer deur sosiale druk ten einde die lewe van kinders en adolessente te verbeter. Byvoorbeeld, toe publieke onderrig in die vorige eeu begin is, was daar navrae na kennis oor wat en hoe om kinders en adolessente van verskillende ouderdomme te leer. Die voorneme van pediaters om kinders se gesondheid te verbeter, het gevra na 'n verstaan van die fisiese groei en voedingsleer van kinders. Ouers het aanhoudend gesoek na advies oor ouerskap (Berk 1997:4). Informasie oor kinderontwikkeling is interdissiplinêr. Om die lewe van kinders dus te verbeter, het die Sielkunde, die Sosiologie, die Antropologie en Biologie, die opvoeders, medici en maatskaplike werkers kinderontwikkeling begin bestudeer.

Havighurst (1965:44) is van mening dat die geskiedenis van die ontwikkelingsielkunde in twee tydperke ingedeel kan word, naamlik van 1850 – 1920 en die tydperk van 1920 en verder. Gedurende die eerste tydperk het empiriese navorsing oor die ontwikkeling van die kind toegeneem. In hierdie tydperk was die klem op oorerwingsfaktore (Gerdes 1988:5). Dit is eers na 1920 dat die belang van die sosiale omgewing vir ontwikkeling raakgesien is. Die lewensloop-psigologie het vanuit hierdie biologiese en sosiale gesigspunte gegroei (kyk Buhler 1962; Erikson 1968; Neugarten 1968). In 1850-1920 het die fokus van die ontwikkelingsielkunde op die kinderleeftyd geval en dit is na 1920 uitgebrei om adolessensie in te sluit. Met die aanvang van die tagtigerjare verkry 'n nuwe neiging momentum, naamlik die studie van volwasse-ontwikkeling (kyk Gould 1980; Levinson 1980; Sheely 1986). Omdat kinder- en adolessente

ontwikkeling voor 1980 veral aandag geniet het, word heelwat van die ouere boeke vir navorsing in hierdie hoofstuk geraadpleeg.

#### 3.3.2.3. Verskillende perspektiewe op die ontwikkeling van die kind

- **Die organismiese perspektief versus die meganistiese perspektief**

Die organismiese perspektief (kyk White 1976; Dixon & Lerner 1992) gaan van die veronderstelling uit dat verandering gestimuleer word van binne die organisme. Die psigologiese strukture bestaan binne die kind en dit beheer ontwikkeling. Kinders word gesien as aktiewe, doelgerigte en vasberade wesens wat van hulle wêreld sin maak en hulle eie leer bepaal (Dixon & Lerner 1992:3-58). Die omliggende omgewing ondersteun ontwikkeling, maar dit bring nie groei nie. Die "organism selects, modifies or rejects environmental influences pressing upon it" (White 1976:100).

Die meganistiese perspektief (kyk Miller 1993; Smith 1992) fokus op die verhouding tussen omgewing en die gedrag van mense. Verandering word gestimuleer deur die omgewing wat die gedrag van kinders verander. Kinders is passiewe reaktors (Smith 1992:216-223). Nuwe vermoëns kom van eksterne magte wat op hulle inwerk. Ontwikkeling word gesien as 'n eenvoudige, voorspelbare gevolg van gebeure in die omliggende omgewing.

Hierdie studie erken die meriete van die organismiese en die meganismiese perspektiewe. Die navorser sien die kind en die omliggende omgewing as aktief en dat albei saamwerk om ontwikkeling mee te bring.

- **Deurlopende versus onderbrekende ontwikkeling**

Ondersteuners van die deurlopende ontwikkeling sien ontwikkeling as 'n proses wat geleidelik meer van dieselfde tipe vermoëns, waarmee hulle begin het, toevoeg (Berk 1997:7). Byvoorbeeld, kinders se denke mag net so logies en goed georganiseerd as 'n volwassene s'n wees. Hulle kan objekte in eenvoudige kategorieë sorteer, herken watter soort het meer as 'n ander en onthou waar hulle hul teddiebeer gister gelos het. Hulle enigste beperking mag wees dat hulle

nie hierdie vaardighede kan uitvoer met soveel stukkies informasie as wat volwassenes het nie. Hierdie proses bestaan uit geleidelike toevoeging van meer van dieselfde tipe vaardighede as waarmee daar begin is. Die behavioristiese teorie en die sosiale leer teorie asook Vygotsky (1896-1934) se sosiokulturele teorie, wat later in die hoofstuk bespreek word, sorteer hieronder.

Onderbrekende ontwikkeling beteken dat kinders unieke maniere van dink, voel en optree het en dat dit in eie reg verstaan moet word (Berk 1997:7). Kinders is volgens hierdie perspektief nie in staat om objekte te organiseer of ervarings soos die volwassene te onthou nie. Kinders beweeg deur ontwikkelingsstappe, elk met sy eie unieke kenmerke totdat hulle tot die hoogste vlak van menslike funksionering ontwikkel het. Onderbrekende ontwikkeling is ’n perspektief waarin nuwe en verskillende maniere van interpretasie en reaksie op die omgewing in spesifieke tydperiodes ontstaan. Hierdie konsep veronderstel dat kinders periodes van skielike verandering ondergaan as hulle van een vlak na die volgende beweeg en dat dit gevolg word deur ’n plato waartydens hulle binne ’n fase stilstaan. Met ander woorde, verandering is skielik, eerder as geleidelik en aanhoudend. Voorstanders van hierdie perspektief is onder andere die Sweedse filosoof en ontwikkelingsielkundige, Piaget (1896–1980), die Joods-Duitse ontwikkelingssielkundige, Erikson (1902–1994) en die Oostenrykse neuroloog en psigiater wat die psigo-analitiese skool van Sielkunde gestig het, Freud (1856 -1939). Al drie sal in hierdie hoofstuk bespreek word.

Hierdie studie sal albei die genoemde perspektiewe ondersteun omdat beide waardevolle en bruikbare inligting ten opsigte van die verstaan van adolessente gee. Elke perspektief het sy eie winspunte. Geeneen van die twee gee ’n volledige verklaring van ontwikkeling nie. ’n Vermenging van die teorieë word gevolglik in hierdie navorsing gebruik omdat elke teorie ’n bydrae maak op ’n ander vlak.

- **Omgewing versus die gene**

Die organismiese teorie meen dat gene belangriker is as die omgewing. Die meganistiese teorie daarenteen meen dat omgewing belangriker is as gene. As ontwikkeling grootliks te danke is aan gene, sal ondervindings wat aan die kind gegee word ten einde verandering mee te bring, min waarde hê (Berk 1997:7).

Aan die ander kant, indien vroeë ervaring belangrik is, sal ‘n mens so gou moontlik ingryp en so vir ’n kind hoë kwaliteit stimulasie gee om te verseker dat hulle hulle potensiaal bereik. As ‘n mens dink dat omgewing dwarsdeur ontwikkeling ’n groot invloed uitoefen sal jy kwalitatiewe vroeë ervarings na die latere lewe toe verleng (Berk 1997:7).

Die behavioriste plaas klem op die omgewing. Leerbeginsels van kondisionering en modellering bepaal ontwikkeling. Vir hulle is vroeë en latere ervarings belangrik. Die Psigoanalitiese perspektief beklemtoon die gene en omgewing, so ook die kognitiewe ontwikkelingsteorie van Piaget.

In hierdie studie sal die een nie bo die ander gestel word nie. Gene en omgewing werk saam om die kind se eienskappe en vaardighede te beïnvloed. Dit is die rede waarom teorieë oor trauma ook uit albei perspektiewe geneem word. Die konstruktiewe selfontwikkelingsteorie fokus op die gene en die biopsigososiale-sisteem teorie fokus op die omgewing.

**3.3.2.4. Oorsig oor die geskiedenis van die ontwikkelingsielkunde**

- **6$^{de}$ tot 15$^{de}$ eeuse navorsing**

Van die sesde tot die vyftiende eeu is kinders gesien as miniatuur en onvolgroeide volwassenes (Ariés 1962:76). Voor die sestiende eeu is speelgoed en speletjies ontwerp om alle mense te vermaak en nie net kinders nie (Ariés 1962:76).

- **16$^{de}$ eeuse navorsing**

In die sestiende eeu was kinders volgens die Puriteinse leerstellings brose skeppings van God wat beskerm en verbeter moes word. Kinders is sleg en

koppig gebore en moes beskaafd gemaak word (Shahar 1990:87). Streng inperkende kinderopvoeding is aanbeveel as die mees effektiewe manier om 'n bedorwe kind te tem. Kinders is in ongemaklike klere van volwassenes aangetrek, net in kleiner groottes. In skole is ongehoorsame kinders met lyfstraf gestraf deur onderwysers (Stone 1977:145). Berk (1997:8) is van mening dat, alhoewel hierdie houding die heersende opvoedingsfilosofie van die tyd verteenwoordig het, was dit nie tipies van die alledaagse praktyk in Puriteinse gesinne nie. Onlangse historiese getuienis dui daarop dat baie Puriteinse ouers geweier het om die ekstreem onderdrukkende dissipline toe te pas (Moran & Vinovskis 1986:22-37). Toe die Puriteine van Engeland na die Verenigde State van Amerika geëmigreer het, het hulle die oortuiging saamgebring dat kinderopvoeding belangrik is. Pollock (1987:201) meen dat Puriteinse ouers geleidelik 'n gematigde balans tussen dissipline en toegeeflikheid, strengheid en permissiwiteit gehandhaaf het.

- **Die 17de eeuse navorsing**

Die sewentiende eeuse Verligting bring nuwe filosofieë oor kinderopvoeding mee. Vir die filosoof, John Locke (1632-1704) is kinders nie inherent sleg nie. Hulle word as niks gebore en hulle karakters kan gevorm word deur allerhande ervarings tydens hulle grootword-proses. Ouers is volgens hom rasionele leermeesters wat kinders op enige manier wat hulle verkies, kan vorm. Hy noem voorbeelde soos versigtige bevele, om 'n effektiewe voorbeeld te stel en belonings vir goeie gedrag te gee (Locke 1968:41). Kinders is in hierdie tyd gesien as passiewe meganistiese wesens. Hulle ontwikkeling word deur die omgewing bepaal. Locke het ook ontwikkeling gesien as 'n aanhoudende proses. Volwasse gedrag word geleidelik deur warm konsekwente ouers gebou. Die omgewing bepaal wat van kinders gaan word (Berk 1997:10). Jean-Jacques Rousseau (1712-1778) het gemeen dat kinders nie blanko bladsye en leë houers is wat met ouers se instruksies gevul moet word nie (Rousseau [1762]1955:55). Hy is van mening dat hulle "noble savages" is met 'n natuurlike gevoel van reg en verkeerd en 'n innerlike plan vir ordelike, gesonde groei

(Rousseau 1762:55/1955). Anders as Locke glo hy dat kinders se ingeboude morele gevoel en unieke manier van dink en voel net benadeel kan word deur volwasse afrigting (Berk 1997:10).

Rousseau se filosofie bevat twee belangrike konsepte wat verwys na ’n genetiese natuurlike ontvouing van groei, naamlik “stadium” en “rypwording”. Hy sien kinders as organismiese individue (aktiewe vormers van hulle eie lotsbestemming) en hulle ontwikkeling as onderbroke-fases-proses.

Tydens hierdie tydperk het navorsers een van hulle eie kinders of ’n familielid se kind geneem en dan vanaf die kind se babadae dag vir dag die kind se gedrag beskryf. Dosyne sulke baba-biografieë is in die vroeë twintigerjare gepubliseer (Berk 1997:12).

- **18de tot 19de eeuse navorsing**

Stanley Hall (1844-1924) word gesien as die stigter van die kinderstudiebeweging. Hall, bewus van die beperkings van baba-biografieë begin met ’n normatiewe houding ten opsigte van navorsing oor kinders. In ’n normatiewe ondersoek word die gedrag van ’n groot aantal kinders gemeet. Dan word ouderdom-verwante gemiddeldes bereken en dit is dan verteenwoordigend van die tipiese kind se ontwikkeling (Hall 1904: 1-5). Alhoewel Hall se werk baie beskrywende feite oor kinders van verskillende ouderdomme gee, gee dit min informasie oor prosesse (die hoe en hoekom van ontwikkeling) (White 1992:25-34).

James Mark Baldwin (1861-1934) glo dat kinders se begrip van hulle fisiese en sosiale wêreld ontwikkel deur ’n opeenvolging van fases wat begin met die eenvoudigste gedragspatrone van pasgebore babas en eindig met volwassenes se vermoëns om abstrak en wederkerend te dink (Baldwin 1897:54). Baldwin beskou nie die kind of die omgewing as in beheer van ontwikkeling nie. Gene en omgewing is vir hom ewe gelangrik. Kinders wysig aktief hulle maniere van dink oor die wêreld, maar hulle leer ook deur gewoonte of om ander se gedrag na te maak. Namate ontwikkeling plaasvind, beïnvloed

die kind en sy sosisale omgewing mekaar en vorm so 'n onskeibare ineen-verweefde netwerk.

- **20ste eeuse navorsing**

In hierdie tyd brei kinderontwikkeling uit tot 'n volwaardige dissipline. Ek bespreek vervolgens 'n paar perspektiewe van hierdie tydperk wat 'n rol in trauma speel:

**i. Psigoanalitiese perspektief**

Volgens die psigoanaliste beweeg kinders deur 'n reeks fases of stadiums waarin hulle konflikte met betrekking tot biologiese drange en sosiale verwagtings beleef. Die manier waarop hierdie konflikte opgelos word, bepaal mense se vermoëns om te leer, om met ander oor die weg te kom en om angstigheid te hanteer.

Alhoewel baie mense tot die psigoanalitiese perspektief bygedra het, het veral twee navorsers groot invloed uitgeoefen op die ontwikkelingsteorie: Freud en Erikson (Berk 1997:15). Erikson word later in hierdie hoofstuk bespreek. Freud glo dat deur die verloop van die kinderjare die fokus van seksuele impulse verskuif vanaf die orale na die anale en na die geslagsgebiede van die liggaam. Tydens elke fase moet ouers sensitief beweeg tussen die twee pole, naamlik om te veel toe te laat of om te min aan hulle kinders se behoeftes te voldoen. Enige ekstreme kant kan veroorsaak dat kinders se psigiese energie fikseer op 'n spesifieke fase (Freud 1974:77/1923). Om kinders te veel tevrede te stel en te beloon maak kinders onwillig om na 'n meer volwasse vlak van gedrag te beweeg. Te min aanmoediging veroorsaak weer dat kinders aanhoudende bevrediging van die gefrustreerde drang soek. As ouers 'n aanvaarbare balans vind, sal kinders opgroei as goed-aangepaste volwassenes met die vermoë om volwasse seksuele gedrag te hê en om in 'n gesinslewe te belê (Freud 1974:77/1923). Freud se werk het egter 'n groot impak op toegepaste werk met kinders gehad. Hy en ander psigoanaliste het die kliniese metode as die mees effektiewe manier beskou om inligting oor ontwikkeling te versamel. Met die

kliniese metode kombineer ‘n mens data van verskillende bronne, onderhoude en reaksies op psigologiese toetse en waarneming in die alledaagse omgewing.

**ii. Behaviorisme en die sosiale leer teorie**

Tradisionele behavioriste soos Watson is geïnspireer deur Pavlov se klassieke kondisionering. Hy wou uitvind hoe klassieke kondisionering op kinders se gedrag toegepas kan word. In ’n geskiedkundige eksperiment het hy vir Albert, ‘n 11 maande oue baba, geleer om ’n neutrale stimulus naamlik ’n sagte wit rot te vrees. Klein Albert wat aanvanklik uitgereik het om die rot aan te raak, huil later en draai sy kop weg wanneer hy dit sien (Watson 1920:67). Op die basis van hierdie bevinding kom Watson tot die gevolgtrekking dat die omgewing die grootste mag in kinderontwikkeling is. Volwassenes kan kinders se gedrag verander deur op enige manier waarop hulle wil, stimulus respons assosiasies te beheer (Watson 1920:67).

Skinner (1957:113) is van mening dat kinders se gedrag deur versterking verhoog kan word. Die versterking is meer as net kos maar ook aanmoediging, ’n vriendelike glimlag of nuwe speelgoed. Gedrag kan verlaag word deur straf, soos onttrekking van voorregte, ouerlike afkeuring en ander (Skinner 1957:113). Die behaviorisme en sosiale leerteorie het ’n groot impak op die werk met kinders gehad. Dit is ook effektief om met die meer moeilike dele van kinderjare te werk en is nuttig om baie probleme te hanteer. Dit bied egter nie ’n volledige verklaring van ontwikkeling nie (Horowitz 1992:360-367). Hulle bied ’n beperkte perspektief aan op van die belangrike omgewingsinvloede (Horowitz 1992:360-367).

**iii. Kognitiewe ontwikkelingsteorie**

Piaget se teorie word verder in die hoofstuk behandel wanneer ons die ontwikkeling van adolessente se verstandelike vermoëns bespreek, omdat hy wêreldwyd ’n groot impak gemaak het op hierdie gebied.

### 3.3.2.5. Resente navorsing

Nuwe teorieë oor kinderontwikkeling kom konstant te voorskyn. Hulle bevraagteken die vorige teorieë. Hulle bou op die vorige teorieë en ontdek nuwe toevoegings. Drie van die resente navorsings word vervolgens bespreek omdat dit bydra tot die verstaan van adolessente en trauma.

#### 3.3.2.5.1. Die informasie-verwerkingsteorie

Een van die leidende resente perspektiewe is die informasie verwerkingsteorie. Volgens hierdie teorie word die mens se brein gesien as 'n simboolbeherende sisteem waardeur informasie vloei (Klahr 1998:31). Informasie word ingeneem, aktief gekodeer, verander en georganiseer (vergelyk hoofstuk 2). Daar is 'n verskeidenheid van informasie verwerkingsmodelle (kyk Craik & Lockhart 1998; Atkinson & Shiffrin 1968). Hierdie algemene modelle word gebruik as wegwysers vir die vra van vrae oor wye ouderdomverwante veranderings in kinders se denke (Berk 1997:22).

Die informasie-verwerkings benadering beskou kinders as aktiewe wesens wat hulle eie denke verander in reaksie op die omgewing se vereistes (Klahr 1998:51). Piaget beskou ook kinders as aktiewe wesens wat hulle denke verander in reaksie op die omgewing, maar anders as in die geval van Piaget is daar by die navolgers van die informasie-verwerkings-benadering geen fases van ontwikkeling nie. Die denkprosesse is eerder dieselfde op alle ouderdomme, maar dit is net in 'n kleiner mate in kinders teenwoordig. Ontwikkeling is aanhoudend eerder as skielik (Berk 1997:23). 'n Sterk winspunt van die informasie-verwerkings-perspektief is dat die perspektief baie versigtig is om verklarings te gee oor hoe kinders van verskillende ouderdomme verskillende aspekte van die denkproses verwerk (Resnick 1989:43; Hall 1989:20). Die informasie-verwerkings-perspektief het ook sy tekorte. Aspekte van kognisie wat nie liniêr en logies is nie, soos byvoorbeeld verbeelding en kreatiwiteit word deur hierdie perspektief geïgnoreer (Greeno 1999:111). Miller (1998:76) lewer kritiek op die informasie-verwerkings-perspektief omdat dit kinders se denke isoleer van belangrike verskynsels in die regte-lewe leersituasies.

### 3.3.2.5.2. Etnologie

Die oorsprong van die etnologiese perspektief kan teruggevoer word na die werk van Darwin. Etnologie se moderne fondasies is gelê deur Lorenz en Tinbergen (Dewsbury 1992). Hulle het na die gedrag van diere in hulle natuurlike omgewing gekyk en waargeneem dat daar gedragspatrone is wat gunstig is vir oorlewing. Hulle bevind dat as die moederdier nie teenwoordig is in die tydperk wanneer die kleintjie klein is nie, hulle ’n objek sal soek wat ’n plaasvervanger kan word (Lorenz 1952:221). Sielkundiges het hierdie “imprinting” verder bestudeer en dit is wyd aangepas in die navorsing oor kinderontwikkeling (Berk 1997:23). Dit verwys na ’n beperkte lewensduur waartydens kinders biologies voorberei word om sekere gedragsaanpassings te maak, maar dit het die ondersteuning van ’n geskikte stimulerende omgewing nodig (Berk 1997:23). Dit is bekend as die kritieke periode.

Bornstein (1989:55) meen dat ’n beter term vir kritieke periode eerder ’n sensitiewe periode is. ’n Sensitiewe periode is die tyd van optimale ontwikkeling van sekere vermoëns waarbinne die individu veral ontvanklik is vir omgewingsinvloede. Dit is moontlik dat ontwikkeling ook later kan plaasvind, maar dan is dit moeiliker om dit te verkry. Hierdie teorie word in dié studie ondersteun. ’n Kritieke periode vir identiteitsvorming is gedurende adolessensie. Sou adolessente ’n ernstige trauma in hierdie tyd beleef, is al hulle energie gefokus op die verwerking van die trauma en kry identiteitsvorming minder aandag. Trauma verwar die chemiese stowwe en die vorming van die kind se brein en dit veroorsaak dat hierdie lewensfase van rol-identiteit nie deurgewerk word nie. Die gevolg is dat hulle in ’n latere stadium van hulle lewe moet probeer uitvind wie hulle is en waarheen hulle oppad is. Dit is wel moontlik, maar baie moeiliker. Alhoewel etnologie die genetiese en die biologiese wortels van ontwikkeling beklemtoon, word leer ook as belangrik gesien omdat dit lei tot buigsaamheid en groter aanpassingsvermoë van gedrag (Berk 1997:27).

### 3.3.2.5.3. Die ekologiese sisteem teorie

Hierdie perspektief sien ontwikkeling binne die komplekse sisteem van verhoudings wat beïnvloed word deur veelvuldige vlakke van die omliggende omgewing. Die leier in hierdie veld is Bronfenbrenner (1917-2005), 'n sielkundige, bekend vir sy ontwikkeling van die ekologiese sisteem teorie (Berk 1997:23). Voor Bronfenbrenner het navorsers die omgewing baie eng bekyk en beperk tot gebeure en toestande wat direk rondom die kind was. Bronfenbrenner (1993:78-222) brei hierdie perspektief uit buite die huis, skool en woonbuurt. Elke laag van die omgewing word gesien as 'n deel wat 'n kragtige impak op die kind se ontwikkeling het:

- **Mikrosisteem**

Die binneste vlak van die omgewing is die mikrosisteem en dit verwys na aktiwiteite en interaksiepatrone in kinders se onmiddellike omgewing. Alle verhoudings is tweerigting wederkerig (Bronfenbrenner 1993:98). Met ander woorde, volwassenes het 'n uitwerking op kinders se reaksies, maar kinders se biologiese en sosiale kenmerke beïnvloed ook die gedrag van volwassenes. In die mikrosisteem word die interaksie tussen twee individue beïnvloed deur die teenwoordigheid van 'n derde party. Indien ander mense in die groep ondersteunend is, word die kwaliteit van die verhouding versterk. 'n Voorbeeld hiervan is dat wanneer ouers mekaar ondersteun in hul onderskeie kindergrootmaak-rolle, hulle meer effektiewe ouers is (kyk Gottfried 1988; Simons 1992).

- **Mesosisteem**

Die tweede vlak van Bronfenbrenner se model is die mesosisteem. Dit verbind die mikrosisteme met mekaar (Bronfenbrenner 1993:88). 'n Voorbeeld hiervan is dat kinders se akademiese vooruitgang nie net afhanklik is van dit wat in die klas plaasvind nie, maar ook bevorder word deur ouer-betrokkenheid.

- **Ekosisteem**

Die ekosisteem verwys na die sosiale groepe wat nie die kinders insluit nie, maar wat in die onmiddellike groep ’n uitwerking het op hulle ervaring (Bronfenbrenner 1993:191). Dit kan plekke soos die ouers se werkplek wees wat buigsame skedules het en siekeverlof toestaan vir ouers wie se kinders siek is. Gesinne wat sosiaal geïsoleerd is as gevolg van werkloosheid wys verhoogde skale van kindermishandeling (Berk 1997:26).

- **Makrosisteem**

Die buitenste vlak van Bronfenbrenner se model is die makrosisteem. Dit is nie ’n spesifieke konteks nie, maar bestaan uit waardes, wette en gewoontes. Die prioriteit wat die makrosisteem aan kinders se behoeftes gee, het ’n effek op die ondersteuning wat kinders kry. Byvoorbeeld, in lande wat ’n hoë standaard vir kindersorgplekke vir werkende ouers bied, het kinders meer gunstige ervaring in hulle onmiddellike groepe. Die ekologiese sisteem benadering speel ’n groot rol in hierdie navorsing.

Trauma word gesien as ’n gebeure wat ’n kragtige impak het op adolessente se ontwikkeling. Gesinslede in die mikrosisteem speel ’n sterk ondersteunende rol wanneer trauma belewe word. Ekosisteme soos die kerk kan van groot hulp wees wanneer adolessente trauma beleef (Bronfenbrenner 1993:200). Volgens Bronfenbrenner is die omgewing nie ’n statiese mag wat die kind in ’n rigting forseer nie. Dit is dinamies en verander deurlopend. Belangrike gebeurtenisse soos trauma, om ’n skoolloopbaan te begin, ouers se egskeiding, ensovoorts het ’n uitwerking op ontwikkeling. Die tyd waarbinne omgewingsverandering plaasvind, het ’n effek op die impak. Die koms van ’n nuwe baba hou konsekwensies in vir ’n kleuter wat verskil van dié vir ’n skoolkind wat verhouding buite die gesin het. Bronfenbrenner (1993:210) meen ook dat die verandering in die lewe ook van binne die kinders kan kom, omdat kinders die skeppers van hulle eie ervarings en groepe is. Volgens die ekologiese sisteem word ontwikkeling nie beheer deur die omgewing of innerlike gesindhede nie. Albei vorm ’n netwerk van interafhanklike effekte.

### 3.4. Omskrywings van adolessensie

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1983:18) omskryf die begrip adolessent as volg: "Jeugdige, opgroeiende persoon; jongmens in die adolessensie periode". "Adolessente is individue in die lewensperiode tussen kind- en volwassene wees. Hierdie tydperk is die periode wanneer hulle hulself herdefinieer, nuwe dimensies ontdek, hulle selfbeeld wysig en met 'n nuwe selfkonsep vorendag kom (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:11).

In 'n poging om adolessensie as kernbegrip in die onderhawige navorsingstudie toe te lig, blyk die volgende uitsprake en menings van verskeie navorsers rigtinggewend te wees:

Lidz (1968:299) omskryf adolessensie as:

> the period between puberscence and physical maturity ... the transition from childhood, initiated by prepubertal spurt of growth and impelled by the hormonal changes of puberty, to the attainment of adult prerogatives, responsibilities and self-sufficiency.

Die jare 12-16 is volgens Lidz (1968:201) die moeilikste jare van 'n persoon se lewe. Lloyd (1985:3) meen:

> adolescense is a transitional stage between childhood and adulthood. In some ways adolescents resemble the children they were, yet the many changes they undergo during this stage ensure that they will be different from children in many respects. Similarly, we see glimpses of the adults the adolescents will become, but more often we observe that they don't behave like adults.

Blos (1962:43) beskryf adolessensie as 'n psigologiese aanpassing op biologiese rypheid. Adolessente moet psigologies aanpas by fisiese volwassenheid of wag vir biologiese rypwording om by die psigologiese rypheid te kom. Die graad van aanpassing wissel van persoon tot persoon omdat elke individu 'n biologiese klok

het wat voor of na die vlak van psigologiese rypheid mag wees. Verskeie navorsers soos Blos (1962:46), Berzonsky (1981:8) en Richards (1985:17) meen dat hierdie aanpassing in drie fases geskied: die vroeë fase, die middel en die laat adolessensie. Richards (1985:17) beskryf adolessensie as ’n oorgangstydperk wat strek van 12 - 25 jaar in die geval ’n man en 12 – 21 jaar by ’n meisie. Hy meen dat volwassenheid beïnvloed word deur die suksesvolle bemeestering van dit wat die individu geleer het tydens die adolessentejare (Richards 1985:23).

**3.4.1. Vroeë adolessensie (12-14 jaar)**

Gedurende vroeë adolessensie raak adolessente betrokke by die teenoorgestelde geslag. As gevolg van die gaping tussen die biologiese en psigologiese rypheid kan adolessente wispelturig optree en verwarrende optredes kan kenmerkend van hulle wees in hierdie tyd (Blos 1962:46). Gedurende hierdie tyd is adolessente ook baie bewus van hulle fisiese voorkoms. Hulle begin die vermoë ontwikkel om abstrak te dink en hulle ervaar dikwels emosionele skommelinge (Richards 1985:17).

**3.4.2. Middel-adolessensie (15-18 jaar)**

Dit word gewoonlik geassosieer met die ontwikkeling van identiteit en ’n groeiende worsteling met seksualiteit. Vriendskappe verander en verdiep en verhoudings begin belangriker word (Richards 1985:27). Gedurende hierdie tyd begin adolessente onttrek van mense wat betekenisvol was gedurende hulle kinderjare. Adolessente herevalueer doelwitte, vrese en konflikte van vroeë verhoudings sodat die energie van daardie vroeë bande in nuwe verhoudings belê kan word (Blos 1962:56). Blos (1962:56) beskryf hierdie proses as ’n manier om totsiens te sê aan die mense wat belangrik was tydens die kinderjare en dit maak dit moontlik om nuwe en dieper vriendskappe en romantiese verbintenisse te sluit.

### 3.4.3. Laat-adolessensie

Dit sluit die periode in waar ’n persoon in die huwelik tree en begin werk of sy of haar opvoeding voortsit. Gedurende hierdie jare maak hulle keuses wat hulle toekoms beïnvloed. Dit is die tydperk waarbinne hulle begin voel dat hulle in staat is om diep verhoudings aan te knoop (Berzonsky 1981:8). Tydens laat adolessensie konsolideer adolessente. Hierdie konsolidasie behels die ontwikkeling van ’n seksuele identiteit wat te voorskyn kom en ’n stabiele en onderskeidende self, asook ’n afname in verstrooidheid en die ontwikkeling van ’n publieke self wat te onderskei is van die private self. Die basiese identiteit van die persoon word gevorm alhoewel ’n geïntegreerde self moet wag tot volwassenheid (Elium & Elium 1996:201).

Nog ’n definisie van adolessensie is dat dit die periode is wat strek vanaf die begin van puberteit dwarsdeur ’n lang proses van opvoeding of tot adolessente in staat is om hulle plek as verantwoordelike volwassenes in die wêreld in te neem (Brownlee 1999:3). Volgens Berzonsky (1981:8) is die doel van die adolessentejare om in ’n bekwame persoon te ontwikkel met ’n sterk grondslag van vaardighede wat nodig is om ’n bekwame mens in die wêreld te wees.

Friedenberg (1964:97) beskryf adolessensie as die periode waartydens ’n individu leer wie hy of sy is en wat hy of sy werklik voel. Dit is die tyd wanneer hy of sy hom- of haarself begin onderskei van sy of haar kultuur. Douvan (1966:14) meen dat identiteit nie in die adolessensie jare begin nie: “The child has been formulating and reformulating identities throughout his life ... At adolescence, however the commitment to an identity become critical.“

### 3.5. Die ontwikkeling van adolessente

Ek gaan vervolgens die verskillende ontwikkelingselemente van adolessente bespreek omdat die ouderdomsvlak ’n invloed het op die manier waarop trauma verwerk en gestoor word.

### 3.5.1. Die fisiese ontwikkeling van adolessente

Tydens hierdie periode en veral in die vroeë – en middel-adolessensie vind daar ’n vinnige toename in gewig en lengte plaas (Richards 1985:19). Hierdie groeiversnelling kom by dogters voor twee jaar vroeër as in die geval van seuns. Die gewigstoename kom van verhoogde spierontwikkeling by seuns en liggaamsvet by dogters. Hulle liggame is vir hulle vreemd en dit voel asof alles net arms en bene is ( Elium & Elium 1996:249). Gedurende puberteit verander die hormonale vlak en dit speel ’n rol in die aktivering van die ontwikkeling van sekondêre geslagskenmerke. Hierdie fisiese ontwikkeling maak by adolessente sekere seksuele gevoelens wakker en stimuleer die drang na geslagsaktiwiteite. Hulle belangstellings begin geleidelik verander. Dit verskuif hoofsaaklik na die seksuele en hulle ondersoek nie net hulle eie liggame nie, maar vergelyk ook hulle s’n met dié van hulle maats.

Volgens Richards (1985:19-22) sluit die fisiese groei van adolessente die volgende in:

- Die groei van skaamhare
- Die eerste maandstonde
- Penisgroei
- Stemveranderings vir seuns
- Die groei van onderarm hare
- Verhoogde produksie van olie en die begin van aknee

Teen laat hoërskool en in die jare direk ná skooljare is daar geen teken van vorige skeefgetrekte groei nie. Hulle is gesond en aantreklik. Daar is voortdurende breinontwikkeling by adolessente. Onlangse navorsing bevind dat tieners se brein nie ten volle ontwikkel is voor laat adolessensie nie (Smith, Cowie & Blades 2003: 289).

Adolessente begin langer slaap. Hulle het meer slaap nodig (10 ure per nag) om hulle liggame te help om die interne veranderings te akkommodeer wat nodig is vir vinnige groei (Richards 1985:19). Daar is bevind dat mense wat aan

trauma blootgestel was aan kroniese slaapversteurings ly. Ná ’n trauma ondergaan adolessente se liggame ’n verandering deur hiperwaaksaam te word. Dit is vir hulle asof gevaar enige oomblik kan opduik (Herman 1992:35). Tydens die hiperwaaksaamheid word die getraumatiseerde adolessent gouer geïrriteerd en slaap slegter as gewoonlik. Die normale regulasie van die liggaamstoestand is as gevolg van die trauma ontwrig deur kroniese hiperopwekking. Normale biologiese sirkels soos honger mag chaoties ontwrig wees. Die gebrek aan slaap en kos maak hulle meer moeg as normaalweg en swakker prestasies by die skool kan intree. Hulle kan lomp wees as gevolg van die groeiversnelling. Gedurende hierdie jare ontwikkel die liggaamsdele nie teen dieselfde tempo nie. Adolessente kan oorsensitief oor hulle gewig word. Die kommer oor hulle vinnige gewigstoename maak dat sommige meisies obsessief oor hulle gewig raak en dat van hulle eetversteurings soos bulimia of anorexia nervosa ontwikkel.

Fisiese verandering het ook ‘n sielkundige uitwerking op adolessente. Hulle word bewus van hulle seksuele ontwikkeling en van geassosieerde veranderings in liggaam, stemtoon, veltekstuur, gesigs- en liggaamshare. Selfbewustheid word ’n kenmerk van adolessensie (Smith, Cowie & Blades 2003: 289). Al hierdie veranderinge laat hulle wonder oor wie hulle is en of hulle nog dieselfde persone is as voorheen. Hulle het nou ’n behoefte aan ’n gevoel van kontinuïteit en sal die veranderinge moet verwerk ten einde te verhoed dat hulle gevoel van kontinuïteit daardeur versteur raak. Hulle moet leer om al die veranderinge te verstaan en te aanvaar dat dit met hulle gebeur. Sodanige begrip en aanvaarding sal hulle help om die fisiese veranderinge as deel van hulle ontwikkeling te sien. Dit is belangrik dat hulle hierdie veranderinge en hulle ontwakende bewustheid van ’n eie identiteit tot ’n eenheid sal integreer.

Seksuele rypheid word bereik en dit gaan gepaard met ’n sterk belangstelling in die teenoorgestelde geslag. Dit kan wissel van ’n romantiese tot ’n seksuele belangstelling en die reaksies op seksuele ontwikkeling kan wissel tussen verbouereerdheid en trots (Gerdes 1988:301).

Met soveel verandering in die liggaam is die veranderings wat trauma op die liggaam het oorweldigend. Dit voel asof hulle oorweldig word deur die veranderings en dit bring onsekerheid.

**3.5.2. Kognitiewe ontwikkeling van adolessente**

Volgens Elium & Elium (1996:247) is die sentrum van ontwikkeling gedurende die adolessentejare die kop. Leer vind plaas deur die intellek. Dit is die denkende jare. Hulle dink nie meer in prentjies nie, maar begin abstrak dink (Elium & Elium 1996:247).

Jean Piaget wat ongetwyfeld die belangrikste bydrae tot die studie van intellektuele ontwikkeling gemaak het, het geglo dat die hoogste vlak van intellektuele ontwikkeling gedurende adolessensie met die formeel-operasionele denke bereik word (Piaget 1972:10). Volgens hom bestaan die kognitiewe struktuur uit skemas. ’n Skema is ’n reeks kognitiewe inhoude wat met mekaar in verband staan en wat as gevolg van die interaksie tussen die individu en sy omgewing ontwikkel. Volgens Piaget word die baba met spesifieke outomatiese reflekse soos die suig en gryp gebore. Namate die baba toenemend in interaksie met sy omgewing tree, verander die skemas. Hulle word meer kompleks en uitgebreid sodat hulle op verskillende situasies toegepas kan word. Ook word hulle al hoe meer interafhanklik van mekaar sodat die kognitiewe struktuur van ’n individu ’n al hoe beter georganiseerde geheel vorm. Met toenemende ouderdom word die skemas al hoe verder geïnternaliseer (Gerdes 1988:170).

Piaget het geglo dat die hoogste vlak van intellektuele ontwikkeling gedurende adolessensie en dus met die stadium van formeel-operasionele denke bereik word (Piaget 1972:22). Volgens hom is die individu se kognitiewe struktuur teen die einde van adolessensie feitlik ten volle ontwikkel, alhoewel verdere kennis nog voortdurend verwerf word. Ek noem net die fases met ’n meegaande sin en bespreek dan slegs die fase wat betrekking het op hierdie navorsing:

**3.5.2.1. Sensorimotoriese fase (geboorte tot twee jaar)**

Babas dink deur te handel in die wêreld met hulle oë, ore en hande. Die resultaat is dat hulle maniere uitvind hoe om sensorimotoriese probleme op te los soos om 'n knoppie te druk om musiek te hoor ensovoorts (Piaget 1972:20).

**3.5.2.2. Pre-operasionele fase (2-7 jaar)**

Voorskoolse kinders gebruik simbole om hulle vroeëre sensorimotoriese ontdekkings te verteenwoordig. Taak en speletjies ontwikkel so (Piaget 1972:42).

**3.5.2.3. Konkreet-operasionele fase (7-11 jaar)**

Kinders begin logies redeneer. Skoolgaande kinders kan verstaan dat 'n sekere hoeveelheid koeldrank dieselfde bly al verskil die tipe houers waarin dit gegooi word. Hulle denke is egter nog nie abstrak nie (Piaget 1972:63).

**3.5.2.4. Formeel-operasionele fase (12 jaar en ouer)**

Piaget (1972:10) meen dat daar verskeie belangrike eienskappe is wat die formeel-operasionele denke kenmerk soos:

- **Hipoteties-deduktiewe denke**

Dit verwys na adolessente se vermoëns om hipoteses te stel en probleme aangaande bepaalde verbande op te los (Gerdes 1988:311). Redenering geskied deduktief (vanaf die algemene na die spesifieke) en definitiewe gevolgtrekkings kan sodoende gemaak word. Redenering kan ook induktief wees en vanaf die spesifieke na die algemene vorder. Dit is hierdie soort redenering wat onderliggend is aan die filosofie, wiskunde en wetenskaplike navorsing (Gerdes 1988:311).

- **Inter-proposisionele logika**

Dit is nog ’n eienskap van formeel-operasionele denke en verwys na die vermoë om vir logiese konsekwenthede te toets en inkonsekwenthede tussen verskillende stellings raak te sien (Gerdes 1988:311).

- **Antisipering van moontlike gevolge**

Formeel-operasionele denke sluit ook die vermoë in om oor die gevolge van bepaalde handelinge te besin en te antisipeer wat die gevolge kan wees. Daar word dus oorweging geskenk aan wat kan of mag gebeur (Gerdes 1988:311). Dit sluit die vermoë in om oor die gevolge van bepaalde handelinge te besin en te antisipeer wat die gevolge kan wees. Daar word dus oorweging geskenk aan wat kan of mag gebeur. Dit is hierdie soort opweeg van alternatiewe wat die basis vorm van adolessente se bevraagtekening van die sisteem en die voorskrifte van hulle ouers en ander volwassenes (Gerdes 1988:311).

- **Introspeksie**

Dit is die vermoë om oor jou eie gedagtes te dink en is kenmerkend van formeel-operasionele denke. Dit word in kritiese self-evaluering geopenbaar en hou verband met bewuste pogings om die self te verbeter (Gerdes 1988:311).

- **Formele operasionele egosentrisme**

Adolessente se vermoë om abstrak te dink, gekombineer met die fisiese veranderinge wat hulle ondergaan, beteken dat hulle begin dink oor hulself. Jong tieners sien hulself as voltyds op die verhoog. Hulle is oortuig dat hulle die fokus van almal se aandag is. Die resultaat is dat hulle ekstreem selfbewus word en baie moeite doen om verleentheid te vermy. Die verbeeldingsgehoor help ons om te verstaan waarom adolessente soveel tyd spandeer in die badkamer om elke detail van hulle voorkoms te bestudeer. Dit verklaar ook hulle sensitiwiteit vir publieke kritiek. Vir adolessente wat glo dat almal rondom hulle hulle monitor, is ’n kritiese opmerking van ouers of onderwysers soms traumaties.

Adolessente wat trauma oorleef het en nog in die egogesentreerde fase is, is meer bewus van die weerloosheid van hulle liggame en besorg oor hulle fisiese en emosionele welstand as wat volwassenes is. ’n Goed ontwikkelde ego-identiteit word gekenmerk deur ’n innerlike gevoel van uniekheid en die moontlikheid om doelwitte te bepaal. Sonder ’n geïntegreerde identiteit bring trauma meer deurmekaar denke, onsekerheid en ongelukkigheid as wat dit vir volwassenes sou bring (Roos, Du Toit & Du Toit 2002:5).

Piaget se bydrae tot kinderontwikkeling is groot. Hy stimuleer meer navorsing op kinders as enige ander enkele teorie. Sy teorie oortuig kinderontwikkelingspesialiste dat kinders aktiewe leerders is in wie se breine daar ryke strukture van kennis is (Case 1992:33). Onlangse navorsing bevind dat Piaget die vaardighede van die baba en voorskoolse kinders onderskat het (kyk Fischer & Pipp 1984; Case 1992).

**3.5.2.5. Onlangse navorsing oor die formeel operasionele denke**

Baie navorsers het opvolg-studies van Piaget se navorsing gedoen en bevind dat adolessente meer effektief as jonger kinders redeneer. Daar is ook gevind dat selfs goed-opgeleide volwassenes probleme het met abstrakte redenering. Daar is ook gevind dat baie van die veranderings stadig en meer geleidelik plaasvind as wat Piaget gemeen het (Smith, Cowie & Blades 2003:410). Hulle het Piaget se sterk gedefinieerde fases verander na ’n minder streng konsep. Vaardighede word oor ’n tydperk ontwikkel en is afhanklik van biologiese rypheid en ervaring met verskillende tipes kennis en take (vergelyk McArnarey & Hendee 1989; Crow 1965; Brownlee 1999:43). Met middel-adolessensie is daar steeds konkrete denke en hulle sukkel met abstrakte idees. Soos hulle ouer word, is daar verhoogde afhanklikheid van hulle vriende vir ondersteuning en identiteitsvorming. Met laat adolessensie begin formele denke ontwikkel gepaard met die vermoë om abstrak te begin dink en insig in toekomstige konsekwensies van gedrag te kry (Mulcahey 1990:1-6).

Die pastor wat die getraumatiseerde adolessent begelei, moet nie net inligting gee nie, want volgens Piaget is kennis nie iets wat oorgedra word van ’n

kundige na ’n onkundige nie. Die adolessent moet die pas waarteen hy wil beweeg aanwys. Die pastor moet die adolessent lei om nuwe konsepte rakende die trauma te ontdek en te verwerk. Omdat adolessente ’n meer logiese denkpatroon en ook die vermoë om dinge in verband met mekaar te bring, ontwikkel het, kan die pastor hulle begelei om vergifnis en trauma, lyding en trauma ensovoorts bymekaar uit te bring en daaroor te besin.

Onlangse navorsing het bevind dat die volgende kenmerke belangrik is ten opsigte van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling:

- **Ontwikkel abstrakte denkvermoëns**

Dit beteken om oor dinge te dink wat nie gesien, gehoor of aangeraak kan word nie. Voorbeelde sluit in dinge soos geloof, vertroue, oortuigings en geestelike onderwerpe (Brownlee 1999:67). Smith, Cowie & Blades (2003: 408) bevind dat adolessente nie meer afhanklik is van die konkrete bestaan van dinge in die regte lewe nie. Hulle kan nou redeneer in terme van verbale hipoteses en logiese verhoudings oorweeg tussen verskeie moontlikhede. Die ontwikkeling van abstrakte denke beteken dat denke van konkrete objekte losgemaak is en dus vanaf voorwerpe na idees verskuif (Brainerd 1978:206). Die meerderheid van jong adolessente dink konkreet en het geen insig in langtermyn konsekwensies van hulle dade nie. Sodra hulle in die middel-adolessensie inbeweeg, begin hulle nie meer in prentjies dink nie, maar begin hulle abstrak dink (Elium & Elium 1996:247). Die meeste van hulle aandag sal gefokus wees op hulle nuutgevonde vermoëns om hulself, ander en die wêreld te kritiseer en te analiseer.

- **Meta-kognisie**

Hulle ontwikkel die vermoë om te dink oor denke in ’n proses wat genoem word meta-kognisie. Meta-kognisie stel adolessente in staat om te dink oor hoe hulle voel en wat hulle dink. Dit behels om te dink oor hoe mens deur ’n ander waargeneem word. Dit kan ook gebruik word om strategieë te ontwikkel (Crow 1965:144).

- **Absolute idealisme**

Hierdie aspek word deur adolessente se abstrakte en absolute waardes weerspieël. Weens beperkte ervaring met die realiteite en kompleksiteite van die volwasse lewe, is adolessente geneig om sake te oorvereenvoudig en subtiele, maar belangrike verskille te ignoreer (Bocknek 1980:73). Hulle oordele is dikwels op sterk gepolariseerde uiterstes gegrond: iemand is òf mooi of lelik; òf onbetroubaar òf 'n leuenaar; òf totaal onaanvaarbaar òf geheel en al onaanvaarbaar (Gerdes 1988:301).

**3.5.2.4.1. Die effek van die gevorderde denke op adolessente**

Adolessensie het 'n verhoogde vlak van selfbewustheid. Hulle is geneig om te glo dat almal gemoeid en begaan is oor hulle denke en gedrag. Dit lei daartoe dat hulle glo hulle het 'n denkbeeldige gehoor van mense wat hulle heeltyd dophou (Steinberg 1999:9). Hulle glo ook dat niemand anders ooit dieselfde emosies gehad het as wat hulle nou het nie. Hulle mag melodramaties word oor dinge wat hulle ontstel. Hulle mag dinge sê soos: "Jy sal nooit verstaan nie. My lewe is geruïneer" (Steinberg 1999:11). Dit is die rede waarom hulle voel dat hulle die enigste een is wat swaarkry wanneer hulle 'n trauma beleef. Hulle voel dat niemand kan weet hoe hulle voel nie. Adolessente is geneig om baie taakgeoriënteerd te word. Hulle aktivistiese denke is gekoppel aan die vermoë om oor abstrakte dinge te dink (Brownlee 1999:54). Hulle het ook 'n neiging om regverdige oriëntasie te openbaar. Hulle is vinnig om teenstrydighede tussen volwassenes en hulle dade uit te wys (Steinberg 1999:31). Soos die groeiende ontwikkelende adolessente hulle kennis verhoog en beter begin dink, begin hulle die dinge bevraagteken wat hulle vroeër sonder voorbehoud aanvaar het. Hulle kom in kontak met meer van die lewe se realiteite en dit vereis meer verstandelike en morele onafhanklikheid. Hulle kom agter dat die dinge wat hulle vroeër geleer het nie in harmonie is met die feite soos dit in die skool of tuis geleer is nie. Daarom kom twyfel makliker (Brownlee 1999:170).

Newman & Newman (1999:187) identifiseer verskillende vaardighede om trauma te hanteer. Dit word in die adolessentejare verwerf. Een hiervan is die vaardigheid is om nuwe inligting te verwerf en te verwerk.

### 3.5.3. Emosionele ontwikkeling

Kenmerkend van adolessente se emosionele lewe is die komplekse en intense aard daarvan. Verhoogde emosionaliteit in die vorm van byvoorbeeld buierigheid, bakleierigheid en emosionele uitbarstings kom dikwels voor (Smith 1981:32).

Die jare van liggaamsverandering gaan gepaard met skommelende gevoelens wat die jeug skaars kan verstaan. Die meeste van die adolessente word gekenmerk deur innerlike verwarring met gemoedskommelinge (Richards 1985:56). Trauma bring ook veranderde emosies en adolessente kry nou van twee kante emosies wat hulle nie verstaan nie. Hulle emosies word deur verskeie faktore beïnvloed. Sulke faktore is hoofsaaklik in mense en situasies geleë. Die nuwe aanpassings wat hulle nou as adolessent in die volwasse wêreld moet maak, is ’n belangrike oorsaak van verhoogde emosionaliteit. Die volwassene verwag van hulle selfstandige optrede waartoe hulle dikwels nie in staat is nie, byvoorbeeld selfdissipline ten opsigte van hulle emosies. Om met die teenoorgestelde geslag verhoudinge aan te knoop, bring dikwels spanning en ’n algemene opgewondenheid mee (Smith 1981:35). Ander faktore wat hulle emosies intensiveer, is hulle beroepskeuse, te streng optrede van hulle ouers en seksuele ryping. Hulle beleef allerhande nuwe gevoelens wat hulle nie altyd kan begryp en hanteer nie. Hiervan is veral gevoelens oor die seksuele vir hulle moeilik hanteerbaar.

Adolessente mag begin om ’n dagboek te hou om deur al hulle gevoelens te werk (Irving & Zuck 1977:115). Dit is ook ‘n goeie manier vir hulle om trauma te verwerk. Hulle trek gereeld terug sodat hulle kan dink en uitreken hoe hulle voel en kan toets wat lewensgebeure vir hulle beteken (Elium & Elium 1996:247). Die toestroming van hormone gedurende adolessensie veroorsaak rusteloosheid in die tieners (Elium & Elium 1996:247). Hierdie gulsige energie

kan hulle lusteloos en depressief maak en aan onttrekking laat ly. Daarom moet hulle aan fisiese aktiwiteite deelneem. Die vinnige veranderings in die liggaam en die ontplooiing van die intellek veroorsaak verwarring in die sin van isolasie. Adolessente probeer om elke oomblik van die dag vol te pak met aktiwiteite, beweging en klank om die pynlike alleenheid te vermy. Hulle moet egter tyd neem om alleen te wees en stil te raak. Die gewone roetine van stilword sal kans gee vir kreatiwiteit en innerlike wysheid, terwyl kritiese denke ook vrede sal gedy. "It is in stillness that an adolescent learns to listen to his own soul, and to appreciate the company of his own self. These two abilities are among the greatest gifts that any adolescent can inherit" (Elium & Elium 1996:250).

Gedurende vroeë adolessensie (12-14 jaar) wil adolessente die wêreld rooskleurig sien. Hulle verwag om skoonheid en volmaaktheid te sien maar in plaas daarvan vind hulle onaansienlikheid, onregverdigheid en menslike tekortkomings. Hierdie realiteite maak hulle gefrustreerd, onseker, ontnugterd en selfs sinies (Elium & Elium 1996:257). Daarom belewe hulle trauma baie ontwrigtend wanneer daar mense by betrokke is wat die trauma oor ander bring.

Alhoewel tye verander, is daar steeds ouers wat hulle seuns grootmaak om hulle diepste gevoelens te ontken. Hulle mag kwaad, aggressief en seksueel voel, maar word nie toegelaat om hulle hartseer, teleurstelling, vrese, verlies en omgee te wys nie. Dit is belangrik dat seuns toegelaat word om hulle gevoelens uit te spreek. Gevoelens van woede en die behoefte om te verower moet gebalanseer word deur uitdrukking van ander emosies. Dogters weer is bekend vir hulle gemoedsveranderinge omdat hulle diep verbind is aan hulle gevoelens. Die vloei van estrogeen en progesteroon in adolessente dogters is verantwoordelik vir hulle onvoorspelbare emosionele omwentelings (Elium & Elium 1996:316).

Adolessente is meestal nog nie emosioneel ryp nie en het oor die algemeen nie emosionele beheer nie. Hulle word maklik deur hulle emosies meegesleur en het nog nie balans gevind tussen rasionele denke en emosies nie (Smith 1981:35). Hulle is dikwels nog nie in staat om hulle emosies op aanvaarbare wyses deur ontlading te verlig nie. Ook is hulle geneig om hulle

emosies op te krop. Angs word dikwels by wyse van verdedigingsmeganismes bekamp. Veral twee sodanige meganismes kom gereeld voor naamlik asketisme en intellektualisasie. Asketisme is 'n poging om hulle natuurlike drange byvoorbeeld hulle seksuele behoeftes te ontken. Intellektualisasie stel hulle in staat om hoogs intellektuele besprekings byvoorbeeld oor vrye liefde te voer. By wyse van hierdie besprekings probeer hulle dan die angs hanteer wat deur hulle ontwakende seksuele behoeftes veroorsaak word (Smith 1981:35).

Bocknek (1980:73) verwys na die narcissistiese oriëntasie wat by adolessente aanwesig is. Hy definieer narcissisme as: 'the investment of energy in oneself as the focal source of interest and concern' (Bocknek 1980:73). Hierdie selfbetrokkenheid verbaas 'n mens nie, gesien in die lig van talle veranderinge wat gemaak moet word, die teenstrydighede en konflikte wat hanteer moet word en die noodsaaklikheid om besluite te neem wat adolessente se hele lewens kan beïnvloed. Die narcissistiese oriëntasie hou hoofsaaklik met twee aspekte verband, naamlik hoe adolessente hulself waarneem en hoe hulle glo ander hulle sien (Gerdes 1988:301).

### 3.5.4. Die sosiale ontwikkeling van adolessente

#### 3.5.4.1. Verhouding met die ouers

Ouers se invloed kom veral ten opsigte van aspekte soos waardes, norme, gewetens- en karaktervorming na vore (Fisher & Pipp 1984:143). Adolessensie is 'n lewensfase waarin konflik tussen ouer en kind dikwels voorkom. Adolessente en hulle ouers leef dikwels in twee verskillende wêrelde, elkeen met eie waardes en norme. Konflikte word deur verskillende faktore veroorsaak. Dit kan ontstaan weens die feit dat adolessente en ouers in verskillende ontwikkelingsfases is. Adolessente is in hulle tienerjare en die ouers in hulle middeljare. Vir beide is dit 'n ontwikkelingsfase waarin seksualiteit konflik kan veroorsaak. Teenoor die ouers se afnemende seksuele vitaliteit staan adolessente se toenemende geslagsryping (Smith 1981:36). Adolessente is sosiaal aktief en idealisties terwyl die ouers reeds in vele opsigte klaar daarin

geslaag het om 'n hoogtepunt in hulle werk te bereik (Elium & Elium 1998:249). Dit gebeur dan ook dat ouers adolessente benader vanuit hulle eie subjektiewe en onverwerkte adolessente konflikte of konflikte voortspruitend uit hul huidige fase. 'n Verdere faktor wat konflik kan veroorsaak is uiteenlopende rolverwagtinge. Baie ouers probeer om tydens adolessensie te streng en onrealistiese gesag uit te oefen en dit strem adolessente in hul onafhanklikheidsontwikkeling. Soms praat ouers en adolessente die minimum met mekaar en maak nie meer tyd om na mekaar te luister nie. Daar is gebrekkige kommunikasie en ervarings word nie meer met mekaar gedeel nie (Smith 1981:37).

**3.5.4.2. Adolessente se verhouding met hulle portuurgroep**

Adolessensie is oor die algemeen 'n fase van intense sosiale verkeer. Dit is by uitstek adolessente se portuur wat tydens hierdie fase 'n belangrike invloed uitoefen op hulle ontwikkeling. Een van die dramatiese veranderinge in adolessente se maatskaplike verhoudings word beskou as 'n verskuiwing in sy invloedsfeer vanaf die ouer-verwysingsgroep na die portuur-verwysingsgroep. Gedurende die jare 12-18 speel hulle ouers geleidelik 'n minder belangrike rol terwyl hulle portuur in die middelpunt van hul maatskaplike verhoudinge begin staan.

Die portuurgroep het vir hulle besondere funksionele waarde. In hierdie groep kry hulle veel geleentheid tot ontwikkeling. Die portuurgroep speel 'n sentrale rol in die losmakingsproses van hulle gesin. Adolessente wat van hulle ouerlike beskerming wegbreek, voel onseker en het die steun van die groep nodig. Dit bied vir hulle sekuriteit en voorsien 'n interimfase in die bereiking van onafhanklikheid (Smith 1981:37). Smith, Cowie & Blades (2003:309) is van mening dat namate adolessente meer onafhanklik van hulle ouers word en meer tyd met hulle portuur spandeer, die portuur vir sosiale ondersteuning en identiteit intree. Die aard van die adolessent se sosiale verhouding met portuur verskil van dié wat hulle met hulle ouers het. Hulle begin 'n outonomie vorm. Dit beteken dat hulle 'n onafhanklike persoon met eie verhoudings word. Hulle

ontwikkel die vermoë om keuses te maak en deur te voer en om volgens hulle eie reëls van reg en verkeerd te leef en om minder emosioneel afhanklik van hulle ouers te wees (Irving & Zuck 1977:130). Die groep bevorder ook die verwerwing van 'n eie identiteit deur die adolessent. Ondersteuning en gerusstelling van die kant van sy portuurs in die tyd van identiteitsvorming help baie om gevoelens soos alleenheid te verminder.

Tydens vroeë adolessensie is kinders baie afhanklik van ouers vir versorging en goedkeuring. Hormone het 'n direkte gevolg op die psigologiese funksionering in adolessente. Puberteits-rypwording word geassosieer met verhoogde emosionele afstand van ouers (Smith, Cowie & Blades 2003:289). Santrocki (1986:22) wys daarop dat die ontwikkeling van intimiteit aan die een kant en die behoefte aan onafhanklikheid en vryheid aan die ander kant, moeilik versoenbaar kan wees. Om enersyds onafhanklik van beide ouers te wees en onafhanklikheid van denke en aksie te beoefen, en andersyds intimiteit en toewyding te ontwikkel, kan moeilik wees. Die leerproses wat hierby betrokke is, baan egter die weg vir die verhoudinge wat die persoon as volwassene moet aangaan.

Adolessente tussen 13-17 jaar hou van groepe. Tóg het hulle groot angstigheid of hulle tot die groep behoort en of hulle aanvaarbaar is vir die groep van hulle keuse (Elium & Elium 1996:250). Hulle begin ook met die vorming en ontwikkeling van intimiteit. Die meeste adolessente stel intimiteit gelyk aan seks. Intimiteit verwys na die naby verhouding waarin die persone oop en eerlik vir mekaar omgee en mekaar vertrou. Dit is met vriende dat adolessente leer om verhoudings te begin, te behou en te beëindig. Vriendskappe is belangrik vir die verwerwing van identiteit. Dit is so omdat hierdie vriendskappe selfopenbaring en selftoetsing bevorder, veral binne 'n wyer vriendekring wat uit 'n groter verskeidenheid agtergronde en ouderdomsgroepe bestaan as toe die kind jonger was. Waardes en gelowe kan krities bevraagteken word op 'n wyse wat dalk nie in die gesin toelaatbaar sou wees nie. Al spandeer adolessente 'n verhoogde aantal ure met hulle vriende sal hulle, wanneer dit kom by besluite oor waardes,

langtermynplanne en opvoeding, konformeer by hulle ouers se idees (Irving & Zuck 1977:125).

#### 3.5.4.3. Adolessente se verhouding met die teenoorgestelde geslag

Seksuele ryping is 'n belangrike ontwikkelingstaak tydens adolessensie. Die volwassenes verwag van hulle om selfbeheersing toe te pas, maar neem dikwels nie hul intense seksuele behoeftes en eensaamheid in ag nie (Smith, Cowie & Blade 2003:311). Vanweë die feit dat seuns se geslagsdrange sterker as dié van meisies is, kan hulle baie probleme ten opsigte van die uitlewing daarvan ondervind. Dikwels ervaar hulle skuldgevoelens bloot as gevolg van die belewing van seksuele drange. Namate adolessente ouer word, neem hulle verhouding met die teenoorgestelde geslag in intensiteit en intimiteit toe. Een van die redes hiervoor is die sterk drang na sekuriteit wat nie deur die samelewing en ook nie met behulp van vriendskappe ten volle bevredig kan word nie (Smith 1981:39). Adolessente moet tydens hierdie fase 'n eie geslagsidentiteit ontwikkel.

### 3.5.5. Identiteitsverwerwing en selfbeeld-ontwikkeling van adolessente

#### 3.5.5.1. Adolessente se fisiese kenmerke het 'n effek op hul selfbeeld

Adolessente se fisiese kenmerke en voorkoms het 'n effek op hulle selfbeeld (Richards 1985:52). Enige soort afwyking kan angstigheid en onsekerheid veroorsaak en 'n negatiewe impak hê op die adolessente se gevoelens oor hulleself (Richards 1985:53). Trauma bring mee dat hulle worstel met probleme waarvoor hulle nie gereed of voorbereid is nie. Die liggaamlike verandering raak adolessente se beeld van hulleself. Hulle moet nou hulle selfbeeld wysig om by die veranderinge aan te pas. Vanweë liggaamsveranderinge is hulle vroeëre liggaamsbeeld nie meer voldoende nie. Veral hul nuut-bereikte geslagsrypheid moet in hierdie beeld opgeneem word. Hulle kyk besonder krities na hul lengte, massa en gelaatskleur. Indien hulle hierin teleurgesteld voel, is hulle tydelik verward ten opsigte van hul selfbeeld en verloor hulle hul selfvertroue. Om vir

hierdie self-wantroue en negatiewe selfbeeld te kompenseer, tree hulle dikwels met rebelsheid en grootdoenerigheid op (Smith 1981:32). Dogters kan gewigstoename kry en dit pla hulle (Elium & Elium 1996:316).

**3.5.5.2. Erikson se teorie oor identiteitsvorming**

Erikson (1968:13-76) het 'n teorie geformuleer wat van groot belang is vir die ontwikkeling van die mens. Sy teorie word as psigososiaal beskryf, omdat hy klem lê op die interaksie tussen die persoon se innerlike eienskappe en die eise van die kultuur en samelewing (Gerdes 1988:73). Volgens Erikson bestaan daar 'n grondplan waarvolgens psigologiese ontwikkeling gedurende agt opeenvolgende stadia ontplooi. Tydens elke stadium word individue voor die uitdaging gestel om 'n bepaalde krisis te bemeester en daarna na 'n volgende ontwikkelingstadium en die volgende krisis te beweeg. Elke krisis vereis die ontwikkeling van 'n spesifieke vaardigheid en indien dit nie gebeur nie, sal dit belemmerend inwerk op verdere ontwikkeling, aangesien die negatiewe aspek sal oorheers (Erikson 1968:14-20). Bevredigende leer en oplossing van elke krisis is nodig as die kind wil aanbeweeg na die volgende fase.

Ek noem net die fases en bespreek dan die adolessente fase:

i. Vertroue teenoor wantroue (0-2 jaar).
ii. Outonomie versus skaamte (2-4 jaar).
iii. Insiatief teenoor skuld (4-6 jaar).
iv. Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (6-12 jaar).
v. Identiteitsverwerwing versus identiteitsverwarring (13-20 jaar).
vi. Intimiteit teenoor isolasie.
vii. Generatiwiteit teenoor stagnasie.
viii. Ego-integriteit teenoor wanhoop.

Erikson beskou adolessensie as baie belangrik vir psigososiale ontwikkeling en veral omdat dit as basis dien vir die daaropvolgende ontwikkeling gedurende

volwassenheid. Hy meen dat die mees beslissende periode in die vorming van die volwassene se persoonlikheid die adolessensie jare is (Erikson 1969:88).

Die hooftaak van individue gedurende adolessensie is om op grond van wat hulle oor hulself en ander geleer het, ’n gevoel van identiteit te ontwikkel wat hulle in staat sal stel om hul toekomstige rolle te beplan. Indien hulle nie daarin slaag om ’n gevoel van identiteit te ontwikkel nie, lei dit tot roldiffusie, dit wil sê ’n onsekerheid oor hulself, hulle rolle en plek in die samelewing. Hierdie nuwe interpersoonlike dimensie is veral belangrik ná trauma omdat dit adolessente in staat stel om nuwe rolle te integreer en ook om met ander persone in verhouding te wees (Roos & Du Toit & Du Toit 2002:5). Adolessente sal geleidelik nuwe moontlikhede verken om meer selfstandig te kan funksioneer. Die ontwikkeling van rolidentiteit sal meer moontlikhede gee vir meer sosiale betrokkenheid en om die trauma op ’n abstrakte vlak te konseptualiseer. Om die identiteitskrisis op te los, is dit volgens Erikson (1958:59) nodig om deur ’n oorgangstadium te gaan waartydens individue min besliste verpligtinge het en in staat is om te soek, te bevraagteken en met verskillende rolle en geloofstelsels te eksperimenteer. Hulle kan byvoorbeeld met verskillende beroepsrolle eksperimenteer deur verskillende soorte werk gedurende hulle vakansie te doen. Gedurende hierdie tydperk word individue die geleentheid gegee om te eksperimenteer sonder dat daar noodwendig van hulle verwag word om te slaag. Mislukking kan in hierdie stadium toegelaat word en hoef nie noodwendig ernstige emosionele, ekonomiese en sosiale gevolge te hê nie. Met die verloop van die adolessente jare begin adolessente die opinie van betekenisvolle ander integreer in hulle eie voor- en afkeure. So begin hulle ’n identiteit vorm (Erikson 1968:56-99). Adolessente dogters wil graag ’n verskil maak en invloed uitoefen op dinge en voel dat hulle ’n belangrike bydrae in die wêreld kan maak. Maar terselfdertyd draai hulle na binne en wonder hulle wie hulle is en waarheen hulle op pad is (Irving & Zuck 1977:115).

Die antwoorde op die vraag: “Wie is ek?” begin uitkristalliseer wanneer die jongmens die oortuigings, houdings en waardes begin ondersoek wat hy of sy voorheen aanvaar het deur met ander te identifiseer, maar wat nou nie meer

te versoen is met sy of haar eie behoeftes en houding nie. Hy of sy behou diegene wat inpas en integreer hulle met sy of haar eie persoonlikheid om ’n unieke geheel te vorm. Geslaagde identiteitsvorming vind plaas wanneer die jongmens vir hom- of haarself kan sê: “Dit is waarin ek belangstel en waaraan ek waarde heg”, wanneer hy of sy weet wat hy of sy van die lewe verwag, waar hy of sy in die samelewing inpas en wat ander van hom of haar verwag. Word hierdie tydperk van eksperimentering egter onbepaald voortgesit, kan dit lei tot ’n onvermoë om volwasse verantwoordelikhede te aanvaar (Gerdes 1988:74). Die proses van identiteitsontwikkeling begin reeds in die vroeë kinderjare, maar word gedurende adolessensie en die jeugtydperk ’n ontwikkelingskrisis wat oplossing vereis indien die identiteit duidelik gedefinieer wil word. Indien adolessente nie daarin slaag om hulle identiteit duidelik te omskryf nie, sal rolverwarring en onsekerheid oor identiteit in die weg staan van ’n verbintenis tot volwasse rolle en langtermynrolle (Erikson 1958:61). Daar bestaan goeie redes waarom adolessente se identiteit verander. Omdat fisiese verandering so vinnig en drasties plaasvind, verander dit adolessente se siening vandie fisiese self of van hulle liggame.

Erikson (1968:70) is van mening dat as ’n gevoel van individuele identiteit gedurende die adolessensie suksesvol gevorm word, dit tydens die vroeë volwassenheid gestabiliseer word wanneer persone se belangstellings verdiep en minder gevarieerd is, wanneer hulle vermoëns om te werk en lief te hê bevestig word deur verantwoordelike betrokkenheid by ’n beroep en by die vorming van ’n gesin, en wanneer hulle die geleentheid het om hulle idees te toets en te bevestig.

Resente navorsers stem saam met Erikson dat om ’n mens se waardes, planne en prioriteite te bevraagteken, nodig is vir ’n volwasse identiteit, maar hulle verwys nie meer soos Erikson na hierdie proses as ’n krisis nie (kyk Brownlee I999:15; Beautris 2002:77). Trauma neem die aandag weg van die identiteitsvorming en so verbeur adolessente die geleentheid om deur die rolverwarring te werk.

### 3.5.6. Die religieuse ontwikkeling van adolessente

Die godsdienstige ontwikkeling val tydens adolessensie veral in drie fases uiteen, naamlik dié van tese, antitese en sintese.

Die tese-fase word gekenmerk deur ’n godsdienstige ontwaking. Godsdiens rig tydens hierdie fase ’n besondere appèl op adolessente. Tegelykertyd bevraagteken hulle godsdiens op ’n kritiese wyse. Nie slegs die Skrifwaarhede en godsdienstige praktyke word ondersoek nie, maar ook mense wat sê dat hulle Christene is, kom onder die soeklig. Hulle is ongenadig in hul kritiek oor huigelary en inkonsekwente optrede (Smith 1981:42). Adolessente is dikwels oormatig idealisties en perfeksionisties in hul godsdiens. Dit is dan wanneer hulle voel dat daar te min in hul godsdiens gebeur, dat hulle nie veel daarvan gevoelsmatig beleef nie, dat kerkmense skynheilig is ensovoorts. Adolessente moet egter geleidelik tot die besef kom dat menslike gebrokenheid en sonde altyd hulle lewens sal beïnvloed.

Die antitese-fase word veral deur twyfel gekenmerk. Adolessente kan ’n verskeidenheid van sake betwyfel, byvoorbeeld die Bybel, die liefde van God, die duiwel en geloof (Smith 1981: 42). Hulle meet geloof en sekerheid aan innerlike belewing. Hulle moet egter besef dat alhoewel geloofsbelewing belangrik is, geloof beteken om in ’n verhouding met God te lewe. Die sekerheid van die verhouding is in God gesetel en nie in hoe hulle daaroor voel of dink nie. Adolessente wat aan emosie in hulle godsdiens ’n te groot plek gee, loop gevaar om dit op ’n oordrewe wyse te beleef (Crow 1965:56).

In die derde fase naamlik die sintese-fase, moet adolessente op God se soeke na hulle en op God se uitnodiging antwoord. Adolessente wat “ja” antwoord se lewens word nou ’n algehele toewyding aan God. Dit deurweef hulle hele lewe. Hulle begryp die betekenis en waarde van die lewe en hulle godsdiens bied aan hulle ’n besef van waardes en norme (Smith 1981:42).

### 3.5.7. Morele ontwikkeling van adolessente

Morele ontwikkeling verwys na die veranderinge wat mettertyd in die persoon se etiese en morele oordele plaasvind. Kohlberg (1983:2-102) bou sy teorie rondom

Piaget se teorieë van kognitiewe en morele ontwikkeling. Hy glo dat morele ontwikkeling gebaseer is op morele redenering en oordeel. In ooreenstemming met Piaget het hy die vordering in morele ontwikkeling volgens vlakke voorgestel (Gerdes 1988:320). Ek noem die verskillende vlakke en bespreek dan die een wat betrekking het op adolessente. Elke vlak bestaan weer uit stadiums.

**i. Voor-konvensionele vlak (4-10 jaar)**

Moraliteit word bepaal deur die vrees vir straf en deur gehoorsaamheid. Moraliteit word bepaal deur eiebelang; dit wil sê goeie gedrag ten einde belonings te ontvang (Kohlberg 1983: 221).

**ii. Moraliteit van konvensionele rolkonformiteit (ouderdomme 10-13 jaar)**

Goeieseun–moraliteit is die soeke na goedkeuing deur byvoorbeeld ander te help. Dit is respek vir die behoud van sosiale orde en om jou plig te doen (Kohlberg 1983:222).

**iii. Moraliteit van self-aanvaarde beginsels (gewoonlik gedurende adolessensie en vroeë volwassenheid)**

Op die derde vlak van morele ontwikkeling omskryf die individu moraliteit volgens die nakoming van maatskaplik aanvaarde standaarde, regte of pligte. Dit verskil van die voorafgaande vlak omdat individue op hierdie vlak in staat is om rasioneel besluite te neem oor botsende standaarde en ook omdat standaarde in hierdie stadium geïnternaliseer word en besluite oor reg en verkeerd oorweging geniet. Binne hierdie vlak val stadium vyf en stadium ses. In stadium vyf word die norme van reg en verkeerd omskryf volgens wette en vasgestelde reëls en word hulle beskou as rasioneel, as verteenwoordigend van wat vir die meerderheid aanvaarbaar is en wat tot die welsyn van die samelewing bydra. Wette word gesien as feilbaar, maar word desondanks aanvaar as norm van wat reg is. Wanneer die individu se persoonlike behoefte bots met die nakoming van ’n kontrak of gehoorsaamheid van ’n wet, sal die kontrak en die wet voorkeur geniet bo individuele behoeftes, vanweë die erkende voordeel vir

die samelewing (Gerdes 1988: 322). Die sesde stadium is die een van moraliteit van individuele gewetensbeginsels en hierdie finale stadium van morele ontwikkeling word slegs by volwassenheid bereik. Daar is egter volwassenes wat nooit hierdie stadium bereik nie, deels vanweë 'n gebrek aan kognitiewe ontwikkeling (Kohlberg 1983: 221).

Alhoewel Kohlberg gekritiseer kan word op grond daarvan dat hy in gebreke bly om moraliteit aan geestelike en godsdienstige waardes en aan geloof te koppel, bied hy 'n waardevolle konseptuele raamwerk vir morele ontwikkeling wat maak dat mens adolessente beter verstaan (Gerdes 1988: 324).

### 3.6. Konteks van adolessente

Strauss & Howe (1991:21) omskryf 'n generasie as 'n groep wat gebore is in 'n 20-22 jaar tydsperiode en kan omskryf word deur sekere kenmerke inherent aan die meerderheid van daardie groep. Ander skrywers sluit hierby aan, maar lê meer klem op 'n generasie se gedeelde waardes en oortuigings (Zemke, et al 2001; Arsenault 2004; Coomes & DeBard 2004). In hierdie studie sal die generasie-indelings van Strauss & Howe (1991:22) gebruik word met spesifieke aandag aan die Y-generasie:

i. Die stil-generasie (1925-1942)
ii. Die Boomer-generasie (1943-1960)
iii. Die X-generasie (1961-1981)
iv. Die Y-generasie (1981- 2001)

#### 3.6.1. Y-generasiepersoonlikheid

Daar is sekere tipiese generasiepersoonlikheids-kenmerke wat algemeen aan 'n generasie is omdat hulle konteks baie dieselfde is. Maar nie elke lid van die generasie sal al die kenmerke vertoon nie.

- **Ouers**

Die Y-generasie se ouers is gewoonlik die Boomer-generasie (Strauss & Howe 1991:337; Strauss & Howe 2000:56) Die konteks waarbinne hierdie generasie

grootword, sluit 'n groot klemverskuiwing terug na die regte van kinders in. Daarom voel die kinders geliefd in die wêreld. Hulle is die generasie wat ook die meeste geliefd voel deur hul ouers. Dit blyk uit die groot aantal ouerskapboeke wat gepubliseer word, die definiëring van politieke kwessies in terme van die effek wat dit op kinders het en die populariteit van ouerskapklasse. Generasie Y word groot met aktiewe ouers. Ouers spandeer baie tyd saam met die gesin (Strauss & Howe 1991:122). Ouers is betrokke in hulle kinders se daaglikse lewe en besluite en is oortuig van die kinders se waardes. Hulle is grootgemaak deur ouers wat hulle vertel het dat hulle spesiaal is. Daarom is hulle prioriteite eenvoudig: hulle kom eerste. Hulle ouers doen alles vir hulle (Arsenault 2004:170). Indien adolessente trauma beleef het, sal ouers alles in hulle vermoë doen om so gou as moontlik vir hulle die beste moontlike hulp te kry. Dit beteken dat adolessente heel moontlik gou by die pastor sal uitkom en ook die ouer se samewerking in die terapie sal hê.

Die gevoel van geliefd wees en sterk ouer betrokkenheid maak dat die lede van die Y-generasie glo dat hulle omtrent enigiets kan bereik en as hulle nie kan nie, kan hulle tuis hulp en ondersteuning kry (Strauss & Howe 2000:122). Die gevoel dat hulle waardevol is maak dat hulle ook makliker deur trauma werk in die sin dat hulle maklik weer kan vertrou. Dit is die generasie wat die meeste na dokters toe gaan vir enige skeet; in so 'n mate dat hulle die risiko loop om immuniteit teen antibiotika te ontwikkel. Ouers is hulle rolmodelle. Integriteit is belangrik. Vaders is meer as ooit van te vore betrokke by opvoeding (Strauss & Howe 1991:18-88). Kinders beskou ouers as ouers en as vriende. Hulle respekteer hulle ouers en is geneig om spontaan na ouers te draai vir advies en geld en dikwels word daar dadelik aan hulle behoeftes voldoen deur middel van die selfoon of e-pos. Baby Boomers het baie geld op hulle millenium kinders se opvoeding spandeer, meer as die vorige generasies (Arsenault 2004:177).

- **Tegnologie**

Die millennium-generasie word binne 'n ooraktiewe vermaak-industrie en tegnologiese ontploffing groot (Arsenault 2004:124). Hulle word groot met die

interaktiewe media soos die internet, CD-ROM en video speletjies. Hulle het ’n baie beter vermoë om groot hoeveelhede inligting te hanteer met toegang tot die internet en verkies dat die inligting interaktief is en aan hulle die geleentheid gee om daarop te reageer (Zemke, et al 2001:98). Sodoende verwag hulle aktiewe leer in die klaskamers. Hulle verkies tegnologiese bo persoonlike kommunikasie en “Facebook” is byvoorbeeld ’n populêre kommunikasiemiddel wat hulle gebruik. Selfone en internet is hulle primêre bronne van kommunikasie. Hulle is groepsgeörienteerd (Zemke, et al 2001:99). Die postmoderne kultuur wat ook ’n horisontale kultuur genoem kan word, bestaan uit verhoudingsnetwerke wat oor alle grense heen strek en vervang die vertikale en hiërargiese strukture van die moderniteit. Die internet-informasie, wat ook mag aan die gebruiker daarvan bied, is aan almal beskikbaar wat ’n rekenaar en modem het. Dit is ’n ongeëwenaarde verandering in die menslike geskiedenis. Informasie en mag is nou in die hande van diegene wat nie noodwendig in ’n magsposisie geplaas is nie, maar mag uitoefen om in ’n globaliserende wêreld te oorleef. Adolessente is in ’n groot mate die gebruikers van die internet en word op hierdie wyse bemagtig om invloed binne hul eie geledere uit te oefen. Hierdie bemagtiging bring soms botsing met die ouers teweeg. E-pos word selfs deur die meerderheid van kinders onder 8-jarige ouderdom bemeester (Strauss & Howe 2000:200). Ernstige aanpassings moet in die kerk se bedieningstruktuur plaasvind sodat die Verlossingsboodskap met groter sigbaarheid (simbolisering) en met meer belewing (ritualisering) in die samelewing oorgedra kan word.

Pastors kan byvoorbeeld bemoediging deur middel van “Facebook” doen en so op meer gereelde basis met adolessente kontak hê.

- **Algemene persoonlikheidstrekke**

Hulle is nuuskierig, in staat om maklik aan te pas by verandering, het ‘n sterk selfbeeld, is oor die algemeen optimisties ingestel, onafhanklik en gedrewe deur sukses. Hulle is so onafhanklik as gevolg van dagsorg, enkelouers en die tegnologiese rewolusie. Hulle voel bemagtig, te danke aan oorbetrokke ouers. Hulle is optimisties oor die toekoms. Hulle wil graag in ‘n sosiale omgewing

werk, al lyk dit chaoties om hulle. Hulle werk maklik in groepe (Arsenault 2004:234). Hierdie eienskap maak dat hulle ook daarvan sal hou om deel te wees van trauma-verwerkings-groepies. Hulle doen goeie werk, hoewel hulle uitstel tot die laaste oomblik. Hulle fokus op hulle eie persoonlike ontwikkeling. Hulle vergroot die impak van hulle bydraes en het min ontsag vir outoriteit. Hulle sal vinnig van werk verander as hulle voel dat hulle nie in die werk kan groei nie. Hulle wil onmiddellike bevrediging hê van behoeftes en ideale en wil onmiddellike impak maak. Hulle sal dus geneig wees om ongeduldig te wees om hulle trauma-verhaal te ontgin.

- **Kitsoplossings en keuses**

Die Y-generasie het nooit in ’n wêreld sonder ’n rekenaar gelewe nie. Alle informasie is net ‘n kliek weg. Daarom wil hulle alles nou dadelik gedoen hê. Hulle is ongeduldig, wil sukses dadelik behaal en oplossings vir probleme verkry sonder om daadwerklik daarvoor te werk. Hulle wil in werkomstandighede bo begin en glo dat hulle die posisie wat hulle wil hê verdien al het hulle nog nie die nodige ondervinding nie.

Hulle is gemaklik met spoed en verandering. Die rykdom inligting wat binne sekondes deur middel van die internet beskikbaar is, die verskeidenheid televisie stasies om van te kies en verskillende inkopiesentrums gee aan Generasie Y-lede die idee dat as hulle nie uit een bron kan kry wat hulle wil hê nie, hulle dit onmiddellik van ’n ander bron kan kry.

In Hoofstuk 4 gaan ek fokus op pastorale modelle wat dan in Hoofstuk 8 uitgebrei word wanneer die narratiewe pastorale model bespreek word.

# Hoofstuk 4
# Benaderings in die pastoraat

## 4.1. Inleiding

In Hoofstuk 1 het ek, na aanleiding van die leemte wat ek geïdentifiseer het, die heling van adolessente wat getraumatiseer is deur akute trauma ten doel gestel. Heling word bewerkstellig deurdat hulle strewe na die numineuse (ontmoeting met die Heilige). Ek dui dit aan deur in die volgende paar hoofstukke gebruik te maak van verskeie teorieë. Voordat ek dit doen gaan ek eers die bestaande pastorale modelle verken om te kyk of trauma toereikend deur hierdie modelle hanteer word en om ‘n breë oriëntering te verskaf ten opsigte van die benaderings wat die pastoraat tot hiertoe bedien het.

## 4.2. Praktiese Teologie

Praktiese Teologie is ’n diverse dissipline omdat dit die breedte van die teologiese spektrum van liberalisme tot konserwatisme omspan. Pastors gebruik ’n verskeidenheid van metodologiese en teologiese posisies in Praktiese Teologie (Graham 1992:4). Die diversiteit binne die Praktiese Teologie is juis omdat daar soveel verskillende metodes gebruik word waarin die situasies vasgevang, geanaliseer, verstaan en aangeteken word. Soos daar diversiteit binne die Praktiese Teologie is, is daar ook kontinuïteit in die sin dat Praktiese Teologie as ’n dissipline bymekaar gehou word deur sy perspektief op mense se belewenisse en hoe om daardie belewenisse na teologiese nadenke te lei (Swinton & Mowat 2006:1). Praktiese Teologie het ’n besondere fokus en dit is om die dinamika van spesifieke situasies te verken sodat daar verstaan kan word wat in daardie situasies belewe word. Situasies is komplekse, veelsydige eenhede wat met sorg, nougesetheid en met onderskeidingsvermoë getoets moet word as dit effektief verstaan wil word (Graham 1992:5). Kennis wat gekry word van situasies en ervaring en wat teologies nagedink moet word, is nie onafhanklik van die kennis wat gekry word deur nadenke oor die Skrif en tradisie nie. Swinton & Mowat (2006:1) toon die volgende in hierdie verband aan:

> Most of us tend to live within situations in ways which are unreflective and uncomplicated. Many of the aspects of our situation are experienced as nothing more than background noise. It is only when problems arise through crisis or our engaging in a process of complexification that the complicated nature of our situation emerges. It is at these points of 'unnatural' self-reflection that situations evoke self-conscious interpretative responses.

'n Kernaspek van Praktiese Teologie is om sodanige "unnatural self-reflection" te ontlok en om mense bewus te maak van vorige versteekte dimensies van elke-dag-situasies. Daarom is Praktiese Teologie krities teologiese nadenke wat in sekere situasies op die praktyk uitgevoer word. Volgens Bridger & Atkinson (1988:65) bevat praktyke waardes, oortuigings, teologieë en ander veronderstellings wat "go unnoticed until they are complexified and brought to our notice through the process of theological reflection".

### 4.3. Taak en doel van Praktiese Teologie

Die primêre taak van Praktiese Teologie is om gelowige gebruike te verseker en in werking te stel. Praktiese Teologie is daar om gelowige deelname in die evangeliese verhaal en Christelike praktyk te verseker, te bemoedig en in werking te stel (Swinton & Mowat 2006:8).

Volgens Don Browning (1983:1-20) is daar 'n verskuiwing weg van die klerikale of amptelike paradigma waarin dit gaan om die ampte na 'n soort fenomenologiese ekklesiologie wat fokus op die publieke gestalte van die kerk in die wêreld. Praktiese teologie is minder ingestel op geloofsinhoude en het meer die rol om die relevansie van geloof te toets in gesprek met ander godsdienste en sekulêre geloofsgestaltes in 'n pluralistiese maatskappy. Dit word die taak van die Praktiese Teologie om etiese norme te ontwikkel vir die samelewing met die oog op beide 'n sosiale en 'n individuele transformasieproses. Daar moet wegbeweeg word van suiwer teoretiese beginsels na 'n praktyk-georiënteerde benadering.

### 4.4. Enkele benaderings in die pastoraat

Daar is verskeie benaderings tot die pastoraat soos onder andere die kerugmatiese benadering (kyk Thurneysen 1962), die eduktiewe benadering (kyk Hiltner 1959,1972), die relasiegesentreerde benadering (Clinebell 1984) die noutetiese benadering (kyk Adams 1973, 1974), die empatiese benadering (kyk Rogers 1950, 1961, 1963), die bipolêre benadering (kyk Heitink, 1979, 1984), die hermeneutiese benadering (kyk Firet 1977; Pieterse 1988, 1991, 1993 en Veltkamp 2002) en die narratiewe benadering (kyk Stanley Hauerwas 1974, 1980; Tracy 1975; Ricoeur 1981, 1984, 1991, 1998; Lindbeck 1984, 2002 en Frei 1993). Ek gaan in hierdie hoofstuk verskeie van die benaderings kortliks bespreek en dan die keuses wat ek maak oor watter benaderings in hierdie studie gebruik word, motiveer. Eerstens gee ek net ’n kort inleiding oor pastoraat met ’n bruikbare onderskeiding wat De Jongh van Arkel (1988:130-150) maak en vervolgens ‘n bespreking van en keuse uit die verskillende benaderings.

- **Onderskeie vorme van pastoraat**

De Jongh van Arkel (1988:130-150) onderskei drie vorme van pastoraat naamlik onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale terapie. In ’n artikel met die titel, “Die Pastoraat: Noodsaaklike onderskeidings”, bespreek hy die onderskeidings in detail. Die onderskeidings wat tussen die drie vlakke van die pastoraat gemaak word, dui nie ’n hiërargie aan nie, maar is bloot funksioneel met betrekking tot elkeen se aard. Onderlinge ongeorganiseerde en ongeforseerde sorg kom voor waar lidmate spontaan vir mekaar sorg. Pastorale sorg is georganiseerde, ondersteunende, kerklike sorg met die oog op die opbou en versorging van die gemeente. Pastorale sorg verg groter vaardighede as onderlinge sorg en is nie net die pastor se verantwoordelikheid nie, maar word uitgevoer deur die besondere ampte. Pastorale terapie is op gelyke vlak met ander helpende professies. Die verg intense opleiding. Al drie vorme moet geïntegreer word in die traumaberadingsproses.

### 4.4.1. Kerugmatiese benadering

Die kerugmatiese pastoraat beleef ‘n bloeitydperk na die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland en ontwikkel in noue samehang met die dialektiese teologie van Karl Barth (1928,1960). Eduard Thurneysen, ’n Switserse teoloog en vriend van Barth, neem op pastorale gebied die voortou. Thurneysen (1962:147) is van mening dat die pastorale gesprek primêr gaan oor die verkondiging van die vergifnis van sonde. Thurneysen se aanslag is deduktief, wat beteken dat die Woord van primêre belang is en die verhale van mense sekondêr. Die pastoraat word hoofsaaklik gesien as vergewingshulp aan ’n sondige mens en die toepassing van die ewige beginsels in ’n verwarde wêreld. Vir hom is daar ’n moment van verkondiging. Dit is dan dié waarheid en nie net ’n waarheid nie. Die mens is in ’n ondergeskikte posisie teenoor God. Die antropologie bepaal die epistemologie. Daar is ’n besliste afstand tussen God en die mens as verloste sondaar. Thurneysen (1962:201) beskou pastorale berading as die handeling om die Woord van God na die individu in sy of haar spesifieke lewensituasie te bring. Sielkunde dien as die nodige instrument om die pastor te help om verskillende menslike situasies te verstaan waarin die Woord van God gevind moet word: “Pastoral care needs psychology as its outstanding auxiliary. We cannot know enough about human being...” (Thurneysen 1962: 201).

’n Postmoderne pastorale perspektief sal nie ’n te sterk verkondigende taalgebruik ondersteun nie. Hierdie benadering val nie binne ’n postmoderne paradigma nie as gevolg van die liniêre oorsaaklikheid dat alle problematiek aan sonde toegeskryf word. Hierdie benadering is gebaseer op ’n individuele aanslag en die strukture wat gekoppel is aan die problematiek word nie aangespreek nie. In die postmoderne benadering tot pastoraat word uitsprake gemaak teen strukture. Kritiek teen Thurneysen uit ’n postmoderne hoek is sy monologiese karakter in die verabsolutering van die subjek-objek-skema. Sy antropologie is té gedistansieerd. Vanuit ’n postmoderne epistemologie word die kerugmatiese aspek in die pastoraat gerelativeer en verwerp. Die postmoderne kritiek waarsku dat die terapeut versigtig moet wees in sy of haar voorveronderstellings. Die metafisiese kan nie positivisties bewys word nie.

Daar moet ’n subjek-subjek interrelasie wees waarin die pastorant verantwoordelikheid moet aanvaar en geloofsvolwassenheid moet bereik. Alhoewel Thurneysen (1962: 111-132) van mening is dat aan albei dissiplines ewe veel plek gegee moet word, laat hy te min vir die onderskeidende bydrae van die sielkunde (Hunsinger 1995:81). Thurneysen (1962) laat nie werklik plek vir die sielkunde om op sy eie te staan nie. “Thurneysen fails to account adequately for the possibility that in practice forgiveness and healing may occur in inseparable unity” (Hunsinger 1995:83). Kennis van die sielkunde is nodig sodat elemente soos byvoorbeeld vergifnis konkreet na pastorante in hulle spesifieke lewenssituasie gebring kan word. Vergifnis is ‘n kernelement by getraumatiseerdes. Omdat die pastor meer gefokus is op die sonde as op die neurosis, bring hy ’n ander dimensie in die berading wat nie in die spreekkamer van die sielkundige teenwoordig is nie. Volgens Louw (1999:44) is die groot kritiek teen Thurneysen dat hy met sy kerugmatiese sielsorg die pastoraat laat opgaan het in ’n homiletiese gebeure sodat die mens self in sy of haar eksistensiële nood nie tot sy of haar reg kom nie. Beswaar teen Thurneysen se standpunt is dat die hele pastoraat gereduseer word tot die kerugmatiese komponent en dat die hele styl van pastoraat dreig om in ’n homiletiese gebeure te ontaard. Binne hierdie raamwerk is die pastorale gesprek die verkondiging van die Woord en is daar nie ‘n duidelike onderskeiding tussen die pastorale gesprek en prediking nie. Waar trauma ter sprake is, is daar dikwels ‘n slagoffer en oortreder. Die waarde van Thurneysen se bydrae in die werk met adolessente wat akute trauma beleef het, is die klem op die vergifnisgedeeltes. Die pastor behoort die slagoffer te lei tot vrywillige vergifnis van die oortreder. Hierdie aspek sal in Hoofstuk 5 deeglik bespreek word. Dit sal die einde en nie die begin van die pad wees nie. Indien daar nie ‘n verhouding tussen die slagoffer en die Here is nie, is dit die doel van die pastor om die pastorant te begelei tot ‘n verhouding met God. Hierdie klem moet egter meer non-direktief in die gesprek voorkom as wat Thurneysen in gedagte gehad het.

Ander vertolkers van die kerugmatiese pastoraat wat later op die toneel kom is onder meer H. Asmussen en T.C. Oden (Heitink 1998:46-49).

In sy boek, *Kerygma and counselling*, verken Oden (1966:40-70) die ooreenkoms tussen die aanvaarding wat inherent in 'n goeie beradingsverhouding is en die goddelike aanvaarding wat die hart van die evangeliese teologie is. Hy is van mening dat pastoraat 'n teologie van verkondiging nodig het. Hy wys daarop dat verkondiging eksplisiet die basis van prediking en implisiet die basis van berading is. In berading kommunikeer die pastor dieselfde boodskap as in die prediking op 'n non-verbale manier. Oden (1966:26) stel dit soos volg:

> When the pastor performs his function as a counselor his faith is becoming active in love. Here proclamation and therapy support one another in a total ministry witness and mission. The love of God to which he witnesses in preaching is recapitulated in an analogous fashion in the empathy of counseling.

Oden (1989) se werk, *After modernity ... what?* toon sterk postmoderne spore en sy pastoraat sluit aan by die postmoderne pastorale inslag van hierdie studie. In berading kommunikeer die pastor en die pastorant die liefde van God deur hulle verhouding. Die vraag ontstaan of geestelike aanvaarding altyd verbaal bemiddel moet word en of dit ook deur 'n interpersoonlike verhouding bemiddel kan word. In hierdie verband toon Oden aan dat "liberating divine acceptance can be mediated concretely through interpersonal relationships without overt witness to its ground and source" (Oden 1966:28). Pastoraat is gebaseer op die goeie nuus van die evangelie met die klem op die verkondiging van God se liefde en aanvaarding. Hier bring die narratiewe model die mens se verhaal en God se verhaal bymekaar uit (soos deeglik in Hoofstuk 6 bespreek word). Berading is selde betrokke by direkte verkondiging van God se liefde en aanvaarding. Dit maak staat op die verhouding om die realiteit van God se liefde te kommunikeer. Verkondiging behels "the relation of Christ to human brokenness" (Oden 1966:54). Hy lê klem daarop dat die pastor se gevoel van gebrokenheid dieper as woorde spreek.

> Just as the incarnation witnesses to the God who does not just diagnose or analyze man's needs but actively participates in them, likewise effective counseling is not just objective diagnosis of the individual's conflict but active empathetic involvement in the patient's suffering".
>
> (Oden 1966: 54)

**4.4.2. Die noutetiese benadering**

Adams se direktiewe metode staan in sterk kontras met die non-direktiewe berading binne die Amerikaanse opset. Adams (1973:17) verwys na berading as "the process of helping others to love God and their neighbors". Sy berading is daarop uit om deur middel van 'n proses van konfrontasie die persoon tot persoonlike verandering en gedragswysising te begelei, omdat hy glo dat sonde die basis van alle menslike probleme is (Adams 1973:18). Pastoraat verkry 'n vermanende karakter omdat *nouthesis* volgens Adams 'n proses van konfrontasie beskryf wat veranderinge in 'n persoon genereer. Verandering word bewerkstellig deur die kliënt op 'n noutetiese wyse te beïnvloed. Die fundamentele doel van noutetiese konfrontasie is die verandering van die persoon se gedrag. Die aard van hierdie benadering is direktief van aard teenoor die non-direktiewe en kliëntgesentreerde benadering (Adams 1974:45). Adams (1973:78-80) spreek hom sterk uit teen die non-direktiewe benadering van Rogers omdat hy oortuig is dat so 'n benadering meebring dat 'n pastorale berader optree asof God niks vir die kliënt te sê het nie.

Kerugmatiese reduksie en bekering as terapeutiese metode veroorsaak dat sy noutetiese model 'n verengde benadering verteenwoordig. Uit die postmoderne denkrigting het ek 'n probleem met Adams se benadering omdat Adams die Skrif wil forseer op elke menslike problematiek. Omdat hy insigte uit die psigologie nie sien tot voordeel van die pastoraat nie, is die wesenlike gevaar dan dat die Skrif moet dien as 'n versameling van teksverse wat gebruik kan word om alle psigiese en sosiale probleme op te los. Daar moet altyd gewaak

word teen so 'n redenasie dat die Bybel voldoende is in 'n beradingsmodel. Collins (1988:22) stel dit so:

> The Bible never claims to be a textbook on counseling. It deals with loneliness, discouragement, marriage problems, grief, parent-child relations, anger, fear and a host of other counseling situations, but it was never meant to be God's sole revelation about people helping. In medicine, teaching and other "people-centered" helping fields, we have been permitted to learn much about God's creation through science and academic study. Why, then, should psychology be singled out as the one field that has nothing to contribute to the work of the counselor?

Dit kan egter nie ontken word dat daar 'n korrelasie tussen die onverskillige leefwyse van adolessente en trauma is nie (byvoorbeeld in die geval van 'n motorongeluk onder invloed van alkohol). Die adolessent wat alkohol gebruik, het immers doelbewus sy of haar lewe op die spel geplaas deur te bestuur. In so 'n geval sal pastors hulle verantwoordelikheid versuim indien hulle nie vermanend oor die misbruik van alkohol optree nie. Die noutetiese benadering kan dan meewerk tot die verligting van die skuldgevoelens wat ontstaan as gevolg van die misbruik van alkohol.

**4.4.3. Die empatiese benadering**

Sedert 1950 was die dominante beradingsteorie in pastorale berading die kliëntgesentreerde benadering. Die aantreklikheid van hierdie benadering vir pastorale beraders was deels as gevolg van die feit dat dit die mediese aura van die psigoanalise verwerp het. Kliëntgesentreerde terapeute verwerp die siening dat berading gelyk is aan mediese diagnose. Hulle siening is dat dit nie die psigoterapie se taak is om die geskiedenis van die pastorant se probeem te ver verken nie, maar om te fokus op die pastorant se huidige ervaring. Die pastorant mag vrywillig oor ervarings van die verlede soos vroeë kinderjare ervarings praat, maar dit is net belangrik en toepaslik as dit tans ook ervaar word. Daarom lyk dit asof hulle die "diagnosis" elimineer. "When counseling is not interested in

tracing a problem back to its origins, the term 'diagnosis' no longer seems appropriate" (Capps 1980:62). So het die taal van luister en empatiese verstaan, die vroeëre taal van diagnose vervang en die term "diagnosis" het in onguns verval. Capps (1980:64) meen egter dat Rogers 'n andersoortige begrip van die term "diagnose" gehad het en dat dit die pastorale berading beïnvloed het, al is die term nie self gebruik nie. Rogers (1961:91) se kritiek op diagnose is gebaseer op die feit dat kliëntgesentreerde beraders ... :

> have come to recognize that if we can provide understanding of the way the client seems to see himself at the moment, he can do the rest. The therapist must lay aside his preoccupation with diagnosis and his diagnostic shrewdness, must discard his tendency to make professional evaluations, must cease his endeavors to formulate an accurate prognosis, must give up the temptation subtly to guide the individual and must concentrate on one purpose only; that of providing deep understanding and acceptance of the attitudes consciously held at this moment by the client as he explores step by step into the dangerous areas which he has denying to consciousness.

Deur 'n beheptheid met diagnose op die agtergrond te skuif, kom die terapeut in die pastorant se interne verwysingsraamwerk in. Diagnoses impliseer uitwendige perspektief, die perspektief van waarneming eerder as deelname in die kliënt se eie verwysingsraamwerk. In teenstelling met diagnose, beteken empatiese verstaan en aanvaarding om in die kliënt se eie waarnemingsveld in te kom (Capps 1980:68). Rogers se kritiek teen diagnose in berading is gerig teen die diagnostiese houding van die berader. Hierdie houding plaas die berader buite die verwysingsraamwerk van die pastorant. Rogers kom tot die gevolgtrekking dat kliëntgesentreerde terapie verskil van ander psigoterapeutiese teorieë daarin dat dit nie gebou is op "an externally based diagnosis" nie. Sy argument is nie dat kliëntgesentreerde terapie 'n gebrek aan 'n diagnostiese element bevat nie, maar dat die diagnose uitwendig is aan die proses waardeur

die kliënt gaan. Diagnose is om waar te neem en betekenisvolle verhoudings tussen waarnemings te vind. Diagnose is inwendig aan die pastorant se eie ervaring. Dit beteken nie dat die pastor uitgesluit is van die diagnostiese proses nie. Die pastor voorsien die raamwerk waarbinne die pastorant 'n diagnose kan maak en aanvaar. Die pastor voorsien hierdie raamwerk deur met empatie na die pastorant te luister en so in sy of haar verwysingsraamwerk in te kom. So is die pastorant betrokke in die proses.

Volgens Rogers (1963:130) is die belangrikste toegangsmedium tot die wese van 'n ander persoon haar of sy gevoelens. Dit word aanvaar dat indien die gesprek van 'n empatieke houding gebruik maak, die wederkerige verstaansproses wat sodoende geskep word 'n verandering in die persoon sal bewerkstellig wat uiteindelik tot 'n terapeutiese proses aanleiding sal gee. Rogers (1963:133) sê dat empatie is om te voel soos die kliënt voel, om te begryp soos die kliënt begryp en die probleem te ervaar soos die kliënt dit ervaar. Op hierdie wyse het die pastoraat al hoe minder van die Woordteks gebruik gemaak (Louw 1999:47). 'n Groot winspunt van sy benadering is dat hy wegkom van diagnose in die pastoraat. 'n Postmoderne perspektief op pastoraat bevat nie diagnose in die sin dat die pastor besluit wat met die kliënt "fout" is nie. In die narratiewe model word daar saam na antwoorde gesoek (vergelyk in hierdie verband Hoofstuk 6). In die lig van die postmoderne denke moet ons deeglik daarmee rekening hou dat daar nie 'n klassifikasieprosedure beoog word waardeur die menslike gedrag vooraf gekategoriseer en getipologiseer word nie. Wat belangrik is, is doodeenvoudig die vertolking van 'n persoon se totale bestaan met die oog op verheldering, verbandlegging, organisering van data, en interpretasie van gedrag binne sinsamehange. 'n Postmoderne pastoraat "diagnose" wil geloofssisteme verhelder en perspektiewe ontwikkel in terme waarvan pastorante hulle geloofsbronne sal inskakel in die proses van singewing en sinsontdekking.

Dat Rogers (1963) die oë van die pastoraat oopgemaak het vir 'n belangrike saak (liefde en waardering binne die pastorale ontmoeting) kan nie ontken word nie (Louw 1999:167). Oorbeklemtoning van die horisontale

medemenslikheid lei tot onderbeklemtoning van die vertikale verhouding. Indien die pastorant nie ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie, bied dit die pastor geleentheid om dit te vestig. Om net gevoelens te ontlaai, is nie genoeg vir adolessente wat trauma belewe het nie.

**4.4.4. Die eduktiewe benadering**

Die eduktiewe model word grootliks met Seward Hiltner (1949, 1958, 1959), ‘n leier in die veld van pastorale sorg en professor by Princeton Theological Seminary, geassosieer. Die werk van Hiltner, waarin hy teologiese en psigologiese insigte korreleer, toon duidelik Tillich se invloed (Heitink 1998:57). Terwyl Karl Barth die belangrikste bondgenoot van kerugmatiese pastoraat is, vervul Paul Tillich met sy korrelasie teologie hierdie rol in die terapeutiese pastoraat. Paul Tillich meen dat in die lig van Christus se vleeswording menslike verhoudinge beskou word as ’n soort voortgesette of indirekte inkarnasie (Tillich:1952:70). Met ander woorde, die aard en kwaliteit van menslike relasies word as ’n indirekte openbaringsmedium vir God se aktuele betrokkenheid beskou. Die gevolg is dat God se Woord nie soseer in die sentrum staan nie, maar wel die proses van beraad. Paul Tillich sien die antwoord op die mens se beperktheid, skuld en twyfel in *aanvaarding.* Aanvaarding is van kardinale belang in al die hoof psigoterapieë, maar Tillich (1949:163) verwys na ’n aanvaarding in die beradingsverhouding en ’n dieper soort van aanvaarding:

> Sometimes ... a wave of light breaks into our darkness, and it is as though a voice were saying: You are accepted. You are accepted by that which is greater than you, and the name of which you do not know. Do not ask for the name now; perhaps you will find it later. Do not try to do anything now; perhaps later you will do much. Simply accept the fact that you are accepted. If that happens to us we experience grace.

Tillich (1949:165) is van mening dat pastors net aanvaardend in hulle verhouding met pastorante kan wees as hulleself die aanvaarding op 'n dieper vlak in hulle eie lewens sien.

Vir Hiltner handel dit om die onderliggende waardes wat in die Bybel voorkom, te ontdek (Hiltner 1972:126-131). Die behoeftes van die persoon in nood word as die hoogste prioriteit beskou en die Woord van God word sekondêr geplaas (Hiltner 1972:128). Die mens as fokuspunt bied die interne raamwerk vir die gesprek. Vandaar die verwysing na hierdie benadering as die "non-direktiewe" beradingsmodel. Die mees sentrale begrip wat in die eduktiewe model 'n rol speel in menslike verhoudings, is kommunikasie. Die inhoudelike van hierdie benadering is ontleen aan die psigoterapeutiese doel van Rogers. Volgens Hiltner vind daar voortdurende korrelasie plaas tussen die Bybelse boodskap en ander wetenskappe tydens hulpverleningsprosesse (Hiltner 1972:135).

Hiltner se benadering bied heelwat wat bruikbaar is in die postmoderne pastoraat, soos byvoorbeeld sy opregte poging om die pastoraat meer binne die leefwêreld van hulpbehoewendes te bring. Vandaar sy siening dat die herdermetafoor nie so streng tot die ampte beperk moet wees nie, maar wyer verstaan moet word (1959:19-20). Die eduktiewe benadering se waardering vir gespreksvaardighede in die pastoraat is bruikbaar in die postmoderne aanslag op pastoraat en veral waar trauma en die adolessent ter sprake is. Hierdie benadering het die potensiaal om die adolessent te help om sy verlies te verbaliseer en in perspektief te plaas. Sukses met 'n kliënt lê ooreenkomstig die kliëntgesentreerde benadering van Hiltner (1972:44) in sy aardse selfbeslissingsreg. Op hierdie wyse word die ewigheidsperspektief verloor en kry ons 'n verskraling van die Woord. In 'n poging om uit elke denkbare rigting te put, word die Woord gelykgestel aan die psigologie. In trauma waar 'n persoon 'n ontstellende situasie beleef het, kan die feit dat 'n mens 'n ewigheidsbestemming het, juis as vertroosting dien (Pruis 1980:65) en 'n verskraling van die Woord sal hierdie vertroosting uitskakel.

### 4.4.5. Die relasiegesentreerde benadering

Belangrike eksponente van hierdie terapeutiese benadering is A Boisen (1876-1965) en Howard Clinebell (1922-2005). Die opkoms van die psigologie in Amerika het geweldige druk op die pastorale teologie geplaas om van sy kerugmatiese benadering af te sien. Dit is nie die aanspraak van die Woord wat voorop staan in die terapeutiese pastoraat nie, maar die behoeftes van die persoon (Louw 1999:46).

Clinebell (1984:115) se benadering is baie op die Rogeriaanse uitgangspunte gebaseer alhoewel daar klemverskille is:

> My first training in pastoral counseling was Rogerian in its orientation ... Rogers' vision of growth described in almost lyrical prose, helped to awaken interest in exploring the growth approach further. Although my "revised model" for pastoral counseling was an attempt to overcome certain inadequacies in the Rogerian and Freudian models of therapy, my model was built on many of the contributions of both these therapists.

Clinebell (1966, 1984) se model staan bekend as "a holistic liberation-growth model". Vir Clinebell (1984:19-34) bestaan pastoraat uit ses basiese dimensies van groei en hy gebruik die komponente van groei om sy holistiese benadering uit te bou. Die konsep "wholeness" is vir hom die oorkoepelende tema wat die doel van alle pastorale handelinge beskryf: "the overarching goal of all pastoral care and counseling is to liberate, empower and nurture wholeness, centered in Spirit" (Clinebell 1984:26). Die komponente van groei is:

- Innerlike groei
- Psigofisiese groei
- Groei deur vernuwing en uitbou van verhoudinge
- Groei in verhouding tot die biosfeer
- Groei binne strukturele verband
- Geestelike groei

Om “wholeness” in ‘n persoon te bevorder moet ‘n mens die onderliggende geestelike probleme van die persoon verstaan. In die lig hiervan beweer Clinebell (1984:117) dat ‘n pastor nie moet huiwer om vrae te vra nie. Hy stel vrae soos die volgende voor: “Wat is die verband tussen hierdie probleem waarmee jy worstel en jou persoonlike geloof en verhouding met God?” Met sy diagnostiese vrae wil hy bepaal wat die kwaliteit van ‘n persoon se spiritualiteit is en die deurwerk van die vrae kan spiritualiteit ontwikkel en groei bevorder. Clinebell (1966:26) praat van pastorale berading as die “utilization of a variety of healing methods to help people handle their problems and crisis more growthfully”.

In die vroeë kerk het die klem op die genesing van die totale persoon geval. Dit was veral as die taak van die pastorale versorger beskou (VanKatwyk 1997:283). Later is die eenheid van die liggaam en siel verbreek en het dit stadig, maar seker van mekaar begin wegdryf. Die liggaam is as die refleksie van die teenswoordige wêreld beskou, en die siel as die refleksie van die ewige, nuwe wêreld wat nog moet kom. Die begrip van genesing was op die genesing van die siel toegespits. Met die modernistiese, mediese beskouing, is die eenheid van die liggaam en siel nog verder van mekaar verwyder. Die klem het op spesialisering van die fisieke liggaam en die realiteit daarvan begin val. Clinebell se pastorale model laat ‘n mens weer besef dat die mens nie net geestelik is nie maar ook uit fisiese, sielkundige, interpersoonlike, skolastiese en institusionele fasette bestaan. Clinebell vestig weer die oë op die heelheid van die mens en op die feit dat die pastor deur die gemeente beskou word as die een wat genesing in hul lewe kan fasiliteer (Clinebell 1984:103). Die waarde hiervan is dat die mens as totaliteit gesien en bedien moet word. Om kompartementeel te dink oor die mens en die lewe, oor gees en liggaam, oor hemel en aarde, oor goed en sleg, oor geloof en rede, oor Bybel en wetenskap, is om nie holisties te kyk na die werklikheid nie. Dit is nie ’n postmoderne denke nie. Om holisties te dink beteken ten minste dat ‘n mens sal verstaan dat die mens as eenheid gees en liggaam is en dat wanneer ons oor iets ingrypends soos geloof in God praat,

daar met alle aspekte van menswees rekening gehou sal word. Clinebell se model kan ook pastors help om patologiese oortuigings wat remmend inwerk op ‘n persoon se geestelike ontwikkeling, betyds te identifiseer (Louw 1999:365). Soos in hierdie hoofstuk bespreek, is daar baie reduksionistiese benaderings tot die mens wat net konsentreer op die biochemiese of sielkunde vlakke. Vanuit die postmoderne pastorale perspektief kan dit net lei tot verdraaide sienings van die mens. As Jesus die enigste ware Beeld van God is en ten volle mens is, verras dit ‘n mens nie om Hom as ’n ten volle geïntegreerde persoon te sien nie, bewus van sy liggaam en die liggaamlike behoeftes van ander mense. Hy is Iemand met ‘n oop verhouding met vroue en mans, in staat om sy emosies op die aangewese manier te bestuur, eties korrek op te tree en in ’n intieme vriendskap met God te staan (Bridger & Atkinson 1988:171). Baie van Christus se genesingswonderwerke behels liggaamlike gesondheid. Ook het Hy besondere verhoudings met sy dissipels en met Martha, Maria en Lasarus gehad. ’n Postmoderne pastorale benadering maak erns met ’n holistiese benadering tot mense waarin die liggaam, emosies, verstand, gees en wil, verhouding en omgewing in ag geneem word. Ek gebruik Otto (vergelyk Hoofstuk 4 in hierdie verband) se siening in hierdie studie omdat hy (1923:22-57) die nie-rasionele in diepte bespreek sonder om afbreuk te doen aan die rasionele. Dit is belangrik vir die hantering van trauma aangesien trauma nie net ‘n rasionele gebeure is nie, maar ook ’n nie-rasionele belewenis. So word die liggaam, verstand, emosies en wil in ag geneem.

### 4.4.6. Die ontwikkelingsmodelle

#### 4.4.6.1. Fowler se geloofsontwikkelingsmodel

Hierdie studie bespreek spesifiek James Fowler (1981) se model omdat die konteks van die studie adolessente is. Postmoderne pastoraat sal erns maak om genoegsame kennis van verskillende fases te hê sodat dit in die proses van geloofsontwikkeling sekere bedieningsbehoeftes, wat hieruit voortspruit, met

genoegsame kennis kan aanspreek. Fowler (1981:20-201) bespreek in sy boek, *Stages of faith*, die verskillende fases van geloofsontwikkeling:

**Stadium 0: Ongedifferensieerde geloof (0-3 jaar)**

Die belewenis van die baba kan 'n gevoel van vertroue of verworpenheid laat ontstaan wat latere geloofsontwikkeling bevorder of strem.

**Stadium 1: Intuïtief-projektiewe geloof (4-7 jaar)**

Kinders vorm hulle idee van wie God is en wat geloof is, deur volwassenes dop te hou en te luister na wat die volwassenes sê. Hierdie manier van geloofsvorming word nie aan die kinders voorgeskryf nie – hulle doen dit instinktief. Die beeld wat 'n kind van sy/haar pa of ma het, word dikwels die beeld wat die kind van God het. Hulle sien God as 'n persoon.

**Stadium 2: Mistiek-letterlike geloof (7-12 jaar)**

Die wêreld rondom hulle word nou vir die kinders belangrik en hulle neem kennis van wat in hierdie wêreld gebeur – hulle begin onderskei tussen dit wat werklik is en dit wat fantasie is. Hoewel die kinders nog onseker is oor die sekerhede van die wêreld om hulle, is hulle geloof in God iets wat vir hulle sekerheid bied.

Kinders in hierdie fase se denke beweeg voortdurend tussen dit wat werklik is en dit wat abstrak is. Alles wat hulle glo, word letterlik geïnterpreteer. In hierdie fase begin kinders om ander mense se sieninge te verstaan en kan hulle oor sake begin redeneer. Tog aanvaar hulle hulle godsdienstige herkoms en bevraagteken nie die geloof nie. Tydens hierdie fase word God vanuit 'n menslike perspektief verstaan.

**Stadium 3: Sinteties-konvensionele geloof (vroeë adolessensie)**

Die kinders se wêreld strek baie wyer as net hulle gesinne. Hulle vriende, skool, kerk, sport en die media speel 'n baie belangrike rol in hul lewens – selfs belangriker as hulle ouers en gesinne. Hulle geloof moet al die nuwe uitdagings kan hanteer. Hulle begin meer abstrak oor geloofsake te dink. 'n Sterk

relasionele komponent tot geloofsontwikkeling kom in hierdie stadium na vore.

Geloof word nou gevorm deur interpersoonlike verhoudinge. Kinders of adolessente probeer hul eie godsdienstige sieninge met ander vereenselwig deur middel van die interpersoonlike verhoudinge waarin hulle verkeer. Hulle geloof word dus veral gevorm deur die belangegroep waarvan hulle deel is.

**Stadium 4: Individualiserend-reflektiewe geloof (latere adolessensie tot vroeë volwassenheid)**

Adolessente ontwikkel 'n meer kritiese ingesteldheid en 'n groter besef van verantwoordelikheid. Hulle begin meer krities oor die lewe nadink en sterk individualisties optree. Hierdie stadium word veral gekenmerk deur die kritiese evaluering van bestaande geloofssisteme en waardes, maar ook deur groter internalisering van geloof en oortuiging, en 'n sterker gevoel van persoonlike verantwoordelikheid vir besluitneming rakende geloofsake (Louw 1999:516). Daar is 'n weg-beweeg van die belangrikheid van die gemeenskap in die vorige fase na keuses wat meer op persoonlike mening en voorkeure gegrond is. Die self word nou meer losgemaak van die groep en die behoefte om in te pas word nou vervang met 'n meer doelbewuste kritisisme wat nie noodwendig negatief is nie. Daar is 'n behoefte om na te dink oor wat hulle werklik en persoonlik glo.

**Stadium 5: Paradoksaal-konsoliderende geloof**

Die uitstaande kenmerk van hierdie stadium is integrasie, veral met die oog op die versoening van teenstrydighede tussen die eie siening en die van ander.

**Stadium 6: Universaliserende geloof**

Tydens hierdie stadium slaag die individue daarin om teenstrydighede en meegaande spanning te integreer. Metaforiese en simboliese denke is die natuurlike styl van hierdie stadium en daar word ook nader aan die transendente beweeg. In hierdie model van Fowler word die mate van korrelasie tussen geloof as vertroue, as voldoening aan eise en die self met haar of sy egoïstiese behoeftes, as 'n vorm van binding met die persone binne die verpligting van

verhoudinge, as ‘n kritiese faktor in die self, as aanvaarding en die geïntegreerde self binne relasies en as ‘n universele openheid vir die transendente en die self gefundeerde in God, getoets.

Dit is duidelik uit Fowler (1981) se werk dat mense geloof op verskillende maniere ervaar en dit in verskillende fases beleef. Die verskillende fases van geloofsontwikkeling bepaal ook die manier waarop mense die gebruik van die Bybel in terapie ervaar. Gribbon (1993:25) herinner daaraan dat egte geloof nie ‘n saak van ouderdom is nie. Oor die algemeen word die geloof van vroeë volwassenes gekenmerk deur bevraagtekening van waardes en religie.

Die verskillende fases moet ook nie verstaan word as fases van die geloofsinhoud self nie. Die bedoeling in die pastoraat is ook nie om die persoon vanaf een fase in ‘n daaropvolgende fase te laat ontwikkel nie, maar om die geloof te integreer binne die spesifieke eise van ‘n bepaalde fase. Elke fase kan dus dien as ‘n riglyn wat die menslike behoefte en ontwikkeling met sy eiesoortige eise op daardie stadium skerper verstaan en verhelder (Louw 1999:371). Fowler se teorie bring volgens Louw (1999:369) mee dat hy geloof as ‘n empiriese verskynsel beskou. Geloof as sodanig is ‘n waarneembare verskynsel wat via menslike gedrag bestudeer kan word. Postmoderne pastorale perspektief sal nie geloof sien as ‘n waarneembare verskynsel wat via menslike gedrag bestudeer kan word nie. Geloof mag nie as ‘n empiriese verskynsel gesien word nie. Fowler se model sal slegs gebruik word om beter insig oor adolessente se geloofsontwikkeling en verskillende ontwikkelingstadia te kry. Fowler se korrelasieteorie kan in postmoderne pastoraat nie dien as finale kriterium vir die beoordeling van die aard en graad van geloofsvolwassenheid nie.

#### 4.4.6.2. Capps se diagnostiese model

Alhoewel die postmoderne denke glad nie geneë is om enigsins die term “diagnose” te gebruik nie, bied Capps (1980) se model wel waardevolle insigte in pastoraat met adolessente, veral omdat hy daarvan oortuig is dat die pastoraat nie net ‘n diagnostiese funksie het nie, maar ook ‘n hermeneutiese funksie. Die

funksie van diagnose is vir hom juis hermeneuties: dit wil die menslike handelinge verstaan en interpreteer vanuit die perspektief van sorg. Daarom is ‘n pastorale diagnose vir hom nie gerig op die interpretasie van die objek van die pastoraat nie, maar op die interpretasie van die subjek van die pastoraat, naamlik pastors en hulle pastorale selfverstaan (Capps 1980:59).

Capps (1980:76) is van mening dat wanneer diagnose beteken dat daar akkurate diskriminasie beoefen word om die regte ding te doen, word dit ‘n essensiële aspek van pastorale werk. Die pastor se werk is om onderskeidings te maak en dan te werk met die onderskeidings. Vir Capps reflekteer die term “diagnosis” ‘n lang en sentrale taak van die Christelike bediening. Dit is om akkurate onderskeidings te maak en verantwoordelik daarop te handel. Die sleutel tot diagnose is in die verhouding tussen pastors en pastorante (Capps 1980:76). Capps vind aansluiting by Erikson se epigenetiese groeimodel en probeer dan om ‘n verband te lê tussen ‘n persoon se psigososiale ontwikkeling en belangrike teologiese temas. Capps wil riglyne vir ‘n pastorale diagnose lê deur ‘n korrelasie tussen hierdie psigososiale temas en teologiese temas te vind. Die pastor kan hierdie temas as ‘n interpretasieskema gebruik om die persoon te help om die konflikte in haar of sy situasie in die lig van teologiese temas beter te begryp.

Volgens Erikson bestaan die sosialisasie proses uit 8 fases. Elke fase is deur hom gesien as ’n psigososiale krisis wat ontstaan en oplossings eis voordat die volgende fase bevredigend onderhandel kan word. Bevredigende leer en oplossing van elke krisis is nodig as ‘n persoon wil aanbeweeg na die volgende fase. Ek noem vervolgens net die fases en daarna bespreek ek die adolessente fase:

- vertroue versus wantroue (0-2 jaar)
- outonomie versus skaamte (2-4 jaar)
- inisiatief versus skuldgevoelens (4-6 jaar)
- prestasie versus minderwaardigheid (6-12 jaar)
- identiteitsverwerwing versus identiteitsverwarring (12-18 jaar)

- intimiteit versus isolasie (18-25 jaar)
- generatiwiteit versus stagnasie (25-60 jaar)
- integriteit versus wanhoop (60 plus jaar)

By elke fase van Erikson se ontwikkelingsteorie word die individu gekonfronteer met twee moontlike keuses. Terwyl die positiewe verkieslik is bo die negatiewe, glo Erikson (1963:31) dat die ideaal is om 'n oorheersing van die eerste kwaliteit te kry maar dat daar ook 'n bietjie van die tweede teenwoordig moet wees. Capps (1980:75-100) gebruik hierdie model van Erikson om riglyne vir 'n pastorale diagnose en 'n korrelasie tussen hierdie psigososiale temas en teologiese temas te vind. Pastors kan hierdie temas as 'n interpretasieskema gebruik om pastorante te help om die konflikte in hulle situasies beter te begryp in die lig van teologiese temas. Die temas is die volgende in dieselfde volgorde as die fases van Erikson:

- voorsienigheid
- genade
- bekering
- roeping
- geloof
- gemeenskap
- toewyding
- bewussyn van die Heilige

Die temas word nie gehanteer as finale kriteria nie, maar as rigtingwysers in pastors se gedagtewêreld ten einde te help om dit wat hulle in hulle pastorale situasie waarneem, beter te orden.

**4.4.7. Die hermeneutiese benadering**

Die ontwikkelingslyn van hermeneutiese pastoraat kan teruggespoor word tot aan die begin van die negentiende eeu, tot by die Duitse teoloog en filosoof,

Friedrich Schleiermacher (1768-1834). Schleiermacher (1922, vertaal deur Baillie) was die eerste vir wie hermeneutiek nie alleen uitlegkunde was nie, maar ook die leer van die verstaansproses. Die gedagte om pastoraat as ’n hermeneutiese proses te sien, word veral deur Veltkamp in sy boek *Pastoraat als gelijkenis* uitgewerk. Volgens hom tree die pastor in hierdie hermeneutiese proses op as ’n gids en is hy of sy saam met mense op soek na die betekenis van hulle lewensverhaal in die lig van God se Verhaal. “Pastoraat beteken dan om mense te help om “in het licht van het christelijk geloof tot verstaan te komen” (Veltkamp 1988:229).

’n Hermeneutiese aanslag beteken dat die pastoraat minder by die verklaring van probleme betrokke is, en meer by die verstaan van menslike probleme. Die hermeneutiese paradigma wil getraumatiseerde adolessente, binne hul leefkonteks, die sin en betekenis van die God-mens-verhouding laat ontdek. ’n Hermeneutiese aanpak wil nie soseer verklaar nie, maar wil verbande ontdek met die oog op singewing (Louw 1999:23). Dit is pastors se taak om mense te help ‘in locating their personal stories within the framework of the Christian story” (Capps 1993:1).

Die hermeneutiek benadruk interpretasie en verstaan. In die verstaansgebeure word tradisie en ervaring met mekaar verbind. Die waarheid is relasioneel. Dit word gevorm in die wisselwerking tussen subjek en objek, ervaring en tradisie. Dit gaan in die pastoraat vir die hermeneutiese pastors ten diepste om beide die verstaan van mense en die verstaan van die evangelie asook die betekenis van God se wil vir mense se spesifieke situasies. In hierdie studie gaan dit om die verstaan van getraumatiseerde adolessente en hoe die pastor hulle kan bystaan, vertroos en help om hulle geloof in die besondere situasie toe te pas. Dit wil aan pastors rigting gee om saam met adolessente wat getraumatiseer is deur die trauma te werk.

Daar is verskeie eksponente van die hermeneutiese benadering soos:

**4.4.7.1. Heitink se bipolêre spanningsmodel**

In ’n soeke na ’n pastorale model wat nie in die eensydigheid van die kerugmatiese sielsorg van Thurneysen (1888-1978) aan die een kant en die kliënt-gesentreerde beraad van Hiltner (1933-2007) aan die ander kant (Heitink 1979:174) val nie, wend Gerben Heitink (1993:51) ’n poging aan om ’n sintese te bewerkstellig tussen die kerugmatiese standpunte van Thurneysen en die eduktiewe benadering van Hiltner as ’n verbreding van die tradisionele pastoraat. Die bipolêre benadering is volgens Heitink (1983:175) ‘n proses waar ‘n mens op teologie, sowel as op psigologie kan reflekteer. Die twee pole (God aan die een kant en die mens aan die ander kant) word onderskei maar nie geskei nie. Albei is betrokke by mekaar. Alhoewel die term “bipolêr” ’n spesifieke beskrywing van Heitink (1983:15) vir die pastoraat is, kan dit ook geld as ‘n versamelnaam vir die benadering van al die skrywers wat op die kontinuum tussen die bogenoemde twee benaderings kies om inklusief met God se openbaring en die menslike eksistensie te werk. Dit is vir Heitink belangrik dat die pastoraat sy eie identiteit binne die spanningsverhouding met ander hulpverleningsdissiplines sal ontdek en beskryf. Heitink meen dat Bybellees en gebed nie geïgnoreer moet word nie, maar dat terwyl die verhaal van God met die mens enersyds teologies verhelder word, die verhaal van die mens andersyds psigologies verdiep moet word. Die twee is verskillende verhale, maar soms spring daar ’n vonk oor van die een na die ander. Die een taal of verhaal vloei oor in die ander en in die tussenmenslike ontmoeting word iets ervaar van die ontmoeting met God. Hier kom Otto se godsdiensbelewenis (vergelyk Hoofstuk 4) en die narratiewe model (vergelyk Hoofstuk 6) bymekaar uit. Heitink (1983:75) verstaan onder pastoraat: “...dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om – in het licht van het evangelie en in verbondenheid met de gemeente van Christus – met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen”. Die pastor moet vanuit die Woord van God die gelowige in al sy verhoudinge bedien en van hulp wees om in alledaagse probleme herderlik begelei en versorg te word. Daar word ook verwys na pastoraat as hulpverlening (Heitink 1998:33).

Die waarde van Heitink se bipolêre aanpak is dat hy die pastorale teologie se oë opnuut oopmaak vir 'n ambivalente spreekwyse, veral wanneer dit oor die mens in sy verhouding tot God gaan. Die mens is sondaar en bedelaar en beweeg binne die breëre polaritiet van skepping en herskepping. Die pastoraat werk met die mens in sy skuld asook met sy totale eksistensiële nood. Elke mens het die ingeboude behoefte na 'n godheid en in hierdie studie word die godheid gekonkretiseer deur God. Wanneer 'n mens voor die Heilige te staan kom, besef hy of sy hoe klein hy of sy is (vergelyk in hierdie verband Hoofstuk 4). Die evangelie word voltrek in woord en daad en word uitgedruk in 'n profetiese spreke (verkondiging) asook 'n priesterlike diens (empatie en diakonie). Die evangelie skenk heil (vergifnis) asook genesing (totale herstel). In werklikheid gaan dit in die evangelie, daarom ook in die pastorale berading, oor twee komponente van hulpverlening: geloofs- sowel as lewenshulp. Daarom behoort Heitink se benadering pastors bewus te maak van die waardevolle insette van die psigologie en die bydrae wat dit met betrekking tot die getraumatiseerde adolessent kan maak.

#### 4.4.7.2. Capps se Psalm-, Spreuke- en gelykenismodel

Hierdie studie vind dat Capps se model bruikbare insigte bied met die oog op die getraumatiseerde adolessent en veral omdat dit ooreenstem met die narratiewe model om die mens en God se verhaal inmekaar te vleg ten einde sin te maak van die trauma. Donald Capps, pastorale teoloog voorheen van die Princeton Theological Seminary, is 'n eksponent van die hermeneutiese pastoraat. Capps (1980:22) is in reaksie teen die kerugmatiese en noutetiese pastoraat en waarsku teen te sterk verkondigende taalgebruik. Hy is van mening dat sekere woordgebruik wat algemeen aan prediking is, nie geskik is vir berading nie. Hy onderskei tussen drie basiese modelle wat in Skrifgebruik na vore tree. Hy onderskei tussen die Psalm-, Spreuke- en gelykenismodel (Capps 1980:100-135). Sy Psalm- en gelykenismodel van pastorale berading is geskik vir getraumatiseerde adolessente. Ek bespreek vervolgens eers die Psalm-model en daarna die gelykenismodel. Wanneer ek die gelykenismodel bespreek, werk

ek James Dittes (1967, 2004) se gelykenismodel by aangesien Capps en Dittes se modelle baie ooreenkom en mekaar aanvul. Hier volg 'n bespreking van die modelle:

- **Die Psalm-model van pastorale berading**

Hierdie model is gebaseer op die non-direktiewe siening van verkondiging. Dit was die dominante Bybelse model vanaf 1950 tot 1960 en word ondersteun deur enorme populariteit van die psigoterapeut, Rogers se kliëntgesentreerde beradingsmetode. Die berader se taak in hierdie model is om te empatiseer met die gevoelens van die pastorant. Hierdie model toon aan dat dit nie die pastor se taak is om te moraliseer of algemene en konvensionele verduidelikings te gee oor waarom die pastorant moet ly nie. Die pastor se taak is om te verstaan en om daar te wees en saam met die pastorant te ly. Die kliëntgesentreerde metode is soos die Psalm-model. Dit steun nie op aktiewe pogings om in te gryp in die pastorant se lewe nie, maar is afhanklik van die terapeutiese waarde daarvan om gevoelens aan 'n persoon wat verstaan, te kommunikeer. Psalms gee ook nie spesifieke verduidelikings vir pastorante se trauma nie. Hulle effektiwiteit kom tot reg wanneer iemand se angs gekommunikeer word (Capps 1980:130). Daarom kan die Psalms gebruik word vir die verkenning van die getraumatiseerde adolessent se gevoelens. Hiltner meen dat die pastorant insig in sy gevoelens kry deur die gebruik van die Psalms (Hiltner 1972:34). Carroll Wise (1956:54) skryf in hierdie verband: "We can feel the psalmist's cry of desperation and utter distress, the sense of agony and helplessness. We can empathize with the psalmist's conflicting feelings about God."

- **Die gelykenismodel van pastorale berading**

Ek bespreek die gelykenismodel omdat dit aansluit by die narratiewe model wat die mens se verhaal in God se verhaal wil inweef. Hierdie gelykenismodel pas ook aan by die herstruktureringsmodel wat in Hoofstuk 7 as gekose pastorale model voorgehou word. Dittes (1967) se werk: *The church in the way, minister on the spot*, reflekteer die gelykenismodel. Hy bespreek die geval van 'n

Sondagskoolonderwyser wat kwaad geword het toe twee seuns ’n goed-beplande drama-les oor die verlore seun ontwrig het en in ’n hoek gestoei het. Terwyl sy gedink het hoe sy hulle kan dissiplineer, het sy skielik ontdek dat hier ’n werklike drama binne ’n drama ontvou. In hierdie geval het Jesus se gelykenis ’n bron van insig in die relevansie van die seuns se gedrag op die les gebring en dit het bygedra tot die onderwyser se verandering teenoor die seuns se gedrag (Dittes 1967: 88 ).

In sy werk, *When people say no*, fokus Dittes (2004:5) op kenmerke van ’n gelykenis wat die volgende insluit:

● Dit wys op ’n gebeure waarvan die betekenis nie dadelik vir die luisteraars ooglopend is nie. Iets gebeur in die gelykenis wat tipies eindig met ’n veranderde verhouding tussen die deelnemers in die gebeurtenis. Ná die gebeurtenis is hulle verhouding permanent verander.

● Die betekenis van die gebeure word gekommunikeer deur die verhaal self, veral in sy details. Die gelykenis se betekenis is nie iets wat aangelas is nie, maar in die verhaal ingeweef is.

● Die gelykenis het ’n oop einde. Dit eindig nie met die vertel van die verhaal nie.

● Die gelykenis beklemtoon insig as ’n voorwaarde van verandering. Nie alleen kry karakters in die verhaal insig in hulself nie, maar die gelykenis daag luisteraars uit om nuwe insig in hulself, die wêreld en God te kry.

● Die gelykenis is herskeppend omdat dit die hoogtepunt bereik in die hersamestelling van waarnemings.

● Dit draai die mens se gewone manier om van hoe hy of sy ’n situasie in die lewe waarneem en dit daag die persoon uit om dit in ’n ander lig te sien. Dit bring ons by herstrukturering (vergelyk in hierdie verband Hoofstuk 7).

Capps (1980:132) is van mening dat die gelykenismodel êrens tussen die Spreuke- en die Psalm-model in terme van metode val. Soos Jesus se gebruik van verhale aandag vestig op die koninkryk van God, is dit in essensie indirektief. Suggesties word gemaak in ’n gees van ontdekking en verkenning eerder as van vermaning. Soos die non-direktiewe vorms van berading het die indirektiewe modelle oop eindes en is hulle insig-georiënteerd. Hulle is egter meer besorg oor skerpsinnigheid, terwyl die bespreking ’n opmerkbare verandering het. Die non-direktiewe model lê klem op die verkenning van gevoelens terwyl die indirektiewe model fokus op waarneming en waarneembare herstrukturering. Die postmoderne pastorale perspektief ondersteun die non-direktiewe en die indirektiewe manier omdat dit oop eindes het en omdat insig met verloop van tyd ontdek kan word (Capps 1980:147) Albei het oop eindes en bring insig. Indirektiewe berading gee meer aandag aan punte in die dialoog wat verandering suggereer as aan waarneembare herstrukturering wat die herstrukturering van Gods-, wêreld- en selfwaarnemings insluit (Capps 1980:80). Soos wat die gelykenis ontvou, begin die luisteraar besef dat dit nie ’n interessante verhaal is nie, maar een wat iets van die luisteraar vereis. As mense na die gelykenis *luister* sal hulle lewe noodwendig verander. Dit sal ’n massiewe herstrukturering ondergaan. En hierdie herstrukturering is grootliks waarneembaar in aard. Terwyl die gelykenis sorg vir verandering van gevoelens of verandering in sigbare gedrag, is die herstrukturering hoofsaaklik een van waarneming. ‘n Mens kyk deur ’n ander lens na jouself en die wêreld (vergelyk Hoofstuk 7). Hierdie herstrukturering is permanent. Capps (1980:154) is van mening dat die gelykenisse nie eintlik oor God en geestelike sake handel nie en dat die mense se aksies nie kenmerkende godsdienstige dade is nie. Dit gaan egter indirek oor die Koninkryk van God:

> The parable tells about individuals making decisions at critical junctures in their lives, but the listener senses that the story is something more than a wage dispute, a wedding party, or even an act of compassion and this something more is the activity of God in the world. The parable is indirectly about God …
>
> (Capps 1980:155)

### 4.4.8. Sosiale konteks benadering

Eksponente van hierdie benadering is onder andere David Atkinson (1988), die letterkundige wat op godsdienstige prosa spesialiseer, Francis Bridger (1988), die hoof van die Trinity Theological College in Bristol en spesialis in pastorale sorg, die sosiale en pastorale teoloog Elaine Graham (1992) en Carrie Doehring (2006) professor in pastorale sorg en berading by die Universiteit van Denver.

Hierdie studie bespreek Bridger & Atkinson (kyk 1988) se pastorale perspektief omdat dit 'n belangrike element van die postmoderne pastoraat, naamlik die sosiale konteks van berading, beklemtoon. Maar eers 'n kort historiese oorsig oor berading gesien vanuit hulle perspektief. In die Ou Testament vind 'n mens ook beraders. Soms was hulle beraders van die koning en het hulle met gewyde wysheid gepraat en deel gehad aan politieke sake. Baie van hulle leringe was om mense te help om sin van hulle lewe te maak en om die onsekerhede van die lewe te hanteer (Bridger & Atkinson 1988:117-126). In die Nuwe Testament word die Heilige Gees "berader" genoem (Joh 14:16,26; 15:26). In die Nuwe Testament sluit "paraklein" empatie, luister, bemoedig en leiding in. In die Christelike tradisie sluit die betekenis van die woord *berading* 'n wye verskeidenheid van bedieninge in, wat 'n mens vandag "sorg" sou noem. Dit is gebruik vir aanhoudende geestelike rigting, en ook vir krisis-ingrype. Dit is eers die afgelope paar jaar dat die woord *berading* 'n meer beperkte betekenis gekry het (Bridger & Atkinson 1988:117-126). Christelike berading word nou algemeen beskou as een aspek van die Christelike omgee/sorg bediening. Dit is as gevolg van die opkoms van die kliniese sielkunde (veral Freud en Jung) en deur die ontwikkeling van die pastorale psigologie bewegings in Brittanje en die

Verenigde State van Amerika en deur die proses van sekularisasie dat geestelikes onbevoeg begin voel het. So het die woord *berading* begin om uit die kerk uit te beweeg en in die sekulêre professionele wêreld in te gaan. 'n Groot deel van sorg en berading in die sekulêre wêreld is probleemgesentreerd. Waar die geskiedenis van die kerklike bediening die sorg baie wyer en breër gesien het, is dit nou besorg oor die oplos van probleme en krisisse (Bridger & Atkinson 1988:117-126).

Bridger & Atkinson (1988:120) meen dat die sosiale konteks van berading belangrik is omdat pastorante hulle innerlike emosionele wêreld na buite bring deur dit met hulle pastors te deel. Terwyl pastorante hulle verhale vertel, is hulle gedwing om openbare toeganklike taal te gebruik. Getraumatiseerde adolessente wat aanvanklik nie oor hulle trauma wou kommunikeer nie, bespreek nou hulle verhaal met die pastors. So gesien is taal sosiaal. Ook is dit vir hulle belangrik om die sosiale konteks van berading te beklemtoon omdat die simbole wat die getraumatiseerde adolessent gebruik om die trauma uit te druk, nie ingebore is nie, maar aangeleer is. Dit is sosiaal gekonstrueer wat beteken dat die pastorant dit van die gemeenskap gekry het (Bridger & Atkinson 1988:88). Hulle gevolgtrekking is dus dat berading net verstaan kan word wanneer die sosiale konteks erken word, omdat mense nie immuun is teen magte in die gemeenskap nie. Bridger & Atkinson is teleurgesteld omdat die een-tot-een terapeutiese model nog so populêr in die pastorale berading is. Hulle toon in hulle werk, *Counseling in context: Developing a theological framework* (1988:90) aan dat die wortels van die een-tot-een-berading in die moderne tyd gevind kan word. Volgens hulle loop berading en industrialisasie hand aan hand. Industrialisasie het 'n manier van lewe wat vir eeue stabiel was, omvergegooi. Die opkoms van fabrieke het families en gemeenskappe geskei en hulle gemeenskaplike wortels uitgepluk. Massa migrasie om stede het getalle gegee maar sonder die gemeenskaplike bande. Die werk wat by die fabrieke gedoen is, was nie iets waaraan hulle gewoond was nie. Voor die industriële rewolusie kon families as ekonomiese eenhede gesien word, waarbinne verskeie generasies saamgewerk het om 'n inkomste vir die huishouding te

voorsien. Die werkplek was die huis en die grond om die huis. Met die koms van fabrieke het alles verander. Gesinne was nou nie meer die primêre eenhede van produksie nie. Mense het hulle huise verlaat om werk in stede te kry. Individue het hulle geld op ander plekke as in hulle huise verdien. Die werk het geïndividualiseerd geword met elke werker wat 'n klein rolletjie in die produksiesisteem gespeel het. "Each worker became a world unto him- or herself" (Berger 1992:87). Hulle het nie meer 'n verskeidenheid van vaardighede aangeleer nie, maar moes net een bemeester. Hierdie ontwikkeling het 'n belangrike gevolg gehad deurdat dit menselewens in verskeie segmente verdeel het. By die werkplek was hulle 'n werker en by die huis 'n eggenoot en by die kroeg 'n vriend of vriendin. Individue het so 'n aantal *rolle* begin speel, afhangende waar hulle hul bevind het. So word hulle lewe gefragmenteerd. Die resultaat was dat die individu verward was oor sy rol in die gemeenskap en sy waarde. Berading het 'n belangrike sosiale rol ingeneem met onder andere die volgende funksies (Bridger & Atkinson 1988:73-78):

- Dit moes individue help om hulle persoonlike identiteite te ontdek en te herstel

- Dit moes individue help om te identifiseer en te verduidelik wat met hulle gebeur sodat hulle dit kan verwerk. So het berading 'n een-tot-een-handeling geword. In die moderne era kan die groei van individualisme na drie hoof-filosofiese skole nagespoor word:

- **Biologiese individualisme**

Die mees natuurlike eenheid van onafhanklikheid is die individu. Die mens word as individu gebore en sterwe as 'n individu. Descartes (1596-1650) meen dat slegs die individu kennis van die wêreld en realiteit kan kry (Descartes 1637, vertaal deur Smith 1954). Volgens hom beteken dit nie dat daar nie iets soos 'n kollektiewe kennis is nie, maar sulke kennis is die somtotaal wat deur individue gekry word. Individualisasie is die grondslag vir enige soort kennis (Cottingham, Stoothoff, Kenny & Murdoch 1988:567).

- **Psigologiese individualisme (Descartes tot Freud)**

Vir Descartes (1637, vertaal deur Smith 1954) is die verstand en liggaam verskillende komponente in die menslike organisme en die verstand is belangriker as die liggaam want dit sê wie die werklike persoon is terwyl die liggaam dien as die meganisme waarin die persoonlikheid gedra word (Cottingham, Stoothoff, Kenny & Murdoch 1988:567). As die verstand belangriker is, is dit die taak van die psigologie om die verstand, onafhanklik van die liggaam te hanteer. So het die psigologie slegs besorg geword oor die herstel van die mens se verstand, terwyl hulle die liggaam vir die mediese wetenskap gelos het.

Min individue het so 'n groot invloed op die 20ste eeu gehad as Freud (1894, 1905, 1924, 1925, 1974). Sy invloed op die individualistiese tradisie was enorm. Hy het probeer om die psigologie as wetenskap te bewys. Sy benadering is 'n kombinasie tussen die biologie, geneeskunde en die sielkunde. Freud (1924, 1925, 1974) se benadering lei tot psigologiese individualisme omdat die komplekse geheel van die mens in dele afgebreek word. Sy terapie is gebaseer op die een-tot-een-onderhoud tussen kliënt en berader. Die doel van die berader is om die kliënt in staat te stel om die psigoanalitiese balans te bereik Die doel van die berader is dan om die psigiese energie in die kliënt te help vrylaat sodat die kliënt kan herstel. Freud se teorie is van die begin tot die einde, van voorveronderstellings tot praktyk ten volle individualisties en dit is die aannames wat die Christelike berading heelhartig aangeneem het.

### 4.4.8.1. Die sosiale individualisme van die 17de en 18de eeuse sosiaal teorieë

Gordon Graham (1988:29) omskryf sosiale individualisme as "the belief that societies consist in nothing more than individual human beings" (Graham 1988:29). Hiervolgens word die essensiële natuur van mense daarin gevind dat elke persoon as 'n aparte selfbesturende eenheid gesien moet word. Die individu is primêr en die gemeenskap is sekondêr. Die Reformasie maak die konsep van individuele vryheid van gewete aantreklik (Plamenatz 1963:6,10).

John Locke en Jean Jacques Rousseau se denke vorm die basis van die Amerikaanse - en Franse Rewolusie en hulle radikale individualisme het die moderne wêreldsiening beïnvloed (Bridger & Atkinson 1988:105). Locke en Rousseau meen dat die gemeenskap mag het oor die individu omdat die individu die samelewing die reg daartoe gegee het (Bridger & Atkinson 1988:106). Vandag nog is hierdie idee belangrik in die Westerse wêreld. Demokratiese institute en veronderstellings is direk gevorm deur die oortuiging dat die staat bestaan ter wille van die individu en nie omgekeerd nie. Individualistiese denkrigtings van pastorale berading en die kerklike lewe het nie in isolasie ontstaan nie. Die individualistiese tradisie waaruit die moderne berading gegroei het, het sterk wortels (Bridger & Atkinson 1988:110).

Deur die voorafgaande het dit duidelik geword dat die individualistiese teorieë in die sosiale, politieke, psigologiese en natuurwetenskappe getriomfeer het. Die gevaar van ‘n een-tot-een-manier van berading word deur Leech (1981:80) uitgelig wanneer hy redeneer dat wanneer die doel van berading net gesien word as die oplossing van die probleem en om getraumatiseerde adolessente te help om aan te pas ná die trauma, sal ‘n mens die sosiale oorsake van die trauma ontwyk. Berading mag die individu in staat stel om die onregverdige toestande te hanteer en met sy/haar lewe aan te gaan, maar dit mag nie ’n plaasvervanger wees vir die hantering van die strukture nie. Hy daag die kerk uit:

> It seems that Christian theology needs to ask questions about the politics of therapy and counseling. What are therapy and counseling actually doing about the problems confronting human society? Are they in fact simply helping people to be well adjusted in a society whose fundamental values and interests remain unquestioned?
>
> (Leech 1981:80)

Postmoderne pastoraat weier om die sosiale strukture wat onregverdig is, te aanvaar en strewe daarna om krities teen sosiale strukture te wees en indien

nodig profeties op te tree. So sal beraders sosiale strukture wat onderdrukkend is, identifiseer en poog om dit te verander. Volgens Leech (1981:80) kan heelword en geregtigheid nie geskei word nie. Die postmoderne perspektief op pastoraat meen dat ware menswees net te vind is in die gemeenskap. Die individu word mens wanneer hy in verhouding met ander mense is. Die oorsprong van die woord *persoon* kom uit die konteks van die klassieke teater. Die Griekse woord *prosopon* en ook die Latynse woord *persona* verwys na ’n akteur se masker wat op die verhoog gebruik word om aan die akteur se rol betekenis te gee. Dit verwys na die idee om ’n rol te speel. Vir die Romeine beteken die woord *persona* die sosiale rol wat deur die individu vervul word deur sy verhouding met ander. Sulke verhoudings word omskryf deur die gemeenskap en nie deur die individu nie. Die idee van individuele identiteit wat los is van die sosiale identiteit was ondenkbaar (Bridger & Atkinson 1988:111-135). Oakes (1996:22-26) argumenteer dat ‘n mens die klassieke betekenis van *persona* moet neem as ’n masker wat die persoon dra wanneer hy of sy toneel speel. Wanneer dit in daardie lig gesien word, word ‘n mens gelei na die idee van ’n storie. Die *persona* is ’n karakter in ’n toneel wie se identiteit omskryf word deur die interaksie tussen hom of haar en die toneel. Hy of sy is nie net ’n gesig nie, maar ’n karakter wat kom en gaan met betrekking tot die toneel. Die identiteit van die *persona* word verkry uit sy of haar verbintenis met die karakter in die drama (Bridger & Atkinson 1988:117). Volgens Bridger & Atkinson (1988:110) is die identiteit van die mens in die werklike lewe ook gebonde aan sy narratiewe verhaal. Die individuele persoon word gedefinieer deur sy of haar geskiedenis in die samelewing. Al vind elke individu sy of haar identiteit in verhouding met ander mense, verskil sy of haar identiteit van dié ander. Elke individu se geskiedenis word egter ook nie in isolasie van ander s’n geskryf nie, maar in verhouding met ander. Net soos daar in ’n toneelstuk geen enkele masker los van die ander bestaan nie, so bestaan daar ook in die alledaagse lewe geen enkele persoon los van sy of haar verhouding met ander nie.

Graham (1992:19) toon aan dat ook pastorale sorg nie bloot van ’n individuele benadering gebruik kan maak nie, maar geforseerd is om probleme

kontekstueel te benader. In pastoraat beteken hierdie verskuiwing ’n hernude evaluering van die geloofsnetwerk in die kerk as liggaam van Christus, wat die Skrif die onderlinge sorg vir mekaar en die positiewe invloed van *koinonia* noem. Daar is ’n verskuiwing weg van ’n eensydige professionele benadering na die onderlinge versorging van die gelowiges. Vir Graham (1992:25) moet pastoraat meer konsentreer op hulp en onderlinge versorging binne die gemeenskap van gelowiges. Sy noem dit: “concern for the corporate process of care in the community of faith and the revolt against modern consciousness, including its psychological paradigm” (Graham 1992:32). In die wedersydse opbou van mekaar en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir mekaar, word die volwasse persoon in Christus gevorm.

Doehring (2006:156) is van mening dat pastorale sorg die taak van die pastor en ander gelowiges binne die gemeente is. Sy beklemtoon die feit dat pastors gebruik moet maak van die troospotensiaal wat in die gemeenskap van gelowiges skuil. Binne die liefdeskoinonia van die gemeente, die liggaam van Christus, moet gelowiges aangemoedig word om mekaar te ondersteun en aktief by getraumatiseerde adolessente betrokke te raak (Doehring 2006:160). Die beste plek vir berading is ’n terapeutiese gemeenskap soos die kerk waarvan die spesialis een deel kan wees. In trauma veral is die gemeenskap belangrik.

Emile Durkheim (1858-1917), ’n Franse filosoof en sosioloog, suggereer in sy boek *Suicide* (1897:110) dat geweld ’n produk is van mense se ontkoppeling van ander mense en van die morele gemeenskappe waarvan hulle deel is. Hy bevind dat daar meer selfmoord (geweld teen jouself) in Protestantse lande as in Katolieke lande is omdat die Protestantse gemeenskappe fokus op die individu en mense so los om alleen klaar te kom in tye van krisisse. Katolieke lande aan die ander kant is meer gemeenskapsgeoriënteerd en die groep voorsien so vir mense ’n ondersteuningsisteem in tye van krisisse en stres. In die era van “ hi-tech” benodig mense “hi-touch”.

### 4.4.9. Die herstruktureringsmetode

Hierdie metode het as doelwit om dinge in ‘n nuwe lig of vanuit ‘n nuwe perspektief te sien. Hierdie metode word in Hoofstuk 7 in detail bespreek omdat die pastors wat hierdie metode gebruik slagoffers van traumatiese gebeure begelei om hulle trauma in ‘n positiewe lig te herstruktureer ten einde weer hoop te vind.

### 4.4.10. Die lewensverhaalmodel

Hierdie model word in Hoofstuk 6 in detail bespreek; daarom word hier slegs enkele elemente uitgelig soos onder andere die beradingsessie, die pastor se rol in die pastoraat en die klem op sin-maak na trauma. Heitink (1998:69) sê dat die narratief ’n vertakking binne die hermeneutiese stroming is. Berading het belangrik geword in die moderne samelewing omdat dit maniere verskaf hoe individue kan leer om hulle eie lewensteks te lees en so betekenis en doel te kry. Die hermeneutiek help om sin te maak uit die traumatiese gebeure. Die rol van die berader word verwant daaraan om ’n boek of dokument te verstaan en te verduidelik. Maar in die geval van die berader werk hulle nie met die geskrewe teks nie, maar met ‘n “life text” (Ricoeur 1984:25). Hy skryf: “The analytic situation selects from a subject’s experience what is capable of entering into a story or narrative. In this sense case histories as histories constitute the primary texts of psychoanalysis” (Ricoeur 1984:26).

Helen Sterk (1993:192) toon aan waarom die vertel van ’n lewensverhaal belangrik is: “Because it can give coherent shape to human events and make human actions understandable, narrative form helps people to feel that they understand their world”. Dit is waarom pastors vra na die pastorante se verhaal – nie om meer oor hulle te weet nie. Pastors en pastorante het nodig om na die drade van betekenis en doel, soos hulle dit sien, te kyk wanneer hulle hulle verhaal vertel. “Narrative form knits events together, connecting them from beginning to middle and end, creating a seamless sense of purpose and coherence” (Sterk 1993:193).

Capps is van mening dat wanneer pastorante hulle verhaal aan die pastor vertel, berading 'n narratiewe inslag kry (Capps 1994:55). Persone se ervaring van die lewe en spesifieke probleme is ingebed in 'n netwerk wat iets vertel van die persoon se lewensverhaal. Elke persoon leef binne 'n eiesoortige konteks waaraan 'n spesifieke reeks gebeure wat hulle lewens beïnvloed, gekoppel is. Trauma in die verlede, interaksiepatrone binne gesinsverband, geloofs- en lewensbeskoulike voorveronderstellings en groepsbelange binne 'n kultuurkonteks speel alles 'n belangrike rol in 'n persoon se godsdienstige vorming. Dit is dus vir die pastoraat belangrik om van 'n volledige gevallestudie gebruik te maak ten einde 'n persoon te verstaan binne die konteks van sy lewensgeskiedenis (Louw 1999:365).

Gerkin (1984:26) meen dat pastorale beraders met 'n postmoderne perspektief op drie maniere aansluiting vind by die narratiewe model. Eerstens is hierdie beraders luisteraars van die verhale. "Persons seek out a pastoral counselor because they need someone to listen to their story" (Gerkin 1984:26). Tweedens is hulle interpreteerders van verhale:

> Those in search of counseling are desperately seeking someone who can offer a new interpretation of the seeker's story which has become too painful to bear. The search is for a listener who is an expert at interpretation, one who can make sense out of what has threatened to become senseless, one whose interpretation of the story can reduce the pain and make the powerful feelings more manageable.
>
> (Gerkin 1984:27)

Derdens is die berader 'n draer van die storie en dit is direk relevant vir die postmoderne perspektief op pastoraat.

> The pastoral counselor does not come empty-handed to the task of understanding the other's story and offering the possibility of a new interpretation. The pastoral counselor brings his or her own

> interpretation of life experience with its use of both commonly held symbols, images and themes from the cultural milieu of the counselor, and the private, nuanced meanings that have been shaped by the pastoral counselor's own life experience and its private interpretation. Not only that, the pastoral counselor brings to the task whatever he or she has collected from the image, concepts, theories and methodologies of the disciplines that undergird pastoral counseling – theology, psychology, communications or systems theory, and the like.
>
> (Gerkin 1984:27-28)

Gerkin maak dit duidelik dat berading nie 'n een-tot-een-ervaring is nie. Albei, die berader en die pastorant, is draers van gemeenskapverhale. Die voorraad van beelde, simbole en taal wat pastorante gebruik om ervarings te vertel of wat beraders gebruik om dit te interpreteer is 'n gemeenskapsvoorraad.

McKeever (1987:120) meen dat in 'n diagnostiese benadering die volgende vyf belangrike sleutelareas ondersoek moet word:

i. Die pynpatrone van 'n persoon: die hoeveelheid lyding en pyn wat 'n persoon verduur het, of die afwesigheid daarvan;
ii. Die persoon se vermoë om 'n besluit te kan neem en hom met toewysing aan 'n saak te verbind;
iii. Komponente in 'n persoon se lewe wat dui op binding en bevryding;
iv. Die sterkte of swakheid van 'n persoon se identiteit; en
v. Hulle bestaande persepsie van die werklikheid.

Dit maak die pastor bewus daarvan dat 'n probleem ingebed is binne 'n breër veld van historiese gebeure. Vir die verheldering van 'n probleem en die verstaan van 'n persoon is dit inderdaad noodsaaklik om hulle lewensverhaal te hoor.

Oates (1974:224) verwys na die belangrikheid van 'n persoon se godsdienstige reaksies op betekenisvolle gebeure gedurende hulle

lewensgeskiedenis. Die kind se reaksie op haar gesinsomgewing en die invloed van opvoeding op 'n kind se geloofsisteem is 'n faktor wat beslis deur die pastor in ag geneem moet word.

Pastorale beradingsessies sluit noodwendig 'n diagnostiese element in. Sonder hierdie element kan berading nie 'n verandering van verstaan na aksie bring nie. Postmoderne denke bied 'n uitdaging aan pastorale berading. Daar is die uitdaging dat elke pastorant of pastor 'n verhaal het om te vertel. Somtyds word daardie verhaal vertel deur 'n formele gevallestudie van die pastorant, of by tye vertel die pastor sy eie verhaal sodat die pastorant iets kan verstaan. Alhoewel pastorante se verhale miskien nie op daardie stadium vir hulle sin maak nie, is hierdie benadering binne die postmoderne denke, wat daarteen gekant is dat mense sin *kry* in gebeurtenisse. Vir die postmoderne denkende pastor gaan dit eerder daarom dat daar gepoog moet word om sin te *maak* uit die trauma.

Volgens Gerkin (1984:100) moet die pastor self 'n interpreteerder van verhale word. Die mens word volgens hom beskou as 'n "living human document" wat na God verwys. Volgens sy narratiewe werkswyse het die pastor nie die gesag om op 'n direkte wyse raad te gee of opdragte te gee nie. "But the authority to clarify, to interpret, to guide understanding remains, and upon that authority the pastor may build pastoral guidance relationships with persons in all manner of modern situations" (Gerkin 1984:100).

Die "living human document" metode van pastoraat kyk na die self en die innerlike lewe as die primêre ruimte waarbinne teologiese bewuswording gegenereer en vertroetel word. Dit is in wese 'n metode wat al eeue lank gebruik is maar wat ook in lyn is met die postmoderne perspektief. Om ervaring van die hart te verander, moet pastorante en pastors aangemoedig word om 'n dagboek of joernaal aan te hou, persoonlike briewe te skryf of verbatim verslae van pastorale gesprekke te hou, geestelike outobiografieë te skryf of ander hedendaagse vorms van kreatiewe skryf te beoefen (Graham, Walton & Ward 2005:19). Lewende menslike dokumente is oorspronklike beskrywings van ervarings wat vertel word in 'n vorm wat gelees en geanaliseer kan word en dit

sluit aan by die narratiewe benadering. Voorbeelde van lewende menslike dokumente in die Bybel is Psalm 139. Die klem word geplaas op die belangrikheid van die innerlike blootstelling soos dit tot uitdrukking kom in die teks. Daar word klem gelê op die betekenis van die self wanneer getraumatiseerdes die wêreld om hulle wil verstaan (Graham, Walton & Ward 2002:20).

Voorbeelde in die geskiedenis van lewende menslike dokumente is byvoorbeeld Augustinus wat in sy *Confessiones* 'n geskrif gee wat met elke generasie praat. Dit openbaar 'n intense verhouding met God wat vir Augustinus teenwoordig was deur sy vriende en ander mense. Sy geskrifte moedig lesers aan om na hulle eie lewe te kyk met dieselfde graad van introspeksie en die begeerte om te verstaan (Graham, Walton & Ward 2005: 24).

Briewe en joernale kan ook as lewende menslike dokumente gesien word aangesien albei die innerlike lewe en persoonlike verhouding met God kan beklemtoon. John Wesley se verhaal is geskryf vir die publiek. Hy het geskryf om sy kollegas en die volgelinge te bemoedig in 'n wêreld wat moeilik kan wees. Met briewe en joernale kan 'n intense ervaring met God in woorde omgesit word en so word 'n proses begin wat oordenkinge moontlik maak vir die aanvanklike skrywers en ook vir die lesers. Die geskrewe teks is belangrik vir die lewende menslike dokument metode, omdat die ervaringe van die lewe beskryf en geïnterpreteer word. Dit lok verdere oordenkinge uit en so word die teks 'n lewende menslike dokument wat verdere teologiese navrae genereer (Graham, Walton & Ward 2005:32). Hierdie metode bring volgens Graham, Walton & Ward (2005:33) ervarings in die lewe aan die lig sodat daar meer bewustheid rondom die self en 'n algemene verstaan van God kan kom. Om te skryf bring 'n gevoel van skeiding tussen die innerlike lewe en die eksterne teks en dit is 'n belangrike stap in hierdie narratiewe metode van pastoraat. "Writing about one's inner life becomes a conscious self-reflective activity" (Graham, Walton & Ward 2005: 33).

Verbatim verslae stel die pastor in staat om deur dialoog oordenkinge te bring. Die pastor word hierdeur in staat gestel om deur dialoog met die

toesighouer of kontroleerder die gesprek met die pastorant te oordink en om met alternatiewe intervensies en luistervaardighede te eksperimenteer. Die verbatim verslag hoef nie lank te wees nie. Dit kan ’n kort deel van ’n veel langer bespreking wees - dié deel wat die pastor onseker gemaak het en of dit wat hy of sy gesê of gedoen het wel die beste reaksie was. Die pastor sal aangemoedig word om soveel as moontlik van wat hy/sy van die bespreking onthou neer te skryf. Dit behoort stiltes en liggaamstaal in te sluit. In Gillie Bolton se boek oor oordenkende praktyke (Bolton 2001:6) vertel sy van ’n oefening wat sy gereeld gebruik met getraumatiseerdes. Sy vra hulle om vir ses minute sonder om te stop te skryf terwyl hulle die woorde wat by hulle opkom oordink. Met die aanvanklike fase is dit belangrik dat die persoon nie op ‘n kritiese manier dink oor wat hulle skryf nie. Hulle moenie bekommerd wees oor spelling of grammatika nie. Dit maak nie saak of dit wat geskryf is as gemors voorkom nie. Die doel is om besige mense wat vlug van ’n trauma die geleentheid te gee om stil te staan en daaroor te begin dink en so skep hulle die eerste vorm van ’n lewende menslike dokument wat materiaal bied vir verdere ontginning (Bolton 2001:8). ’n Ander oefening wat sy gebruik is om vir getraumatiseerdes te vra om vir ses minute oor ’n tema soos: “’n tyd wat ek ’n lewensbelangrike les geleer het”, te praat. Dit word dan in ’n veilige en ondersteunende omgewing met mekaar gedeel.

Graham, Walton & Ward (2005:40) meen dat hierdie metode van narratiewe pastorale perspektief belangrik is wanneer pastors met getraumatiseerdes werk, want hierdeur kan pastorante nadink oor hulle verhouding met God en oor hulself. Wanneer ander dan die leesstukke kry, kry hulle ook die voordeel van die inhoud van die geskrewe materiaal. So ’n geskrewe teks kan ook die skrywer in staat stel om dit ná verloop van tyd weer te lees en die self beter te leer ken deur die interaksie met dit wat vroeër geskryf is. (Graham, Walton & Ward (2005:41) meen dat moontlike kritiek op hierdie metode is dat dit nie noodwendig lei tot aksie en verandering nie, omdat hierdie metode die innerlike lewe beklemtoon. Dit gee wel insig in wat ’n belangrike bestanddeel van postmoderne pastorale perspektief met getraumatiseerdes is.

’n Postmoderne pastorale terapeut neem ’n posisie in van nie-weet-nie. ’n Houding van nie-weet staan teenoor ’n terapeutiese benadering waarvolgens die terapeut die pastorant se ervarings verstaan en stuur aan die hand van die teoretiese narratiewe waaroor die terapeut by voorbaat beskik (Anderson 2001:134). Die postmoderne terapeut is nie ’n kundige op die gebied van lewensverhale nie, van wat die eintlike verhaal (probleem) van die pastorant is of behoort te wees nie (oplossing). Die terapeut se kundigheid lê op ‘n ander terrein. Hy of sy is ’n fasiliteerder van ’n proses waarin terapeutiese verhale gekonstrueer word, om meer insig te verkry en om ’n meer hoopvolle toekoms binne te gaan.

Lifton (1983:2) skryf: “You cannot understand disasters of any kind without considering the need to give meaning and inner form to the experience, and to life thereafter.” Daar is ‘n behoefte om te weet waarom die ramp gebeur het. Tweedens is dit krities noodsaaklik dat getraumatiseerdes die betekenis van die oorlewing verstaan. Kennis is beter as om te wonder. Uitgelewer aan wisselvalligheid en ongeborgenheid, word mense oorval deur angs. Die lewe moet voortdurend geïnterpreteer en geëvalueer word in terme van sy sindimensie. Indien ’n normatiewe en rigtinggewende faktor wat die toekoms kan bepaal, ontbreek, verloor mense koers en word hulle die prooi van wanhoop (Louw 1999:91). Verbeeldingryke postmoderne pastoraat fasiliteer ’n egte soeke na sin. Dit help om betekenis te vind in die trauma.

’n Manier wat pastors kan gebruik om mense tot singewing te begelei is om die verhale van mense en die verhale van die Christelike geloofstradisie op mekaar te probeer pas (Müller 1996:29). In Müller (1996) se narratiewe model word besondere ruimte gegee vir mense se verhale. Sin word gevind wanneer kleiner verhale ’n heel verhaal word. Volgens Müller (1996:101-102) is die grond van sy narratiewe model te vind in die oortuiging dat die menslike verhaal sin maak as dit deel is van iets groters, van ’n eenheidsverhaal:

> Verandering vind plaas deur twee stories wat nie wil saamvloei nie, weer en weer te herstruktureer (oorvertel en herinterpreteer) totdat dit

> in een storie ontwikkel... Aan die hand van die elemente van 'n verhaal word 'n persoon of 'n gesin tot die vertel van die volle verhaal gelei... Daarom word mense gelei om hulle verhaal op so 'n wyse te vertel en te hervertel dat daar uiteindelik herinterpretasie en rekonstruksie plaasvind.
>
> (Müller 1996:102,104)

Veltkamp (2002:118) vra die vraag: wat is die verskil tussen die pastor en die psigoterapeut? Albei is immers hermeneuties besig om met sensitiwiteit na mense se verhale te luister en te verstaan in terme van singewingsmomente binne die verhaal. Hy antwoord deur te sê dat die verskil lê in die teologiese hermeneutiek, naamlik om 'n verband te lê tussen mense se verhale en God se Verhaal met mense. Die pastor, as die representant en referent van God se Verhaal, soek na raakpunte tussen mense se verhale en die Godsverhaal in die evangelie. Getraumatiseerdes vind dit dikwels moeilik om hulle verhale met die metaverhaal te integreer. In die pastoraat word 'n hermeneutiese proses aan die gang gesit wat dit vir mense moontlik maak om "hulle storie in die lig van die Verhaal te interpreteer" (Müller 1996:174). Daar sal vervolgens indringend na die elemente van 'n pastorale terapie-sessie gekyk word.

## 4.5. Elemente van 'n pastorale terapie-sessie

"Terapie" is wesenlik 'n Christelike saak en is nie vreemd aan die Christelike tradisie nie. Terapie was algemeen in die Nuwe Testament en maak 'n belangrike deel uit van Jesus se helende bediening. Heling, insigself, is al 'n pastorale metafoor (Louw 1999:511). Terapie is nie 'n begrip wat uitgevind is deur die mediese wêreld of die psigologie nie. Christus se eie bediening word deur die Nuwe Testament as "terapie" beskryf wanneer na die dienskneggestalte van Christus verwys word as *therapeuein.* In die Nuwe Testament verwys terapie na hulp en diens wat voortspruit uit die offergestalte van Christus se neerbuigende liefde en God se barmhartigheid (Louw 1999:427).

In die kerklike tradisie was daar 'n noue verband tussen terapie en die bieg. Die idee van belydenis en die aankondiging van bevryding van skuld en heling is steeds 'n integrale deel van die erediens en die gemeentelike liturgie. Huisbesoek kan beskou word as een van die belangrikste terapeutiese strukture van die gemeentelike bediening. As gevolg van die opkoms van psigoterapie het geweldige verskuiwinge intussen in die bediening plaasgevind. Wat vandag as terapie bekend staan binne kerklike kringe, is dikwels net psigoterapie binne 'n Christelike konteks. In 'n sekere sin het psigoterapie pastorale terapie gesekulariseer tot die vlak van psigologiese berading. Die vraag ontstaan: wat is die verband tussen Christelike terapie en psigoterapie? Binne die psigologie en ander sosiale wetenskappe word die kwessie van terapie sterk verbind aan verbale en non-verbale kommunikasietegniek. Daarom word daar dikwels na terapie as "praatterapie" verwys. Die klem op kommunikasie en gesprek het egter binne die pastoraat die effek gehad dat die tradisionele vorme van terapie in die Christelike tradisie, soos die lees van die Skrif, die gebed en onderlinge versorging van gelowiges in 'n groot mate op die agtergrond geskuif is. Vanweë die invloed van die psigologie het die klem verskuif na insig, katarsis, verbalisering, empatie, relasiebou en kognitiewe herstrukturering (Louw 1999:510). Hy bepleit 'n hersiening van die term "pastorale terapie". 'n Hersiene model moet beslis van psigoterapeutiese tegnieke, gedragsmodifikasie en sisteemteoretiese modelle kennis dra. Insig in hierdie tegnieke verhoog beslis die pastor se bekwaamheid en geskiktheid. Dit bly egter 'n uitdaging om 'n pastorale terapie vanuit 'n heel unieke teologiese perspektief te bedryf.

Volgens Louw (1999:514) het psigoterapie te doen met 'n mens se persoonlikheidsfunksies en probleme op intra-psigiese, interpersoonlike en kontekstuele vlak. Pastorale terapie het primêr te doen met probleme op trans-psigiese vlak, rakende die mens se spiritualiteit en geloofsfunksies en sy of haar verhouding met God.

Capps (1980:36) meen dat beradingsessies 'n formele struktuur behoort te hê. Wanneer die pastor en pastorant so 'n terapiesessie afspreek, verwag hulle om vir ongeveer 'n uur saam te gesels. Die deelnemers het 'n goeie idee

van wat hulle van mekaar verwag. Die volgende vier elemente is vir hom belangrik in die beradingsessie:

- **Identifikasie van die pastorant se probleem**

Die eerste fase van die beradingsessie is om die probleem wat die pastorant na die pastor gebring het, te identifiseer. Identifikasie van die pastorant se eintlike probleem is nie altyd maklik nie. Die pastorant mag dalk onwillig wees om die probleem te bespreek totdat dit duidelik is dat die pastor sal verstaan. ‘n Ander scenario is dat die pastorant gewillig mag wees om oop te maak maar nie ‘n duidelike idee het van wat die werklike probleem is nie.

- **Diagnostiese interpretasie**

Die pastor kommunikeer sy begrip van die probleem aan die pastorant en maak aantekeninge oor die negatiewe en positiewe eienskappe. Gedurende rekonstruksie fases het die pastor geluister en interpreterende beoordelings van die probleem geneem. Die diagnostiese interpretasie gee ‘n sekere formele samehorigheid aan die verskeie gedeeltelike en voorlopige interpretasies wat in die vroeëre rekonstruksiefase gewaag is.

- **Pastorale intervensie**

Wanneer die pastor en pastorant saamstem dat die situasie akkuraat beoordeel is, kan hulle na hierdie fase beweeg. ‘n Plan of strategie word ontwikkel om die probleem te hanteer. Die diagnostiese interpretasie en die pastorale intervensie fase is op ‘n wederkerige manier verbind aan mekaar. Die diagnostiese interpretasie beïnvloed die keuse van die plan van intervensie en die effektiwiteit van hierdie plan is ‘n aanduiding van die akkuraatheid van die interpretasie. As die probleem akkuraat geïnterpreteer word, kan die berading op ‘n natuurlike manier na die intervensie fase beweeg.

### 4.6. Pastorale terapie (teologie) en psigoterapie (sielkunde)

Die kernvraag met betrekking tot die aard van pastorale terapie is of pastorale terapie meer impliseer as psigoterapie wat deur 'n Christen beoefen word. McLeod (1999:88) vra in hierdie verband: "Is Christian psychotherapy anything more than a Christian doing psychotherapy?" Vervolgens word 'n paar teoloë se sieninge kortliks bespreek en geëvalueer in die lig van die studie.

#### 4.6.1. Verskillende modelle

Volgens Louw (1999:239) is daar verskillende modelle wat die verband tussen pastorale en psigoterapie probeer aandui. Hy deel dit soos volg in:

- **Dualistiese model**: Daar is 'n algehele skeiding tussen pastorale en psigoterapie. Adams (1976) is van mening dat te veel klem op psigologie geplaas word en dat die teologiese inset verwaarloos word. Adams (1976:13) huldig die standpunt dat psigologiese benaderings met mekaar kompeteer. Hy meen verder dat psigiese en kliniese hulp nie hulp is soos dit in die Bybel bedoel is nie. Daar is te veel ooreenkomste met 'n medies-biologies-gebaseerde model. Freud en Rogers word daarom as vyande van die pastoraat verklaar (Adams 1976:13).

- **Reduksionistiese model**: Alles word gereduseer tot of pastorale terapie of psigoterapie.

- **Parallelle model:** Teologie en psigologie funksioneer langs mekaar met raakvlakke in byvoorbeeld die antropologie en kommunikasietegnieke.

- **Korrelasiemodel:** Daar word gesoek na ooreenstemmende faktore in die twee en die wisselwerkende verband daartussen. Met ander woorde daar moet 'n voortdurende korrelasie plaasvind tussen die Bybelse boodskap en ander wetenskappe tydens hulpverleningsprosesse.

● **Integrasiemodel:** Daar word probeer om interdissiplinêr maar ook intradissiplinêr te werk te gaan. Die bipolêre benadering van Heitink maak samewerking tussen 'n pastorale beskouing en die sielkunde moontlik. In die bipolêre relasie gaan dit nie om aanknopingspunte of ewewigsvrae nie, maar om die heilsperspektief met die oog op die verstaan (hermeneutiek) en kwalitatiewe verandering van die mens. In die pastorale ontmoetingsgestalte gaan dit altyd om die heil van die mens. Heitink (1998:134) is van mening dat daar 'n psigoterapeutiese moment voorkom in die pastorale verhouding, net soos wat daar 'n evangeliese moment in die psigoterapeutiese verhouding voorkom. In antwoord hierop stel Heitink 'n model voor waarvolgens aandag gegee kan word aan die mens op vier terreine, te wete sosiaal, medies, pastoraal en psigoterapeuties. As motivering gebruik hy die wete dat die mens 'n verhoudingswese is en dat daar interrelasionele bande tussen die vier terreine van probleemmanifestering voorkom. Hy bepleit daarom 'n multi-professionele benadering met erkenning van die religieuse dimensie.

● **Perspektiwiese model:** Die verskil lê in die basiese filosofie grondliggend aan die model, naamlik dat die mens òf beskou word vanuit 'n geloofsperspektief (verhouding tot God) òf vanuit 'n sekulêre perspektief (outonomie van die menslike persoon). Volgens hierdie model is daar noue skakeling tussen sosiale wetenskappe en die pastoraat omdat die verskil tussen die twee dissiplines perspektiwies van aard is. Dit kom daarop neer dat die pastoraat vanuit 'n Christelike geloofsperspektief opereer en die sosiale wetenskappe vanuit 'n fenomenologiese perspektief en empiriese mensekunde. Dieselfde gebeure kan hermeneuties gesproke, vanuit twee perspektiewe verstaan en geïnterpreteer word: 'n Christelike geloofs- of spirituele perspektief en 'n psigologiese, empiriese perspektief. Albei perspektiewe verryk die hermeneutiese proses van interpretasie en dra by tot 'n beter verstaan van die mens (Louw 1999:558).

**4.6.2. Verhouding tussen die teologie en die psigologie**

Crabb (1985:8-14) skryf ook oor die verhouding tussen die teologie en die psigologie. Hy glo dat Bybelse teologie as die hekwagter van die waarheid moet optree en al verwerp hy nie sielkundige bevindinge per se nie, meen hy dat dit ernstig opgeneem moet word, maar dat die posisie van absolute waarheid nie daaraan gegee moet word nie. Hy noem en bespreek dan verskillende benaderings (Crabb 1985:8-10):

- **'Separate but equal' benadering**

Die psigologie en teologie het verskillende taal en verwysingsraamwerke, maar albei is geldig en moet as afsonderlik gesien word.

- **'Tossed Salad' benadering**

Vermenging van die psigologie en teologie vind kritiekloos plaas. Daar word insigte geneem uit albei dissiplines en dit word dan vermeng om die mees lewensvatbare terapie te skep. Die doel is sintese en daarom word teenstrydighede geïgnoreer.

- **'Nothing Buttery' benadering**

Die teologie weier om die geldigheid van die psigologie te erken.

- **'Spoiling the Egyptians' benadering**

Die psigologie word aanvaar as dit deur die teologie beskerm word. As daar konflik tussen teologie en psigologiese ontdekkings is, al het die psigologie empiriese ondersteuning, moet die psigologie verwerp word.

**4.7. Verbinding tussen teoretiese integrasie en praktiese integrasie**

Farnsworth (1985:13-25) gee vyf modelle wat hy 'embodied integration' noem. Die doelwit is om teoretiese integrasie aan praktiese integrasie te verbind.

- **'Credibility' benadering**

Sy eerste model noem hy die 'credibility' model. Psigologie word net erken as dit onder teologiese konsepte gebring word. Dit moet deur die teologie gefilter word om geloofwaardig te word. Hy sien Crabb as 'n voorbeeld van hierdie benadering.

- **'Convertibility' benadering**

Die sielkunde kyk na teologiese konsepte en verwerk dit in die sielkunde of verwerp dit.

- **'Conformability' benadering**

Die bewaker van die waarheid is steeds die teologie, maar vanuit die algemene perspektief van 'n Christelike wêreldsiening word die psigologiese bevindings heroorweeg. "The test of acceptability is not their conformity to specific Bible texts or individual ideas but to the whole counsel of God expressed in such a worldview" (Farnsworth 1985:17). Die vraag vir so 'n benadering is nie: "Word hierdie idee van die sielkunde deur die Bybel ondersteun nie?", maar: "Pas dit in 'n Christelike verstaan van die mens se verstand?"

- **'Compatibility' benadering**

Hierdie model poog om die sielkunde en die teologiese bevindings aan mekaar gelyk te stel, sodat dit dieselfde in verskillende dissiplines sê. Idees van albei word langs mekaar geplaas om punte van aanpasbaarheid te kry en dan word 'n sintese gevorm wanneer die tweestryd geïntegreer word.

- **'Complementarity' benadering**

Enige verskynsel kan op verskillende vlakke beskryf word vanuit verskillende perspektiewe, wat dan in ooreenstemming met die betrokke dissipline is wat die vraag vra. Woede mag beskryf word vanuit 'n chemo-fisiese perspektief as die vrylating van sekere middels in die bloedstroom wat reaksies veroorsaak wat ons woede noem. Dit kan ook beskryf word uit 'n psigologiese oogpunt as

frustrasie teen kinderjare. Uit ’n sosiale perspektief kan dit verduidelik word as hoe mense ander forseer om aan hulle eise toe te gee. Teologie kan dit as ’n uitdrukking van sonde sien. Hierdie beskrywings hoef nie teenstrydig te wees nie. Al is hulle verskillend, is dit ewe geldige maniere om ’n verskynsel te verklaar en hoef hulle nie teenstrydige bewerings te maak nie. Hulle is dan nie in kompetisie met mekaar nie, maar is komplementêre beskrywings.

‘n Risiko verbonde aan die korrelasie benadering is die moontlikheid dat die verskillende dissiplines hul eiesoortige karakter kan verloor en dat dit moeilik kan raak om die nodige begrensing uit ‘n inter- en intradissiplinêre oogpunt te doen (Louw 1999:88). Heitink se bipolêre benadering lê die basis vir ‘n inter- en intradissiplinêre grondslag. Louw omskryf dit soos volg: “Dit is ‘n integrasiemodel wat probeer om interdissiplinêr maar ook intradissiplinêr (aanpassing van die ander model se teorie in terme van die eiesoortige teorie van die eie model) te werk te gaan” (Louw 1999:57). Inter- en intradissiplinêre benaderings het beperkings (Louw 1999:57) in die sin dat een spesialiteit nooit ten volle deur ‘n ander oorgeneem kan word nie. Die waarde van Heitink se bydrae lê daarin dat hy opnuut die klem laat val op ‘n ambivalente spreekwyse. In werklikheid gaan dit in die Evangelie, daarom ook in die pastoraat, om twee hoofkomponente: geloof en lewenshulp (Louw 1999:54). Heitink se bipolêre benadering lê die basis vir ‘n inter- en intradissiplinêre grondslag.

‘n Fundamentalistiese siening dat God net deur die Bybel die waarheid openbaar, devalueer God se werking ook in die psigologie en ander dissiplines. Teologie word ook nie deur psigologie absorbeer soos Freud dit wou gehad het nie (Lyall 1995:9), net so min as wat die psigologie nie deur die teologie geabsorbeer word nie – die een kan nie ten koste van die ander bestaan nie. Pastorale terapie kan nie plaasvind sonder kontak tussen teologie en die ander sosiale wetenskappe nie (Carr 1997:57). Die kontak kan probleme skep, aangesien die teologie en die ander dissiplines nie ‘n afgeronde eenheid is nie en elke dissipline werk met verskillende epistemologieë. Daarom is ek huiwerig om te praat van ‘n integrasie tussen die dissiplines en verkies ek eerder die perspektiwiese model. Ek meen dat daar tussen pastoraat en die sosiale

wetenskappe 'n noue skakeling behoort te wees. Die verskil tussen die twee is perspektiwies, met ander woorde pastoraat word vanuit die perspektief van die Christelike geloof beoefen, terwyl die sielkunde vanuit die perspektief van die fenomenologie en die empiriese menskunde geskied. Dit is duidelik: daar is samewerking, korrelasie en 'n vorm van eenheid en ooreenstemming. Aan die ander kant is daar ook wesenlike verskille en gevolglik 'n duidelike besef van differensiasie. 'n Perspektiwiese model laat ruimte vir verskillende benaderinge binne verskillende dissiplines. Pastoraat is veel meer as om net aan iemand raad te gee uit die Bybel. Dit spreek die gedrag van die mens in al sy fasette aan en daarom moet dit kennis neem van ander vakwetenskaplike ontwikkelinge (Bridger & Atkinson 1994:54).

Pastorale terapie uit die postmoderne paradigma kan nie net op die geestelike dimensie konsentreer nie. 'n Holistiese benadering word gevolg omdat die heling van die mens nie net met sy innerlike siel te doen het nie, maar met die totaliteit van menswees. Ek verwerp die posisies wat òf sielkunde òf teologie inperk. Dit kanselleer die 'Credibility'- en 'Convertibility' modelle uit. Die 'Compatibility'- en 'Complementarity' modelle het albei die doeltreffendheid om kompleksiteit ernstig op te neem en albei erken dat die verskynsel analises van verskillende perspektiewe vereis. Die probleem is om tussen perspektiewe te kies wanneer dit lyk asof hulle teenstrydighede het (Farnsworth 1985:51). Wat hy in gedagte het, is 'n benadering waar elke perspektief sy saak argumenteer en dan terugstaan. Dit word dan deur die ander bevraagteken en as daar geen oplossings in die teenstrydighede bereik kan word nie, dan word dit aanvaar. Die probleem is "bracketed", maar nie geïgnoreer nie.

Elke perspektief gaan aan om sy insigte te gee, maar uiteindelik moet toegelaat word dat dit nie in staat is om versoen te word nie. Dan word die gedeeltelike waarheid aanvaar, maar dit word nie as die hele waarheid gesien nie. Psigologie moet gesien word as gedeeltelike waarheid maar nie die hele waarheid nie. Hierdie benadering is nie maklik nie. Dit vra aanvaarding van kompleksiteit en veral eis dit dat die absolute waarheid eenkant geplaas moet word tot verdere kennis kom. Hierdie benadering noem Bridger & Atkinson

(1988:56) die *Critical perspectivalism.* Dit is volgens hulle die enigste benadering wat die integriteit van die individuele dissipline en die waarheid as geheel respekteer. Dit is gebaseer op die oortuiging dat alhoewel die mens se perspektiewe op die waarheid beperk en gedeeltelik is, is al die waarheid God se waarheid en integrasie tussen psigologie en teologie is besorg daaroor. Hierdie studie ondersteun Louw se perspektiewiese model en Bridger & Atkinson se *Critical perspectivalism.*

**4.8. Korttermyn berading**

Kortstondige pastorale berading stel voor dat baie mense in berading nie langtermyn metodes vereis nie en dat korttermyn metodes net so effektief is. Steeds het langtermyn berading 'n betekenisvolle plek en voordele (Gelso & Johnson 1983:44). Terapeute wat grootgeword het onder die skaduwee van Freud veronderstel dat 'n mens 'n probleem net effektief kan hanteer as die terapeut by die kliënt se wortels uitgekom het. Daar is baie studies wat aantoon dat aansienlike voordele deur korttermynberading bereik word. Feitlik sonder uitsondering, bevind empiriese studies van korttermyn berading (vgl Mattes, Rosen & Klein 1977:42; Gelso & Johnson 1983:43-47; Bloom 1992:98-100) dat beplande en gestruktureerde korttermyn berading net so effektief as langtermyn berading is, ongeag wat die diagnose of behandeling is. "Indeed, perhaps no other finding has been reported with greater regularity in the mental health literature than the equivalence of effect of time-limited and time-unlimited psychotherapy" (Bloom 1992:32). Koss & Butcher (1986:658) gee 'n verteenwoordigende samevatting van verskeie studies oor die verhouding van tydsduur tot resultaat:

> Those studies that have directly compared brief and long-term methods have found equal effectiveness. Since brief therapy requires less time (both therapist and patient) and therefore less social cost, it has been suggested that brief methods are equally effective and more cost effective than long-term therapy.

Daar is bewyse dat korttermyn berading ‘n kragtige, effektiewe benadering is om mense se trauma te verwerk (Stone 1994:16). Navorsing wys dat die gemiddelde aantal sessies waarvoor kliënte wêreldwyd by pastors of sielkundiges opdaag, wissel van vier tot agt. Meer as die helfte van die tyd hou kliënte voor tien sessies op om te gaan en 70% van die tyd voor 20 sessies (Garfield 1986:33).

Garfield (1986:33) meen dat die sosiale veranderings wat deur die Tweede Wêreldoorlog teweeggebring is, ‘n vraag na korttermyn intervensies veroorsaak het. “The stress-related emergencies of World War II necessitated the development of early forms of crisis intervention aimed at symptom reduction, strengthening of coping mechanisms, and prevention of further breakdown” (Saposnek 1984:59).

Korttermyn pastorale berading is die beste keuse om in ‘n gemeente te gebruik omdat die probleem met langtermyn metodes is dat die meeste mense wat kom vir berading slegs vir ‘n paar sessies kom en dan nie weer nie. Die meeste mense wat kom vir hulp wil hulle nie aan ‘n lang periode verbind nie (Stone 1994:32). Pastors het baie ander verantwoordelikhede en kan hulle nie onbeperk aan pastorale berading wy nie.

Met korttermyn berading moet mense aangemoedig word om gedurende die tyd wat hulle in terapie is, op die berading te fokus. Butcher & Koss: 1978:725 het bevind dat mense harder werk en meer bereik wanneer hulle weet dat die tyd beperk is: “Whenever something appears open-ended as to time, it tends to lull us into inactivity, encourage postponement, wastefulness”.

Korttermyn metodes is nie vinnig nie en bied ook nie oornag resultate soos in die geval van baie populêre self-help literatuur nie. Die doel met tydsbeperking is dat sodra daar op ’n plan besluit is, pastorante sonder aarseling beweeg om hulle eie doel te bereik. Die eerste belangrike stap in korttermyn berading is om ’n omgewing van vertroue en aanvaarding met pastorante te vestig. Vanaf die eerste sessie motiveer pastors die pastorante om saam te werk in die proses. Pastors verwag nie al die feite (pastorant se lewensverhaal) voordat hulle die probleem begin bestuur nie. Diagnose, behandeling,

veranderingsgeoriënteerde aktiwiteite gebeur aanhoudend tydens elke sessie. Die proses om probleme op te los kan begin na die eerste persoonlike gesprek. Omdat beoordeling van die proses 'n aanhoudende gebeure is, word baie geleer wanneer pastorante begin om te reageer en hulle verhaal te vertel en te ontgin.

Een van die beste maniere om te voorspel hoe goed die terapie sal verloop is om waar te neem hoe goed pastorante tuiswerk tussen die eerste en tweede sessie doen. Stone (1994:46) bevind dat "individuals who take responsibility for changing their lives almost always take their out-of-sessions tasks seriously and complete them as they have committed themselves to do". Die werklike werk van berading gebeur nie in die uur sessie van berading waar 'n veilige, vriendelike omgewing gevestig is nie, maar in die ander 167 ure van die week. Tuiswerk kan wees om joernaal te hou wat op een saak fokus, om mens lewensverhaal te skryf, om gedeeltes in die Bybel te lees en te skryf hoe mens dit beleef en ander huiswerk. Tuiswerk is onontbeerlik in korttermyn berading. Dit versprei die invloed van die beradingsessies na die res van die lewe en "they actively engage counselees in the management of their own problems by helping them learn new skills and more effective ways of functioning and they distinguish those who really want change" (Stone 1994:46).

Korttermyn beradings metodes word gebruik in situasies met minder as 10 besoeke. Aan die einde kry pastorante 'n baie duidelike boodskap: al sien die pastor hulle vir 'n lang tydperk nie, bly die pastor vir die pastorant sy of haar pastor en as nuwe trauma beleef word, is die pastor daar om weer tyd met hulle te spandeer. Pastors moet pastorante die versekering gee dat hulle kan terugkom vir berading wanneer ou traumas weer gesneller word. Nuwe trauma roep weer ou onverwerkte traumas op (Stone 1994:22). Hulle moet die lewe se gewone krisisse self hanteer nadat hulle die hanteringsmeganismes aangeleer het. Butcher & Koss (1978:729) laat hulle hieroor so uit:

> One of the reasons therapists fail to terminate is because even when there is no longer a problem, clients offer details of their lives which seem to merit intervention – a fight with a spouse, a bad day at work, a

> ravenous departure from a strict diet, and so on. However we all know that ups and downs are a natural part of life. Therapy is not meant to be a panacea for all of life's challenges.

Hierdie studie het bevind dat beplande en gestruktureerde korttermyn berading net so effektief as langtermyn berading is, ongeag wat die diagnose of behandeling is. Vervolgens gaan ons in meer diepte in op die gestruktureerdheid van berading.

**4.9. Die gespreksvlakke binne pastorale berading**

In die vorige paragraaf het ons gesien dat korttermyn berading beplande en gestruktureerde berading is. Omdat die pastorale ontmoeting 'n beplande ontmoeting is, moet pastors, ook in die beginstadium, presies weet waarop hulle afstuur en langs watter weg daardie doelwit die beste bereik kan word.

Volgens Louw (1999:311) bestaan daar vier moontlike gespreksvlakke. Op die eerste vlak van die gesprek gaan dit gewoonlik om algemene ervarings, gegewens en feite. Hierdie vlak is gewoonlik intellektueel en rasioneel van aard. Die volgende vlak is die vertel van die pastorant se verhaal (geskiedenis van die feite en ervarings) en wat met hom of haar gebeur het tydens die trauma. Die weergawe van bepaalde gebeure beskryf die persoonlike "geskiedenis" en verwys na die persoon se eie subjektiewe interpretasie, herinnering, trauma en pynvlakke. Die derde vlak van 'n gesprek is die interpretasie van die gebeure. Dit gaan om 'n evaluering van die betekenis van wat gebeur het. Die dieptevlak van 'n gesprek is wanneer dit vanaf interpretasie en betekenis beweeg na die vlak van oortuigings, geloofsinhoude en waardes met die oog daarop om sin te vind in die gebeure.

Crabb (1985) is 'n Christen-sielkundige met 'n effektiewe Bybelse benadering tot berading. Ek bespreek sy insette omdat dit bruikbaar is in pastoraat met getraumatiseerde adolessente. Crabb (1985:17-30) se vier vlakke van berading is:

- Vlak 1

Hierdie vlak is besorg met wat hy noem berading deur bemoediging. Hierdie soort berading van ondersteuning en bemoediging het ten doel om mense se gevoelens positief te heroriënteer. Dit kan deur al die lede van die liggaam van Christus gedoen word want dit behels geen tegniese kennis of oplossing nie.

- Vlak 2

Hierdie vlak beskryf hy as berading deur ontdekking en verkenning. Die taak is om die probleemgedrag te identifiseer en te verander. Dit vra opleiding in beradingsmetodes en in teologie en dit kan deur minder mense in die kerk gedoen word as vlak 1.

- Vlak 3

Hierdie vlak is bekend as berading deur verligting en het ten doel om mense se denke so te verander dat dit die hele persoon se gedragsieninge verander. Hierdie berading is volgens Crabb net moontlik deur genade.

Indien ek Louw en Crabb se metode toepas op hierdie studie sal berading met die getraumatiseerde adolessent al begin wanneer gemeentelede die betrokke adolessent bemoedig. Daarna maak die adolessent 'n afspraak by die pastor waar hulle eers die feite oor die trauma deel. Na hierdie fase skryf of vertel pastorante hulle verhaal oor wat gebeur het, asook vorige trauma's (lewensverhaal). Daarna interpreteer pastor en pastorant die verhaal wanneer hulle dit verken en ontgin. Laastens beweeg hulle na geloof en denkverandering toe met die oog op die soeke na sin.

In hierdie hoofstuk het ek die bestaande pastorale modelle verken om te kyk of trauma toereikend deur hierdie modelle hanteer word en om 'n breë oriëntering te verskaf ten opsigte van die benaderings wat die pastoraat tot hiertoe bedien het. Ek het gevind dat die narratiewe pastorale model oor die kapasiteit en dinamika beskik om die positiewe elemente van ander pastorale benaderings te gebruik ten einde heling aan getraumatiseerde adolessente te

bevorder. Deur die narratiewe pastoraat kan adolessente ook vir Jesus as rolmodel identifiseer (Hoofstuk 7) en sodoende die numineuse met die Heilige terugvind (Hoofstuk 6). Hieroor gaan ek in diepte in Hoofstuk 8 uitbrei.

# Hoofstuk 5
# Pastorale benadering tot trauma

## 5.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk gaan fokus op 'n in-diepte verkenning van die konsepte van akute trauma. Daar sal ingegaan word op watter situasies as trauma gereken kan word sowel as die simptome van trauma. Daar sal aangetoon word watter rol die brein in trauma speel en hoe trauma gestoor en herroep word. Ook sal aandag gegee word aan verdedigingsmeganismes op trauma en terapie en begeleiding van getraumatiseerdes.

Modernistiese teorieë lewer 'n belangrike bydrae tot my studie en daar is van sodanige teorieë in hierdie hoofstuk gebruik gemaak, alhoewel die studie vanuit die hoek van die postmoderne gedoen word. Pieterse (2002:78-79) dui aan: "Modernisme bepaal nog steeds belangrike aspekte van ons natuurwetenskaplike navorsing, ons Westerse tegniek en ons ekonomiese stelsels – ook die denkwyse van baie ontwikkelde mense van ons tyd."

## 5.2. Verskillende benaderings tot trauma

'n Teorie, soos 'n kaart, bied 'n raamwerk vir verkenning. Teorie dui 'n pad aan sodat dele van die individu se ervaring wat andersins sou gelyk het asof dit geen onderlinge verband met mekaar het nie, verstaan kan word (Ballard & Pritt 1996:13). In hierdie hoofstuk word 'n kaart geteken om pastors te help om getraumatiseerde adolessente se ervaring in konteks te verstaan en om hulle te help om die aspekte rondom trauma te verken en te hanteer.

Ek gaan eers kernelemente uit verskillende benaderings tot trauma bespreek, voordat ek gaan stilstaan by hierdie studie se benadering. Daar is verskillende teorieë oor trauma. Die meeste van die benaderings spruit uit moderne denke en navorsing. Alhoewel die benadering van hierdie studie vanuit die perspektief van die postmoderne gedoen word, sal daar erkenning gegee word aan waardevolle elemente uit die moderne teorieë tot trauma wat dan ook geïmplimenteer sal word. Van die bekendste teorieë oor trauma is die volgende:

### 5.2.1. Biopsigososiale sisteemteorie

Die biopsigososiale sisteem teorie (kyk Bernard & Kupat 1994; Everly 1995; Newman & Newman 1999 en Kalat 2006) sluit die biologiese, psigologiese en sosiale sisteme van die individu se lewe in. Die biologiese sisteem bevat die volgende: die sensoriese-, motoriese-, asemhalings-, endokriene- en sirkulasiesisteme. Die psigologiese sisteme bestaan uit die kognitiewe (denke, redenering, geheue, persepsie en probleemoplossings), en die gemeenskapsisteme wat die sosiale rolle, rituele, verwagtings en gesinsorganisasie insluit (Newman & Newman 1999:8). Hierdie benadering bied insig in hoe die ontwikkelende brein trauma stoor en oproep, asook hoe die liggaam trauma beleef (simptome en fases). Uit 'n postmoderne hoek sluit pastoraat met getraumatiseerde adolessente nie net die simptome en adolessente se vermoë om alles te hanteer in nie, maar ook die biopsigososiale ontwikkeling en die effek van trauma op hulle rypwordende en ontwikkelende brein (Garbarino 1992:12). Hierdie elemente sal in die studie se teorie oor trauma bespreek word.

### 5.2.2. Konstruktiewe selfontwikkelingsteorie

Die konstruktiewe selfontwikkelingsteorie (kyk Thomas & Chress 1977; McCann & Pearlman 1990; Courtois 1999) fokus op die interaksie tussen die persoon en die trauma-situasie. Hierdie model is geïnteresseerd in drie psigologiese sisteme: die self, psigologiese behoeftes en kognitiewe skemas. Die benadering verduidelik die unieke aanpassingsproses in trauma omdat dit beide die kenmerke van die gebeure en van die persoon in ag neem. Dit beklemtoon die belang van mense as aktiewe agente wat hul eie realiteit kan skep en konstrueer (McCann & Pearlman 1990:12). Ek maak gebruik van hierdie benadering as 'n onderdeel van die teorie oor trauma omdat trauma verskillend deur verskillende persone belewe word. Behalwe dat mense van mekaar verskil, verskil adolessente as groep van volwassenes en van klein kindertjies as gevolg van hulle ontwikkelingsstadium.

### 5.2.3. Psigoanalitiese model

Die psigoanalitiese model is ’n modernistiese model wat op sekerheid berus en wat klem lê op individualiteit. Simptome ontstaan volgens hierdie model as gevolg van een of ander trauma in ’n mens se lewe en dit word vanweë ’n verskeidenheid redes na die onbewuste herlei. Terapie bestaan daarin dat die mens gehelp word om die onderdrukte gebeure te onthou, uit te spreek en in die veilige atmosfeer van terapie “deur te werk”. Alhoewel ek trauma vanuit ’n postmoderne hoek benader, vind ek dat die psigoanaliste se bydrae met betrekking tot verdedigingsmeganismes bruikbaar is en daarom word dit later in die hoofstuk in meer diepte bespreek. Verdedigingsmeganismes is volgens Sigmund Freud (1856–1939) en sommige van sy navolgers soos Alfred Adler (1870-1937), Erik Homburger Erikson (1902-1994), Carl Gustav Jung (1875-1961) en Erich Pinchas Fromm (1900–1980) maniere wat die ego gebruik om die persoon teen angs en bedreiging te beskerm. Verdedigingsmeganismes word deur twee eienskappe gekenmerk: eerstens beteken dit ’n vervalsing of distorsie van die werklikheid en tweedens funksioneer die verdedigingsmeganismes onbewustelik (Freud 1924:614). Twee van die verdedigingsmeganismes wat veral na trauma ’n rol speel is onderdrukking en ontkenning. Hierdie begrippe is deur latere navorsers soos Matasakis (1996) en Retief (2004) verder ondersoek en in verband gebring met trauma in dié sin dat getraumatiseerdes soms die pyn van die trauma ontken of onderdruk (kyk Matasakis 1996:24-27; Roos, Du Toit & Du Toit 2002:48-50 en Retief 2004:16).

### 5.2.4. Pastorale psigoterapie model

Die pastorale psigoterapie model (kyk Moore 1992; Ashbrook 1996; Ashby 1997) se wins lê daarin dat hulle bewus is van die feit dat hulle nie net met die verstand van die mens werk nie, maar primêr met die siel. Ashby (1997:10-14), ’n eksponent van hierdie model, is van mening dat die siel eerder sorg as behandeling of “fixing” nodig het . Hy verkies ook die term sorggewer of pastor in

plaas van terapeut omdat die siel verskillende vorms van sorg nodig het. In hierdie studie word die woord pastor gebruik.

### 5.2.5. Leerteoretiese benadering

Die leerteoretiese benadering (kyk Crowne & Stickland 1961; Skinner 1957; Bandura 1974) is primêr geïnteresseerd in gedrag en leerbeginsels en nie in persoonlikheid nie. Hulle werk slegs met uiterlik waarneembare gedrag, naamlik dit wat eksperimenteel ondersoek kan word. Vanuit 'n behavioristiese raamwerk sou persoonlikheid hoogstens gedefinieer kon word as daardie reaksies wat aangeleer is deur middel van bepaalde leerprosesse. Pavlov (Jordaan & Jordaan 1987:200) het met 'n eksperiment getoon dat klassieke kondisionering impliseer dat 'n prikkel 'n reaksie ontlok wat nie normaalweg op daardie prikkel volg nie. Hierdie nuwe verbinding kan tot stand kom op voorwaarde dat P1 en P2 saam aangebied word. In 'n aangebore refleks waar dieselfde reaksie altyd op 'n bepaalde prikkel volg, word gepraat van 'n ongekondisioneerde prikkel (OR). P1 is dus ten opsigte van R1, 'n ongekondisioneerde prikkel. Nadat kondisionering egter plaasgevind het, word P1 'n gekondisioneerde prikkel (GP) ten opsigte van R2, dus 'n gekondisioneerde reaksie. Gekondisioneerde reaksies is vir verskeie behavioriste die basiese boustene van wat uiteindelik die mens se komplekse gedragsrepertoire of persoonlikheid uitmaak. Klassieke kondisionering is daarom belangrik vir die behavioris, omdat daardeur verklaar kan word hoe sekere gedragspatrone ontstaan (Bandura 1974:499). Hierdie moderne benadering tot trauma is vir hierdie studie bruikbaar wanneer snellers ("triggers") verklaar word. Latere navorsers (kyk Matasakis 1994; Van der Kolk 1996) het hierdie begrippe oor snellers uitgebrei. Hulle verskil van die behavioriste in die sin dat hulle van mening is dat kognisies ook sodanige reaksies (snellers) tot gevolg mag hê en dus ook gekondisioneerde prikkels mag wees (vergelyk Van der Kolk 1995:44-80; Matasakis 1996:113-139). Dit sal later in die hoofstuk bespreek word.

### 5.2.6. Ontwikkelingsmodelle

Die ontwikkelingsmodelle (vergelyk Gordon 1962; Erikson 1968; Piaget 1971; Elder 1998; Baumrind 1993; Berk 1997 en Nelson & Bloom 1997) toon aan dat mense deur verskillende fases van ontwikkeling gaan. Ontwikkeling behels vir hulle 'n voortdurende proses van verandering; periodes van stabiliteit en onstabiliteit wissel mekaar af (Berk 1997:8). Ontwikkelingsteorieë is gerig op die bestudering van die eienskappe van persone in 'n spesifieke ontwikkelingsstadium en die verandering, groei of afname van aspekte soos intelligensie (Nesselroade & Baltes 1979:21). In hierdie navorsing gaan ons die ontwikkelingsteorieë bespreek wat veral lig werp op adolessente. Die waarde vir die studie lê daarin dat die teikengroep beter verstaan en gehelp kan word.

### 5.2.7. Eksistensiële teorie

Die eksistensiële teorie beskou die mens as bestaande uit 'n liggaam, psige en gees (kyk Frankl 1963, 1969; Jordaan & Jordaan 1987). Navolgers van hierdie teorie meen dat mense oor die geestelike vermoë beskik om hulself te transendeer. Dit stel mense in staat om hulself te vergeet, bo hulself uit te styg na ander menslike wesens en uit te reik na sin, na logos (Frankl 1969:43). Die eksistensiële teorie se bydrae oor sin in lyding is van besondere belang vir trauma. Lyding is vir Frankl nie as sodanig deurslaggewend nie, maar die ingesteldheid of houding daarteenoor (Frankl 1969:97). Lyding hou op om lyding te wees die oomblik wanneer dit sinvol raak, veral wanneer lyding die betekenis van 'n offer kry (Frankl 1969: 97-110). Sin in trauma word in die hoofstuk oor pastoraat en die narratiewe (Hoofstuk 3 en Hoofstuk 6) bespreek, met die klem op hoopterapie wat in Hoofstuk 7 in detail bespreek word.

### 5.2.8. Humanistiese benadering.

Die humanistiese benadering (kyk Maslow 1971) sentreer rondom die motivering van persoonlikheid. Vir hulle is die mens groeigeöriënteerd eerder as dat hy/sy na 'n spanninglose of homeostatiese toestand streef. Mense is voortdurend besig om doelstellings na te streef wat die lewe belonend en betekenisvol maak.

Indien ’n toestand van volkome bevrediging wel bereik kan word, is dit volgens hulle slegs tydelik van aard, want sodra die een behoefte bevredig word, tree ’n ander weer op die voorgrond en verskuif die bevredigde behoefte na die agtergrond (Maslow 1971:23). Die veiligheidsbehoefte is ’n kernelement in trauma. Volgens Maslow se teorie oor behoefte-bevrediging word die laerorde behoeftes eers bevredig voordat die hoërorde behoeftes ter sprake kom. Die mens het ’n behoefte aan sekerheid en die voorspelbaarheid van sy omgewing. Hierdie behoeftes word die duidelikste by kinders en adolessente waargeneem as gevolg van hulle relatiewe hulpeloosheid en afhanklikheid. In ’n sekere sin is sy teorie feilbaar want die teendeel is deur menslike gedrag al uitgewys. In die geskiedenis van die mens is daar talle voorbeelde van mense wat honger en dors gely het ter wille van ander. Maslow (1971) se teorie oor veiligheid is egter steeds ’n wins vir hierdie navorsing omdat trauma in die eerste plek die mens se gevoel van veiligheid en ’n voorspelbare omgewing wegneem (vergelyk Herman 1992:54; Matasakis 1996:85-113; Retief 2004:87-101).

### 5.2.9. Objek-verhoudingsteorie

Die objek-verhoudingsteorie voorsien ’n konseptuele raamwerk om die dinamiese verhoudings wat bestaan tussen die innerlike wêreld van mense en die wyer sosiale en kulturele konteks waarbinne mense ontwikkel en lewe, te verstaan (vgl Wink 1986; Price 1996). Hierdie teorie is waardevol in die verstaan van trauma omdat dit ook klem lê op die boosheid wat mense aan mekaar kan doen. Die teorie dra by tot die verstaan van die neurobiologiese en psigologiese prosesse wat geassosieer is met ’n trauma en wat ’n groot rol speel in die stryd wat getraumatiseerdes het om te herstel van die trauma (Price 1996:87).

## 5.3. Omskrywing van trauma

Ek het in die voorafgaande paragraaf die kernelemente uit verskillende benaderings tot trauma bespreek. Ek gaan nou voort deur trauma te omskryf. In die omgang word die woord soms vir enige ontstellende ervaring gebruik. ’n

Trauma verskil egter van ’n krisis. ’n Krisis kan wissel van die verloor van ’n individu se ID-boekie tot die motor wat teen die lamppaal geskraap is. Trauma, in die tegniese sin van die woord, verwys na situasies waarin die individu magteloos voel en waarin daar groot gevaar betrokke is. Adolessente voel reeds magteloos omdat hulle nie beheer het oor hulle liggame en emosies nie en die trauma maak die verwonding groter en laat hulle meer magteloos voel. Hierdie studie wil ’n bydrae lewer tot die begeleiding van getraumatiseerde adolessente om God in hulle trauma te ontmoet en die emosies van verwondering en ontsag te belewe. Trauma verwys na gebeure waar dood en besering moontlik is. Hierdie gebeure val buite die gewone en is nie deel van die normale verloop van die lewe nie (Roos & Du Toit & Du Toit 2002:5). Die breër definisie van die Instituut vir Traumatologie (Retief 2004:18) lui soos volg:

> ’n Persoon het ’n trauma beleef indien hy of sy blootgestel was aan gebeure wat te make het met sy of haar lewensomstandighede of met sy of haar lewensfase (bv die oorgaan van een lewensfase na ’n ander of omstandighede agv ’n nuwe lewensfase wat die persoon onhanteerbaar vind) en wat tot gevolg het dat daardie persoon se gewone hanteringsmeganismes lamgelê is en ten minste een van die volgende effekte waargeneem kan word: daar is ’n element van gelatenheid. Daar is ’n diep, amper onomkeerbare verandering in ’n basiese lewensiening of oortuiging. Daar is ’n ernstige oorbelading van die mens se normale hanteringmeganismes. Indien ’n mens ’n akuut ontstellende ervaring beleef het, maar dit beantwoord nie aan bogenoemde definisie nie, beleef die persoon ’n krisis.

Volgens twee bekende Australiese psigiaters wat spesialiseer in seksuele traumas, Lisa McCann and Laurie Anne Pearlman, begin trauma met die blootstelling aan ’n hoogs ontstellende gebeurtenis wat die self ontwrig (McCann & Pearlman 1990:6). Net soos die liggaam getraumatiseer kan wees, kan die psige op psigologiese vlak trauma beleef. Die woord trauma kom van ’n Griekse woord wat “wond” beteken. ’n Trauma wond kan op enige vlak van ’n persoon se

wese toegedien word – fisies, emosioneel, psigies, verhoudingsgewys, en geestelik. Omdat hierdie dimensies van mense in interaksie met mekaar is, het trauma ’n uitwerking op al hierdie aspekte van ’n persoon se lewe (Wink 1986:65). Trauma verwys na die verwonding van mense se emosies, hulle gees, hulle wil om te leef, hulle selfbeeld, hulle siening oor die wêreld en hulle gevoel van sekuriteit. Volgens Aphrodite Matasakis (1996, 1998, 2005), ‘n kliniese koördineerder by die Veteran's Outreach Center in Maryland is ‘n aanslag op die psige so groot dat die normale manier van dink en doen onvoldoende is (Matasakis 1996:17).

Volgens Eve Carlson, spesialis in psigologiese trauma, verskil trauma-ervarings grootliks van mekaar in intensiteit, tydsduur en frekwensie, betekenis en ander faktore (Carlson 1997:25). Die postmoderne benadering tot trauma gaan van die standpunt af uit dat daar geen eenvoudige oorsaak- en gevolg-verhouding tussen ’n trauma en die daaropvolgende psigologiese simptome is nie. Twee mense kan dieselfde traumatiese ervaring hê en verskillende reaksies toon (Carlson 1997:25). Die American Heritage Dictionary (third edition, 1993) verduidelik dat ‘n slagoffer “someone who is harmed or killed by another” is. Die Website’s Third New International Dictionary (1971) stel dit is “someone who is harmed or made to suffer from an act, circumstance, agency, or condition.” Die lyding en verlies kan fisies, psigologies of albei wees. In hierdie studie gaan ek bogenoemde betekenis van ’n slagoffer gebruik, maar nie die woord *slagoffer* nie, omdat ek klem wil lê op die oorlewing na die trauma. Omdat hulle die trauma oorleef het, sal die woorde “getraumatiseerde adolessente” gebruik word wanneer daar na tienerslagoffers verwys word.

Ons bespreek nou vervolgens die redes waarom individue se reaksies op trauma van mekaar verskil.

## 5.4. Individue se reaksie op trauma

Adolessente se reaksie op trauma is ’n komplekse proses wat persoonlike betekenis en beelde van die gebeure insluit en die diepste dele van die mens

se innerlike self uitbrei (McCann & Pearlman 1990:6). Elke mens reageer anders op trauma, maar elkeen het die vermoë om die numineuse te belewe. Die uitgangspunt van die konstruktiewe selfontwikkelingsteorie is dat adolessente 'n inherente vermoë het om hul persoonlike realiteit te konstrueer as hulle in interaksie met hulle omgewing kom (McCann & Pearlman 1990:6). Die self, psigologiese behoeftes en kognitiewe skemas ontwikkel deur die lewensloop van die mens. Soos mense ontwikkel en ouer word, inkorporeer hulle hul omgewing meer en meer en pas dit ook aan by hulle bestaande skemas. Wanneer die omgewing nuwe inligting gee wat nie in die bestaande skemas aangepas kan word nie, word die kognitiewe skemas verander. Hierdie proses word *akkomodasie* genoem. Die komplekse interaksie en balansering tussen die verandering en aanpassing veroorsaak verhoogde rypwording van die psigologiese sisteme. Die konstruktiewe selfontwikkelingsteorie verwys na hierdie groei as die groei van die self (McCann & Pearlman 1990:7).

Trauma vra akkomodasie of 'n verandering in die skemas. Omdat trauma die psigologiese sentrale areas ontwrig, is die akkomodasieproses moeilik. Daarom ontwrig trauma mense se psigologiese groei, selfs al is dit net tydelik (Stein 2004:818-820). McCann & Pearlman (1990:8) is van mening dat 'n belangrike aspek wat bepaal of 'n gebeurtenis traumaties vir mense is of nie, hulle eie gevoel is dat dit so is. Hierdie beoordeling hou verband met mense se selfvermoëns en ego-hulpbronne (dit word later in die hoofstuk in meer diepte bespreek). Newman, professor in die sielkunde aan die Universiteit van Tulsa, is bekend vir haar navorsing oor verskeie onderwerpe met betrekking tot die sielkundige en fisiese reaksies na 'n traumatiese gebeure. Volgens haar mag dit wat een persoon as 'n trauma beleef, 'n ander net sien as 'n moeilike belewenis (Newman & Newman 1997:189). Daar is sekere elemente nodig om 'n gebeure traumaties te maak en dit word vervolgens eers bespreek voordat ons die verskillende soorte traumas onder die loep neem.

### 5.6. Elemente wat nodig is om gebeure traumaties te maak

Die volgende elemente is volgens Carlson (1997:25-38) nodig, alhoewel nie voldoende nie, om ’n gebeure traumaties te maak:

#### 5.6.1. Persepsie van ‘n gebeurtenis as negatief

Die eerste element wat ’n gebeurtenis traumaties maak, is wanneer die insident gesien word as ’n gebeurtenis met ’n ernstige negatiewe valensie. ’n Traumatiese gebeurtenis mag ’n ernstige negatiewe valensie hê wanneer daar fisiese pyn of beserings is, wanneer dit emosioneel pynlik is of gesien word as dat daar ’n moontlikheid is om fisiese pyn, beserings of emosionele pyn te ervaar of dat selfs die dood moontlik is. Die Hongaarsgebore Hans Selye (1907-1982) was die eerste skrywer wat oor die stressindroom geskryf het. Vandag staan hy bekend as die “vader van stres”. Selye (1956:12-22) toon aan dat die mense wat in die voorgeskiedenistyd geleef het, se liggame aangepas het by gevaar. Wanneer hulle gaan jag het en voor gevaar te staan gekom het, het die veranderings wat outomaties in hulle liggame gekom het, hulle voorberei om op die gevaar te reageer. Hulle liggame het meer kortisol en adrenalien vrygestel. Dit het hulle harte vinniger laat klop en hulle het vinniger asem gehaal. Daar het meer bloed na die spiere van hulle arms en bene gevloei en hulle kon veg of vlug. Dit het nie ‘n verskil gemaak of hulle gekies het om te veg of te vlug nie, hulle liggame se reaksie op die stresvolle situasie was dieselfde. Die persepsie van gevaar is deur die brein aan die senuweesisteem gegee wat die boodskap na verskeie organe in die liggame gestuur het en wat hormone vrygestel het wat hulle in staat gestel het om hierdie korttermyn gevaarepisode te oorleef. Sodra die oorsaak van stres verwyder was, het die liggaam weer teruggekeer na normaal. Hulle harte het weer normaal begin klop en hulle asemhaling was stadiger. Die vlug-of-veg-reaksie was 'n outomatiese en onwillekeurige reaksie. Die kortisol en adrenalien wat hulle in hierdie situasie afgeskei het, het hulle gehelp om by die stresvolle situasie aan te pas en dit te hanteer, aangesien dit ‘n mens se energievlakke verhoog. Vandag ondergaan mense se liggame

dieselfde verandering wanneer hulle voor ‘n stresvolle situasie te staan kom (Carlson 1997:27). Mense en diere het ’n natuurlike instink om fisiese pyn te vermy omdat die fisiese pyn die vermoë het om die liggaam skade aan te doen en daarom lewensbedreigend is. Indien persone nie in staat is om ’n skielike en onverwagse ernstige fisiese pyn te beheer nie, mag hulle ’n skielike oorweldigende vrees beleef. Die vrees-reaksie funksioneer om die persoon te motiveer om verdere besering of dood te voorkom (Carlson 1997:28). Sommige gebeure mag ervaar word as traumaties omdat dit hoogs waarskynlik is om fisiese pyn, besering of dood tydens die gebeurtenis te ervaar, al gebeur dit nie. Met ander woorde, hierdie ervarings is negatief omdat mense die dreigement van fisiese pyn, besering of dood beleef (Carlson 1997:28). ’n Voorbeeld is wanneer ’n rewolwer teen ’n persoon se kop gehou word tydens ’n rooftog. Hierdie gebeure mag as traumaties belewe word, al is daar geen besering nie en al was daar geen werklike gevaar van besering nie omdat die rewolwer nie gelaai was nie. Dit is egter die persoon op wie die rewolwer gerig is se oortuiging dat pyn, besering of dood waarskynlik is en dit veroorsaak die vrees-instink. Sommige gebeure is traumaties omdat hulle emosioneel pynvol is of omdat hulle die bedreiging van emosionele pyn inhou (Carlson 1997:29). ’n Voorbeeld hiervan is wanneer iemand die dood van ’n geliefde sien. Die emosionele verlies wat geassosieer is met die dood van ’n geliefde sal ’n sterk negatiewe valensie aan die gebeure verleen. In baie gevalle sal die psigologiese pyn van ’n trauma bedreigend wees vir die persoon se psigiese integriteit of selfbeeld (Carlson 1997:29). ’n Voorbeeld hiervan is om verkrag te word deur ‘n mens se metgesel van die aand. Die slagoffer het nie verwag om fisiese pyn of ’n besering op te doen nie. Sy is daardeur getraumatiseer al sou sy nie tydens die gebeure geglo het dat sy in fisiese gevaar verkeer nie. So ’n verkragting mag haar selfbeeld skade aandoen as gevolg van die skaamte wat sy oor die verkragting ervaar. Sy mag skuldig voel omdat sy voel dat sy aanleiding gegee het tot die voorval. Indien die skade aan die persoon se psigiese integriteit groot genoeg is, mag die gebeurtenis as trauma belewe word. Dit is ook volgens Carlson (1997:30) moontlik dat die negatiewe valensie van die gebeurtenis lank na die gebeurtenis

kom en dat die persoon dan eers getraumatiseer word wanneer die negatiewe valensie begryp word. ’n Voorbeeld hiervan is ’n soldaat wat ’n bevel uitvoer om ’n huis, waar die vyand se soldate wegkruip, af te brand. Toe hy later uitvind dat daar onskuldige kinders in die huis geskuil het, word hy getraumatiseer.

Die belangrikheid van die persoon se persepsie dat ’n gebeurtenis negatief is, kan gesien word wanneer ‘n mens die reaksies dophou wat volg op die negatiewe gebeurtenis. Byvoorbeeld, indien ‘n mens in ’n motorongeluk bewusteloos was en niks kan onthou oor die ongeluk nie, sal die persoon nie vrees ervaar wat ’n traumatiese reaksie aan die gang sal sit nie. Resultate van ’n studie oor verkeersongelukke in Brittanje het bevind dat nie een van die proefpersone wat geheueverlies oor die ongeluk gehad het, die ongeluk as traumaties belewe het nie (Mayou, Bryant & Duthie 1993:647-651). Dit is die persepsie oor die gebeurtenis wat belangriker is as die werklike gevaar wat geassosieer is met die gebeure (Carlson 1997:31). Indien ’n persoon ’n geweer op ’n kind gerig hou en die kind is te jonk om die bedreiging daarvan te verstaan, omdat hy of sy glo dat dit ’n speelgoedgeweer is, sal hy of sy nie deur die gebeurtenis getraumatiseerd wees nie, omdat geen gevaar waargeneem is nie en geen vrees gegenereer is nie. So ’n gebeurtenis sal net traumaties wees as die gevaar van die situasie later deur ’n volwassene aan die kind verduidelik word.

### 5.6.2. Die gebeure is skielik en onverwags

Die tweede kritiese element is die onverwagsheid van die gebeure. Die skielike of onverwagse faset is ’n sleutelelement om te bepaal of ’n gebeurtenis traumaties is, al dan nie. Gebeurtenisse wat skielike en onmiddellike bedreiging inhou, is meer waarskynlik om oorweldigende vrees te veroorsaak as gebeure wat geleidelik gevaar bring en seerkry veroorsaak. Die kritiese faktor is die hoeveelheid tyd wat verloop tussen ’n persoon se bewuswording van die gevaar en die gevaar self (Carlson 1997:31). Ronnie Janoff-Bulman (1992:44), professor in die sielkunde by die Universiteit van Massachusetts te Amherst, wys daarop dat sekere gebeurtenisse nie traumaties is nie, al is hulle negatief en

skrikwekkend omdat dit geleidelik gebeur. Hierdie geleidelike veranderings kan kognitief en emosioneel verwerk word deur geleidelik ook verandering in die persone se skemas oor hulself en die wêreld te maak. Wanneer 'n mens byvoorbeeld oor jare heen siek word met 'n dodelike siekte, het jy tyd om die idee van jou eie dood te aanvaar en hoef jy nie getraumatiseer te wees deur die gebeure nie. Dit beteken nie dat 'n mens nie vrees gaan belewe en nie depressief gaan wees nie, maar jy is nie oorweldig deur vrees tot op die vlak waar jy ernstige simptome van angstigheid sal toon nie (Carlson 1997:32). Aan die ander kant, indien 'n mens vasgekeer is in 'n brandende gebou, het jy nie tyd om die gebeure kognitief of emosioneel te verwerk nie en mag jy oorweldig word deur vrees en dus getraumatiseerd wees. Werklike of bedreigende psigologiese pyn is nie trauma as dit geleidelik gebeur nie. Wanneer 'n vrou se eggenoot geleidelik oor jare heen siek word en sterf aan kanker, sal daar tyd wees om die dood kognitief en emosioneel te verwerk sodat sy nie getraumatiseerd is wanneer die man sterf nie. Aan die ander kant, indien 'n vrou se eggenoot skielik voor haar oë sterf aan 'n hartaanval, mag sy maklik getraumatiseerd wees omdat sy nie tyd het om die emosionele verlies en veranderings wat so 'n dood teweegbring, te kan verwerk nie (Carlson 1997:32).

'n Post-traumatiese reaksie is meer waarskynlik na 'n ekstreem negatiewe gebeurtenis wat oor minute, dae of weke plaasvind. Daarteenoor is 'n depressie-reaksie meer waarskynlik na 'n ekstreem negatiewe gebeurtenis wat oor maande of jare kom.

### 5.6.3. Gebrek aan beheerbaarheid

Die derde element is die onvermoë van die persoon om die gebeure te beheer en die daaropvolgende bedreiging van die persoon se fisiese veiligheid en psigologiese integriteit. Daar is beduidende getuienis wat suggereer dat aangesien beskerming teen seerkry 'n basiese komponent van die mens se drang na oorlewing is, mense hulle omgewing wil beheer sodat hulle hulself teen seerkry kan beskerm (vgl Janoff-Bulman 1992:44; Mayou, Bryant & Duthie 1993:647-65; Carlson 1997:32). Indien 'n mens byvoorbeeld op 'n

ongelukstoneel afkom en ’n ander persoon sien bloei en weet dat jy geen beheer het oor die situasie of beskik oor die vermoë om die persoon se dood te voorkom nie, mag jy getraumatiseer wees deur die skielike, baie negatiewe en onbeheerbare gebeure. Aan die ander kant, indien ’n opgeleide paramediese persoon by die ongelukstoneel aankom en hom- of haarself sien as iemand wat oor die vermoë beskik om die persoon se dood te voorkom, sal hy of sy nie deur die insident getraumatiseer wees nie.

Ons het in die voorafgaande bespreek dat daar sekere elemente nodig is om ’n gebeure traumaties te maak. Die sleutel-kenmerke van ’n trauma is dus dat daar ’n negatiewe valensie by die slagoffer is, dat die gebeurtenis skielik en onverwags is en nie beheer kan word nie. Al hierdie kenmerke is nodig vir ’n gebeurtenis om traumaties te wees en al drie word deur die persoon se perspektief en verstaan van die gebeurtenis beïnvloed. Terwyl hierdie kenmerke almal nodig is vir die gebeure om traumaties te wees, is hulle nie altyd voldoende om ’n post-traumatiese stresversteuring te veroorsaak nie (Carlson 1997:38). Vervolgens word die verskillende soorte traumas in meer diepte bespreek.

### 5.7. Verskillende soorte traumas

#### 5.7.1. Akute trauma

Lenore Terr, ‘n professor in kliniese psigiatrie by die Langley Porter Psychiatric Institute by die Universiteit van Kalifornia in San Fransisco, is ‘n wêreldkundige op die gebied van trauma. Terr (1988:96-104) onderskei tussen akute en kroniese trauma. ’n Natuurramp, ’n kaping, motorongeluk, plaasaanval, gewapende roof, terroriste-aanval en ‘n verkragting is gewoonlik ’n eenmalige traumatiese gebeure. Sy noem dit akute trauma of Tipe 1 Trauma. Dit is ’n enkele gebeure wat skielik en onverwags is (Armfield 1994:739-746). Herman (1992:32) is van mening dat dit ’n verskriklike gebeure is wat ’n persoon ervaar, gesien of van gehoor het, veral een wat lewensbedreigend is of wat fisiese skade

veroorsaak. Hierdie studie handel spesifiek oor akute trauma. Miller (1998:80) deel akute rampe in twee groepe naamlik:

- die wat ’n natuurlike oorsprong het soos ’n tsunami, tornado en vloede;
- die wat mensgemaak is soos ongelukke en ontploffings (Miller 1998:80).

Mensgemaakte of herhaalde traumas is meer waarskynlik om diepgaande en langdurige skade aan te rig (Friedrich 1986:47). Volgens Miller (1998:80) is ’n akute trauma onverwags en kan dit nie beheer word nie. Dit veroorsaak vernietiging van besittings, dood, fisiese besering, ernstige bedreiging en verskrikking. Trauma kom met soveel krag dat ’n effektiewe reaksie nie moontlik is nie (Miller 1998:80). Herstel na ’n akute trauma is vinniger as na kroniese trauma (Armfield 1994:739-746). Die uitsondering is dat adolessente wat die gewelddadige dood van gesinslede of vriende beleef het, nie vinniger herstel as adolessente wat kroniese trauma gehad het nie. Hulle ondergaan dieselfde biologiese verandering as soldate wat lank in gevangenekampe tydens oorloë aangehou is (Matasakis 1996:19; Herman 1992:45). Ek bespreek vervolgens slegs een vorm van akute trauma omdat dit so baie adolessente meisies raak:

### 5.7.1.1. Verkragting

Verkragting is ’n vorm van akute trauma wat veral adolessente meisies raak. Dit raak hulle fisiese en psigologiese funksionering. 20% van adolessente meisies wat verkrag is, wend ’n poging aan om selfmoord te pleeg en 44 % oorweeg selfmoord (Veronen, Kilpatrick & Resick 1979:148-158). In ’n studie oor akute reaksies op verkragting, bevind Veronen, Kilpatrick & Resick (1979:148-158) dat 96% van die slagoffers rapporteer dat hulle onmiddellik na die aanval bang en bekommerd was en gebewe het. 92% rapporteer dat hulle verskrik en deurmekaar was. Hierdie reaksies gaan gepaard met depressie (84%), uitputting (96%) en rusteloosheid (88%) in die eerste twee of drie weke na die aanval. Calhoun & Atkison (1982:665-661) bevind dat die oorgrote meerderheid van verkragtingslagoffers binne twee weke na die

aanval vrees, depressie en ander gemoedsversteuringe het. Hulle ondervind ook probleme met sosiale aanpasbaarheid, seksuele funksionering en selfbeeld. Verkragtingslagoffers ervaar akute reaksies wat verskeie maande duur. Ongeveer drie maande na die aanval tree daar eers stabilisasie in die aanvanklike simptome in. Behalwe vir die psigologiese reaksies mag daar ook fisiese simptome soos swangerskap, seksueel-oordraagbare siektes of beserings wees (Calhoun & Atkison (1982:665-661). Die langdurige stresreaksie van die slagoffer mag haar siek maak. Navorsing bewys deur en deur dat 'n aanval met gepaardgaande wreedheid geassosieer word met meer ernstige na-verkragtings versteurings.

**5.7.2. Kroniese trauma**

Verwaarlosing, mishandeling en molestering is gewoonlik iets wat herhaaldelik oor jare plaasvind en word kroniese trauma of Tipe 2 Trauma genoem (Terr 1988:96-104). Aanvanklik is dit Tipe I Trauma en wanneer dit weer gebeur, word dit Tipe 2 Trauma. Garbarino (1992:22) meen dat die onderskeid tussen 'n enkele gebeure en kroniese trauma meer teoreties as werklik is. 'n Enkele gebeure kan ook 'n kroniese inslag verkry wanneer hertraumatisering met elke episode herbeleef en herhaaldelik onthou word. Simptome mag gedurende herdenkings, mediese prosedures of tydens ander herinneringsgeleenthede voorkom omdat die trauma dan weer onthou en herbeleef word (Garbarino 1992:22). Hierdie twee tipes trauma het verskillende maniere van onthou en van gegewens oproep uit die geheue. Mense met Tipe 1 Trauma wat ondersteuning van familie en vriende kry, onthou gewoonlik die trauma in detail (Terr 1988:96-104). Mense met Tipe 2 Trauma is meer geneig om post-traumatiese stressimptome soos disassosiasie en gevoelloosheid te ontwikkel. Tipe 2 Trauma is dikwels 'n geheim en daar is meestal nie ondersteuning van familie en vriende nie. Beide akute en kroniese trauma veroorsaak dat 'n persoon vrees, verskrikking en 'n gevoel van magteloosheid ervaar (Terr 1988:96-104).

### 5.7.3. Sekondêre trauma

Tydens 'n ramp word nie net die persoon wat fisies geraak is 'n slagoffer nie, maar ook die persoon se familie, vriende en soms selfs die bevolking. Daar bestaan getuienis dat reddingswerkers ook trauma simptome het as gevolg van 'n natuurramp (vgl Clark 1992:696-725; Wunnenberg 2000:112). Volgens Retief (2004:39-45) het sekondêre trauma 'n erger uitwerking op die mens se liggaam as wanneer die trauma met 'n mens self gebeur, omdat trauma 'n mens se liggaam aktiveer om te veg, vlug of vries. Met sekondêre trauma is daar egter niks op daardie oomblik wat die persoon bedreig nie. Die liggaam reageer net op die boodskap wat dit deur die sintuie ontvang. Die inligting wat die media aan mense deurgee is dat daar meer sulke lewensbedreigende situasies sal wees. Daarom wil die mens se liggaam nie na normaal terugkeer nie. So word stres deel van hoe mense die wêreld om hulle beleef (vgl Clark 1992:696-725).

Scott & Strading (1994:13-15) toon aan dat dit nie nodig is vir 'n persoon om 'n slagoffer van 'n traumatiese insident te wees om getraumatiseer te wees nie. Om dit te sien, mag genoeg wees vir die persoon om post-traumatiese stressimptome te ontwikkel. Die beginsel bly egter dat wat vir een persoon traumaties is, nie noodwendig vir 'n ander persoon traumaties hoef te wees nie. Sommige mense is blootgestel aan erge traumatiese tonele en is nie getraumatiseer nie omdat hulle beskik oor hanteringsmeganismes om trauma te hanteer (McCann & Pearlman 1990:18). Ander wat blootgestel is aan 'n insident wat nie meer as 'n blote ontsteltenis of krisis behoort te wees nie, is wel getraumatiseer (McCann & Pearlman 1990:18-25). Verkragting het 'n effek op nie-slagoffers deur vrees vir misdaad en die beperking van hulle lewensstyl (Riger & Gordon 1981:84).

**5.8. Die verskil tussen 'n adolessent wat getraumatiseer is en een wat ly aan posttraumatiese stressimptome**

In die vorige paragraaf is die verskillende soorte traumas bespreek. In hierdie paragraaf bespreek ons die verskil tussen 'n adolessent wat getraumatiseer is en een wat lei aan posttraumatiese stressimptome. Adolessente wat blootgestel word aan 'n traumatiese insident ly nie dadelik aan post-traumatiese stres nie. Hulle is getraumatiseer (Roos & Du Toit & Du Toit 2002:39). As hulle nie hul emosies betreffende die trauma hanteer nie, mag hulle geleidelik posttraumatiese stressimptome ontwikkel. Trauma ontlonting word binne 24-72 uur na trauma gedoen. Berading op die langtermyn is vir mense wat posttraumatiese stressimptome ontwikkel het (Roos & Du Toit & Du Toit 2002:123). Volgens Armfield (1994:740) is twee spesifieke aspekte belangrik in die bepaling van die vlak van traumatisering:

- die hoeveelheid skuld wat mense ervaar oor die oorsaak van die trauma (of hulle dit kon verhoed); en
- die mate waartoe die trauma 'n effek op mense se godsdienstige oortuigings het.

Die DSM-IV (1994) gee die volgende voorbeeld van stressors wat posttraumatiese stressimptome mag veroorsaak:

> - 'n gebeure wat 'n ernstige bedreiging vir 'n persoon se lewe of fisiese integriteit is. Dit sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie: oorlog, gewelddadige persoonlike aanval, seksuele aanvalle, fisiese aanval, diefstal;
> - gebeure wat die moontlikheid inhou van ernstige bedreiging of seerkry van iemand se geliefde of van 'n ander persoon, of ontvoering, gyselaars, terroriste-aanval, marteling, gevangene in oorlog of konsentrasiekamp, vernietiging van jou omgewing deur natuurlike of

mensgemaakte ramp, ernstige motorongelukke of gediagnoseer met lewensbedreigende siekte;

- om 'n gebeure te sien wat die moontlikheid inhou van ernstige bedreiging of seerkry op iemand se geliefde of om 'n ander persoon te sien seerkry of doodgemaak word as 'n resultaat van 'n ongeluk of fisiese geweld. Die DSM-IV gee die volgende voorbeelde maar dit is nie beperk hiertoe nie: waarneming van ernstige besering of onnatuurlike dood van 'n ander persoon as gevolg van gewelddadige aanval, ongeluk, ramp of onverwagte sien van 'n dooie persoon of liggaamsdele;
- gebeure wat deur ander beleef is maar waarvan 'n mens slegs hoor. Dit sluit die volgende in, maar is nie beperk hiertoe nie: gewelddadige persoonlike aanval, ernstige ongeluk, die tyding kry dat 'n familielid of vriend skielik dood is of dat 'n familielid of naby vriend 'n lewensbedreigende siekte het.

In hierdie paragraaf het ons gesien dat daar 'n verskil is tussen 'n adolessent wat getraumatiseer is en een wat ly aan posttraumatiese stressimptome. Vervolgens gaan ons die brein se rol in trauma bespreek.

### 5.9. Die brein en trauma

Die brein stel die mens in staat om te dink, om op te tree, te voel, te lag, te praat, te skep en lief te hê. Volgens Stein (2004:813-820), 'n psigo-analis wat in die werking van die brein spesialiseer, dien die brein as bemiddelaar tussen al die eienskappe van die mens – goed of sleg. Die brein se belangrikste funksie is om te voel, om waar te neem, te verwerk, te stoor en te handel op inligting van die innerlike en uiterlike omgewing om sodoende oorlewing te bevorder (Stein 2004:813-820). Die biopsigososiale sisteemteorie lê klem op die brein se rol in trauma aangesien die brein stowwe afskei tydens trauma en adolessente se brein verander tydens trauma (kyk Bernard & Kupat 1994:11-34; Kalat 2006:20-74). Die brein is 'n

komplekse sisteem met dele wat onderling aan mekaar verbind is. Om die afskeiding van breinchemikalieë tydens trauma en die effek daarvan op die mens beter te verstaan, is dit belangrik om kortliks die verskillende dele van die brein te bespreek.

### 5.9.1. Die korteks

Dit is die deel waar hoër denke plaasvind en sluit die frontale korteks en die prefrontale korteks in. Die prefrontale korteks van die brein reguleer die mens se vermoë om die denke en gevoelens van ander te verstaan (Stein 2004: 951-959). Die prefrontale korteks is ook baie sensitief vir stres (Stein 2004: 951-959).

### 5.9.2. Die limbiese stelsel

Die limbiese stelsel bestaan uit die amigdala, hippokampus, die septum en die limbiese korteks. Emosies is hier betrokke en daarom word dit ook die emosionele brein genoem (Jordaan & Jordaan 1987:146). Die limbiese stelsel evalueer 'n gebeurtenis as negatief of positief. Daarna stoor die limbiese stelsel die evaluering om te gebruik wanneer gedragsaanpassings ter sprake kom of om ander gebeurtenisse in toekomstige situasies te vergelyk met hierdie gebeurtenis. Dit speel 'n belangrike rol om te bepaal of die gebeurtenis 'n negatiewe valensie het of nie. Dit sal dan bepaal of 'n gebeurtenis as traumaties of nie beleef sal word nie. Daarom is die limbiese stelsel 'n belangrike aspek waarmee die pastor werk wanneer hy of sy met getraumatiseerde adolessente te doen het (Stein 2004:951-959). Twee gedeeltes van die limbiese stelsel is veral betrokke by trauma en vervolgens word dit in meer detail bespreek:

### 5.9.3. Die amigdala

Die amigdala is 'n struktuur wat naby die breinstam geleë is. Die amigdala evalueer ervarings vir emosionele betekenis. Dit is verantwoordelik vir

emosionele leer en emosionele geheue. Trauma het die effek dat mense se emosies gedisreguleer word (Bremmer& Marmar 1998:76). Die amigdala stuur boodskappe oor die waargenome traumatiese gebeurtenis na die res van die brein en dit laat die byniere streshormone afskei soos kortisol en adrenalien wat die brein oorspoel (Bremmer & Marmar 1998:78). Trauma kan veroorsaak dat meer dopamien afgeskei word wat mense kalmeer ná die enorme hoeveelheid wat met die 'veg of vlug' impuls afgeskei is. Dit is omdat die liggaam streef na 'n balans (Retief 2004:34 en verder). Die amigdala stel ook die breinstam in kennis van die waargenome gebeurtenis en detail word op 'n meer primitiewe manier gestoor. Die inligting van die breinstam word beskikbaar wanneer 'n herinnering in die vorm van 'n terugflits spontaan veroorsaak word of tydens deurmekaar drome (Retief 2004:34). Soms tydens trauma kan die amigdala in 'n konstante toestand van opwekking bly – so word hiperwaaksame gedrag gevorm (Retief 2004:35).

**5.9.4. Die hippokampus**

Die hippokampus is die middelpunt van die mens se geheue. Dit is die gebied in die brein wat betrokke is by leer en verbale geheue en hierdie gedeelte is baie sensitief vir stres (Stein 2004: 951-959). Die stoorproses van die hippokampus is logies georden. Dit handhaaf 'n balans tussen die interne en eksterne wêreld en is verantwoordelik om hormone aan die gang te sit (Retief 2004:39). Die hippokampus is betrokke by die evaluasie van onverwante gebeure en vergelyk dit met vorige gestoorde informasie en bepaal hoe dit met mekaar geassosieer word. Die hippokampus word stadig ryp en is nie ten volle ontwikkel voor die derde of vierde jaar van 'n mens se lewe nie en kan dus kinder-amnesia veroorsaak. Met rypwording is daar 'n verhoogde vermoë om ondervinding te kategoriseer en dit met bestaande verstandelike skemas te verbind. Tog bly die hippokampus kwesbaar vir ontwrigting soos wat trauma byvoorbeeld meebring (Bremmer & Marmar 1998:76). Tydens trauma word te veel kortisol afgeskei en dit kan die

hippokampus beskadig. Dan kan die hippokampus nie die traumatiese geheue behoorlik kodeer nie en kry ‘n mens gefragmenteerde geheue. ’n Verskeidenheid van eksterne en interne stimuli soos stres en trauma verlaag die hippokampus se aktiwiteit (Retief 2004:39).

### 5.9.5. Die breinstam

Die breinstam beheer basiese oorlewingsfunksies. Dit reguleer die kardiovaskulêre- en asemhalingsfunksies. Dit reguleer ook interne homeostase. Die mens het geen beheer oor die breinstam nie. Die veg, vlug en vries reaksie is hier geleë. Hierdie reaksie kom voor wanneer die liggaam bewus word van gevaar of stres en homself dan voorberei om te veg of te vlug. Die liggaam ervaar ’n bedreiging en begin dan met ‘n reeks psigologiese reaksies. Adrenalien wel op wat die hartklop versnel en bloeddruk verhoog. So word die psige vir aksie gereed gekry (Stein 2004:951-959). Die reaksie is veg of vlug. Terselfdertyd stel die liggaam hormone soos kortisol vry wat die liggaam ook help om te reageer op gevaar. Retief (2004:39) is van mening dat daar by mishandelde, misbruikte en verwaarloosde kinders en adolessente en by kinders en adolessente wat ’n verskriklike trauma belewe het, ’n skadelike wanbalans van kortisol in die brein is. Hierdie oormaat kortisol lei tot skade in die hippokampus en veroorsaak geheue-dwalinge, angstigheid en ’n onvermoë om emosionele uitbarstings te beheer. Kortisol en ander brein chemikalieë kan ook die dele van die brein wat aandag en affeksie reguleer, verander (Retief 2004:39).

### 5.9.6. Senuweeverbindings

Volgens Jordaan en Jordaan (1987:140) het die brein ongeveer 10 biljoen senuwees. Een so ’n senuwee in die brein kan ’n hele paar duisend verbindings met ander senuwees hê en die aantal sinapse in die brein is na skatting ongeveer tien triljoen. Die dendriete is kort uitsteeksels wat fyn vertak om die selliggaam. Hierdie fyn vertakte uitsteeksels is die belangrikste

strukture vir die ontvangs van inligtingseine. Die neuron het ook een lang uitsteeksel wat bekend staan as die akson. Hierdie lang uitsteeksel voorsien 'n pad waarlangs die inligtingseine, wat deur die dendriete ontvang is, gelei kan word na verskillende gebiede in die senuweestelsel. Die kontakpunte tussen die akson-eindpunte van een senuwee en die dendriete van 'n volgende senuwee is funksionele eerder as strukturele verbindings, omdat 'n klein opening, die sinaptiese opening, die membraan skei van die akson-eindpunte van die membraan en dié van die dendritiese ontvangspunte. Die kontak wat oor hierdie klein opening tussen die akson-eindpunte van een senuwee en die dendrietiese ontvangspunte van 'n volgende senuwee bewerkstellig word, geskied deur 'n chemiese proses wat 'n sinaps genoem word (Jordaan & Jordaan 1987:146).

Elke ondervinding - of dit nou 'n goeie ondervinding is soos 'n fluitles of 'n slegte ondervinding soos 'n verkragting - verander die brein en die sterkte van die senuweeverbinding. Dit is omdat die brein ontwerp is om te verander in reaksie op herhaalde stimulasie. Genes en ervaring dwarsdeur die lewe vorm die brein. Traumatiese ondervinding aan die begin van die lewe mag 'n meer diepgaande uitwerking op die dieper strukture van die brein hê en dit stel die brein in staat om later op stres te reageer (Kalat 2006:25).

Trauma kan 'n ernstige uitwerking op kinders en adolessente se ontwikkelende brein hê. 'n Enkele traumatiese ervaring kan ook 'n volwassene se brein verander. 'n Afgryslike geveg kan byvoorbeeld in terugflitse te voorskyn geroep word (Stein 2004:951-959)). Navorsing deur Stein (2004:951-959) bevind dat misbruik en verwaarlosing vroeg in die lewe verwoestende gevolge kan hê. Dit verwar die chemiese stowwe en die vorming van kinders se brein wat veroorsaak dat hulle 'n risiko is vir dwelmmisbruik, tienerswangerskappe en ander probleme later in die lewe (Stein 2004:951-959). Die brein se vormbaarheid beteken dat positiewe ervaring soos 'n liefdevolle verhouding en ondersteuning die skade kan versag en verbeter (Stein 2004:951-959)). 'n Verskriklike traumatiese

gebeurtenis soos 'n tsunami, gewapende roof, moord of verkragting kan 'n langdurige effek hê op breindele wat betrokke is by die geheue en emosies. Die stimulasie wat geassosieer word met vrees en trauma verander die brein. Alhoewel alle ondervindings die brein verander, het nie alle ervaring gelyke impak op die brein nie. Omdat die brein in die eerste lewensjare georganiseer word teen 'n enorme spoed, sal ervarings gedurende hierdie periode meer potensiaal hê om die brein te beïnvloed op positiewe of negatiewe maniere. Vir genesing om plaas te vind moet ingrype daardie dele van die brein wat verander is deur die trauma, aktiveer (Stein 2004:951-959).

**5.10. Breinontwikkeling van kinders**

In die vorige paragraaf het ons die brein se rol by trauma bespreek. Vervolgens word die ontwikkelingsvlak en breinontwikkeling van kinders se rol in trauma bespreek, aangesien kinders meer as volwassenes sukkel om deur trauma te kom. Hulle het nog nie die volwassene se logiese denke en redeneringvermoëns om hulle te help om die trauma te verwerk nie (Bremmer 1998:89). Die strukturele organisasie en funksionele potensiaal van die brein ontwikkel dwarsdeur 'n mens se lewensloop, maar die grootste gedeelte neem in die kinder- en adolessente jare plaas (Stein 2004:951-959). By geboorte is die brein nog onderontwikkel. Dit is gedurende kinderjare en adolessensie dat die brein ryp word en dat breinverwante vermoëns in opeenvolgende fases ontwikkel. Eers kruip, dan loop. Eers babbel, dan praat. Interpersoonlike ondervinding hou aan om mense se verstand dwarsdeur die lewensloop te beïnvloed, maar die hoof-strukture wat veral verantwoordelik is vir selfregulasie word in die vroeë jare gevorm. Die ontwikkeling van die brein gedurende kinderjare volg die onder-na-bo-struktuur. Die onder deste gebiede van die brein ontwikkel eerste. Dan ontwikkel in opeenvolgende fases die mees komplekse gebiede hoër op (Stein 2004:951-959). Daarom is die fase van ontwikkeling waartydens die trauma plaasgevind het, belangrik. Die volwassene kom makliker deur

trauma omdat hulle kan redeneer en oor kognitiewe vermoëns beskik om die aanpassings wat trauma verg, te fasiliteer.

**5.10.1. Breinontwikkeling word daardeur gekenmerk dat dit in opeenvolgende fases ontwikkel en gebruiksafhanklik is.**

Soos vroeër in die hoofstuk gesien, het die brein 'n onder-na-bo organisasie. Die mens se brein is georganiseer van die mees eenvoudigste (minste selle: breinstam) tot die mees komplekse (meeste selle en meeste sinapses: frontale korteks). Die verskillende funksies van die brein varieer van die mees eenvoudige en refleksiewe (regulering van liggaamstemperatuur) tot die mees komplekse (abstrakte denke). Die brein is in drie hoofdele gestruktureerd: korteks, limbiese stelsel en die breinstam. Hierdie areas organiseer gedurende die ontwikkeling van die mens en verander in die volwasse brein na 'n gebruiksafhanklike patroon (gebruik dit of verloor dit) (Stein 2004:951-959). Breinontwikkeling word gekenmerk deur:

- opeenvolgende ontwikkeling en sensitiwiteit (die brein groei vanaf die breinstam na die korteks);
- gebruiksafhanklike organisasie (gebruik dit of verloor dit).

Die opeenvolgende ontwikkeling en gebruiksafhanklike patroon van die breinontwikkeling het buigsaamheid tot gevolg (Bremmer 1998:80). Dit verseker dat 'n individu se brein binne sy genetiese vermoëns ontwikkel wat geskik is vir die tipe omgewing waarin hy of sy grootgemaak word. Indien daardie leefwêreld gekenmerk word deur dreigemente, chaos, onvoorspelbaarheid, vrees en trauma sal die brein reageer deur te verander. Die proses van opeenvolgende ontwikkeling van die brein word gelei deur ondervindings. Die brein ontwikkel en verander in reaksie op ondervindings. Die brein is die mees buigsaamste in die kinderjare. Die gevolg van opeenvolgende ontwikkeling is dat verskillende gebiede georganiseer word

en hulle vra spesifieke ondervinding in spesifieke gebiede om normaal te ontwikkel. Hierdie fases gedurende die ontwikkelingsproses word die kritiese of sensitiewe periodes genoem (Perry 1997:123-149). Daarom hou kinders en adolessente baie negatiewe gevolge oor wanneer hulle getraumatiseer word.

Gebruiksafhanklike ontwikkeling is die sleutel om die impak van trauma op die kind en adolessent te verstaan. Brein-areas organiseer gedurende ontwikkeling en verander by die volwasse brein in ’n gebruiksafhanklike patroon. Ondervinding aktiveer sekere bane in die brein, dit versterk bestaande konneksies en skep nuwes. Hoe meer ’n sekere senuwee sisteem geaktiveer word, hoe sterker word hierdie senuwee-toestand. Wat hier gebeur is die skepping van interne verwysings van die interne en eksterne wêreld. Waar ondervinding die funksionering van ’n volwassene mag verander, voorsien ervaring die gebruiksafhanklike ontwikkelingsraamwerk vir die baba, kind en adolessent. As daar ’n gebrek aan ondervinding is, lei dit tot die dood van selle in ’n proses wat “pruning” genoem word (vgl Stein 2004:951-959). Vervolgens gaan ons die rol wat genes en ondervinding in trauma speel, bespreek.

**5.11. Die rol van genes en ondervinding in trauma**

Die konstruktiewe selfontwikkelingsteorie is gebaseer op die inherente vermoëns wat mense het. Dit bepaal hoe hulle na ’n trauma gaan optree (kyk McCann & Pearlman 1990). Watter rol speel genes en watter rol speel ondervinding by traumas? ’n Baba word gebore met ’n genetiese geprogrammeerde oorvloed senuwees en na die geboorte vestig die sinaptiese verbindings wat bepaal word deur beide die genes en die ondervinding (Stein 2004:951-959)). Genes bevat die informasie vir die algemene organisasie van die brein se struktuur, maar ondervinding bepaal aan watter van die genes uiting gegee gaan word, asook hoe en wanneer. Die uiting van genes lei tot die vervaardiging van proteïne wat senuweegroei

en die vorming van nuwe sinapse in werking stel. Ondervinding vorm gene-uiting en lei tot die handhawing, skepping en versterking van die verbindings wat die senuwee onderlaag van die brein vorm. Vroeg in die lewe is interpersoonlike verhoudings 'n primêre bron van ondervinding, en dit bepaal hoe genes hulle binne die brein gaan uitdruk (Stein 2004:951-959). Breinontwikkeling is die produk van die uitwerking van ondervinding op die ontvouing van die genetiese potensiaal. Die vraag is nie: genes of omgewing? nie. Maar hoe kan genes en ondervinding van kinders en adolessente in wisselwerking met mekaar wees tydens trauma? Hierdie onderwerp sal in die volgende hoofstuk in diepte bespreek word wanneer die klem op adolessente val.

'n Faktor wat volgens Carlson (1997:63) 'n rol in trauma speel, is die mens se genetiese vatbaarheid vir trauma. Die genetiese vatbaarheid vir geestesgesondheid is egter nog onduidelik. Alhoewel die meeste teorieë 'n genetiese neiging of vatbaarheid veronderstel, hoef biologiese abnormaliteit nie 'n genetiese basis te hê nie. Dit is ook moontlik dat vroeë onwikkelings-gebeurtenisse biologiese abnormaliteite in sommige mense kan veroorsaak (Carlson 1997:63). Navorsing het bevind (Davidson 1992:39-43) dat genetiese temperamentele verskille in sekere individue veroorsaak dat hulle meer vatbaar is vir traumatiese ervarings as wat ander mense is. Mense met genetiese vatbaarheid tot angstigheid, aggressie of depressie sal meer ernstige reaksies ontwikkel wanneer hulle aan trauma blootgestel word (Carlson 1997:68).

### 5.12. Die rol van vorige trauma in huidige traumareaksies

Daar is twee hoof-perspektiewe oor die rol wat vorige traumas in die huidige trauma speel. Die eerste daarvan is:

> ... that trauma may "innoculate" people so that they are more resistant to subsequent trauma … Intermittent, moderate trauma can produce a

> "toughening" effect so that the individual is not as sensitive to later traumas. On the other hand, stressful events prior to trauma may reduce a person's psychological resources and impede that individual's ability to cope with trauma.
>
> (Carlson 1997:72)

Daar is navorsing wat beweer dat wanneer mense wat 'n vorige trauma beleef het, gekonfronteer word met 'n nuwe trauma, hulle meer en intenser reaksies vertoon met meer post-traumatiese stressimptome as diegene wat nie voorheen 'n trauma beleef het nie (Davis, Lurigio & Skogan 1997:133).

### 5.13. Geheue tydens en na trauma

Wetenskaplikes aanvaar oor die algemeen dat daar vier fases van geheue is: die inneem, die stoor, die herroeping en die ontsluiting (kyk Matasakis 1996:151; Stein 2004:951-959). Traumatiese herinneringe verskil van gewone kliniese geheue in die manier hoe hulle gestoor word in die brein. Daar is getuienis dat trauma gestoor word in die limbiese stelsel wat emosies en sensasies verwerk, maar nie taal nie (Kalat 2006:138). Daarom kan mense wat 'n trauma beleef het, herinneringe hê van die woede, asook verskrikking en hartseer wat deur die trauma veroorsaak is, maar hulle het min of geen eksplisiete herinnering om die gevoelens te verduidelik nie.

#### 5.13.1. Storing van inligting

Op 15 Julie 1976 is 'n groep kinders ontvoer en 27 uur later fisies ongedeerd gevind. Elkeen van hierdie ontvoerde kinders het in presiese detail onthou wat gebeur het. Niemand het vergeet of dit onderdruk nie. Hulle vertellinge strook met wat die polisie en die FBI bevind het (Terr 1994:10). Lenore Terr het 7-13 maande nadat hulle ontvoer is, in hulle bus in Chowchilla, Kalifornia met hulle gepraat en weer 4-5 jaar na die ontvoering 'n onderhoud met hulle gevoer. Hulle ontvoerders het met hulle rondgery in donker trokke en hulle

toe lewendig in ‘n sleepwa onder grondvlak in ‘n steengroef begrawe. Terr (1994:15) het ook met 153 ander kinders 5 weke en toe weer 14 maande nadat die Challenger ruimtetuig ontplof het, gepraat. Elke enkele kind in albei groepe het onthou wat gebeur het. Dit is moeilik om sulke gebeure te onderdruk. Terr (1994:9) het ook navorsing gedoen met volwassenes wat as kinders herhaaldelik getraumatiseer is. Sy het met kinders gewerk wat voor die ouderdom van 5 jaar getraumatiseer is. Diegene wat herhaaldelik getraumatiseer is, kon nie so goed onthou soos hulle wat slegs een keer getraumatiseer is nie (Terr 1994:8-10). In hierdie studie word die persoon wat herhaaldelik getraumatiseer is, nie behandel nie en ons gaan dus nie in diepte in op die storing van inligting na aanleiding van kroniese trauma nie. Ons sal konsentreer op die verband tussen die stoor van inligting en akute trauma. In hierdie verband sal ons moet let op die manier waarop die regter- en linkerbrein inligting stoor, omdat dit ’n belangrike rol speel in die wyse waarop mense akute trauma onthou.

### 5.13.2. Die linker- en regterbrein stoor inligting verskillend

Die linker- en regterhelfte van die brein bestaan langs mekaar en elkeen gebruik unieke strategieë om informasie te verwerk en te bêre. Hierdie twee verskillende breinhelftes weet min van mekaar (kyk Joseph 1992:40; Schacter 1996:65).

Die linkerkantste helfte stoor verbaal logiese inligting. Die willekeurige senuweesisteem is in verbinding met die linkerdeel. ‘n Mens kry verbale dominansie van informasie na 7-jarige ouderdom. Op hierdie ouderdom kan die linker spraak-area informasie organiseer en kategoriseer in linguistiese kodes.

Die regterkantste helfte stoor emosionele inligting. Die onwillekeurige senuweesisteem word geassosieer met emosie en is verbind aan die regterkant. Die regterkantste helfte stoor dus onbewustelik, emosioneel en tydloos. Die regterbrein lees gesigte, nuanses, melodieë, intuïsies en

gevoelens, veral voor die ouderdom van 5 jaar. Mettertyd verskaf dit beelde, motiewe, betekenis en moraal (Joseph 1992:45-47). Die regterhelfte is volledig dominant tot op drie jarige ouderdom wanneer 'n kind begin om te dink en te praat. Kommunikasie tussen die twee hemisfere is beperk tot 5 jaar (Stein 2004:951-959). Dit is met die regterkant dat mense die numineuse belewe omdat emosies daar gesetel is. Terr (1988:96-104) bevind dat uit 20 kinders met gedokumenteerde geskiedenis van vroeë trauma nie een van die kinders ’n verbale beskrywing kon gee van wat gebeur het voordat hulle twee en ’n half jaar oud was nie. Dit is egter gestoor in die geheue. Agtien van die twintig kinders wys spore van die traumatiese geheue in hulle gedrag en spel. Hulle het spesifieke vrese wat aan die traumatiese gebeure verbind is. Sy noem ’n voorbeeld van ’n kind wat seksueel deur ’n babawagter gemolesteer is gedurende die eerste twee jaar van sy lewe. Op 5-jarige ouderdom kon hy nie die naam van die babawagter onthou nie. Hy het geen kennis gedra van enige mishandeling nie. Sy spel het egter die replika van wat die baba-oppasser aan hom gedoen het, weerspieël. Tydens traumatiese gebeure word die regterbrein gebruik omdat dit 'n gebrek aan bewustheid het. Dit gebeur so om die linkerbrein te beskerm sodat die linkerbrein nie oorweldigende linguistiese boodskappe kry nie. Mense wat geweldig gestres is, sien nie noodwendig alles korrek nie. Hulle kan sekere dinge reg onthou en ander nie (Terr 1994:27). Hulle kan byvoorbeeld onthou dat die insident in die oggend plaasgevind het en dan weer vertel hulle dat dit in die aand was. Maar ten spyte van alle persepsies bly die verhaal wat getraumatiseerde kinders vertel naby aan die gebeure wat hulle beleef het. Die regterbrein stoor die traumatiese informasie in nie-verbale kodes soos in beelde en drome. Tydens trauma kan hierdie onbewuste kodes verbind met onbewuste elemente van ’n individu se vroeë kinderjare toe die regterbrein dominant was. Dit mag die rede wees waarom akute traumas dikwels kinderjare-trauma na vore bring (vergelyk Schacter 1996:45; Nelson 1997:101). Wanneer ‘n mens verstaan hoe die regterbrein werk, is dit maklik om dit te

lees. Die brein het sy eie taal en soos die natuur en musiek kan dit gelees word deur die regte kodes. Mense wat met getraumatiseerde adolessente werk, kan mettertyd leer om emosies, drome, foute van die tong, nie-verbale gedrag, patrone van optredes en psigosomatiese simptome te lees (Stein 2004:951-959).

**5.13.3. Liggaamsgeheue**

Die liggaam het nie senuwees wat oor die vermoë beskik om te onthou nie; slegs die brein het. Liggaamsgeheue verwys na die liggaam se sensasies wat sommige aspekte van die trauma simbolies of letterlik gevange neem. Sensoriese impulse word in die brein gestoor en kan weer gevoel word wanneer soortgelyke gebeurtenisse in die hede belewe word. ’n Persoon wat verkrag is, mag later bekkenpyn soortgelyk aan dié wat sy gevoel het met die misdaad, ervaar (Benedek 1985:175). Lank nadat die gevaar verby is, herleef getraumatiseerde mense die gebeure asof dit in die huidige gebeur. Hulle sukkel om normaal met die lewe voort te gaan, omdat die trauma herhaaldelik hulle lewe onderbreek. Dit is asof die horlosie opgehou loop het die oomblik toe die trauma gebeur het. Die trauma word op ’n abnormale manier in die geheue gestoor en dit kom dan in die dag spontaan na die bewussyn deur terugflitse en wanneer hulle slaap in nagmerries. Klein oënskynlik betekenislose herinnerings kan die geheue oproep (Kalat 2006:151).

**5.13.4. Herroeping**

Om deur die grense van amnesia te breek, is nie die moeilikste deel van die rekonstruksie nie omdat daar baie tegnieke is wat werk. Die moeilikste deel is om te staan te kom voor die vreeslikhede wat aan die ander kant van die amnesiese grens lê en om hierdie ervaring in die verhaal te integreer. Herman (1992:184) meen dat dit soos ’n moeilike legkaat is waarin ‘n mens

eers die hoekie en die buitelyne sien en dan elke stukkie nuwe informasie toets om te sien hoe dit by die geheel inpas.

Die eenvoudigste tegniek van herroeping is die versigtige ontginning van dit wat getraumatiseerde mense reeds onthou (Matasakis 1996:153). Gewoonlik is dit genoegsaam. Soos mense die emosionele impak van die feite wat hulle reeds onthou, beleef, kom nuwes spontaan na vore (Herman 1992:185). Oorstroming en direkte blootstellende onthullings help met 'n eenmalige trauma, maar nie met kroniese trauma nie (Herman 1996:187).

In hierdie paragraaf het ons die vier fases van die geheue bespreek omdat traumatiese herinneringe verskil van gewone kliniese geheue in die manier hoe hulle gestoor word in die brein. Vervolgens bespreek ons die tegnieke wat mense ontwikkel om die trauma te oorleef.

### 5.14. Oorlewingstegnieke

Tydens die trauma ontwikkel mense tegnieke om die trauma te oorleef. Baie keer laat vaar hulle nie die tegnieke nadat die trauma verby is nie. Soms lyk dit asof dit deel van hulle persoonlikheid geword het. Enige studie oor hierdie onderwerp, sonder die inagneming van oorlewingstegnieke, sou onvoldoende wees. Daarom word dit nou bespreek.

Volgens Freud (1925:614-620) is die ego vasgevang tussen die id, die superego en die eise van die werklikheid en as gevolg van hierdie konflikte ontstaan angs. Indien die ego die konflik nie meer kan hanteer nie, en omdat die mens angs nie lank kan verduur nie, ontwikkel hy verdedigingsmeganismes om angs te verminder. Die sterk ego kan die eise van die werklikheid hanteer en so 'n persoon sal ook minder angstig wees en minder van verdediging gebruik maak. Was die persoonlikheidsontwikkeling egter van so 'n aard dat die ego swakker is, sal daar meer angs en ook meer verdedigingsmeganismes wees. Nietemin kom verdedigingsmeganismes by alle mense voor. Daar is altyd in 'n meerdere of mindere mate angs as gevolg van instinkte waarvan die bevrediging weens omgewingsbeperkings

nie kan plaasvind nie. ’n Persoon gebruik ook nie net een tipe nie, maar ’n verskeidenheid verdedigingsmeganismes gelyktydig. So gesien, lyk verdediging na ‘n algemene verskynsel. Indien hulle egter tipiese, gereelde responspatrone op bedreigende ervarings word, kan hulle persoonlikheidsfunksionering belemmer en dus nadelig wees. Verdedigingsmeganismes word deur twee eienskappe gekenmerk, naamlik in die eerste plek beteken dit ’n vervalsing van die werklikheid en in die tweede plek funksioneer die verdedigingsmeganismes onbewustelik (Freud 1925:614-620).

As gevolg van die trauma mag ’n getraumatiseerde individu sekere verdedigingsmeganismes aangeleer het (Matasakis 1996:24). Dit is baie algemeen vir mense wat trauma gehad het om opsetlike pogings aan te wend om denke en gevoelens oor die trauma asook aktiwiteite of situasies wat hulle aan die gebeure herinner, te vermy (Abel 1998:338-341). In sommige gevalle, kan vermyding van dinge wat mense aan die trauma herinner, veroorsaak dat hulle aan disassosiatiewe amnesia ly of dat hulle geheue vir ’n sekere aspek van die trauma weg is (Stone 1977:111). Verdedigingsmeganismes mag mense gedurende die trauma gepas het en gesorg het dat hulle oorleef, maar nie meer na afloop van die trauma nie. Soos mense genees en gesond word, sal baie van die negatiewe patrone van nature wegval omdat dit nie meer nodig is nie (Matsakis 1996:142). Noudat getraumatiseerdes nie meer in onveilige omstandighede lewe nie, het hulle die vryheid om nuwe hanteringsmeganismes te kies (vergelyk Miller 1992:77; Newman & Newman 1997:98). Gedurende en na die traumatiese gebeure het die oorlewingstaktiek dalk woede en aggressie (by soldate), passiwiteit (in huishoudelike geweld-situasies) of disassosiasie (tydens verkragting) behels. Hierdie oorlewingstegnieke het waarskynlik die getraumatiseerde individu se lewe gered tydens die trauma. Vandag mag dit egter in sy weg tot geluk staan.

Daar is verskillende verdedigingsmeganismes. Hier word net dié wat ’n rol in akute trauma speel, kortliks bespreek:

### 5.14.1. Ontkenning

Freud (1925:641-620) meen dat wanneer angs ’n baie ernstige bedreiging begin inhou, dit kan lei tot die inhiberende meganisme van ontkenning. Ontkenning word gebruik wanneer die bedreiging nie meer ontvlug of uitgeskakel kan word nie. In sulke omstandighede mag die enigste alternatief om van die angs ontslae te raak, wees om die bestaan van daardie aspek van die werklikheid heeltemal te ignoreer of te ontken, selfs al is dit net tydelik. Ontkenning is ’n psigologiese meganisme wat sekere slagoffers van trauma in staat stel om te ontken dat hulle getraumatiseer is. Die realiteit is te pynvol. Sulke mense vertel hulself dat dit alles ’n droom is; dat dit nie gebeur nie. “Dit was nie ek wat verkrag is nie”. Ontkenning kan jare na die daad voortduur (Stone 1977:47).

Ontkenning is een van die mees algemene aanvanklike reaksies op die trauma. Kinders en adolessente kan die dood van ouers of broers en susters volhardend ontken (Retief 2004:99). Daar is ’n verskil tussen die ontkennings-verdedigingsmeganismes van kinders en adolessente en die van volwassenes. Volwassenes reageer gewoonlik op die logiese van die trauma en begin mettertyd om die situasie te begryp en maak aanpassings. In die geval van kinders en adolessente mag die ontkenning vir maande duur, baie langer as by volwassenes. Baie keer weier kinders om die feit dat hulle ouers dood is, te aanvaar. Hulle klou vas aan hulle bestaan voor die trauma. Volwassenes staan kinders soms onbewustelik hierin by omdat hulle nie in staat is om die kinders se vrae oor wat gebeur het te antwoord nie aangesien dit vir hulle te pynvol is om daaroor te praat (Benedek 1985:168-170).

### 5.14.2. Disassosiasie

Een van die effektiefste maniere hoe mense oorweldigende trauma hanteer, is deur disassosiasie. Biologiese studies wys op veranderings in die senuwee-oordraer en die senuweehormonale sisteme van die brein as gevolg van die trauma. Hierdie veranderings veroorsaak weer ’n ingrype in die informasieverwerking en geheue-kodering van die traumatiese informasie en gevolglike fragmentasie van die traumatiese geheue, ’n verskynsel wat beskryf word as “disassosiasie” (Calhoun & Atkison 1982:665-661). Alhoewel dit hoofsaaklik deur slagoffers van kroniese trauma toegepas word, word dit in ’n mindere mate deur slagoffers van akute trauma gebruik. Disassosiasie beteken die skeiding of losmaking van die idees, gevoelens, informasie, identiteit en geheue wat normaalweg met mekaar saamgaan (Abel 1998:197).

Disassosiasie is ’n komplekse verstandelike proses waarin daar ’n verandering in getraumatiseerde mense se bewussyn plaasvind wat die normale funksies van hulle identiteit, geheue, denke, gevoelens en ervaring versteur. Dit beteken om die herinnering van die bewuste te skei (Kunzman 1990:40-51). Getraumatiseerde mense hoef nie te onthou wat gebeur het nie omdat die pyn diep in die onderbewuste begrawe is (Benedek 1985:61).

Gedurende die tydperk wanneer ’n persoon disassosieer, word sekere informasie nie geassosieer met ander informasie soos dit normaalweg sou gebeur nie. Byvoorbeeld, gedurende ’n trauma mag ’n persoon die herinnering aan die plek en omstandighede van die trauma nie assosieer met sy normale geheue nie. Sodoende spring hy die vrees en pyn van die trauma vry. ’n Voorbeeld hiervan is dat verkragte adolessente hulle ervaring dikwels beskryf asof hulle niks gevoel het nie, nie daar was nie, of hulle hul liggame verlaat het en op ’n ander plek rondgesweef het (Benedek 1985:61).

Disassosiasie veroorsaak dat getraumatiseerde adolessente betrokke raak in selfvernietigende of selfbeserende gedrag in die latere lewe. Hulle raak by hierdie gedragspatrone betrokke om terugflitse of pynvolle roeringe wat in die bewussyn kom, te stop. Dit gebeur veral tydens adolessensie

(Wickham en West 2002:121). Selfbesering is 'n manier om fisiese pyn te voel en so die bewuste weg te neem van die innerlike pyn. Hierdie gedrag is ook 'n manier om beheer te kry deur woede op jouself te rig (Wickham en West 2002:122). Omdat hierdie proses verandering in die geheue bring, voel mense wat gereeld disassosieer dat hulle sin van persoonlike geskiedenis en identiteit aangetas is. Kinders wat die dood van hulle geliefdes gesien het, disassosieer hulleself van die ondervinding en verkies om te glo dat dit met iemand anders gebeur het (Wickham en West 2002:210).

Die vraag ontstaan waarom sommige mense 'n trauma onthou en ander van die trauma disassosieer? Wickham en West (2002:214) meen dat die aard en frekwensie van die trauma en ook die ouderdom van die slagoffer 'n belangrike rol speel. Akute eenmalige traumas soos verkragting of om 'n moord te sien is meer waarskynlik om onthou te word, maar herhaalde traumas soos bloedskande, politieke marteling, oorlog ensovoorts lei gewoonlik tot 'n geheue versteuring. Traumas wat veroorsaak word deur die natuur soos 'n tsunami, orkaan of aardbewing of deur 'n motorongeluk word gewoonlik onthou. Traumas wat opsetlik deur mense veroorsaak word, soos byvoorbeeld molestering en mishandelings word gewoonlik nie so goed onthou nie. Ouderdom speel egter 'n belangrike rol. Adolessente en kinders disassosieer ook van akute trauma (vgl Terr 1985:56).

### 5.14.3. Gevoelloosheid

Dit is volgens Hodgkinsin & Stewart (1991:7) 'n verdedigingsmeganisme wat getraumatiseerde mense verhinder om katastrofiese vernietiging en dood te belewe. Dit onderdruk woede en weerstand en voorkom dat getraumatiseerde mense te veel ondraaglike pyn op een tydstip ervaar. Dit manifesteer eerstens direk na die impak. Dit lyk vir waarnemers asof die slagoffer kalm optree. Hulle mag in beheer lyk maar hulle het nog nie begin om reaksie te toon nie. Oor die algemeen tree mense wat betrokke is in 'n

trauma koel en logies op in die periode direk ná die insident, net om ’n rukkie later buite beheer te voel (Retief 2004:29).

### 5.14.4. Repressie of onderdrukking

Hierdie verdedigingsmeganisme (Freud 1925:641-620) verwys in die eerste plek na die proses waardeur sekere gedagtes of herinneringe of gevoelens onbewustelik gemaak word, of in die onbewuste onderdruk word, weens die ontoelaatbaarheid of onaanvaarbaarheid daarvan. Die ego onderdruk sulke inhoude om die persoon te beskerm teen die angs wat dit kan meebring, en die persoon is nie daarvan bewus dat dit plaasvind nie. ’n Soldaat se onvermoë om te onthou hoe hy voor die vyand gevlug het, is ’n voorbeeld van hierdie tipe repressie.

Terr (1994:8) meen dat onderdrukking anders is as om net eenvoudig te vergeet. Dit is ‘n aktiewe proses wat dieselfde ervaring meer as een keer onderdruk. As ‘n kind deur een erge gebeurtenis gaan, sal hy of sy dit duidelik en helder onthou. Een vreeslike gebeurtenis in ‘n andersins goeie lewe staan in ‘n kind se geheue uit (Terr 1994:8).

### 5.14.5. Die sondebok-meganisme

Hierdie is ’n belangrike meganisme wat getraumatiseerde kinders ontwikkel om die trauma te verwerk. Ek gaan dit volledig in hoofstuk 5 bespreek waar ek gaan aantoon dat getraumatiseerde adolessente ’n behoefte het om ontslae te raak van hulle pyn en daarom soek hulle onbewustelik na ‘n geskikte sondebok. Die slagoffer van trauma blameer die sondebok en doen so geweld aan die sondebok wat tot slagoffer gemaak word. Deur die slagoffer te blameer, raak die oortreder ontslae van die skadelikheid wat in sy eie psige vasgelê is.

Die soeke na ’n sondebok is ’n onbewuste daad. Sodra ’n sondebok gevind is, is dit asof getraumatiseerdes makliker vrede kan maak met die trauma. Familielede van slagoffers van trauma is ook geneig om ’n sondebok te soek wat hulle vir die trauma kan blameer.

In hierdie paragraaf is die verskillende verdedigingsmeganismes wat ’n rol in akute trauma speel, kortliks bespreek. Vervolgens kyk ek na die verskillende fases wat adolessente na trauma beleef.

**5.15. Fases van trauma**

Ek gaan eers in die algemee die fases wat mense na trauma beleef, bespreek. Daarna gaan ek meer intensief kyk na adolessente, deur Miller (1998:16) se model te bespreek van die fases waardeur kinders en adolessente gaan wat trauma beleef. Hy noem dit die Trauma-Skikkingssindroom.

**5.15.1. Impakfase**

Dit is die eerste fase wat mense ná akute trauma belewe. Dit gebeur terwyl die trauma nog besig is om plaas te vind en ook onmiddellik daarna. Getraumatiseerdes word tot stilstand geruk. Hulle voel verlam. Biologies word hulle koud; hulle gesigte word wit soos die bloed na hulle spiere beweeg (Retief 2004:31). Terwyl dit gebeur, mag hulle dalk nie glo dat dit met hulle gebeur nie. Dit neem ’n rukkie vir die realiteit van die situasie om te registreer (Retief 2004:32). Hierdie fase sluit simptome in soos skok, ontkenning, fisiese en emosionele gevoelloosheid.

Tydens hierdie fase vind daar spesifieke veranderinge in ’n mens se brein plaas. Die normale aard van breingolwe verander van beta na theta. Met beta-golwe is die mense by hulle bewussyn en funksioneer hulle normaal. Met theta-golwe is mense in hulle voorbewussyn en funksioneer hulle nie werklik by hullevolle bewussyn nie (Retief 2004:31). Wanneer mense se brein in die theta-toestand funksioneer, is dit asof dinge stadiger gebeur. Hulle neem in “slow motion” waar. Die vermoë van die brein om ervarings en waarnemings logies te kategoriseer, word beïnvloed. Dit is waarom dit soms kort na ’n traumatiese gebeurtenis vir mense moeilik is om al die besonderhede te onthou of om dit in logiese volgorde te onthou (Retief

2004:31). Hierdie veranderde toestand van bewussyn mag beskou word as een van die natuur se klein genadetjies, 'n beskerming teenoor ondraaglike pyn. Iemand wat 'n verkragting oorleef het, beskryf hierdie toestand:

> I left my body at that point. I was over next to the bed, watching this happen… I dissociated from the helplessness. I was standing next to me and there was just this shell on the bed… There was just a feeling of flatness. I was just there. When I repicture the room, I don't picture it from the bed. I picture it from the side of the bed. That's where I was watching from.
>
> (Warshaw 1988:56).

### 5.15.2. Reaksiefase

Dit volg wanneer getraumatiseerde mense se byniere groot hoeveelhede adrenalien begin uitskei en hulle 'n veg-, vlug- of vries reaksie toon. Hier vind 'n mens dat 'n persoon soms dinge kan doen wat normaalweg nie fisies moontlik is nie. Hulle kan byvoorbeeld op 'n amper bo-menslike manier oor 'n hoë muur spring of 'n baie swaar voorwerp optel, ensovoorts (Retief 2004:31). Al die gevoelens wat in die aanvanklike skok fase onderdruk is, kom nou na vore. Gemengde gevoelens stroom deur die getraumatiseerde persone. Een van die tsunami-slagoffers in 2004 het die een oomblik so dankbaar gevoel dat sy gelewe het, net om die volgende oomblik skuldig te voel dat sy gered is en ander nie (Beeld 8 Januarie 2005). Met akute trauma mag vrees een van die mees dominante emosies wees.

### 5.15.3. Vermydingsfase

Tydens hierdie fase word kortisol saam met adrenalien afgeskei. Die getraumatiseerde mense probeer plekke, mense en situasies wat hulle aan die insident herinner, vermy. Hierdie pogings tot vermyding is nie baie suksesvol nie, want daar is altyd iets wat hulle herinner aan die trauma. Wanneer die getraumatiseerde mense aan hierdie alledaagse insidente

blootgestel word, is die trauma in sy volle aakligheid weer daar en helder in hulle bewussyn en dit word weer so intens herleef asof dit nóú aan die gebeur is (Retief 2004:35). Getraumatiseerde mense bly permanent so half oor hul skouer kyk; gereed om te reageer. Hulle liggame word oor ’n tydperk deur middel van die afskeiding van streshormone in ’n toestand van gereedheid gehou. Dit lei tot erge fisiese uitputting (Retief 2004:36). Getraumatiseerde mense vermy dit om hulp te soek, want hulle wil die pyn van herlewing tydens die vertelling van die insident, vermy. Getraumatiseerde adolessente wend hulle dikwels tot alkohol of dwelms om verligting van hierdie toestand te kry (Stein 2004:951-959).

**5.15.4. Integrasiefase**

Tydens hierdie fase vervaag die oor-aktiewe reaksies en intense betrokkenheid by die traumatiese insident. Getraumatiseerde mense keer geleidelik terug na normale funksionering. Hulle streshormoonvlakke, liggaams- en breinfunksies keer ook terug na normaal. Die ervaring vervaag en word deel van hulle lewensverhaal; een van die baie dinge wat in hulle lewe met hul gebeur het (Retief 2004:40). Vrae soos die volgende kom op: Waar was God toe dit gebeur het? Wat van al die beloftes van bewaring in die Bybel? Dit neem ‘n lang pad om tot aanvaarding te kom, maar dit is nodig. Verskeie outeurs meen dat verwerking van die traumatiese informasie nodig is vir ‘n mens om ná die trauma te herstel (Horowitz 1986:241-249).

**5.15.5. Posttraumatiese stresfase**

Ongelukkig gebeur dit soms dat getraumatiseerde mense na ’n tyd nie terugkeer na normale funksionering nie. Hulle haak in vorige fases vas. Hulle probeer aanmekaar herinneringe aan die insident vermy en dit bly hul bewussyn binnedring. Hulle bly bedag op moontlike herhaling van die gebeurtenis en hulle liggame bly dus vol streshormone. Dan ly hulle aan post-traumatiese stresversteuring. Die toestand ontstaan wanneer ‘n persoon

’n traumatiese ervaring gehad het en dit nie oor ’n tydperk kan verwerk nie. Soms steek mense dit vir baie lank vir ander weg (Retief 2004:42). Post-traumatiese stresversteuring word omskryf as “the most common and severe type of posttrauma mental health problem that can occur” (Freedy & Donkervolt 1995:9).

‘n Rotsstorting in die Italiaanse Alpe in 1775 het drie vroue in hulle huis vasgekeer vir 37 dae sonder oop lug of daglig met die minimum versorging (Joseph, Williams & Yule 1997:3). Joseph, Williams & Yule (1997:3) het hulle mediese verslag van daardie tyd gelees en bevind dat een van die vroue dieselfde simptome gehad het as wat vandag ’n ernstige posttraumatiese stresversteuring genoem word. Die simptome het vir twee jaar geduur (Joseph, Williams & Yule 1997:4). Reeds in 1666 het Samuel Pepy ’n beskrywing gegee van sy psigologiese simptome na die Groot Vuur in London. Hierdie simptome korreleer met die beskrywing van post-traumatiese stresversteuring (Daly 1983:64-68). Die psigiese lyding in reaksie blyk altyd by die mensdom te wees, maar dit was eers sedert 1980 dat die term post-traumatiese stresversteuring in die psigologiese literatuur gebruik is. Die term voorsien ’n algemene taal wat suksesvol al die navorsing oor ’n wye veld onder een teoretiese sambreel gebring het. Tot en met 1980 is die effek van trauma op psigologiese gesondheid beskryf deur ’n verskeidenheid van terme te gebruik, soos byvoorbeeld die “Rape Trauma Syndrome” (Mott 1919), “Combat Stress Reaction” (Parry-Jones & Pary-Jones 1994), traumatiese neurose en angsneurose (Freud 1894). Bomskok is die bekendste van hierdie terme (Parry-Jones & Pary-Jones 1994). Dit het oorspronklik verwys na die oortuiging dat gevegsverwante versteurings veroorsaak is deur piepklein brein-bloedings as gevolg van skrapnel in die brein gedurende ontploffings. Daar is egter waargeneem dat soldate hierdie bomskok kan opdoen al vind daar nie ontploffings plaas nie. Daar is toe aangeneem dat bomskok ’n swakheid van die karakter is. Die gevolg hiervan is dat baie soldate tydens die Eerste Wêreldoorlog, wat vandag gediagnoseer

sou word met post-traumatiese stresversteuring, geskiet is vanweë hulle lafhartigheid.

Drie kenmerkende simptome van posttraumtiese stresversteuring is aanhoudende terugflitse, vermyding en opwekkingssimptome soos slaapversteurings en geïrriteerdheid (Davis, Lurigio & Skogan 1997:125). Onlangse getuienis wys daarop dat blootstelling aan trauma permanente neurobiologiese veranderings meebring wat volhardende hiperopwekking veroorsaak en dat dit dan baie van die posttraumatiese stressimptome wat beleef word, vertoon (Everly & Lating 1995:66). So byvoorbeeld kan 'n posttraumatiese stresversteuring ontwikkel in 'n kroniese toestand met aanhoudende simptome van persoonlikheidsverandering soos verhoogde vyandigheid, wantroue of paranoia, 'n leë gevoel of hooploosheid, impulsiwiteit of aanhoudende gevoelens van gevaar.

## 5.16. Trauma Skikkingsindroom

Miller (1998:16) het 'n model ontwikkel om die fases te beskryf waardeur kinders en adolessente gaan wat trauma beleef. Hy noem dit die Trauma Skikkingsindroom.

Die eerste fase is die adolessente se belewenis van die gebeure waarin daar 'n doodsdreigement, ernstige beserings of bedreiging van besering of ander bedreigings is.

Die tweede fase behels die adolessente se reaksie daarop. Dit mag vrees, magteloosheid en verskrikking insluit (Miller 1998:20).

Fase drie is die herbeleef van die trauma deur nagmerries, vermyding, terugflitse en denke oor die trauma.

Tydens fase vier begin hulle die trauma verwerk. Hierdie herevaluering mag lei tot die beter verstaan van die trauma en rou mag plaasvind. Indien getraumatiseerde adolessente reeds 'n mate van abstrakte denke bemeester het, sal dit die fase vergemaklik.

Tydens die laaste fase akkommodeer adolessente die trauma. Hanteringsstrategieë laat hulle toe om die betekenis van die trauma op hulle identiteit te aanvaar en op te los sonder twyfel of skuld (Miller 1998:18). Hierdie fase is ook onderhewig aan hulle ontwikkelingsvlak.

Nadat die fases van trauma bespreek is, is dit belangrik om na die liggaam se reaksie op trauma te kyk.

**5.17. Simptome van trauma**

Die postmoderne benadering tot die liggaam se reaksie op trauma is dat dit veelvuldige oorsake het. Postmoderne denke oor trauma werk nie met ’n enkele oorsaak en gevolg nie. Dit is nie ’n liniêre beweging nie, maar ’n sirkulêre beweging en is holisties. Daar moet na die totale mens gekyk word. Daarom is ’n psigososiale perspektief nodig wanneer daar op ’n postmoderne wyse gekyk word na die reaksies wat op trauma volg. Dit is nie net dit wat met adolessente gebeur het wat belangrik is nie, maar ook die betekenis daarvan vir hulle in verhouding tot wie hulle dink hulle is, die wêreld waarin hulle lewe en wat hulle verwagting vir die toekoms is. Blootstelling aan trauma kan die betekenis en doel van adolessente se lewe uitdaag (Joseph, Williams & Yule 1997:3). Een persoon kan die gebeurtenis sien as iets wat in die toekoms vrugte kan afwerp, waar ’n ander persoon dalk dieselfde gebeurtenis sien as ‘n katastrofiese gebeurtenis wat wys dat die lewe betekenisloos is (Joseph, Williams & Yule 1997:3). Die gevolge van die traumatiese gebeurtenis op die emosionele- en gedragsreaksies van twee mense sal konstant beïnvloed word deur die verskillende waardebepalings (Joseph, Williams & Yule 1997:3).

Om die proses van die simptome wat op die traumatiese gebeure volg, te verstaan, is dit belangrik om in meer diepte ondersoek in te stel na die proses rondom die trauma. Wanneer ‘n adolessent voor ’n skielike, onbeheerbare en ekstreem negatiewe gebeure te staan kom, is die persoon vol vrees en wil hy/sy homself/haarself beskerm teen die gevaar. Hierdie

“veg of vlug” reaksie word gekenmerk deur hoë vlakke van fisiologiese, gedrags-, kognitiewe- en affektiewe opwekking wat die manier is waarop die liggaam op gevaar reageer (Van der Kolk 1987:98). Hierdie opwekking maak dat ‘n mens hiperbewus van en hiperwaaksaam in die omgewing is. Dit stel die mens ook in staat om te veg of jouself te verdedig. Aggressiewe gedrag is ’n natuurlike reaksie op gevaar (Van der Kolk 1987:98). Sodra ’n traumatiese gebeurtenis geëindig het, verskyn ’n hoeveelheid simptome wat verband hou met die toestand van opwekking wat die persoon ervaar het te midde van die traumatiese gebeurtenis (Carlson 1997:38).

Volgens Van der Kolk (1987:99) sal die blootstelling aan ’n potensieel traumatiese gebeurtenis nie noodwendig post-traumatiese stressimptome in elke adolessent veroorsaak nie. Dit gebeur by sommige adolessente omdat die gebeure nie waargeneem word as voldoende negatief of onbeheerbaar nie. Ander adolessente sien die gebeurtenis wel as ekstreem negatief, onverwags en onbeheerbaar, maar hulle het relatief min tot matige simptome.

Daar is verskeie faktore wat reaksies op trauma beïnvloed. Van der Kolk (1987:99-128) identifiseer vyf algemene faktore wat reaksies op skielike, onbeheerbare, negatiewe gebeurtenisse beïnvloed. Dit sluit in biologiese faktore, die ontwikkelingsfase tydens die trauma, die felheid van die trauma, sosiale konteks en vorige en daaropvolgende lewensgebeurtenisse. Oor die algemeen het hierdie faktore ’n effek op die trauma-reaksie omdat hulle óf die persepsie van onbeheerbaarheid óf die graad waartoe die gebeurtenis as negatief beleef word, affekteer.

Trauma gedurende kinderjare en adolessensie kan lei tot toekomstige verwarrings en versteurings. Afhangende van die aard en patroon van die trauma, sal 27%-100% van kinders en adolessente, veral dié wat blootgestel was aan skielike onverwagte mensgemaakte geweld, post-traumatiese stressimptome ontwikkel (Terr 1983:1544-1550). Ander sal ’n reeks simptome soos angs, fobies en depressie ontwikkel (Sack 1993:431-437). Al onthou ‘n persoon niks van die trauma nie, is die simptome aktief. Lank nadat

die gevaar verby is, herlewe getraumatiseerde mense die gebeure asof dit in die huidige gebeur. Hulle sukkel om normaal met die lewe voort te gaan, omdat die trauma herhaaldelik hulle lewens onderbreek.

Die trauma word op 'n abnormale manier in die geheue gestoor: dit kom bedags spontaan na die bewussyn deur terugflitse en wanneer hulle slaap in nagmerries. Klein oënskynlik betekenislose herinnerings kan 'n individu laat onthou. Getraumatiseerde mense se steurende simptome moet deeglik gemonitor word sodat dit wat uitgebring word, draaglik is. Indien simptome dramaties vererger wanneer die trauma ontgin word, is dit 'n teken om stadiger voort te gaan. Adolessente moet ook verwag dat hulle nie in staat is om volgens hulle volle potensiaal gedurende hierdie tyd te funksioneer nie (Herman 1992:176). Dit is algemeen vir slagoffers van akute trauma en veral van verkragting om skielik weer die simptome van die verkragting jare later, ná 'n ander trauma, te vertoon. Die intense reaksies van die tweede gebeurtenis reaktiveer die geheue en emosies wat jare tevore gekodeer is (Horowitz 1986: 245).

Soos met enige ander kroniese trauma, is akute trauma-slagoffers kwesbaar om akute stres-reaksies kort na die gebeurtenis te ontwikkel. Dit is heeltemal natuurlik om van hierdie simptome te beleef na 'n trauma. Dit sluit die volgende in:

### 5.17.1. Ontkenning

Ontkenning is een van die mees algemene aanvanklike reaksies op die trauma. Kinders kan die dood van ouers of broers en susters volhardend ontken. Ontkenning en disassosiasie is albei primitiewe pogings wat deur getraumatiseerde mense gebruik word om betekenisvolle herinneringe aan die aanvanklike trauma te onderdruk (Miller 93:111).

### 5.17.2. Angstigheid

Aanvanklik het getraumatiseerde adolessente die vrees dat nog 'n tsunami, verkragting of aanval hulle sal tref. Indien kinders en adolessente nie berading kry nie, begin hulle om alles te vrees: objekte, mense, diere, plekke, denke en fantasieë (Benedek 1985:168-171).

### 5.17.3. Woede

Volgens Hodgkinsin & Stewart (1991:54) kompliseer woede herstel. Dit is 'n emosie wat dikwels na 'n trauma beleef word. Volwassenes is kwaad vir die reddingsorganiseerders, die regering en mediese dienste wat volgens hulle die trauma kon verhoed het of vinniger na die trauma opgetree het (Hodgkinsin & Stewart 1991:57). Hulle is ook kwaad vir God wat misluk het om hulle van hierdie trauma te beskerm. Kinders het nie so 'n wye reeks van gehate objekte nie. Die meeste kinders is kwaad vir hulle ouers wat dood is en hulle alleen gelos het (Warshaw 1988:94). Volgens Lifton (1983:2-6) dink getraumatiseerde persone dat ander mense hul nie verstaan nie omdat hulle self nie ook in 'n trauma was nie. Hulle kry net vertroosting by ander mense wat ook deur 'n soortgelyke trauma is. Dikwels deel hulle nie die trauma met familielede nie en dit laat die familielede uitgesluit voel (Miller 1998:76).

Woede by kinders en adolessente is 'n uitdrukking van onderliggende hartseer, verlies, magteloosheid, vrees en angstigheid. Dit is dikwels makliker vir 'n kind om woede te beleef as die meer pynlike onderliggende emosies (Hodgkinsin & Stewart 1991:59). Kinders weet nie hoe om hulle woede op 'n gepaste manier uit te druk nie. Die uitdrukking van toepaslike woede is 'n gesonde, nodige en integrale deel van die genesingsproses. Getraumatiseerde persone het die reg om woede te voel oor die verskriklike dinge wat met hulle gebeur het en hulle het die reg om dit te sê.

### 5.17.4. Magteloosheid

Na ’n trauma mag getraumatiseerde adolessente vasgevang wees tussen die uiterstes van amnesia of om die trauma te herleef, tussen vloede van intense, oorweldigende gevoelens en geen gevoelens, tussen geïrriteerdheid en impulsiewe dade en die totale weerhouding van enige optredes. Die onstabiliteit wat hierdeur veroorsaak word, verhoog die gevoel van magteloosheid – dieselfde gevoel wat hulle tydens die trauma beleef het (Herman 1992:47).

’n Tweede aspek van magteloosheid mag ’n verlies wees aan ‘n gevoel van sekuriteit in die lewe. ’n Wêreld wat voorheen redelik veilig en voorspelbaar was, word nou as bedreigend beleef (Herman 1992:47).

### 5.17.5. ‘n Gevoel van depressie

Dit is ’n aktiewe diep en leë gevoel, gemeng met psigologiese pyn en intense verlange. Daar is ook wanhoop wat ’n passiewe gevoel van hulpeloosheid meebring. ’n Trauma kan wel ’n major depressie aktiveer. By ’n major depressie werk simptome in teen werk, studie, slaap en ontspanning. Herman (1992:50) verduidelik dat simptome van ’n major depressie die volgende insluit:

● **Geestelike simptome**

- Voel ver van God af
- God is kwaad vir my

● **Gemoedsimptome**

- Eensaam/verwerp/hartseer
- Waardeloos/skuldgevoelens
- Hopeloos/pessimisties
- Huil sonder rede
- Geïrriteerd

- **Ander**

- Eetversteurings
- Slaapversteurings
- Moeg, uitgeput en rusteloos
- Gebrek aan geïnteresseerdheid
- Dink stadig en gebrek aan konsentrasie
- Geniet niks
- Kan nie besluite neem nie
- Gedagtes aan selfmoord en dood

### 5.17.6. Versteurde slaappatrone

Daar is bevind dat adolessente wat aan trauma blootgestel was, aan kroniese slaapversteurings lei (Herman 1992:35). Na 'n trauma ondergaan hulle liggame 'n verandering deur hiperwaaksaam te word. Dit is vir hulle asof gevaar enige oomblik sal terugkom (Herman 1992:35). Tydens die hiperwaaksaamheid word die getraumatiseerde adolessente gouer geïrriteerd en slaap slegter as gewoonlik. Slaapversteurings kan die gevolg wees van die kroniese opwekking van die outonome senuweestelsel (Herman 1992:35). Vrees vir slaap of 'n onvermoë om aan die slaap te raak is deur verskeie navorsers by getraumatiseerde adolessente gevind (vgl Burgess & Homstrom 1974:981-986; Breslau 1991:216; Wicham & West 2002:22). Hulle mag deur die nag wakker word en dan nie weer aan die slaap kan raak nie.

### 5.17.7. Verhoogde chaos

Nadat trauma beleef is, is daar verhoogde chaos in adolessente se lewens. Hulle sukkel om in roetine en gewoontes te bly. Tyd en plek sal onvoorspelbaar en chaoties voel (Herman 1992:56). Die meeste mense, wat nog te sê kinders of adolessente, is nie opgelei om krisisse en lewensgevaarlike situasies of die naspel daarvan te hanteer nie. Selfs

diegene wat opgelei is, sukkel om dit te hanteer. Daarom voel dit vir die meeste mense asof hulle uitmekaar val as hulle 'n trauma beleef (Herman 1994:56).

### 5.17.8. Versteurde eetpatrone

Die normale regulasie van die liggaamstoestand is ontwrig deur kroniese hiperopwekking. Normale biologiese sirkels soos honger mag chaoties ontwrig wees. Daarom ontwikkel baie getraumatiseerde adolessente eetversteurings (Herman 1992:108).

### 5.17.9. Die rol van plaasvervangers na trauma

Hipnotiese geestesvervoering en traumatiese distansiëring bly 'n misterie. Herman (1992:44) meen dat hipnose veroorsaak dat 'n mens op dieselfde manier optree as wat hy of sy sou optree wanneer hy of sy morfien ingekry het. Die gebruik van hipnose as 'n plaasvervanger vir pynstillers om pyn te dood is algemeen en al lank bekend. Hipnose en morfien produseer 'n gedistansieerde toestand waarin die persepsie van pyn en die normale emosionele reaksie op pyn weg is. Hipnose verminder die ellende van halsstarrige pyn sonder om die sensasie self uit te skakel. Trauma mag lewenslange verandering in die regulasies van endogeniese pynstillers produseer wat dieselfde effek het as pynstillers binne die sentrale senuweestelsel. Getraumatiseerde mense wat nie spontaan kan distansieer nie, mag pogings aanwend om dieselfde gevoellose effek te verkry deur alkohol of dwelms te gebruik. Grinker en Spiegel (1945:219-220) bevind dat die gebruik van alkohol 'n poging van getraumatiseerde adolessente mag wees om hulle groeiende gevoel van hulpeloosheid en ellende uit te wis. Dit is 'n poging om die pynvolle oorweldigende opwekkings te demp (Rando 1993:4). Dit spreek vanself dat daar by getraumatiseerde adolessente 'n hoë risiko bestaan om aan alkohol of ander dwelms verslaaf te raak. Daar is ooweldigende getuienis wat daarop dui dat oorlewendes van traumatiese

dood 'n verhoogde risiko is vir die ontwikkeling van alkoholisme en verwante probleme (Rando 1993:5).

In navorsing onder 100 oorlogsveterane wat aan post-traumatiese stressimptome gely het, is bevind dat 85% van hulle hoë dwelm- en alkohol probleme ontwikkel het nadat hulle teruggekeer het na die burgerlike lewe. Slegs 7% het alkohol gebruik voordat hulle oorlog toe is. Hierdie mans gebruik alkohol om hulle hiperwaaksaamheid en steurende simptome soos slaaploosheid, nagmerries, geïrriteerdheid, woede-uitbarstings ensovoorts te beheer (Bremmer & Marmar 1998:111). 'n National Vietnam Veterans' Readjustment Studie het bevind dat 75% van mans met die afwykings-ongesteldheid probleme met alkohol-misbruik of alkohol-afhanklikheid ontwikkel het (Herman 1992:54).

### 5.17.10. Skuldgevoelens

Getraumatiseerde adolessente mag skuldig voel dat hulle bly lewe het terwyl ander nie het nie (Lifton & Olson 1976:1-18). Hulle blameer hulleself omdat hulle nie meer gedoen het om dié wat dood is, te help nie. Jonger kinders voel skuldig omdat hulle dink dat dit hulle slegte gedrag is wat die trauma veroorsaak het (Lifton & Olson 1976:9).

### 5.17.11. Nagmerries en terugflitse

Soos traumatiese geheue anders as gewone geheue is, is traumatiese drome anders as gewone drome. Hulle sluit fragmente van die trauma in presiese vorm in met min of geen verbeelding nie. Identiese drome kom herhaaldelik voor. Hierdie drome laat hulle voel asof die trauma nou in die hede gebeur. Traumatiese nagmerries kan ook voorkom in fases van slaap waar mense gewoonlik nie droom nie (Van der Kolk 1984:187-190). Sommige adolessente rapporteer dat die herinneringe aan die traumatiese gebeure wat hulle daaglikse lewe so kom ontwrig het, aanhoudend by hulle opkom. Dit is asof die gedagtes by hulle spook. Hulle vind dat hulle nie die prentjies van

die trauma uit hulle koppe kan kry nie. Hulle mag herhaalde nagmerries of terugflitse kry of hulle mag selfs die trauma herlewe asof dit in die hede gebeur (kyk Herman 1992:56).

**5.17.12. Hiperwaaksame gedrag**

Die normale regulasie van liggaamstoestande word ontwrig deur kroniese hiperopwekking. Biologiese sirkels van slaap, wakkerword en voeding is chaoties. Daarom sukkel slagoffers om te slaap of hulle slaap aanmekaar. Hulle is glad nie honger nie of eet te veel (Van der Kolk 1984:194).

**5.17.13. Denke na trauma**

- **Gebrek aan konsentrasie.**

Getraumatiseerde adolessente sukkel om te konsentreer. Hulle kan nie konsentreer nie as gevolg van al die goed wat binne in hulle aangaan. Veral skoolkinders sukkel om in die klas aandag te gee (Van der Kolk 1984:194).

- **Onderdrukking van denke**

Spontane onderdrukking van die denke wat verbind is aan die trauma is kenmerkend van getraumatiseerde adolessente. Onderdrukte denke hou die trauma uit die gewone bewussyn en verhoed die integrasie wat nodig is om gesond te word. Mense wat 'n trauma beleef het, laat hulself nie toe om te dink oor die betekenis van hulle simptome nie want as hulle dit sou doen, sal hulle al die pyn, ellende en woede moet terugbring (Van der Kolk 1984:194). Dit is ook normaal vir getraumatiseerde mense om opsetlike pogings aan te wend om denke en gevoelens oor die trauma te vermy en om aktiwiteite en situasies wat hulle aan die gebeure kan herinner, te vermy. In sommige gevalle mag die vermyding van die trauma veroorsaak dat 'n persoon disassosiatiewe amnesia of geheue-gapings het vir belangrike aspekte van die trauma (Van der Kolk 1984:198).

- **Wit of swart denke**

Kenmerkende denke van jong kinders, adolessente en baie jong volwassenes is ’n alles-of-niks denke. Trauma-oorlewendes is geneig om hulself, ander en lewenssituasies as alles of niks te sien nie. Ander mense is óf vriende óf vyande. Daar is niks tussenin nie. Dit is swart of wit denke (Matsakis 1996:109). Die manier waarop ’n mens hom- of haarself oordeel, is ook in swart-en-wit terme. Hulle sien hulself as ’n totale mislukking of ’n totale sukses. Hulle maak min voorsiening vir gedeeltelike sukses of gedeeltelike mislukkings (Matsakis 1996:109). Die lewe is nie alles sleg of wonderlik nie.

### 5.17.14. Gevoel van waardeloosheid

Wanneer kinders voel dat hulle waardevol en gerespekteer is, ontwikkel hulle selfbeeld. Hulle ontwikkel ook outonomie, dit is ’n gevoel van skeiding in ’n verhouding. Hulle leer om hulle liggaamsfunksies te beheer en te reguleer en om hulle eie opinie te vorm en uit te druk. Trauma skend die outonomie van die persoon. Die trauma vernietig die geloof dat ‘n mens in verhouding met ander kan wees (Herman 1992:53). Hulle sukkel om ’n eie opinie te hê.

Getraumatiseerde persone voel waardeloos en kan nie selfhandhawend optree nie. Hulle selfbeeld is aangerand deur vernedering, skuld en magteloosheid. Omdat tienerjare juis die tyd is waarin jy ontdek wie jy is, is ’n trauma in daardie tyd baie sleg, want dan hou die brein hom besig met ander dinge as identiteitsvorming.

### 5.17.15. Wantroue in ander en in die omgewing

Na ‘n trauma wantrou adolessente ander en hulleself. Hulle sukkel soms vir jare om weer die omgewing en mense te vertrou (Matsakis 1996:100).

### 5.17.16. Selfbesering, kompulsiewe gedrag en selfmoord

Dit is nie verbasend nie dat baie oorlewendes van huise waarin daar misbruik plaasgevind het ’n kroniese angstigheid en depressie ontwikkel wat aanhou tot in die volwasse lewe (Browne & Finkelhor 1986:66-77). Mishandelde en getraumatiseerde kinders en adolessente ontdek op ’n stadium dat die gevoel effektief getermineer kan word deur ’n besering aan hulle eie liggame. Die mees dramatiese metode om hierdie resultaat te verkry is deur hulleself seer te maak soos om hulleself te sny. Slagoffers wat as kinders misbruik is, ontwikkel oor die algemeen die gewoonte tot herhaalde selfbesering. Selfbesering word gereeld foutiewelik as ’n selfmoordgebaar gesien. Baie oorlewendes van kindermisbruik pleeg egter wel selfmoord. Daar is egter ’n duidelike onderskeid tussen herhaaldelike selfbesering en selfmoord-pogings. Selfbesering is nie bedoel om dood te maak nie, maar om onuithoudbare emosionele pyn te verlig (Herman 1992:109). Bulimia, kompulsiewe seksuele gedrag, kompulsiewe risiko-neem, blootstelling aan gevaar en die gebruik van psigo-aktiewe dwelms is maniere hoe misbruikte en getraumatiseerde kinders en adolessente probeer om hulle emosies te hanteer (Herman 1992:109).

## 5.18. Trauma en die self

Hierdie onderwerp word bespreek omdat die self in ’n trauma ontwrig word en omdat adolessente nog besig is om hulle identiteit te vorm.

Trauma vernietig die slagoffer se fundamentele veronderstellings dat die wêreld veilig is en ook die positiewe waarde van die self. Die gevoel van veiligheid in die wêreld (of basiese vertroue) word in die vroeë lewensjare verwerf in die verhouding met die eerste oppasser. Hierdie gevoel van vertroue word deur al die lewensiklusse deur die persoon volgehou. Dit vorm die basis van alle verhoudings en geloof. Dit gee hulle die idee dat hulle in die wêreld behoort, ’n wêreld wat gasvry vir mense is (Herman 1992:51). In tye van angs, soek mense spontaan na hulle eerste bron van beskerming en troos. Gewonde soldate en mense wat verkrag is, roep na hulle ma’s of na

God. Wanneer hierdie roep nie beantwoord word nie, word die basiese vertrouensgevoel verpletter en voel getraumatiseerde mense of hulle in die steek gelaat is (Herman 1992:52).

Wanneer kinders voel dat hulle waardevol en gerespekteer is, ontwikkel hulle selfbeeld. Hulle ontwikkel ook outonomie, dit is ’n gevoel van skeiding in ’n verhouding. Hulle leer om hulle liggaamsfunksies te beheer en te reguleer en om hulle eie opinie te vorm en uit te druk. Trauma skend die outonomie van die persoon. Die trauma vernietig die geloof dat jy jouself in verhouding met ander kan wees (Herman 1992:53). Die trauma bring ’n eksistensiële krisis en dit verpletter die getraumatiseerde se mees basiese veronderstellings oor die wêreld. As gevolg van die trauma is die meeste getraumatiseerdes geforseer om veronderstellings wat hulle voorheen as vanselfsprekend aangeneem het, te bevraagteken. Dit sluit veronderstellings in dat die wêreld voorspelbaar en beheerbaar is, dat die lewe betekenisvol is en funksioneer volgens die beginsels van regverdigheid en geregtigheid, dat ‘n mens veilig is, dat die lewe ‘n mens goedgesind is en dat ander mense oor die algemeen betroubaar is (Janoff-Bulman 1992:212). Die trauma skud al hierdie fundamentele veronderstellings in hulle kern. Die getraumatiseerdes kan nie absorbeer wat gebeur het nie. Die verlies en seerkry maak nie sin nie. Die tragedie demonstreer dat die lewe wispelturig en onvoorspelbaar is. Afhangende van die tipe dood en geweld wat daarmee geassosieer is, mag die verlies die getraumatiseerde forseer om die onreg van die lewe te konfronteer, asook die boosheid van ander mense (Janoff-Bulman 1992:212). Skaamte is ’n reaksie op hulpeloosheid, die skending van liggaamlike integriteit. Na trauma wantrou adolessente ander en hulleself (Herman 1992:53).

Getraumatiseerde persone sukkel met skade aan die basiese strukture van die self. Hulle verloor vertroue in hulself en in ander mense en in God. Hulle selfbeeld is aangerand deur vernedering, skuld en

hulpeloosheid. Hulle intimiteit is vol weersprekende emosies van behoefte en vrees (Herman 1992:56).

### 5.18.1. Die self

Kohut (1977:311) meen die self is die sentrum van die individu se "psychological universe". Mahoney en Lyddon (1988:209) is van mening dat "the construction of self-knowledge or learning to be a self is the fundamental orthogenetic process by which the human organism progressively scaffolds knowledge about itself into coherent integrated whole of self-identity."

Soos wat babas interaksie het met betekenisvolle mense in hulle omgewing, ontwikkel hulle 'n gevoel van self en 'n styl om by ander mense aansluiting te vind. Na 'n tyd ontwikkel hulle 'n unieke konstellasie van selfvermoëns, ego-hulpbronne, psigologiese behoeftes en kognitiewe skemas. Hierdie ontwikkeling hou dwarsdeur hulle lewe aan.

Volgens die konstruktiewe selfontwikkelingsteorie is die self "the seat of the individual's identity and inner life" (McCann & Pearlman 1990:33). Dit bestaan uit die volgende elemente:

### 5.18.2. Selfvermoëns

Die funksie van selfvermoëns is om die innerlike gevoel van identiteit en positiewe selfbeeld te behou. Brunner en Hagel (2003:20) noem twee selfvermoëns wat belangrik is vir getraumatiseerde adolessente naamlik:

- die vermoë wat mense het om sterk gevoelens te kan ervaar hetsy of dit pyn of vreugde is, sonder om 'n permanente ontwrigting in sy gevoel vir psigologiese stabiliteit te kry. Adolessente wie se vermoë om sterk emosies te ervaar nog nie sterk ontwikkel is nie, raak maklik betrokke by die misbruik van drank of dwelms of eetversteurings. Hulle mag oorweldig word wanneer sterk emosies opgewek word (Brunner en Hagel 2003:22);

- die vermoë om alleen te wees sonder om eensaam te wees. 'n Persoon wat 'n goed ontwikkelde vermoë het, kan tyd met homself geniet (alleen lees, skryf, verf en musiek luister). Adolessente is nog besig om hierdie vermoë te ontwikkel. Vriende is baie belangrik (dit word in die volgende hoofstuk in diepte bespreek). Hulle mag dus groot angstigheid ervaar wanneer hulle dink dat hulle alleen moet wees. As hulle alleen is, voel hulle hulle bestaan nie (Brunner en Hagel 2003:29) en daarom is hulle dan geneig om deel te neem aan selfvernietigende gedrag.

**5.19. Ego-hulpbronne**

Dit is bewustelike vermoëns wat gebruik word om by die wêreld buite jouself aansluiting te vind en sluit die volgende in:

- intelligensie:

Die pastor moet mense se intelligensie respekteer en die taal en voorbeeld gebruik wat die spesifieke persoon verstaan. Adolessente het 'n sekere manier hoe om te praat en die pastor moet seker maak dat die voorbeelde wat hy gebruik in die adolessent se verwysingsraamwerk is.

- bewustheid van psigologiese behoeftes en die vermoë om introspeksie te doen:

Trauma ontwrig onvermydelik die psigologiese behoeftes en die bevrediging daarvan. Introspeksie help die individu om nuwe maniere te vind om hulle behoeftes na die trauma te bevredig. Baie adolessente vind dat om 'n joernaal te skryf bruikbaar is in die ontwikkeling van introspeksie (McCann & Pearlman 1990:129).

- wilskrag, inisiatief en die vermoë om te strewe na persoonlike groei:

Inisiatief verwys na die vermoë om nuwe dinge te probeer. Wilskrag verwys na determinasie en uithouvermoë in donker dae. Wilskrag en inisiatief kan

deur die pastor versterk word deur gereeld te verwys na die adolessent se dapperheid om deur die trauma te werk en om klein stappies van groei te prys. Die aanvaarding en geloof van die pastor dat hy wel kan groei sal geleidelik deur die adolessent geïnternaliseer word.

- perspektief en empatie:

Getraumatiseerde mense verloor tydelik hulle vermoë om hulleself en ander vanuit meer as een perspektief te sien. Adolessente het dit nog nie ontwikkel nie (dit word in die volgende hoofstuk bespreek).

**5.20. Psigologiese behoeftes**

Om getraumatiseerde adolessente se behoeftes te identifiseer, help die pastor hoe en waar om in te gryp. Die opvallende ontwrigte behoefte areas is dié wat deur die pastorale proses genees moet word. Die fases in die proses is volgens McCann & Pearlman (1990:129):

- Verkenning van die behoeftes en graad wat opvallend is;
- Verkenning van die vlak waarop trauma die sentrale behoeftes ontwrig het; en
- Verkenning van die individu se bewustheid van sy behoeftes.

Elke mens het 'n behoefte om 'n betekenisvolle verwysingsraamwerk te hê (Fromm 1955:45). Hall & Lindsay (1978:54) meen dat elke mens 'n behoefte het aan 'n verwysingsraamwerk: "a stable and consistent way of perceiving and comprehending the world". Ontwrigte verwysingsraamwerke is die oortuiging dat die wêreld nie langer betekenisvol is nie en die oortuiging dat die wêreld onvoorspelbaar en gevaarlik is. Dit is 'n obsessiewe behoefte om te soek na antwoorde op die vraag: "Hoekom ek?" (McCann & Pearlman 1990:162).

### 5.21. Trauma en die dood

Daar is honderde studies en artikels om mense wat rou te hanteer, maar slegs ’n handjievol spreek die unieke probleme aan wat die *skielike traumatiese* dood van ’n geliefde veroorsaak (Davis, Lurigio & Skogan 1997:109). Mense verwag van getraumatiseerdes wie se geliefde skielik en onverwags dood is, om hartseer vir maande te beleef, maar na ’n jaar of 18 maande verwag hulle dat die getraumatiseerde oor die dood moet wees, die verlies agter hulle moet plaas en moet aangaan met die lewe. In teenstelling hiermee toon navorsing dat die rouproses na ’n skielike en traumatiese dood gewoonlik meer intens is as na ’n dood wat te wagte was. Die steurende simptome wat na so ’n trauma kom, duur ook langer as in die geval van ’n persoon wie se geliefde ’n dood gesterf het wat weens ouderdom of siekte te wagte was. Deurmekaar denke, woede, angstigheid en depressie word gewoonlik geassosieer met rou. Maar met ’n traumatiese dood kom daar ook nagmerries en ’n begeerte na wraak teenoor die oortreder by (Davis, Lurigio & Skogan 1997:110). Daar is tans ’n debat aan die gang of getraumatiseerdes wat hulle geliefdes skielik en traumaties verloor het, ooit ten volle herstel. Sulke getraumatiseerde mense vind dit moeilik om te leef met die feit dat hulle geliefde weg is en dat dit onnodig plaasgevind het, veral as die leed wat die oorledene aangedoen was, erg en opsetlik was of as die oortreder gemeen of wreed was. In so ’n geval moet die getraumatiseerde worstel met die realiteit dat ander mense in staat is om sulke bose dade te kan pleeg. Sodanige verliese bring intense angstigheid oor die dood en vrese van vernietiging saam met woede teenoor die oortreder (Davis, Lurigio & Skogan 1997:110). As gevolg van die manier waarop die dood plaasgevind het, word getraumatiseerdes oorstroom met intense en pynvolle gevoelens gedurende die vroeë stadiums van die trauma. Hulle verdedingsmeganismes is ten volle oorweldig deur wat gebeur het. Een oorlewende van ’n trauma waarin haar ma en broer dood is, druk dit so uit: “It was as though someone cut my insides out” (Burgess 1975:392).

Mense beleef pynvolle oplewings van rou vir baie jare na ’n traumatiese dood (Herman 1992:211). Hy skryf: “...the impact of a traumatic event continues to reverberate throughout the survivor’s life cycle” (Herman 1992:211). By gelowige mense wek die traumatiese verlies van ‘n lewensmaat of kind ’n geloofskrisis op. Sulke verliese maak dit moeilik om God as Beskermer te sien.

**5.22. Genesing van trauma**

Met trauma word die mat onder mense se voete uitgeruk en dit is ’n resep vir onsekerheid. Die pastor is nie die “expert” met al die antwoorde nie. Hy of sy is ’n gespreksgenoot wat ook ’n belangrike bydrae het om te lewer. Dit gaan nie oor ’n sekerheid wat teruggevind moet word nie, maar ’n gesamentlike poging om ’n waarheid te konstrueer wat sin maak. Die pastor beklee nie ’n gesags- of magsposisie nie, maar is die mede-outeur van hierdie gedeelde waarheid wat geskep word. As mede-konstrueerder van ’n getraumatiseerde se verhaal, kan ’n pastor net sensitief luister na ’n verhaal. “Each bit of construction can be responded to with an infinite number of questions, each of which would lead in a different direction” (Freedman & Combs 1996:88-89). Die rigting waarin die gesprek gaan beweeg, is onseker. Daarom kan die terapeut maar net saamloop en saamluister met ’n sensitiewe oor en langs die pad ander perspektiewe aanbied. Soos die pynvolle verhaal ontvou is dit belangrik dat pastors die pastorante oor en oor verseker dat hulle verskriklike gevoelens en reaksies onder die omstandighede normaal is. Omdat die pastor self onseker is oor die uitkoms, kan hy/sy nie voorskryf nie, maar slegs die moontlikhede uitspel. Mense skep en herstel die werklikheid in hulleself. Die pastor moet getraumatiseerde adolessente help om hulle eie krag te ontdek en te ontwikkel. Hulle is nie abnormaal nie. Dit was die gebeure wat hulle beleef het, wat abnormaal was. As ’n resultaat van dit wat met hulle gebeur het, het hy sekere verdedigingsmeganismes aangeleer. Dit mag hulle gepas het gedurende die trauma, maar nie nou meer nie. Soos hulle genees

raak en gesond word, sal baie van die negatiewe patrone van nature wegval aangesien hulle dit nie meer nodig het nie (Matasakis 1996:142). Soms mag dit 'n lewenslange proses wees en mag dit maande of jare duur voordat hulle te9n volle alles onthou en perspektief op die gebeure kry. Dit neem 'n lang tyd vir woede en pyn om te verdwyn. 'n Genesingsproses neem sy eie tyd en word in sy eie tyd ontvou (Matsakis 1996:144). Dit is beter om met die trauma in dosisse te werk. Sodoende loop 'n persoon 'n kleiner risiko om deur die trauma oorweldig te word.

Die eerste beginsel van herstel is die bemagtiging van getraumatiseerde adolessente. Hulle moet die outeur van hul eie herstel wees. Ander mag advies, ondersteuning, bystand en omgee gee, maar nie die geneesmiddel wees nie (Herman 1992:133). Deur bemagtiging word hulle oorlewendes en bly hulle nie slagoffers nie.

In die gesondwordproses kry 'n mens terugslae. 'n Mens gee drie treë vorentoe en gly dan weer twee terug (Matasakis 1996:142). Verskeie outeurs is van mening dat verwerking van traumatiese informasie nodig is om na die trauma te herstel (Horowitz 1986: 241-249).

Indien trauma nie opgevolg word met die woord 'afgehandel' nie, bly dit 'n invloed uitoefen op die res van die lewensloop van die getraumatiseerde mens, sowel as op die verhoudings met en die lewe van hulle na aan hom of haar (Retief 2004:23). Om die verlede te konfronteer is moeilik maar nodig in die helingsproses. Daar sal nou vervolgens aandag gegee word aan die elemente wat genesing na trauma bring.

### 5.22.1. Ontlonting

Ontlonting is oorspronklik ontwikkel om persone in nood by te staan om hulle emosionele reaksie op gebeure by die werk aan te pas. Hierdie tegniek is oorgeneem om met getraumatiseerde kinders en adolessente te werk (Miller 1998: 225). Volgens Davis (1985:131) is sielkundige ontlonting 'n vorm van krisis-ingryping en word dit gebruik in die geval van groepe mense wat 'n

trauma beleef het. Die doel van groepontlonting is om die voorkoms van onnodige sielkundige swaarkry te verminder. Sodanige ontlonting behoort 48 uur na die gebeure plaas te vind.

Dyregrov (1991:54) stel voor dat slagoffers 'n paar dae na 'n insident in 'n groep bymekaar gebring moet word met 'n buitestaander as leier. Hy (Dyregrov 1991:57) deel die ontlonting in verskillende fases:

- **Kennisnamefase**

Die leier spel die reëls vir die byeenkoms uit en sê dat die doel is om gevoelens te deel en mekaar te help. Wat in die byeenkoms gebeur, is vertroulik en niemand mag buite die kring daaroor praat nie. Niemand is verplig om te praat nie, maar hulle word aangemoedig om te praat.

- **Feitefase**

Hier praat die slagoffers oor die insident. Gerugte word so uitgeskakel. Vrae soos: "Wat het jy gedink toe jy besef het iets was verkeerd?", word behandel.

- **Gevoelsfase**

Die vorige fases lei hiernatoe. Vrae soos: "Hoe het jy gevoel?" en "Wat is jou huidige emosionele reaksies?", word behandel. Slagoffers besef dat ander ook dieselfde gevoelens as hulle tydens die trauma beleef het. Die leier vertel aan die groep dat al die reaksies normaal is onder die omstandighede. So word mense gerusgestel dat hulle nie abnormaal optree nie.

- **Opsommingsfase**

Die leier som die informasie op en gee vir die kinders eenvoudige maniere waarop hulle beheer oor hulle emosies kan kry (Miller 1998:226).

### 5.22.2. Die onthou en herleef van die trauma

Die getraumatiseerde adolessente rekonstreer die trauma in hulle brein. Om die trauma te herleef, kan aan hulle die geleentheid gee om dit te bemeester. Die meeste getraumatiseerde adolessente wil dit egter nie bewustelik doen nie. Hulle vrees dit eerder (Herman:1992:42). Getraumatiseerdes vertel die verhaal van die trauma, volledig en in detail. Traumatiese geheue is woordloos en staties. Die getraumatiseerde adolessente se aanvanklike verslag van die gebeure mag herhalend en emosieloos wees. Die pastor speel die rol van die getuie in wie se teenwoordigheid die getraumatiseerde oor die trauma kan praat. Die rekonstruksie van die trauma verg moed van beide die getraumatiseerde persoon en die pastor. Dit behels die verkenning van die persoon in die gevreesde situasie in die verbeelding of in die werklike lewe. Dit veroorsaak 'n afname in angstigheid oor die situasie wat hulle probeer vermy (Davis, Lurigio & Skogan 1997:141). Soos getraumatiseerdes hulle herinneringe opsom, moet hulle veilig voel. Om die trauma te ontwyk, sal daar stagnasie in die herstelproses kom. Indien hulle dit egter te oorhaastig doen, kan dit lei tot vrugtelose herleef van die trauma.

Rekonstruering van die trauma begin met 'n oorsig oor die mens se lewe voor die trauma en die omstandighede wat tot die gebeure gelei het. Die volgende stap is om die traumatiese gebeure feitelik te rekonstrueer. Uit die gefragmenteerde komponente van die gevriesde verbeelding en sensasie sal die getraumatiseerde adolessent en pastor stadig 'n georganiseerde, gedetailleerde, verbale verslag gee. Nie net die gebeure word weergegee nie, maar ook die getraumatiseerde persoon se reaksie daarop. By die meer ondraaglike momente vind die getraumatiseerde adolessent dit moeiliker om woorde te gebruik. By tye mag hy of sy spontaan oorslaan na die verbale metodes van kommunikasie (Herman 1992:177). 'n Verhaal wat nie die traumatiese verbeelding en liggaamssensasies insluit nie, is onvolledig. In aanvulling tot die feite moet die getraumatiseerde ook neerskryf wat hy of sy gevoel het (Herman 1992:177).

Die doel waarom die verhaal onthou moet word, is integrasie, nie uitdrywing nie. Tydens die proses van rekonstruksie ondergaan die trauma-verhaal ’n transformasie in die sin dat dit meer werklik word. Wanneer hy of sy die storie in die veiligheid van ’n beskermende verhouding vertel, verminder die steurende en hiperopwekkende simptome. Gevoelloosheid en sosiale onttrekking verander nie. So ook nie getroude -, sosiale - en werksprobleme nie. Rekonstruksie van die trauma is nodig maar nie voldoende nie. Om ’n trauma-verhaal te rekonstrueer, is gekompliseerd veral in die geval van oorlewendes van herhaalde en lang misbruik. Dit neem baie korter om ’n akute trauma-verhaal aanmekaar te sit (Matasakis 1996:141). Nadat hulle die verhaal ’n aantal kere vertel het, kom die oomblik wanneer die trauma-verhaal nie sulke intense gevoelens opwek nie. Dit het ‘n deel van die getraumatiseerde se ervaring geword, maar net ‘n deel daarvan. Die rou begin sy felheid verloor. Die getraumatiseerde kom tot die slotsom dat die trauma nie die belangrikste of interessantste deel van hulle lewensverhaal is nie (Matasakis 1996:142-143).

Die rekonstruksie van die trauma is nooit heeltemal voltooid nie. Nuwe konflikte en uitdagings by elke fase van die lewenssiklus sal onvermydelik die trauma wakker maak en nuwe aspekte van die ervaring sal weer aan die lig kom (Herman 1992:195).

### 5.22.3. Gedragsbehandeling

Gedragsbehandeling spruit uit die idee dat vrees aangeleer is en behou word deur vermyding. Alle soorte van stimuli wat by trauma teenwoordig is, word gekondisioneer aan angstigheid van gebeure. Dit mag die plek, ander mense wat teenwoordig is, die tyd van die dag ensovoorts insluit. Dit word almal kragtige snellers van angstigheid (Davis, Lurigio & Skogan 1997:142). Post-traumatiese stressimptome het die spesifieke kenmerk van konstante herlewing in die vorm van opdringerige denke, terugflitse en nagmerries. Ten spyte van die her–belewing gaan die vrees nie weg nie, want die slagoffer het

geleer om pynvolle herinneringe te vermy, om ander emosies (soos woede) toe te laat om meer prominent te word of omdat hulle eenvoudig net nie toegang het tot herinnering nie en slegs herroep kan word in 'n toestand van hoë opwekking (Davis, Lurigio & Skogan 1997:148). Alle suksesvolle behandeling van post-traumatiese stressimptome behels 'n element van beheerde blootstelling aan die trauma-verbinde-stimuli.

**5.22.4. Vernuwing van denke**

Een van die sentrale probleme in trauma is die skending van die algemene aannames oor jouself en die wêreld en hulle vervanging deur disfunksionele negatiewe oortuigings (Davis, Lurigio & Skogan 1997:153). Die pastor moet die getraumatiseerde adolessent help om die verdraaide oortuigings te identifiseer en te korrigeer. Die persoon word geleer hoe om negatiewe outomatiese denke te monitor, die verbinding tussen die gedagtes, denke en gedrag te herken en om bewyse vir en teen die verdraaide outomatiese denke te toets en te vervang met realistiese interpretasies (Davis, Lurigio & Skogan 1997:153). Dit is 'n proses wat moeilik is vir 'n adolessent wat nog nie abstrakte denke ontwikkel het nie. Oortuigingsskemas maak volgens Davis, Lurigio & Skogan (1997:154-170) mense ontvanklik om sekere emosionele reaksies te hê deur die volgende te doen:

● Dit lei 'n mens om selektief aandag te gee aan sekere tipes gebeure. Daarom sal die persoon wat byvoorbeeld betrokke was in 'n treinongeluk fyn luister na geluide tydens die reis en dink: "Wat is daardie geluid, is iets verkeerd?"

● Dit hou die emosioneelbelaaide verlede en die negatiewe gebeure lewendig en voorspel toekomsgebeure. Daarom gaan die persoon dink oor die gebeure en by homself dink: "Wat as ek nie? ... As?"

Verkragtingsslagoffers moet meegedeel word dat hulle een dag op 'n slag moet neem, maar dat hulle so gou as moontlik moet terugkeer na hulle roetine-aktiwiteite. Hulle moenie nie-gevaarlike "gevaar"-aanduidings, wat gedurende die misdaad gekondisioneer is, vermy nie. Hulle moet aangemoedig word om hulle sosiale netwerk te mobiliseer en aan hulle geliefdes te vertel waaraan hulle 'n behoefte het. Familie en vriende wil ondersteunend wees, maar weet nie altyd wat om te doen of te sê nie (Horowitz 1986:241-149).

**5.22.5. Rou**

Trauma sluit altyd een of ander vorm van verlies in. Al het die persoon nie iets fisies verloor nie, is daar 'n verlies aan vorige oortuigings en beskouings wat nou bevraagteken of verwerp word (Retief 2004:27). Lewis (1998:51) meen dat mense tydens rampe geliefdes, vriende en besittings verloor, maar veral ook geloof – nie soseer godsdienstige geloof nie, maar geloof in die feit dat B na A en C na D kom, die geloof dat die lewe 'n sekere egaligheid of voorspelbaarheid het. As 'n mens eers so 'n trauma beleef het, is dit moeilik om weer te glo dat die lewe dieselfde as vroeër sal wees. Dit is vir die slagoffer moeilik om nie te dink dat iets vreesliks weer sal gebeur nie. Getraumatiseerdes het die behoefte om te rou oor hulle hoop en toekomsdrome, oor hulle geloof in God as 'n goeie en welwillende Beskermer en oor hulle geloof in 'n regverdige regstelsel (Davis, Lurigio & Skogan 1997:125). Die oorlewende het hulp van ander nodig om oor haar verlies te rou. Dit is belangrik om te rou. As daar nie aandag aan rou gegee word nie, verewig dit die trauma-reaksie (Herman 1992:69). Trauma bring verlies. Dié wat fisies seergekry het, verloor hulle gevoel van liggaamsintegriteit en diegene wat belangrike mense in hulle lewe verloor het, het 'n nuwe gaping in hulle verhouding met familie en vriende. Die pastor speel hier 'n belangrike ondersteunende rol (Hodgkinsin & Stewart 1991:1).

Elizabeth Kübler-Ross (1997:29) se fases van die rouproses word wêreldwyd gebruik en is die volgende:

- ontkenning;
- woede;
- onderhandeling;
- depressie (nadat dit blyk dat die onderhandelinge nie help nie, verval die persoon in gevoelens van hopeloosheid en depressie);
- Aanvaarding (die persoon aanvaar sy verlies, maak sin daaruit en gaan voort met sy lewe sonder dat die verlies sy lewe oorheers).

Kübler-Ross (1997:35) is van mening dat iemand wat rou deur hierdie fases gaan, maar nie noodwendig in dieselfde volgorde nie. ‘n Mens kan ook een fase meer as een maal belewe. Hodgkinsin & Stewart (1991:24) meen dat ‘n mens nie kan sê dat persone deur rou-fases gaan nie, want fases impliseer ’n ordelike voortgang, terwyl die persoon wat rou heen en weer tussen die belewenisse gegooi word. Soms beleef hulle nie al die fases nie en werk steeds deur die rou. Volgens Hodgkinsin & Stewart (1991:24) is dit ’n beter manier om oor rou te besin as om ’n bepaalde denke, gevoelens en gedrag te hê wat onderling aan mekaar verbind is. Tydens die proses van deurwerk van die trauma kom sommiges vroeër in die proses van deurwerk voor en ander weer later. Die volgende fases is volgens Hodgkinsin & Stewart (1991:92) belangrik om ‘n mens deur die rouproses te kry:

- aanvaar die realiteit van verlies;
- beleef die pyn van die rou en werk deur die verlies;
- pas aan by ’n omgewing waar die geliefde nie langer daar is nie;
- kry nuwe emosionele energie om in nuwe aktiwiteite en verhoudings te belê.

Die belangrikste komponente van rou is volgens Hodgkinsin & Stewart (1991:95-115) die volgende:

- **Skok**

Skok is ’n universele aanvanklike reaksie op verlies. Dit mag kortstondig wees of lank duur en kan ervaar word as ongeloof en gevoelloosheid of as pyn en apatie.

- **Ongeorganiseerdheid**

Die persoon wat rou mag oombliklik ineenstort. Daar mag deurmekaar denke en swak konsentrasie en geheueverlies wees.

- **Ontkenning**

Dit is ’n verdedigingsmeganisme, die onderdrukking van iets in die bewussyn. Dit is bedoel om die persoon wat die verlies beleef, te beskerm teen te veel pyn op een stadium. Ontkenning kan kortstondig wees of lank duur en kom dwarsdeur die proses voor. Die verlies kan in so ‘n mate ontken word dat hulle optree asof die geliefde nog daar is.

- **Depressie**

Dit is ’n aktiewe diep en leë gevoel, gemeng met psigologiese pyn en intense verlange. Daar is ook wanhoop wat ’n passiewe gevoel van hulpeloosheid meebring.

- **Skuldgevoelens**

Dit mag spruit uit ’n gevoel van afwesigheid van hartseer of van ’n woede teenoor die een wat gesterf het. Dit mag kom van dinge wat die slagoffers moes doen en nie gedoen het nie, soos om die persoon betyds dokter toe te neem.

- **Angstigheid**

Angstigheid is vrees vir iets wat naamloos is. Mense wat rou, mag vrees dat hulle oorweldig word deur die krag van hulle gevoelens of dat hulle van hulle verstand af sal raak. Hulle vrees hulle toekoms (verhoogde verantwoordelikheid of groter finansiële las). By 'n persoon wat 'n geliefde verloor het, is ook 'n verhoogde bewustheid van sy eie weerloosheid. Die persoon is skielik gekonfronteer met die dood en dit is duidelik dat hy of sy ook kan sterf.

- **Aggressie**

Woede is een van die moeilikste aspekte van rou. Dit word as 'n kontinuum beleef wat strek van geïrriteerdheid teenoor vriende en familie tot 'n woede teen die wat meer kon gedoen het om die dood te verhoed.

- **Aanvaarding**

Wanneer die gevoelens se intensiteit afneem en die ontkenning weg is, kan daar maar afskeid geneem word van die geliefde en kan aanvaar word dat die lewe kan aangaan.

- **Herintegrasie**

Dit is die nuwe lewe wat begin word en waarin die oorledene geen deel het nie. Dit is 'n lang proses van vooruitgang en agteruitgang. Adolessente vrees dat as hulle eers begin rou, hulle nie sal kan ophou nie. As mense nie kan rou nie, word hulle van 'n belangrike deel van hul gesondword beroof (Herman 1992:188).

### 5.22.6. Konneksies en bemagtiging

Rando (1993:222) is van mening dat die hoofdoel van behandeling van die getraumatiseerdes die bemagtiging van die getraumatiseerde en die bevryding van die greep van die trauma insluit. Daar is nie 'n openbare

monument vir verkragtingsoorlewendes, soos in die geval van die Viëtnamslagoffers nie. Daarom moet elke oorlewende sy of haar eie manier vind om konneksie met die gemeenskap te maak (Herman 1992:73). Die kern-belewing van die trauma is ontmagtiging van slagoffers en die diskonneksie van ander mense. Genesing is daarom gebaseer op die bemagtiging van slagoffers en die skep van nuwe konneksies met ander mense. Genesing kan net plaasvind binne die konteks van verhoudings. Dit kan nie in isolasie gebeur nie. Geen mens kan op 'n eiland genees nie. Deur weer met mense om te gaan, kan die slagoffer die skade wat trauma veroorsaak het, begin herskep. Die skade is gedoen aan vermoëns soos vertroue, inisiatief, bevoegdheid, identiteit en intimiteit.

### 5.22.7. Raak aktief betrokke by iets

Burgess en Homstrom (1974:981-986) bevind in opvolgstudies oor verkragtingsoorlewendes dat die vroue wat die beste herstel het, dié was wat aktief in teen-verkragtingsbewegings betrokke geraak het. Hulle het vrywillige beraders by verkragtingssentrums of sprekers geword.

### 5.22.8. Herformulering ("Reframing")

Herformulering is daarop gemik om die emosies en denke te verander sodat nuwe interaksie-patrone tot stand kan kom. Herformulering is die verwydering van die probleem uit die manier waarop dit tot dusver gesien is en die plasing daarvan in 'n nuwe raam (Steyn 2003:226). Herformulering het te doen met die ontdekking of aanvaarding van 'n nuwe perspektief (Penn 1994:217). Burnham (1986:146) stel dit duideliik:

> To reframe, then, means to change the conceptual and/or emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the facts of the same concrete

situation equally well or even better, and thereby changes its entire meaning.

Die raam moet pas by sy huidige verwysingsraamwerk. Die konteks bly dieselfde, maar daar is nuwe betekenis aan die konteks van dit wat binne die raam is. Die fokus verskuif na dit wat positief is binne die raamwerk (Steyn 2003:228).

**5.22.9. Instel van veiligheid**

Trauma ontneem getraumatiseerdes van hulle gevoel van mag en beheer. Die sleutelbeginsel van herstel is om mag en beheer te herstel. Dit kan dae tot weke neem met akuut-getraumatiseerdes en maande tot jare vir oorlewendes van kroniese misbruik. Getraumatiseerde individue voel onveilig in hulle eie liggame. Hulle emosies en denke voel buite beheer. Hulle voel ook nie veilig in verhouding met ander mense nie. Daarom moet die getraumatiseerde adolessente se natuurlike ondersteuningsisteem soos die gesin en vriende ingespan word (Herman 1992:160). Om veiligheid te herstel, moet begin word om te fokus op die beheer van die liggaam en geleidelik moet dit uitbrei na beheer oor die omgewing. Aandag aan die liggaam behels: regulasie van liggaamsfunksies soos slaap, eet en oefen, bestuur van post-traumatiese stressimptome en beheer oor selfvernietigende gedrag by adolessente. Aandag aan die omgewing behels: vestiging van 'n veilige lewenssituasie, finansiële sekuriteit, 'n plan vir selfbeskerming. Hiervoor het 'n individu sosiale ondersteuning nodig.

**5.22.10. Ontwikkeling van nuwe verhoudings en die self**

Nadat getraumatiseerde adolessente die verlede deurgewerk het, moet hulle 'n toekoms skep en 'n nuwe self ontwikkel. Hulle verhoudings is vir altyd verander deur die trauma en nou moet hulle nuwe verhoudings

ontwikkel. Hulle moet weer hul wêreld herwin en ‘n nuwe lewe bou wat anders is as die een wat hulle agterlaat. Hulle moet ’n omgewing bou waaroor hulle totale beheer het (Herman 1992:196).

**5.22.11. Belewing van emosies**

Slagoffers van trauma moet die gevoelens wat hulle geassosieer het met die trauma weer beleef. Hulle moet leer om gevoelens te identifiseer en om dit uit te spreek. Mense wat ’n trauma gehad het, het baie grense om te oorkom om emosionele en geestelike heelheid te kry. Waarskynlik is die moeilikste grens bitterheid, vyandigheid en angs (Matasakis 1996:70). Trauma word verbind aan gevoelens. Alle gevoel is “wettig”. Sommige situasies vra dat ‘n mens woede moet voel, ander dat ‘n mens hartseer moet voel, ander dat ‘n mens vreugde sal ervaar. Die sleutel om trauma te hanteer, is dat ’n persoon hom- of haarself toelaat om daardie gevoelens te voel, om die gevoelens te herken en te erken en dan om hulle te laat gaan en aan te gaan met hulle lewens. Uiteindelik moet getraumatiseerdes leer om met die gevoelens saam te lewe (Matasakis 1996:70).

**5.22.12. Vergifnis**

Hierdie punt is belangrik en hang saam met die geestelike verwerking van die trauma. Dit word in groter detail in hoofstuk 5 bespreek. Vergifnis is die sleutel vir mense wat die verskrikking van hulle verlede wil oorkom. Sommiges meen dat ‘n mens nie kan vergewe as ander nie daarvoor vra nie, omdat die konsep van vergifnis vra dat die aanrander versoening soek. As dit waar is, sou die grootste deel van die wêreld in bitterheid vasgevang wees. Misbruikers vra selde, indien ooit om vergifnis. Mens moet die bitterheid laat gaan, of die oortreders daarvoor vra of nie.

### 5.22.13. Drome

Drome help volgens Wickham en West (2002:93) om interne en eksterne belewenisse te verwerk. Byvoorbeeld, in 'n nagmerrie of droom kan die kind en adolessent oorwinning behaal deur beheer van 'n situasie te neem waarin hulle vroeër magteloos was. Drome gee informasie oor kwessies en konflikte wat die kind op die oomblik het. Gevoelens en gebeure in die droom kan bespreek word en lei tot groter verstaan van die kind. Moedig kinders aan om oor hulle drome te praat en wat dit beteken. Watter gevoelens bring die droom na vore? Help die kind om die verbinding met die trauma te sien. Maak 'n droomjoernaal en skryf die drome uit as stories of teken dit. Kinders kan aangemoedig word om drome se einde te verander. Of maak die draak kleiner. So word nagmerries minder.

### 5.22.14. Medikasie na trauma

Getuienis van verskillende bronne meen dat om kliënte te stabiliseer met medikasie, hulle vry maak om deur hulle pynvolle gevoelens te kan werk sonder om oorweldig te word (Davis, Lurigio & Skogan 1997:127). Navorsing het bewys dat sekere anti-depressante nuttig is om post-traumatiese stressimptome wat geassosieer is met die traumatiese verlies, te temper (Davis, Lurigio & Skogan 1997:127). Daar is ook getuienis wat die gebruik van anti-angstigheidsmedikasie ondersteun, veral in die vroeë fases van trauma. Dit werk kalmerend in op die akute simptome soos verhoogde opwekking, opdringerige beelde, ontstellende reaksies, bewe en versteurde slaappatrone (Davis, Lurigio & Skogan 1997:127). Anti-angstigheidsmedikasie kan verslawende eienskappe hê, en daarom moet die gebruik daarvan versigtig gemonitor word, veral as die pastorant 'n geskiedenis van substansie-misbruik het.

### 5.22.15. Sosiale ondersteuning tydens trauma

Die postmoderne perspektief op trauma is dat genesing alleen binne verhouding ervaar word. Mense maak jou seer, maar jy word ook genees deur mense. Postmoderne denke plaas die klem op die mens-in-verhouding eerder as op die mens as individu.

Getraumatiseerdes het 'n sterk behoefte aan ondersteuning van ander mense, maar omdat die gevoelens wat geassosieer is met die trauma so pynvol is, onttrek getraumatiseerdes dikwels van ander met die eerste teken van spanning of konflik en so beperk hulle hul kapasiteit om betrokke te wees in verhoudings wat kalmerend of genesend kan wees. (Davis, Lurigio & Skogan 1997:111). Verskeie studies bevind dat sosiale ondersteuningsgroepe belangrik is vir getraumatiseerdes. Omdat trauma die getraumatiseerdes se veronderstellings oor mense verpletter het, kan die ondersteuning en bystand van 'n groep mense 'n kritiese rol in die heelword proses speel (Davis, Lurigio & Skogan 1997:125). Getraumatiseerdes vind waarde daarin om hulle verlies met ander te bespreek (Davis, Lurigio & Skogan 1997:114). Die rede waarom hulle dit graag wil bespreek, is omdat hulle denke geheel en al deur die trauma en verlies in beslag geneem is en hulle die geleentheid wil hê om hierdie denke te deel. Om met ander te praat, bring vir hulle die versekering dat hulle reaksies oor die trauma normaal en verstaanbaar is. Herhaalde bespreking van hierdie aard word gesien as noodsaaklik in die gesondword-proses van getraumatiseerdes wat skielik en onverwags 'n geliefde verloor het (McCann & Pearlman 1990:134).

Oortuigende getuienis dui daarop dat mense nie op die langtermyn kontak met getraumatiseerde persone wil hê nie. Vir mense self is dit traumaties omdat, wanneer hulle gereeld kontak met getraumatiseerdes het, hulle aan hulself moet erken dat só 'n tragedie ook met hulle kan gebeur (Davis, Lurigio & Skogan 1997:112). Sekere gevoelens word deur die getraumatiseerdes se verlies by hulle opgeroep en dit wek weer kragtige gevoelens van hulpeloosheid, omdat daar min is wat hulle kan doen of sê wat 'n verbetering in die getraumatiseerde persoon se situasie kan teweegbring.

Daarom wil hulle eerder die slagoffer vermy (Davis, Lurigio & Skogan 1997:114). Soms blameer hulle die slagoffer vir die trauma, want op hierdie manier kan hulle die oortuiging wat hulleself oor die wêreld het, naamlik dat die wêreld regverdig is, behou. Hulle glo dan dat daar nie met mense, wat dit nie verdien om te ly nie, slegte dinge sal gebeur nie (Davis, Lurigio & Skogan 1997:115). Ook sukkel mense wat nog nie deur ’n trauma is en ’n geliefde verloor het nie om die verlies te verstaan. Mense wat nooit verlies in hulle lewe ervaar het nie, kan nie die lyding wat met die traumatiese dood ontketen word, begryp nie (Davis, Lurigio & Skogan 1997:115). Hulle verwag dat getraumatiseerdes baie gouer sal herstel en meer beheer oor hulle simptome sal hê. Ondersteuning wat nie nuttig is nie, is wanneer mense die verlies verklein deur byvoorbeeld te sê: “Julle het darem goeie jare saam gehad” of “Ek weet hoe julle voel” (Davis, Lurigio & Skogan 1997:116).

Die taak van pastors word dus om individue en die geloofsgemeenskap toe te rus met bronne waarmee hulle getraumatiseerdes kan ondersteun.

Wanneer ’n trauma met kinders en adolessente gebeur, is die eerste bron van hulpverlening die gesin (Morrison 2000:299). Gesinne en groepe kan die volgende doen na ’n trauma. Verduidelik die trauma so goed as moontlik, moedig die kinders aan om hulle gevoelens uit te druk en luister sonder veroordeling. Laat hulle weet dat dit normaal is om so te voel nadat iets so sleg gebeur het. Roetine is belangrik en keer geleidelik daarna terug. Verseker hulle van jou liefde en dat jy vir hulle sal sorg. As dit vir hulle vreesaanjaend is om te gaan slaap, spandeer meer tyd aan versekering, laat hulle slaap met die lig aan of by die ouers in die kamer, maar dan net vir ’n beperkte tyd. Laat hulle toe om te huil en hartseer te wees. Moenie van hulle verwag om dapper te wees nie. Laat hulle in beheer voel. Laat hulle sommige keuses soos wat hulle wil eet en aantrek, self neem. Die meeste kinders en adolessente sal ná ’n akute trauma binne weke volkome herstel van vrees en angstigheid wat veroorsaak is deur die trauma as hulle genoeg ondersteuning ontvang het (Morrison 2000:299). Ouers se reaksie op die

trauma beïnvloed die kinders. As die ma byvoorbeeld depressief is, mag die kinders ook depressie ontwikkel.

**5.23. Die invloed van die trauma op die pastor**

Worden (1991:13) beweer dat dit vir die pastor wat moet luister na die intense en grafiese detail van die pastorant se verhaal oor die trauma, kan lei tot inwendige beelde wat baie steurend kan wees. Herhaalde blootstelling aan ander se lewens wat wreed sonder waarskuwing verpletter is, kan aanleiding gee tot ’n bestaanskrisis vir die pastor en dit kan ook daartoe lei dat hy of sy minder dink van mense (Worden 1991:14). Terwyl pastors daagliks luister na pastorante se trauma-verhale en probeer om dit te integreer, mag hulle baie van dieselfde simptome van post-traumatiese stres ontwikkel as wat die pastorante het. Pastors wat ook deur trauma is, bring ’n sekere energie en verbintenis na die spreekkamer wat prysenswaardig is, maar hulle mag vind dat hulle oor-identifiseer met die pastorante en dat hulle dit moeilik vind om grense aan die getraumatiseerdes te stel (Davis, Lurigio & Skogan 1997:128).

In Hoofstuk 1 het ek die aanname gemaak dat die toeëiening van die numineuse die *tremens* (verskrikking van die trauma) kan omskep in *fascinans* (bewondering van God as reaksie) sodat getraumatiseerde adolessente by meer kan uitkom as net “soek”. In die volgende hoofstuk sal ek die godsdienspsigologiese teorie van Rudolf Otto ondersoek om vas te stel of sy insigte ten opsigte hiervan sal help. Die teorie van Rudolf Otto se godsdienspsigologie bring die teologie en die sielkunde by mekaar uit.

# Hoofstuk 6
# Pastoraat, jeugtrauma en die numineuse bewussyn

## 6.1. Inleiding

In Hoofstuk 1 het ek aangedui dat die tendens van geweld in besonder teen adolessente gepleeg word. Ek het ook aangetoon dat adolessente "soekers" is en uit jeugstudies aangedui hoe hulle identiteit in die portuurgroep vind. Ek het Eliade (1987) se studies oor adolessente uitgelig en veral dat sy aantoon dat adolessente "soekers" is wat die geestelike betref. Tot 'n sekere mate is adolessente wat in 'n postmoderne wêreld leef, produkte van die moderne wêreld omdat hulle ouers hulle rolmodelle is en hulle ouers het in die moderne tyd grootgeword. Die moderne tyd se spiritualiteit verskil grootliks van die voorafgaande tydperk, naamlik die premoderne tyd. Alhoewel die postmoderne wêreld se spiritualiteit nie 'n terugkeer na die premoderne mitiese denke is nie, is daar tog ooreenkomste. Die psigoanalis, Carl Jung ([1956]1967:17) se verduideliking van 'n premoderne mitiese manier van lewe as "spontaneous, associative and directionless" kan ook toegepas word op die habitus van die postmoderne "soekers" soos die adolessente. In die drie dimensionele premoderne wêreldsiening bepaal eksterne magte al die aspekte van mense se lewens. In die moderne era is hierdie wêreldsiening vervang met 'n "wetenskaplike" een (Van Aarde 2005:44). Maar soos Joseph Campbell aantoon in sy werk, *Myths to live by* (1972:145) kan transendensie "never be displaced by the findings of science, which relate rather to the outside world". In die paradigma van 'n drie dimensionele wêreldsiening pas die dualistiese onderskeiding tussen 'n "bo-natuurlike"en "natuurlike" wêreld nie (Saler 1977:46). Die premoderne siening sluit die "natuurlike" en die "geesteswêreld" in. In die moderne paradigma word die "bo-natuurlike" en "natuurlike" geskei. Postmoderne perspektiewe sou onder andere hulle beroep op die "bonatuurlike: as die "natuurlike" omstandighede as bedreigend ervaar word. Vir "soekers" is die transendente nooit afwesig nie. Dit sou dus helend wees vir getraumatiseerde adolessente indien hulle in hierdie verwarde tyd die misterie

van die geestelike kan herontdek. In hierdie hoofstuk wil ek aandui dat die toeëiening van die numineuse die *tremens* (verskrikking) in *fascinans* (bewondering as reaksie op God) kan omskep sodat die adolessent by meer uitkom as net "soek". Ek gaan vir Rudolf Otto ondersoek om vas te stel of sy insigte ten opsigte hiervan sal kan help.

**6.2. Kritiese denke**

Volgens Capps (1996:8) glo kinders dikwels dat God hulle liefhet, dat Jesus aan die kruis vir hulle sondes gesterf het en dat Hy opgestaan het uit die dood. Wanneer hulle ouer word, ontwikkel hulle abstrakte denkvermoë. Dit beteken dat adolessente die vermoë het om oor dinge te dink wat nie gesien, gehoor of aangeraak kan word nie, soos byvoorbeeld geloof (Fowler 1981:124). Smith, Cowie & Blades (2003:408) wys daarop dat adolessente nie meer afhanklik is van die konkrete bestaan van dinge nie. Hulle kan nou in terme van verbale hipoteses redeneer. Dit beteken dat hulle logiese verhoudings tussen verskeie moontlikhede kan oorweeg. Die ontwikkeling van abstrakte denke beteken dat denke van konkrete objekte losgemaak is en dus verskuif vanaf voorwerpe na idees (Brainerd 1978:206). Daarom dink hulle tydens die adolessensiejare krities oor die godsdiens en gevolglik begin hulle twyfel aan die bestaan van God. Adolessente vind dit dikwels nie so maklik om onvoorwaardelik te glo aan dit wat hulle in hulle kinderjare geglo het nie. Getraumatiseerde adolessente is baie verward omdat die kritiese denke, wat hulle tydens adolessensie ontwikkel en wat twyfel kan veroorsaak, binne die trauma situasie verwardheid bring. Dit sou helend vir getraumatiseerde adolessente wees indien hulle in hierdie verwarde tyd die misterie van die geestelike kan herontdek. Dit is nie 'n intellektuele paradoks nie, maar 'n geestelike belewenis. Volgens Capps (1996:12) gee dit hulle 'n nuwe begrip van God. Dit laat hulle besef dat God nie 'n bo-natuurlike wese is nie, maar dat God te make het met die kern van hulle bestaan, dit wil sê die heilige misterie wat rondom hulle bestaan.

Vier groot denkers het die religieuse psige ontgin: die godsdienspsigoloog William James (1842 – 1910), die teoloog Rudolf Otto (1869 – 1937), die

fisiologiese psigoloog Carl Gustav Jung (1875 - 1961) en die ontwikkelingspsigoloog Erik Erikson (1902 – 1994). Hierdie studie konsentreer op Otto se werk. Sy omvattende interpretasie van godsdiens en godsdienstige belewenisse is veral bruikbaar vir 'n studie oor trauma wat daarop gerig is om die getraumatiseerde adolessent te help om 'n heel mens te word. Omdat Otto (1923:22-57) die nie-rasionele in diepte bespreek sonder om afbreek te doen aan die rasionele, is dit belangrik vir die hantering van trauma aangesien trauma ook 'n nie-rasionele belewenis is. Trauma veroorsaak dat die getraumatiseerde nie altyd die trauma in woorde kan beskryf nie omdat daar soveel emosies ter sprake is. Trauma handel oor die bepaalde belewenis van 'n situasie en die verwerking daarvan.

Otto (1869 - 1937) is bekend vir sy analise van die ervaring wat ten grondslag van alle godsdienste lê. Sy werk, *The idea of the holy*, is in 1917 gepubliseer as *Das Heilige über das Irrationale Buch in der Idee des Gottlichen und sein Verhältnis zum Rationalen.* Hierdie werk is een van die toonaangewendste Duitse teologiese werke van die twintigste eeu. Dit is beskikbaar in twintig tale. In hierdie werk ondersoek hy die ooreenkomste tussen godsdienstige belewenisse van mense in verskillende godsdienstige tradisies, veral dié wat gewoonlik as misties gesien word. In sy werk beskryf hy die fundamentele kenmerke van sodanige godsdienstige belewenis wat hoofsaaklik ontsag en verwondering insluit. Die fundamentele kenmerke van hierdie geestelike belewenis sal verder in hierdie hoofstuk in diepte bespreek word.

## 6.3. A priori vermoë

In die vorige paragraaf het ek daarop klem gelê dat getraumatiseerde adolessente baie verward is omdat die kritiese denke, wat hulle tydens adolessensie ontwikkel en wat twyfel kan veroorsaak, binne die trauma situasie verwardheid bring. Ek wil in die volgende twee paragrawe die geestelike belewenis in meer diepte bespreek.

Otto (1923) se werk is veral deur die Duitse filosoof Immanuel Kant (1724-1804) se begrip van die a priori beïnvloed. Kant (1760 [1952]:211) is van mening

dat die a priori ’n geneigdheid is om kennis oor die sensoriese wêreld te verkry. Hy spoor die ervaring van die numineuse terug na die mees primitiewe godsdienstige bewussyn, waar die gevoelsreaksie een van “daemonic dread” was. Hierdie vroeë bewussyn van die numineuse het geleidelik na ’n meer verhewe ervaring ontwikkel. Otto (1923:140) sluit hier by Kant (1760 [1952]:211) aan wanneer hy aandui dat godsdienstige groei plaasvind as gevolg van hierdie neiging tot ’n godsdienstige belewenis. Hierdie neiging om ‘n godsdienstige belewenis te hê, was volgens Otto altyd daar, maar dit het geleidelik ontwaak. Hierdie proses van ontwaking het in alle groot godsdienste plaasgevind, maar dit het in die Christendom sy hoogtepunt bereik. Die Christendom “stands out in complete superiority over its sister religions” (Otto 1923:142). Otto (1923:15) beskou die numineuse as die “basic factor and basic impulse underlying the entire process of religious evolution”.

Mense het ’n a priori vermoë om ’n persoonlike ervaring van die geestelike te beleef. In die psige van elke mens kom ’n unieke geestesvermoë voor wat die gans andere kan aanvoel. Mense se reaksie op trauma is ’n komplekse proses en elke mens reageer anders op trauma (McCann & Pearlman 1990:6). Elke mens, ook die getraumatiseerde adolessent, het die vermoë om geestelike belewenisse te ervaar en te begryp. Elke mens word gebore met die vermoë om ontsag en verwondering te belewe. Nie almal het egter dieselfde mate van ontvanklikheid vir die geestelike belewenis nie. ‘n Godsdienstige neiging hoef nie in elke mens vervul te word nie.

Ten einde die emosies in die geestelike belewenis te ervaar, moet die emosies opgeroep word en moet daar bewustelik aan gedink word. Die geestelike belewenis kan nie aangeleer word nie, omdat dit ingeplant is in die “pure reason” van elke verstand (Otto 1923:20). Hierdie ingebore vermoë om godsdiens te ervaar, veroorsaak dat ‘n mens soms net ’n klein stimulus nodig het om ’n numineuse bewussyn op te wek om ’n groot godsdienstige opgewondenheid te beleef. Otto (1923:15) som dit as volg op: “Where the wind of the Spirit blows, there the mere ‘rational’ terms themselves are induced with

power to arouse the feeling of the 'non-rational' and become adequate to tune the mood at once to the right tone".

Hy brei uit oor die geestelike belewenis in die *Idea of the Holy* (1923:12): " ... becoming aware of the holy is an extraordinary sensation, not a common one and it stretches our idea of the nature of religion beyond ethics and belief to included vivid appreciation of the holy … " Hierdie ervaring is die kern van die godsdiens. Hierdie universele gevoel van die Heilige kan nie in terme van ander ervaringe beskryf word nie. Vervolgens gaan ek die Heilige in meer diepte bespreek.

**6.4. "Das Heilige"**

Omdat die woord "God" nie in al die godsdienstige tradisies gebruik word nie en omdat verskillende tradisies in verwysing na God onvermydelik verskillende name en beskrywings gebruik, het Otto besluit om die gebruik van die woord "God" sover as moontlik te vermy. Hy sê nie wat die Heilige is nie, maar hoe die mens die Heilige kan ervaar. Volgens Otto (1923:14) kan die idee van die Heilige bespreek word, maar nie omskryf word nie. Mense word dan gekonfronteer met beperkte konsepte wat deur mense geskep is en wat nie noodwendig die heilige in woorde kan neerpen nie (Otto 1923:15). God is nodig, maar Otto (1923:16) is van mening dat dit nie nodig is om God te beskryf nie.

Otto (1923:45) maak wel duidelik dat God die Gans Andere is en dat daar "only one so separate from all the rest [is] ... " Vir Otto (1923:48) beteken die feit dat God heilig is, dat Hy geheel en al anders is. 'n Ontmoeting met God is 'n ontmoeting met heiligheid. Hierdie ontmoeting met God bestaan in alle godsdienste. Die spesifiek Christelike ervaring word in Jesus Christus gekonkretiseer. Jesaja 6 gee volgens Otto (1923:60) blyke van hierdie ontmoeting. Selfs die engele kan nie in God se teenwoordigheid bly staan nie. Die engele moes hulle gesigte met hulle vlerke bedek. Voor soveel heiligheid staan die mens moreel bankrot. Otto (1923:61) toon aan dat Jesaja homself as onheilig ag wanneer hy homself met die heiligheid van God vergelyk.

Wanneer Otto (1923:13) die geestelike ervaring beskryf, gebruik hy abstrakte terme om iets van die mens se belewenis met die Heilige te verwoord - dit is die ervaring van die numineuse. Otto (1923:14) het godsdienstige belewenisse ondersoek en aangedui dat wanneer mense slegs fokus op dit wat hulle kan waarneem, hulle God self nie vind nie. Hulle ervaar net verskeie tipes belewenisse. Hy skep die woord "numen" en "numinous" om te verwys na die soort objek by wie die mens diep, godsdienstige belewenisse ervaar.

Nadat ek nou die geestelike ervaring beskryf het, wil ek die numineuse bespreek**.**

**6.5. Numineuse**

In die vorige paragraaf het ons die geestelike ervaring bespreek en nou gaan ons meer lig werp op die numineuse. Die numineuse is nie 'n natuurlike verskynsel nie en kennis oor die numineuse kan nie empiries verkry word nie. Dit " ... issues from the deepest foundation of cognitive apprehension that the soul possesses, and though it of course comes into being in and amid sensory data and empirical material of the natural world and cannot anticipate or dispense with those, yet it does not arise out of them, but only by their means" (Otto 1923:113).

Otto (1923:12) gebruik die woord "numinous" om die persoonlike ervaring van die geestelike te beskryf. Hy leen die woord by die antieke Latynse woord "numen" wat gewoonlik vertaal word as die teenwoordigheid van 'n goddelike krag. So gebruik hy die woord "numen" om na God of goddelikheid te verwys. Die numineuse is 'n belangrike konsep in die geskrifte van Jung (1865-1961) en Lewis (1898-1963). Otto (1923:15) is van mening dat die numineuse die heilige (God) sonder sy morele en rasionele aspekte is. Dit is 'n nie-rasionele, nie-sensoriese belewenis waarvan die primêre objek buite die self is. Dit beteken nie dat die numineuse irrasioneel en oneties is nie, maar dat vrae oor rasionaliteit en moraliteit irrelevant is wanneer dit by die gevoel kom, wat deur só 'n diep belewenis opgewek word. 'n Mens kan sê dat die numineuse 'n lens is waardeur die irrasionele aspekte van die godsdiens waargeneem kan word, aangesien die "tremendous mysterium" nie in rasionele kategorieë van die denke uitgedruk kan word nie.

Numineus word ook afgelei van “ominous.” Ominous kom van “omen” en het elemente van ontsag, angs, oorweldiging en misterie wat die verstand nie kan peil nie. So verwys “numen” dan na twee elemente: misterie en angs. Die numinous is ’n misterie (“mysterium” in Latyn) wat terselfdertyd angswekkend (“tremendum”) en fassinerend (“fascinans”) is. Die gevoelens van die numineuse is angs en ontsag en dit noem hy die “mysterium tremendum et fascinans” (Otto 1923:55). In omgangstaal is die numineuse die intense gevoel van die “unknowingly knowing” (Otto 1923:58). Dit is iets wat nie gesien kan word nie. Dit kan ‘n mens op enige plek en op enige tyd verras - in ’n katedraal, langs ’n waterstroompie, op ’n eensame pad, vroeg in die môre of tydens ’n mooi sonsondergang. Die “mysterium” komponent het twee elemente: “mysterium” beteken in die eerste plek dat dit ’n geheim of misterie is. Omdat dit is, kan die mens dit nie begryp of verduidelik nie. “Mysterium” word ervaar as die “wholly other”. Omdat “mysterium tremendum” die geheel andere is, is dit nie soos enigiets wat ‘n mens al teëgekom het of ooit sal teëkom nie (Otto 1923:44). Dit is anders as normale ervarings in die sin dat dit ’n gevoel van verbasing by ‘n mens opwek. Otto (1923:45) som dit op as ‘n “ ... blank wonder, an astonishment that strikes us dumb, amazement absolute”. Getraumatiseerdes met numineuse ervaring voel verryk deur die trauma. Die “mysterium” word as salig beleef en die gevoel kan nie met iets anders vergelyk word nie (Otto 1923:76). ‘n Mens kan die numineuse nie in woorde neerpen nie en dit kan nie met die verstand begryp word nie. Die nie-rasionele kan nie met konsepte en rede benader word nie, omdat “ ... mysticism has nothing to do with ‘reason’ and ‘rationality’” (Otto 1923:4). Bespreking en argumente is nie die sleutel tot die numineuse nie, want “ ... our knowledge has certain irremovable limits” (Otto 1923:4). Die heilige word net in terme van gevoel geken. Trauma laat mense dikwels sonder woorde en getraumatiseerdes kan dít wat met hulle gebeur het, nie altyd rasioneel begryp nie. ‘n Mens kan die numineuse slegs begryp deur metafore en ooreenkomste. Selfs dan is die kennis wat ‘n mens so verwerf onvoldoende en deurmekaar. Deur van die narratiewe terapie gebruik te maak,

kan die pastor die getraumatiseerde help om uitdrukking aan die numineuse te gee. Dit kan die getraumatiseerde adolessent help om ‘n heel mens te word.

“Mysterium” beteken in die tweede plek dat daar ’n element van bekoring is wat die mens, wat die numineuse ervaar, in vervoering bring. Hierdie ervaring verander die mens vir altyd. ‘n Mens is nie dieselfde ná so ’n openbaring nie. Die belewenis van sodanige ervaring mag ’n groot toevoeging tot die lewe van die getraumatiseerde adolessent wees.

Die twee gevolge van die numineuse, naamlik die verwondering (“fascinans”) en die vrees (“tremens”) sal vervolgens in diepte bespreek word.

### 6.5.1. “Tremens”

Die gevoel van ontsag verwys na ’n spesiale soort vrees of angs in die teenwoordigheid van iets misterieus. Hierdie angs is anders as om bang te wees. Dit wys eerder op diep respek en afstand (Otto 1923:65). S Lewis (1940:66) se illustrasie maak die aard van die numineuse angs duidelik en dui ook aan hoe dit van gewone vrees verskil:

> Suppose you were told that, there was a tiger in the next room: you would know that you were in danger and would probably feel fear. But if you were told there is a ghost in the next room and believed it, you would feel, indeed, what is often called fear, but of a different kind. It would not be based on the knowledge of danger, for no one is primarily afraid of what a ghost may do to him, but of the mere fact that it is a ghost. It is “ uncanny” rather than dangerous, and the special kind of fear it excites may be called dread. With the uncanny one has reached the fringes of the Numinous. Now suppose that you were told simply: “There is a might spirit in the room” and believed it. Your feelings would then be even less like the mere fear of danger: but the disturbance would be profound. You would feel wonder and a certain shrinking – described as awe, and the object which excites it is the Numinous.

**6.5.2. "Fascinans"**

Angs is 'n negatiewe emosie en mag veroorsaak dat mense van die numineuse wil vlug. Die gevoel van verwondering hou 'n mens egter geïnteresseerd in die belewenis. Verwondering is 'n emosie wat selde ervaar word; maar wanneer dit gebeur is dit oorweldigend. Volgens Otto (1923:65) word dit beskryf in die openingsverse van Jesaja 6. Trauma verwys na situasies waarin die individu magteloos en oorweldig voel (Roos, Du Toit & Du Toit 2002:5). Onstabiliteit en 'n verlies aan sekuriteit word ook tydens trauma beleef. Adolessente voel nog meer magteloos as kinders of volwassenes omdat hulle ook nie beheer oor hulle liggaam en emosies het nie. Volgens Elium & Elium (1996:249), twee ontwikkelingspsigoloë, voel adolessente se liggame vir hulself vreemd en dit voel asof hulle liggame net uit arms en bene bestaan. Gedurende puberteit verander die hormonale vlak en dit speel 'n rol in die aktivering van die ontwikkeling van sekondêre geslagskenmerke (Elium & Elium 1996:249). Hierdie fisiese ontwikkeling, soos byvoorbeeld die veranderings in liggaam, stemtoon, veltekstuur, gesigs- en liggaamshare maak by adolessente sekere verwarde gevoelens wakker (Elium & Elium 1996:250). Dit laat hulle wonder wie hulle is en of hulle nog dieselfde persoon as voorheen is. Die jare van liggaamsverandering gaan gepaard met skommelende emosies wat die adolessent moeilik kan verstaan (Richards 1985:56). Wanneer hulle dan nog boonop blootgestel word aan die verwarrende effek wat trauma op hulle het, tree daar ernstige probleme na vore soos onder andere die verlies van basiese vertroue (Steinberg 1999:36). Getraumatiseerdes kan gelei word om te ervaar hoe God hulle trauma betree. Dit sal óf 'n oorweldigende gevoel, óf vrede in hulle wakker maak. Hulle kan God ontmoet binne hulle verwardheid en die onstabiliteit rondom hulle. Die verwondering kan weer hulle vertroue in God herstel. In die verwarde wêreld met hulle verwarde emosies kan hulle God ontmoet en in verwondering voor Hom staan. Die ontsag en angs mag só oorweldigend groot wees dat dit lyk asof dit die kern van hulle wese indring.

Maar dit kan ook so sag soos ’n ligte windjie wees wat oor hulle gemoedere waai.

Na afloop van die numineuse ervaring laat getraumatiseerdes baie energie vry. Hulle voel weer soos mense met nuwe energie (Otto 1923:43). Trauma bring wanhoop wat ’n passiewe gevoel van hulpeloosheid meebring (Kroll, Habenicht & MacKenzie 1989:88). Hierdie energie kan die gevoel van depressie, wat ‘n mens na die trauma belewe, teenstaan. Tydens adolessensie doelwitte, vrese en konflikte van vroeë verhoudings die geherevalueer (Blos 1962:56). Dit is gevolglik ’n goeie tyd om te belê in adolessente se godservaring sodat hulle hul verhouding met God kan herevalueer.

### 6.5.3. “Absolute profaneness”

Otto (1923:51) argumenteer dat die belewenis van die numineuse mense lei tot ’n gevoel van waardeloosheid oor hulle bestaan. Hy noem dit die “ ... feeling of absolute profaneness” (Otto 1923:51). Wanneer ‘n mens te staan kom voor soveel heiligheid voel die mens moreel bankrot. Mense sien hulleself as onheilig in vergelyking met die heiligheid van God. Die herkenning van die grootsheid van hierdie numineuse objek gee ’n gevoel van nederigheid. Die feit dat hierdie ’n werklike ervaring met ’n lewende objek is, word uitgedruk in die energie of dringendheid wanneer die mens so ’n belewenis het. Hierdie energie of dringendheid word hewiger wanneer dit in die “wrath of God” kom, maar dit lei tot die herkenning dat hierdie objek “wholly other” is (Otto 1923:42).

Die godsdienstige mens bestuur sy godsdiens op twee vlakke: meerendeels op die elke-dag-vlak, maar per geleentheid tree hulle tot ’n hoër gewyde vlak toe. Hierdie hoër vlak is nie net persoonlike godsdiens-beoefening soos gebed en godsdienstige meditasie nie, maar ook die deelname aan godsdienstige seremonies en besoeke aan kerke (Otto 1931:44).

## 6. 6. Evaluering

Otto (1923:108) is van mening dat die nie-rasionele aspekte van godsdiens in die Hervormers se godsdienstige oortuiging geïgnoreer is. Hy stel dit so: “ ... the

Lutheran school has itself not done justice to the numinous side of the Christian idea of God. By the exclusively moral interpretation it gave to the term, it distorted the meaning of 'holiness' and 'wrath'" (Otto 1923:108).

Otto (1923:112) waarsku dat 'n mens versigtig moet wees vir 'n eensydige interpretasie van godsdiens soos byvoorbeeld dat die kern van goddelikheid volledig in rasionele terme weergegee kan word. Hy is van mening dat godsdiens nie ten volle deur rede en rasionele denke begryp kan word nie. Adolessente in die postmoderniteit ontdek hul waarheid nie net deur die rede nie, maar primêr deur ervaring en deelname. Die rede maak nog steeds saak maar dit moet vir die postmoderne geslag in 'n ervaring geklee wees. Dit maak Otto se teorie wat klem op ook die nie-rasionele sit, bruikbaar in hierdie studie. Die nie-rasionele mag nie in die godsdiens deur die rasionele uitgesluit word nie. Net so mag die nie-rasionele nie die rasionele uitskuif nie. Ten einde 'n getraumatiseerde adolessent na 'n heel mens te lei, moet aandag aan die rasionele en nie-rasionele elemente van die godsdiens gegee word. Die religieuse ontwikkeling van adolessente is van so 'n aard dat daar by hulle baie klem op die nie-rasionele gelê word. Leonard Sweet, kenner van die postmoderne Christendom en verbonde aan die Teologiese Skool aan die Drew Universiteit, wat Suid-Afrika Augustus en September in 2004 besoek het, is van mening dat Generasie Y nie net van God wil hoor of leer nie, maar ook God wil beleef. Die Y generasie sal enigtiets doen om nie die ervaring van die lewe te verloor nie. Dit maak dit maklik vir hulle om die numineuse te beleef. Volgens die Suid-Afrikaanse psigoloog Smith (1981:42-98), val die godsdienstige ontwikkeling tydens adolessensie veral in drie fase uiteen, naamlik dié van tese, antitese en sintese.

Die *tese-fase* word gekenmerk deur 'n godsdienstige ontwaking. Godsdiens maak tydens hierdie fase 'n besondere appél op adolessente. Tegelykertyd bevraagteken hulle godsdiens op 'n kritiese wyse. Nie slegs die Skrifwaarhede en godsdienstige praktyk word ondersoek nie, maar ook mense wat beweer dat hulle Christene is, kom onder die soeklig. Hulle is ongenadig in kritiek oor huigelary en inkonsekwente optrede (Smith 1981:42). Adolessente is dikwels oormatig idealisties en perfeksionisties in hulle godsdiens. Dit is dán

wanneer hulle voel dat daar te min in hul godsdiens gebeur en dat hulle nie veel daarvan gevoelsmatig beleef nie. Laasgenoemde maak dat hulle ontvanklik is om die numineuse te beleef.

Die *antitese-fase* word gekenmerk deur twyfel. Adolessente kan oor 'n verskeidenheid van sake twyfel, soos byvoorbeeld die Bybel, die liefde van God, die duiwel en geloof (Smith 1981: 42). Hulle meet geloof en sekerheid aan innerlike belewing. Hier kan die belewenis van die numineuse 'n groot rol speel. Alhoewel geloofsbelewing belangrik is, is ‘n persoonlike verhouding met God van kardinale belang. Die sekerheid van die verhouding is in God gesetel en nie in hoe hulle daaroor voel of dink nie. Adolessente wat te veel waarde heg aan emosie in hulle godsdiens, loop gevaar om dit op 'n oordrewe wyse te beleef (Crow 1965:56).

In die derde fase, naamlik die *sintese-fase,* moet adolessente op God se soeke na hulle en op God se uitnodiging antwoord. Adolessente wat “ja” antwoord se lewe word nou 'n algehele toewyding aan God. Dit deurweef hulle hele lewe. Hulle begryp die betekenis en waarde van die lewe en hulle godsdiens bied aan hulle 'n besef van waardes en norme (Smith 1981:84). Sodanige antwoord en die belewenis van die numineuse maak dat hulle ná die trauma heel mense kan word.

‘n Betekenisvolle implikasie van Otto se teorie is dat God Homself nie openbaar nie, maar dat dit die numineuse is wat God openbaar. Dit was nie Otto se bedoeling om 'n teorie aan te bied oor die objek wat sulke belewenisse veroorsaak nie. Hy wou bloot 'n fenomenologiese beskrywing gee. Dit wat in die Bybel geopenbaar is, kan ‘n mens ken, maar dit is nie al wat daar is nie. Die Christendom kan God definieer in rasionele terme, maar dit omsluit nie alles nie. Uit ‘n postmoderne perspektief sou dit onvoldoende wees. ‘n Mens ken nou net ten dele. Mense ken God soos Hy Homself aan hul openbaar, maar daar is meer aan God wat nie nou geken kan word nie. In trauma kan ‘n mens nie alles verklaar nie, want alles is nie aan die mens geopenbaar nie. Daar moet slegs aanvaarding kom. Na so 'n ervaring besef die getraumatiseerde adolessente dat die Christelike lewe nie primêr oor geloof gaan nie – hetsy geloof in God, of die

Bybel of in die Christelike tradisie. Hulle besef dat die Christelike lewe beteken om in 'n persoonlike verhouding te staan met die Een waarna die Bybel en die Christelike tradisie verwys. Gesonde adolessente lewe hulle verhouding met God uit.

Ten slotte gee ek 'n samevattende aanhaling van Veldsman (1990:255), wie se werke navorsing oor William James insluit oor die belangrikheid van 'n godsdienstige ervaring by getraumatiseerde mense:

> Africa is bleeding, South Africa is bleeding. We desperately need a theology of experience, of religious experience spelt as life. It must however, be a spelling which includes dogma, spirit and liberation. Religious experience without dogma is lacking its life-giving reflective metaphors; religious experience without spirit is without creativity and weary of life: religious experience without liberation is emptied from both its present and eschatological significance and thus meaningless.

In hierdie hoofstuk het ek aangetoon dat die transformasie vanaf *tremens* na *fascinans* heling van die akute trauma by adolessente kan bewerkstellig. Ek het aangetoon dat die toeëiening van die numineuse die *tremens* kan omskep in *fascinans* sodat die adolessent by meer uitkom as net "soek". In die volgende hoofstuk wil ek Girard se relevante teorie oor die sondebok bespreek.

# Hoofstuk 7
# Pastoraat, jeugtrauma, die "sondebok-model" en Jesus as rolmodel

## 7.1. Inleiding

Suid-Afrika het 'n hoë misdaadsyfer en dit beteken onvermydelik dat daar baie slagoffers van misdaad in die land is, wat meestal erg getraumatiseer is. In Hoofstuk 1 is genoem dat getraumatiseerde adolessente baie verward is omdat die kritiese denke, wat hulle tydens adolessensie ontwikkel en wat twyfel kan veroorsaak, binne die trauma situasie verwardheid meebring. Mircea Eliade (1987) se bevindings dat adolessente "soekers" is wat die geestelike betref, dra ook by tot die verwarring in adolessente. Dit sou helend wees vir getraumatiseerde adolessente indien hulle in hierdie verwarde tyd die misterie van die geestelike kan herontdek. In die vorige hoofstuk is Otto (1923) se teorie oor die numineuse as geskik beoordeel om getraumatiseerde adolessente te begelei tot heelwording. Die religieuse ontwikkeling van adolessente is van so 'n aard dat daar by hulle baie klem op die nie-rasionele val, wat dit maklik maak om hulle die numineuse te laat beleef. Ek het ook daarop gewys dat indien die numineuse ervaar word, daar twee gevolge is, naamlik 'n ervaring van verwondering en 'n ervaring van vrees in die sin van diep respek en afstand. Getraumatiseerde adolessente moet begelei word om God binne 'n verwarde postmoderne wêreld te ontmoet.

In hierdie hoofstuk gaan ek René Girard (1965, 1977, 1978, 1979, 1986, 1987, 1993) se teorie oor nabootsende geweld en die sondebok-meganisme gebruik omdat dit lig kan werp op getraumatiseerde adolessente se verwerking van die trauma. Ceryl Kirk-Duggan (2006:43), 'n teologiese professor aan die Shaw University Divinity School in North Carolina meen dat: "Theology does the analysis to name the wrong to heighten our awareness about violence and our complicity in it, and offers ways of being to help transform our own lives and others in society, through the grace of God". Wanneer 'n mens geweld analiseer

kan ’n mens maklik ’n sondebok identifiseer. Die sondebok-meganisme teorie help ’n mens verstaan hoe mense geweld verwerk deur iemand óf iets te blarmeer. Girard (1986:156) meen dat die kennis oor die werking van die sondebok-meganisme nie geweld minder maak nie, maar “... this knowledge must be added to the will to forgive”. Vergifnis is die sleutel vir mense wat die verskrikking van hulle verlede wil oorkom. Girard werp lig op hierdie onderwerp. Adolessente het veral behoefte aan rolmodelle (Baumeister 1990:518-520). Pastors moet getraumatiseerde adolessente lei om Jesus as rolmodel na te volg en om soos Jesus te word. Wanneer Jesus as rolmodel gekies word, word God die Vader ook as rolmodel gekies. Getraumatiseerde adolessente moet ook gelei word om die regstelsel te gebruik om geweld te keer en nie weerwraak uit te oefen nie.

Getraumatiseerde persone voel waardeloos en kan nie selfhandhawend optree nie. Hulle selfbeeld is aangetas deur vernedering, skuld en magteloosheid. Omdat die tienerjare juis die tyd is waarin ‘n mens ontdek wie hy of sy is, is ’n trauma in daardie tyd baie sleg, want dan hou die brein hom besig met ander dinge as identiteitsvorming en dit maak dat adolessente ‘n sondebok probeer vind. ’n Maklike teiken is die adolessent self en daarom blameer hulle hulself vir die trauma, al is daar nie rasionele denke betrokke nie. Girard wil deur die sondebok-meganisme te ontbloot, beter begrip by mense skep oor die manier waarop hulle trauma hanteer.

Rene Girard (1923 - ) is ‘n wêreldbekende Franse historikus, literêre kritikus en filosoof van sosiale wetenskap. Girard (1965, 1977, 1978, 1979, 1986, 1987, 1993) het die terrein waar godsdiens en geweld mekaar ontmoet, ontgin. Volgens Girard (1965:2) is die mens se kultuur gegrondves op twee beginsels wat hy noem: “mimetic” wedywering en die sondebok-meganisme. Die twee kern konsepte uit Girard se teorie naamlik nabootsende geweld en die sondebok-meganisme is bruikbaar vir hierdie studie oor trauma omdat geweld in baie soorte akute trauma ’n groot rol speel en ook omdat daar in trauma dikwels na iemand of iets gesoek word om die sondebok te wees. Hy het met hierdie denke ’n invloed gehad op die nadenke oor godsdiens en geweld.

### 7.2. Nabootsende geweld

In Girard (1965) se werk, *Deceit, desire and the novel: Self and other in literary structure,* toon hy aan dat konflik deur “mimetic desire” veroorsaak word. Mense leer om te begeer deur ander as modelle na te boots. Omdat mense bewus is van gebreke in hulleself, kyk hulle na ander mense om hulle te leer wat om te waardeer, wie hulle moet wees en wat hulle wil hê. Hierdie konsep van “nabootsende begeerte” het Girard ontdek in literêre werke van Shakespeare (1564–1616), Cervantes (1547–1616) en Dostojevsky (1821–1881**)**. In hierdie werke merk hy op dat daar ’n verband is tussen “slagoffer-rituele” en “nabootsende begeerte”. Begeerte word mimeties wanneer ’n persoon iets begeer wat ’n ander persoon ook begeer. So word die ander persoon die model: “I desire to be like the person who desires what I now desire. I am thus attracted to this other person” (Girard 1965:15). Die ander persoon word ‘n rolmodel. Die rolmodel is aanvanklik gevlei deur die ander persoon se bewondering, maar die aanvanklike gevoel van trots word teëgewerk deur die vrees om die voorwerp wat albei nou begeer, te verloor. Wedywering ontstaan omdat albei dieselfde voorwerp begeer. Wanneer mense die model se *denke* naboots, is daar harmonie. In gevalle waar die model se *begeertes* nageboots word, is hulle mededingers. So lei mimesis na meedoënlose wedywering.

In die vroegste tye was daar volgens Girard (1979:11) ’n gebrek aan kulturele beskermingsmeganismes en daarom het hierdie wedersydse begeerte tot geweld gelei. Erger nog, as gevolg van die mens se mimetiese aard lei die geweld tot meer geweld en dit kring uit (Girard 1979:9-19). Mimetiese wedywering is aansteeklik, soos ook die geweld wat hierdie mededinging meebring, aansteeklik is. Geweld op sigself is vir Girard (1986:34) mimeties. As gevolg van die mens se mimetiese aard reageer mense op ’n gewelddadige daad met ’n soortgelyke of erger daad van geweld. Die een word soos die ander. Die geweld word nageboots en eskaleer.

Volgens Girard (1986:182) het kulture oor duisende jare geweld beheer deur middel van die sondebok-meganisme. Dit is nie toevallig dat Jesus ’n alternatiewe manier bied om geweld te oorkom nie. Die Bybel openbaar die

patrone van geweld en gee dan ’n goddelike reaksie op geweld. Jesus leer mense dat die boodskap van die evangelie nie-gewelddadige liefde en vergifnis is. Hy stel voor dat mense die begeerte om te wil hê wat ander wil hê, sal omswaai na die oorspronklike doel van nabootsende begeerte en dit is om soos God te wees. Mense behoort God as rolmodel te kies en na te boots. Girard (1986:180) is van mening dat die gekruisigde en opgestane Jesus die antibiotika teen mimetiese geweld bied. Jesus het geweier om in die destruktiewe spiraal van geweld ingetrek te word. Selfs wanneer Jesus met geweld aan die kruis vasgespyker word, weier Hy om weerwraak te neem. Die opgestane Christus gee genade: hy bied God se nuwe skepping aan vir sy moordenaars. Hierdie nuwe skepping word vergestalt in gemeenskappe waarin God se genade en vrede gereflekteer word.

Latere samelewings het probeer om die siklus van wraak en meegaande geweld te breek deur ’n regstelsel in te stel. Die sisteem onderdruk nie wraak nie, maar beperk dit tot ’n enkele daad van weerwraak deur ’n gesag wat spesifiek vir hierdie doel ingestel is. Die besluit van die regbank is die laaste woord op die wraak. Die probleem ontstaan wanneer die regstelsel nie meer effektief toegepas word nie. Suid-Afrika het onder andere die hoogste verkragtingsyfer ter wêreld (120 verkragtings uit 100 000 inwoners) en baie van die verkragtings word gepleeg deur kriminele wat reeds mense verkrag het en op parool is (Solidariteit 2007 www.solidaritysa.co.za/Tuis/wmview.php). Alhoewel verkragting nie ’n wraakmisdaad is nie, is daar geweld ter sprake.

In die vroegste gemeenskappe is voorkoming van geweld beklemtoon omdat die geweld so vinnig geëskaleer het en die behandeling so problematies was. Die voorkoming van geweld moes op godsdienstige gebied aangespreek word. So het godsdiens oor duisende jare probeer om ’n gees van nie-gewelddadigheid te vestig.

Die tradisionele opvatting is dat die enigste bevredigende wraak vir die stort van bloed is om die bloed van die moordenaar te stort. In die bloedstorting is daar geen duidelike verskil tussen die daad waarvoor die moordenaar gestraf word en die straf self nie. Wraak is eindeloos want dit roep om weerwraak en

elke weerwraak vra weer ’n weerwraak. Wraak is ’n herhalende proses. Elke keer wat geweld in ’n sekere deel van ’n gemeenskap voorkom, bedreig dit die hele gemeenskap. Die daad van wraak kan ’n kettingreaksie ontketen wat fataal sal wees vir die samelewing. Girard (1986:44) meen dat geweld aansteeklik is en dat mense op ’n gewelddadige daad met soortgelyke of ‘n erger daad van geweld reageer.

Gilbert, Brown, Pinel & Wilson (2000: 690-700) het ’n navorsingsprojek oor eskalerende geweld onderneem. Die ondersoek begin met ’n speletjie waar ’n man sy vinger saggies teen ’n ander man se vinger moet druk. Die man teen wie hy druk het opdrag om ewe hard terug te druk. Nommer een moes ook dieselfde druk uitoefen en so moes hulle aangaan. Die resultaat was dat, al het hulle probeer om dieselfde druk te gebruik, hulle elke keer 40% harder gedruk het. Wat begin het as ’n speletjie met sagte aanraking, het vinnig ’n spel met gemiddelde houe en later harder houe geword, alhoewel hulle elke keer probeer het om saggies te reageer. Elke deelnemer was oortuig dat hy met dieselfde krag terug reageer. Die pyn wat ‘n mens ontvang, is meer pynlik as die pyn wat geproduseer word. Mense gee gewoonlik meer pyn as wat hulle ontvang. Dit lei tot die eskalasie van wederkerige geweld asook die illusie dat ander in totaliteit verantwoordelik is daarvoor en dat die eie reaksie geregverdigbaar is (Gilbert, Brown, Pinel & Wilson 2000: 690-700)

Solank as wat haat en suspisie voorkom in ‘n gemeenskap, sal geweld vermeerder. Mense berei hulle voor op moontlike aggressie van ander en interpreteer die ander se maatreëls as bevestiging van hulle aggressie. Wanneer geweld eers gevestig is in ’n samelewing word dit moeilik omgekeer. Dit is derhalwe nodig om al die vorms van geweld wat tot nabootsing kan lei, te voorkom om hierdie bose kringloop van geweld te deurbreek. Die American Academy of Pediatrics (2001:1222-1226) gee die volgende statistiek ten opsigte van kinders en geweld: teen die tyd dat kinders 18 jaar oud is, sal hulle gemiddeld 200 000 geweldsdade wat 40 000 moorde insluit, gesien het. Kinders sal geweld beskou as ’n aanvaarbare manier om konflik te bestuur.

Kinders word so minder sensitief oor geweld en ook teenoor slagoffers van geweld.

**7.3. Rolmodelle**

Adolessente het veral behoefte aan rolmodelle (Baumeister 1990:518-520). Rolmodelle word onder andere op televisie gevind. Hulle sien hoe ‘n held optree wanneer hy te na gekom word, hulle sien sy weerwraak en neem dan aan dat dit die korrekte optrede is. Die huidige samelewings is gefassineer deur geweld. Henslin (1994:110) stel dit so: “It may seem bizarre to members of other cultures, but murder is a major form of entertainment in American Society. Night after night we watch shootings, strangulations, stabbings, slashing, beatings, bombings and various other forms of mutilation and mayhem flashing across our television screens – all in living color”. Daar is soveel geweld op televisie en dit veroorsaak dat mense meer verdraagsaam teenoor oortreders word. Die televisie leer kinders en adolessente oor wraak en weerwraak. Mense kan nie lewe te midde van geweld nie, ook kan hulle nie oorleef deur geweld se bestaan te ignoreer nie. Pastors moet getraumatiseerde adolessente lei om Jesus as rolmodel na te volg en om soos Jesus te word. Getraumatiseerde adolessente moet ook gelei word om die regstelsel te gebruik om geweld te keer en nie weerwraak uit te oefen nie.

Jesus is ’n rolmodel wanneer dit by vergifnis kom. Daarom gaan ek die res van die paragraaf daaraan spandeer om getraumatiseerde adolessente en vergifnis te bespreek. Volgens Girard (1986:156) het kennis oor die sondebok-meganisme in samelewings nie geweld verminder nie, maar “ ... this knowledge must be added to the will to forgive”. Vergifnis is die sleutel vir mense wat die verskrikking van hulle verlede wil oorkom. Vanweë die Christelike bevel om te vergewe, beleef getraumatiseerdes ‘n “teologiese trauma”. Sodoende word die getraumatiseerde ’n dubbele slagoffer. Hulle moet die skaamte en seerkry dra oor wat teenoor hulle gedoen is, maar hulle skuld vermeerder as hulle nog boonop skuldig voel omdat hulle nie die oortreder kan vergewe nie. Om vergifnis te ontvang “moet” hulle vergewe. Ganzevoort (2003:25) stel dit

soos volg" " ... dan lijkt het of slachtoffers naast de druk om te vergeven, ook nog de last van het uitblijven van Gods vergeving op hun schouders krijgen ..." Neuger (2001:101), 'n pastorale teoloog en dosent by Brite Divinity School, is van mening dat pastors dikwels vir slagoffers die boodskap gee dat as hulle vergewe, hulle goeie Christene is. Hulle word herinner aan die feit dat God alle sonde vergewe (Ganzevoort 2003:55). Wanneer vergifnis so 'n groot deel van die terapie inneem, word die slagoffer weer in 'n magtelose posisie geplaas. Levinas (1978:45-46), 'n Franse filosoof, stel dit so: "'n Wêreld waarin vergifnis almagtig geword het, word onmenslik" (My vertaling).

Pastors sal die kwessie rakende vegifnis met groot deernis moet benader ten einde tweede orde verandering (nie net die persoon nie, maar ook die sisteem) te bevorder (hoofstuk 3). Die fokus behoort eerder op die proses van heelwording te val (vergelyk in hierdie verband die benadering van Ricoeur en Capps in hoofstuk 9). Vergewing kan net heelword bevorder indien dit vrywillig deur die slagoffer gegee word. Howard Stone, 'n dosent in Pastorale Sorg by die Brite Divinity School, is van mening dat 'n getraumatiseerde mens aangemoedig moet word om die bitterheid te laat gaan ten einde heel te word, of die oortreder daarvoor vra of nie (Stone 1990:76). Hy toon aan dat misbruikers selde, indien ooit, om vergifnis vra. Sommige slagoffers meen dat hulle nie kan vergewe as die oortreder nie daarvoor vra nie, want die konsep van vergifnis vra dat die oortreder versoening soek (Stone 1994:76). As dit waar is, sou die grootste deel van die wêreld in bitterheid vasgevang wees. Vir hom moet vergifnis gegee word al is daar nie 'n belydenis aan die kant van die oortreder nie. Volgens Bonhoeffer (1959:36) is "true repentance [is] embodied in a life of discipleship. Forgiveness is thus costly. Forgiveness cannot be demanded. It can only be hoped for. The aim of forgiveness is to restore communion with one another and with God in order to reconcile our brokenness. Forgiveness is a way of life."

Ganzevoort (2003:27) beskou vergewing meer as 'n innerlike verandering van die slagoffer se houding teenoor die oortreder. Die skuld van die oortreder word erken. Die oortreding word nie goedgekeur nie. Maar die band wat die slagoffer en die oortreder bind word losgemaak. "De dader is niet langer door middel van schuld met het slachtoffer verbonden. Het slachtoffer ziet onder ogen dat zij slachtoffer is en laat dan het slachtofferschap achter zich. Er is sprake van het doorbreken van een machtsrelatie" (Ganzevoort 2003:28). Die getraumatiseerde spreek die oortreder vry sodat die slagoffer self vry kan word. Neuger (2001:222) beskryf die vergifnis in hierdie verband as volg: "... letting go of the immediacy of the trauma, the memory of which continues to terrorize the victim and limit possibilities." Neuger (2001:101) is van mening dat vergifnis die laaste stap in die heelwordingsproses is: "After a former victim is safe from violence, after she has grieved the many losses caused by her experience of violence, after she has reorganized her life to the way she wants it to be, after she has gained inner strength and a relationship with God, then the word of forgiveness can be considered." Hierdie laaste stap in die heelwordproses moet uitgevoer word wanneer dit vir die slagoffer geleë is: "Forgiveness must be carried out according to the trauma survivor's timetable. This is not a step that can be hurried along. Only the trauma survivor her or himself truly knows when that time is right (Neuger 2001:159). Dat vergifnis belangrik is wanneer daar met getraumatiseerdes terapie gedoen word, betwyfel Neuger (2001:112) nie: "Part of this research journey for me has been a realization of the importance of forgiveness in terms of healing from the effects of trauma."

Die vraag is of adolessente wel so abstrak soos hierbo uiteengesit, oor geweld kan dink dat hulle in staat is om te vergewe. Abstrakte denkvermoëns beteken om oor dinge te dink wat nie gesien, gehoor of aangeraak kan word nie. Voorbeelde sluit dinge soos geloof, vertroue, oortuigings en geestelike

onderwerpe in (Brownlee 1999:67). Daarom bespreek ek vervolgens adolessente se denke.

## 7.4. Kognitiewe ontwikkeling van adolessente

Volgens Elium & Elium (1996:247) is die brein die sentrum van ontwikkeling gedurende die adolessentejare. Leer vind plaas deur die intellek. Dit is die denkende jare. Adolessente dink nie meer in prentjies nie, maar begin abstrak dink (Elium & Elium 1996:247).

Jean Piaget wat ongetwyfeld die belangrikste bydrae tot die studie van intellektuele ontwikkeling gemaak het, meen dat die hoogste vlak van intellektuele ontwikkeling gedurende adolessensie met die formeel-operasionele denke bereik word (Piaget 1972:10). Volgens hom bestaan die kognitiewe struktuur uit skemas. 'n Skema is 'n reeks kognitiewe inhoude wat met mekaar in verband staan en wat as gevolg van die interaksie tussen individue en hulle omgewing, ontwikkel. Volgens Piaget word babas met spesifieke outomatiese reflekse soos suig en gryp gebore. Namate babas toenemend in interaksie met hulle omgewing tree, verander die skemas. Die skemas word meer kompleks en uitgebreid sodat dit op verskillende situasies toegepas kan word. Ook word die skemas al hoe meer interafhanklik van mekaar sodat die kognitiewe struktuur van 'n individu 'n al hoe beter georganiseerde geheel vorm. Soos kinders ouer word, word die skemas al hoe meer geïnternaliseer (Gerdes 1988:170).

Piaget (1972:22) bevind dat die hoogste vlak van intellektuele ontwikkeling gedurende adolessensie en dus in die stadium van formeel-operasionele denke bereik word. Volgens hom is die individu se kognitiewe struktuur teen die einde van adolessensie feitlik ten volle ontwikkel, alhoewel verdere kennis nog voortdurend verwerf word (Piaget 1972:23). Vervolgens word net die fases kortliks genoem en dan word die fase wat betrekking het op hierdie studie, in diepte bespreek:

- Sensories-motoriese fase (geboorte tot twee jaar)
- Pre-operasionele fase (2-7 jaar)

- Konkreet-operasionele fase (7-11 jaar)
- Formeel-operasionele fase (12 jaar en ouer)

Tydens die sensories-motoriese fase "dink" babas met hulle oë, ore en hande. Sodoende word maniere uitgevind om sensorimotoriese probleme op te los soos byvoorbeeld om 'n knoppie te druk om musiek te hoor (Piaget 1972:20). In die Pre-operasionele fase gebruik voorskoolse kinders simbole om hulle vroeëre sensorimotoriese ontdekkings te verteenwoordig. So ontwikkel taal en speletjies (Piaget 1972:42). Kinders se redenasievermoë begin tydens die konkreet-operasionele fase logies raak. Skoolgaande kinders kan byvoorbeeld verstaan dat 'n sekere hoeveelheid koeldrank dieselfde bly al verskil die tipe houers waarin dit gegooi word. Hulle denke is egter nog nie abstrak nie (Piaget 1972:63).

### 7.4.1. Formeel-operasionele fase (12 jaar en ouer)

Volgens Piaget (1972:10) is die volgende eienskappe kenmerkend van die formeel-operasionele denke:

#### 7.4.1.1. Hipoteties-deduktiewe denke

Dit verwys na adolessente se vermoë om hipoteses te stel en probleme aangaande bepaalde verbande op te los (Piaget 1972:120). Redenering geskied deduktief (vanaf die algemene na die spesifieke) en definitiewe gevolgtrekkings kan sodoende gemaak word. Redenering kan ook induktief wees en vanaf die spesifieke na die algemene vorder. Dit is hierdie soort redenering wat onderliggend is aan die filosofie, wiskunde en wetenskaplike navorsing (Gerdes 1988:311). Dit is die hipoteties-deduktiewe denke wat mense in staat stel om te kan vergewe.

### 7.4.1.2. Inter-proposisionele logika

Inter-proposisionele logika is nog ’n eienskap van formeel-operasionele denke en verwys na die vermoë om vir logiese konsekwenthede te toets en inkonsekwenthede tussen verskillende stellings raak te sien (Piaget 1972:167).

### 7.4.1.3. Antisipering van moontlike gevolge

Formeel-operasionele denke sluit ook die vermoë in om oor die gevolge van bepaalde handelinge te besin en moontlike gevolge te antisipeer. Daar word sodoende oorweging geskenk aan wat kan of mag gebeur (Piaget 1972:207). Dit is hierdie soort opweeg van alternatiewe wat die basis vorm van adolessente se bevraagtekening van die sisteem en die voorskrifte van hulle ouers en ander volwassenes (Gerdes 1988:311). Hierdie denke stel hulle in staat om te dink oor die gevolge as hulle geweld met geweld wil beantwoord.

### 7.4.1.4. Introspeksie

Introspeksie is die vermoë wat adolessente het om krities oor hulself te dink. Sodoende kan hulle probeer om hulself te verbeter (Piaget 1972:236). Hierdie denke stel hulle in staat om deur die trauma te groei en ’n heel mens te word. Verdedigingsmeganismes wat gedurende die traumatyd aangeleer is en hulle gehelp het om die trauma te oorleef, is nou nie meer nodig nie. Adolessente beskik oor die vermoë om tot die besef te kom dat hulle die meganismes nie meer nodig het nie, en dit derhalwe moet vermy.

### 7.4.1.5. Formeel-operasionele egosentrisme

Adolessente se vermoë om abstrak te dink, gekombineer met die fisiese veranderinge wat hulle ondergaan, beteken dat hulle begin dink oor hulself. Jong tieners sien hulself as “voltyds op die verhoog”. Hulle is daarvan oortuig dat hulle die fokus van almal se aandag is (Piaget 1972:268). Die resultaat is dat hulle selfbewus word en verleentheid probeer vermy. Die verbeeldingsgehoor help ‘n mens om te verstaan waarom adolessente soveel tyd in die badkamer spandeer om elke detail van hulle voorkoms te bestudeer. Dit verklaar ook

hulle sensitiwiteit vir kritiek. Vir adolessente wat glo dat almal rondom hulle hulle monitor, kan ’n kritiese opmerking van ouers of onderwysers soms traumaties wees.

Adolessente wat nog in die egogesentreerde fase is en trauma oorleef het, is meer bewus van die weerloosheid van hulle liggame en meer besorg oor hulle fisiese en emosionele welstand as wat volwassenes is. ’n Goed ontwikkelde ego-identiteit word gekenmerk deur bewussyn van uniekheid en die vermoë om doelwitte te bepaal. Sonder ’n geïntegreerde identiteit veroorsaak trauma meer verwarde denke, onsekerheid en ongelukkigheid as wat dit vir volwassenes sou bring (Roos & Du Toit & Du Toit 2002:5).

Piaget se bydrae tot die teorieë oor kinderontwikkeling is relevant vir hierdie studie omdat hy oortuig is dat kinders aktiewe leerders is in wie se brein daar ryke strukture van kennis is (Case 1992:33). Dit beteken dat hulle die vermoë het om deur ’n traumatiese gebeurtenis te werk. Dit wys ook dat adolessente die denkvermoë tot vergifnis het. Resente navorsing dui aan dat Piaget die vermoëns van babas en voorskoolse kinders onderskat het (kyk Fischer & Pipp 1984; Case 1992; 1992).

#### 7.4.1.6. Resente ondersoeke oor die formeel-operasionele denke

Baie navorsers het opvolgstudies van Piaget se navorsing gedoen en bevind dat adolessente meer effektief as jonger kinders redeneer (Smith, Cowie & Blades 2003:410). Daar is ook bevind dat selfs goed-opgeleide volwassenes probleme het met abstrakte redenering. Baie van die veranderings vind stadiger en meer geleidelik plaas as wat Piaget gemeen het (Smith, Cowie & Blades 2003:410). Smith, Cowie & Blades (2003:410) het Piaget se sterk gedefinieerde fases verander na ’n minder streng konsep. Volgens twee ontwikkelingsielkundiges, Brownlee (1999:43) en McArnarey & Hendie (1989:44-65) word vaardighede oor ’n tyd ontwikkel en is afhanklik van biologiese rypheid en ervaring met verskillende tipes kennis en take. Blos (1962: 43) beskryf adolessensie as ’n psigologiese aanpassing op biologiese rypheid. Die tiener meot psigologies aanpas by die fisiese volwassenheid of wag vir die biologiese rypwording om by

die psigologiese rypheid te kom. Die graad van aanpassing wissel van persoon tot persoon omdat elke individu 'n biologiese klok het wat voor of agter die vlak van psigologiese rypheid mag wees. Blos (1962: 46) is van mening dat hierdie aanpassing in drie fases geskied: die vroeë fase, die middel- en die laat-adolessensie. Dit is in hoofstuk 1 in detail bespreek. Hier kan volstaan word dat gedurende middel-adolessensie die adolessent begin onttrek van mense wat betekenisvol was gedurende hulle kinderjare. Die adolessent herevalueer doelwitte, vrese en konflikte van hulle vroeë verhoudings sodat die energie van daardie vroeë bande in nuwe verhoudings belê kan word. Tydens laat-adolessensie konsolideer die adolessent. Hierdie konsolidasie behels die ontwikkeling van 'n seksuele identiteit wat te voorskyn kom en 'n stabiele en onderskeidende self, asook 'n afname in verstrooidheid en die ontwikkeling van 'n publieke self wat te onderskei is van die private self. By middel-adolessensie is daar steeds konkrete denke en hulle sukkel met abstrakte idees. Soos adolessente ouer word, is daar verhoogde afhanklikheid van die portuurgroep vir ondersteuning en identiteitsvorming. Met laat-adolessensie begin formele denke ontwikkel met die gepaardgaande vermoë om abstrak te begin dink en insig in toekomstige konsekwensies van gedrag te kry (Mulcahey 1990:1-6).

Die pastor wat die getraumatiseerde adolessent begelei, moet nie net informasie gee nie, want volgens Piaget is kennis nie iets wat oorgedra word van 'n kundige na 'n onkundige nie. Adolessente moet die pas waarteen hulle wil beweeg, aanwys. Die pastor moet adolessente lei om nuwe konsepte rakende die trauma soos byvoorbeeld 'n godsdiensbelewenis, sin en betekenis ná die trauma en vergifnis te ontdek en te verwerk. Omdat adolessente 'n meer logiese denkpatroon ontwikkel en ook die vermoë om dinge in verband met mekaar te bring, kan die pastor hulle begelei om vergifnis en trauma bymekaar uit te bring en daaroor te besin. Resente navorsing soos onder andere die genoemde drie ontwikkelingsielkundiges, Brownlee (1999:144-200), Cole (1990:200-231) en McArnarey & Hendie (1989:65-133) het aangetoon dat die volgende kenmerke belangrik is ten opsigte van adolessente se kognitiewe ontwikkeling:

- **Abstrakte denkvermoëns**

Abstrakte denkvermoëns beteken om oor dinge te dink wat nie gesien, gehoor of aangeraak kan word nie. Smith, Cowie & Blades (2003:408) toon aan dat adolessente nie meer afhanklik is van die konkrete bestaan van dinge in die regte lewe nie. Hulle is in staat om te redeneer in terme van verbale hipoteses en kan logiese verhoudings opweeg tussen verskeie moontlikhede. Die ontwikkeling van abstrakte denke beteken dat denke van konkrete objekte losgemaak is en dus vanaf *voorwerpe* na *idees* verskuif (Brainerd 1978:206). Die meerderheid van jong adolessente dink konkreet en het nie insig in die langtermyn konsekwensies van hulle dade nie. Sodra hulle in die middel-adolessensie inbeweeg, begin hulle abstrak dink (Elium & Elium 1996:247). Dit beteken dat pastors met hulle in gesprek kan tree oor iets abstraks soos vergifnis en rolmodelle. Die meeste van hulle aandag sal gefokus wees op hulle nuutgevonde vermoëns om hulself, ander en die wêreld te kritiseer en te analiseer.

- **Meta-kognisie**

Adolessente ontwikkel die vermoë om te "dink oor denke". Dit word meta-kognisie genoem. Meta-kognisie stel adolessente in staat om te dink oor hoe hulle voel en wat hulle dink. Dit is ook nadenke oor hoe 'n mens deur 'n ander waargeneem word. Dit kan gebruik word om strategieë te ontwikkel. Hierdie denke kan aangewend word om Christus as rolmodel te sien en te strewe daarna om soos Hy te wees.

- **Absolute idealisme**

Weens beperkte ervaring van die realiteite en kompleksiteite van die volwasse lewe, is adolessente geneig om te oorvereenvoudig en subtiele nuanses te mis (Bocknek 1980:73). Hulle oordele is dikwels op sterk gepolariseerde uiterstes gegrond: iemand is òf mooi of lelik; òf betroubaar òf 'n leuenaar; òf totaal aanvaarbaar òf geheel en al onaanvaarbaar (Gerdes 1988:301). Hierdie denke

maak dit vir hulle moeilik om in te sien dat die oortreder ook heel waarskynlik self ’n slagoffer van trauma was.

- **Die effek van die gevorderde denke**

Adolessensie het ’n verhoogde vlak van selfbewustheid. Hulle is geneig om te glo dat almal gemoeid is met en begaan is oor hulle denke en gedrag. Dit lei daartoe dat hulle glo hulle het ’n denkbeeldige gehoor van mense wat hulle heeltyd dophou (Steinberg 1999:9). Dit voel dikwels vir hulle asof niemand anders ooit dieselfde emosies gehad het as wat hulle nou het nie. Hulle kan melodramaties wees oor dinge wat hulle ontstel. Hulle sê soms dinge soos: “Jy sal nooit verstaan nie. My lewe is geruïneer” (Steinberg 1999:11). Dit is die rede waarom hulle kan voel dat hulle die enigste persone is wat swaarkry nadat hulle ’n trauma beleef het. Hulle voel dat niemand kan weet en verstaan hoe hulle voel nie. Adolessente is geneig om baie taakgeoriënteerd te wees. Hulle is vinnig om teenstrydighede tussen volwassenes en hulle dade uit te wys (Steinberg 1999:31). Soos die groeiende ontwikkelende adolessente hulle kennis verhoog en beter begin dink, begin hulle die dinge bevraagteken wat hulle vroeër sonder voorbehoud aanvaar het. Hulle kom in kontak met meer van die lewe se realiteite en dit vereis meer verstandelike en morele onafhanklikheid. Hulle kom agter dat die dinge wat hulle vroeër geleer het, nie in harmonie is met wat hulle in die skool of tuis geleer is nie. Daarom kom twyfel makliker.

Newman & Newman (1999:187) identifiseer verskillende komponente om trauma te hanteer en dit word in die adolessentejare verwerf. Een daarvan is die vaardigheid om nuwe inligting te verwerf en te verwerk wat ’n pastorale gesprek baie sinvol kan maak. Hulle het die vermoë om deur die trauma te werk.

In hierdie hoofstuk sover is Girard (1993:22-23) se teorie verduidelik oor die oorsprong van geweld en daar behoort gepoog te word om Jesus na te boots in plaas daarvan om met ander gewelddadig te wees. “While mimesis has become the root of violence, Jesus calls us to ‘mimese’ Him” (Girard 1993:22-23). Eerder as om ander mense na te boots en dan te begeer wat hulle begeer, behoort gelowiges vir Jesus na te boots. Hy boots op sy beurt weer God na

(Swartley 2000:311). In God se liefde word kinders van die Skepper geleer om die goddelike *agape* na te boots en so geweld agter te laat (McKenna 1997:34-37). Daarna het ons ondersoek of adolessente wel kognitief in staat is om te kan vergewe en hulle trauma te verwerk. Nou gaan ons oor na die kern-element van Girard se teorie, naamlik die sondebok-meganisme.

### 7.5. Die sondebok-meganisme

Die sondebok-teorie word in Girard (1986) se werk, *The scapegoat*, bespreek. Girard (1986:14) is van mening dat die vroegste samelewing tot stand gekom het nadat mense in herhaalde geweldsituasies ’n sondebok geoffer het en toe die verandering in hulle geledere ten opsigte van vrede, belewe het. Die hominiede (eerste mensagtige wesens) het mekaar se geweld nageboots. Dit kan beskryf word as geweld van almal teen almal. In ’n sekere stadium is die oplossing van die geweld spontaan ontdek deur die vroeë gemeenskappe toe geweld, wat almal op almal uitgevoer het, verander het na die geweld van almal op een slagoffer. Hulle het die blaam van al hulle probleme op een individu geplaas en die individu doodgemaak. Dit was ’n onbewuste proses.

Die ritueel kon net effektief wees as die sondebok nie as slagoffer gesien is nie. Dit word dus nie as ’n sondebok-meganisme gesien nie. Die sondebok is beskou as boos en sleg en as iemand wat verdien om doodgemaak te word. Terwyl die beskuldigde slagoffer miskien wel gedeeltelik verantwoordelik was vir van die geweld in die gemeenskap, is hy of sy deur die gemeenskap beskuldig van *alles* wat verkeerd is.

Na hierdie kollektiewe moord op die slagoffer is die geweld van almal teen almal tot ‘n einde gebring. Die gemeenskap is dan verenig deur die moord op of uitdryf van die slagoffer. Die gemeenskap beleef vrede. Hulle ervaar ’n oomblik van ontsag wat Girard (1987:34) ’n “gewyde oomblik” noem. Dit is ’n magiese vrede. Geweld van almal teen almal is so omgeskakel in ‘n eenheid onder die gemeenskap. Die geweld is uitgewoed. Rondom die lyk van die slagoffer ervaar die vroeë gemeenskap die vrede wat hierdie daad gebring het. Aan die slagoffer word nou magiese krag toegedig. Volgens Girard (1986:146) het die

eerste samelewings deur sulke sondebok-rituele beslag gekry. Wanneer geweld weer opvlam, soek hulle weer 'n sondebok en die wonderlike oomblik van vrede en eenheid word herhaal. So het dit 'n gewyde ritueel geword deur plaasvervangende slagoffers: "new victims for the original victim, in order to assure the maintenance of that miraculous peace" (Girard 1986:202). Die naïewe godsdienstige interpretasie van die hele gebeurtenis wat geleidelik opbou rondom hierdie kollektiewe moord, is dat die gemeenskap besoek is deur 'n godheid, wie se bonatuurlike magte eers chaos en toe magiese vrede gebring het.

Die oombliklike staking van geweld wat die kollektiewe moord meegebring het, noem Girard (1986:198) die "sondebok-eienskap". Hy meen dat gedurende die verloop van die evolusie, 'n lang reeks moorde wat herhaaldelik oor moontlik 'n miljoen jaar gepleeg is, die vroeë mense geleer het dat die dood van een of meer lede van die groep, misterieuse vrede bring. Hierdie patroon is die grondslag van Girard se sondebok-teorie.

Die sondebok-eienskap is gevind in talle samelewings en daarom redeneer hy dat dit 'n universele eienskap by mense is. "Good violence" was so gebruik om "bad violence" uit te dryf uit die gemeenskap (Girard 1986:12). Girard (1986:200) meen dat menslike kultuur so gebore is en dat godsdiens die hart daarvan is.

**7.5.1. Woede**

Getraumatiseerdes soek na 'n sondebok. Hulle is byvoorbeeld kwaad vir reddingsorganiseerders, die regering of mediese dienste wat volgens hulle die trauma kon verhoed het of vinniger na die trauma moes opgetree het (Hodgkinsin & Stewart 1991:57). Hulle voel beter as hulle 'n sondebok gekry het. Hulle is dikwels ook kwaad vir God wat hulle nie teen die trauma beskerm het nie. Woede as sekondêre emosie is in Hoofstuk 2 in detail bespreek.

Kinders het nie so 'n wye reeks van gehate objekte nie. Die kinders is dikwels kwaad vir hulle ouers wat dood is en hulle alleen gelos het (Warshaw

1988:94). Volgens Lifton (1983:2-6) dink getraumatiseerde adolessente dat ander hul nie verstaan nie omdat hulle nie in ‘n trauma was nie en neem ook mense kwalik wat nie soos hulle ’n trauma gehad het nie. Hulle vind slegs vertroosting by mense wat deur ’n soortgelyke trauma is. Dikwels deel hulle nie die trauma met familielede nie, en dit laat die familielede uitgesluit voel (Miller 1998:76).

Woede speel ’n groot rol wanneer die sondebok-meganisme aangewend word. Woede veroorsaak dat getraumatiseerdes ’n sondebok soek, want dan kan die woede bedaar. Woede by kinders en adolessente is ’n uitdrukking van onderliggende hartseer, verlies, magteloosheid, vrees en angstigheid. Dit is dikwels makliker vir ’n kind om woede te beleef as die meer pynlike onderliggende emosies (Hodgkinsin & Stewart 1991:59). Kinders weet nie hoe om hulle woede op ’n gepaste manier uit te spreek nie. Om woede op ’n gepaste manier uit te druk, is deel van die genesingsproses. Getraumatiseerde mense het die reg om woede te voel vanweë dit wat met hulle gebeur het en hulle het die reg om dit uit te druk. Getraumatiseerde adolessente het ’n behoefte om ontslae te raak van hulle pyn en soek daarom onbewustelik na ‘n geskikte sondebok. Die slagoffer van trauma blameer die sondebok en doen so geweld aan die sondebok wat tot slagoffer gemaak word. Deur die slagoffer te blameer, raak die oortreder ontslae van die skadelikheid wat in sy eie psige vasgelê is.

Die soeke na ’n sondebok is ’n onbewuste daad. Sodra ’n sondebok gevind is, is dit asof getraumatiseerdes makliker vrede kan maak met die trauma. Familielede van slagoffers van trauma is ook geneig om ’n sondebok te soek wat hulle vir die trauma kan blameer. Pastors moet getraumatiseerdes help om hulle gevoelens uit te druk sonder dat dit die ander gesinslede seermaak (Figley 1998:33). Laasgenoemde is in Hoofstuk 2 bespreek.

**7.5.2. Skuldgevoelens**

Trauma bring ook gevoelens van selfblamering en pastors moet adolessente help om hierdie gevoel te sien as die resultaat van irrasionele denke en onrealistiese inligting (Figley 1978:18). Getraumatiseerde mense voel soms skuldig omdat hulle bly lewe het en die ander nie (Lifton & Olson 1976:1-18). Hulle blameer hulleself omdat hulle nie méér gedoen het om die persone wat in die trauma dood is, te help nie. So maak hulle hulself tot die sondebok. Jonger kinders voel dikwels skuldig omdat hulle dink dat dit hulle slegte gedrag is wat die trauma veroorsaak het (Van der Kolk 1991:91). Skuldgevoelens is in Hoofstuk 2 in detail bespreek.

**7.5.3. Selfbesering, kompulsiewe gedrag en selfmoord**

Baie oorlewendes van seksuele-misbruik en van akute trauma ontwikkel 'n kroniese angstigheid en depressie wat aanhou tot in die volwasse lewe (Browne & Finkelhor 1986:66-77). Mishandelde en getraumatiseerde kinders en adolessente ontdek op 'n stadium dat die gevoel effektief getermineer kan word deur 'n besering aan hulle eie liggaam aan te bring. Hulle verklaar hulleself onbewustelik tot die sondebok. Die mees dramatiese metode om hierdie resultaat te kry is deur hulleself seer te maak soos om hulleself te sny. Kinders wat misbruik is, ontwikkel dikwels die gewoonte om hulself herhaaldelik te beseer. Alhoewel baie oorlewendes van kindermisbruik selfmoord pleeg, is daar 'n duidelike onderskeid tussen herhaaldelike selfbesering en selfmoordpogings. Selfbesering het nie die bedoeling om dood te maak nie, maar eerder om onuithoudbare emosionele pyn te probeer verlig (Herman 1992:109). Bulimie, kompulsiewe seksuele gedrag, kompulsiewe risiko-gedrag, blootstelling aan gevaar en die gebruik van psigo-aktiewe dwelms is maniere waarop misbruikte en getraumatiseerde kinders en adolessente probeer om hulle emosies te hanteer (Herman 1992:109).

### 7.6. Profiel van ‘n sondebok

Volgens Girard (1977:31) het die slagoffer wat as sondebok gekies word, sekere eienskappe. Die slagoffer is swakker as die res of verskil van die res. ’n Belangrike kenmerk van die slagoffer is dat hy of sy aan die geweld blootgestel kan word sonder dat die mense vrees vir weerwraak. ’n Offer is ’n daad van geweld sonder die risiko van verdere geweld. Adolessente voldoen aan sekere eienskappe wat hulle meer geskik maak om as sondebok aangewys te word. Hulle word maklik vasgevang in die sondebok-meganisme omdat hulle selfbeeld nog baie weerloos en vormbaar is. Daarom bespreek ek vervolgens die identiteitsverwerwing van adolessente en sal dan aantoon hoekom hulle so maklik as sondebok aangewys kan word.

#### 7.6.1. Fisiese kenmerke

Adolessente se fisiese kenmerke en voorkoms het ’n groot invloed op hulle selfbeeld (Richards 1985:52). Enige soort afwyking kan angstigheid en onsekerheid veroorsaak en ’n negatiewe invloed op adolessente se gevoelens oor hulleself hê (Richards 1985:53) en dit bring mee dat hulle maklike teikens is om hulleself tot sondebok te verklaar. Trauma veroorsaak dat hulle worstel met probleme waarvoor hulle nie gereed of voorbereid is nie. Trauma bring nog meer verwardheid en maak hulle nog makliker ’n teiken om tot sondebok verklaar te word. Die liggaamlike verandering (vergelyk in hierdie verband Hoofstuk 1) raak adolessente se beeld van hulleself. Hulle moet nou hulle selfbeeld wysig om by die veranderinge aan te pas. Vanweë liggaamsveranderinge is hulle vroeëre liggaamsbeeld nie meer voldoende nie. Veral hul nuut-bereikte geslagsrypheid moet in hierdie beeld opgeneem word. Hulle kyk besonder krities na hul lengte, massa en gelaatskleur. Indien hulle hierin teleurgesteld voel, is hulle tydelik verward ten opsigte van hul selfbeeld en verloor hulle hul selfvertroue. Om vir hierdie self-wantroue en negatiewe selfbeeld te kompenseer, tree hulle dikwels met rebelsheid en grootdoenerigheid op (Smith 1981:32). Meisies kan gewigstoename kry en dit pla hulle (Elium & Elium 1996:316).

### 7.6.2. Erikson se teorie oor identiteitsvorming

Erikson (1968:13-55) het 'n teorie geformuleer wat van groot belang is vir die ontwikkeling van die mens. Sy teorie word as psigososiaal beskryf, omdat hy klem lê op die interaksie tussen die persoon se innerlike eienskappe en die eise van die kultuur en samelewing (Gerdes 1988:73). Volgens Erikson bestaan daar 'n grondplan waarvolgens psigologiese ontwikkeling gedurende agt opeenvolgende stadia ontplooi. Tydens elke stadium word individue voor die uitdaging gestel om 'n bepaalde krisis te bemeester en daarna na 'n volgende ontwikkelingstadium en die volgende krisis te beweeg. Elke krisis vereis die ontwikkeling van 'n spesifieke vaardigheid en indien dit nie gebeur nie, sal dit belemmerend inwerk op verdere ontwikkeling, aangesien die negatiewe aspek sal oorheers (Erikson 1968:14-20). Bevredigende leer en oplossing van elke krisis is nodig voordat die kind na die volgende fase beweeg. Vervolgens noem ek net die fases en dan bespreek ek die adolessente-fase. Met die bespreking van die adolessente-fase wil ek aantoon dat adolessente maklik vasgevang word in die sondebok-meganisme omdat hulle selfbeeld nog baie weerloos en vormbaar is.

- vertroue teenoor wantroue (0-2 jaar)
- outonomie versus skaamte (2-4 jaar)
- inisiatief teenoor skuld (4-6 jaar)
- arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (6-12 jaar)
- identiteitsverwerwing versus identiteitsverwarring (13-20 jaar)
- intimiteit teenoor isolasie
- generatiwiteit teenoor stagnasie
- ego-integriteit teenoor wanhoop

Erikson beskou adolessensie as baie belangrik vir psigososiale ontwikkeling en veral omdat dit as basis dien vir die daaropvolgende ontwikkeling gedurende volwassenheid. Erikson is van mening dat die mees beslissende periode in die vorming van die volwassene se persoonlikheid die adolessensie jare is (Erikson

1968:88). Die hooftaak van individue gedurende adolessensie is om op grond van wat hulle oor hulself en ander geleer het, ’n identiteit te ontwikkel. Indien hulle nie daarin slaag om ’n gevoel van identiteit te ontwikkel nie, lei dit tot roldiffusie, dit wil sê ’n onsekerheid oor hulself, hulle rolle en plek in die samelewing. Hierdie onsekerheid maak hulle vatbaar om in die sondebok-meganisme vasgevang te word. Adolessente sal geleidelik nuwe moontlikhede verken om beter te kan funksioneer. Die ontwikkeling van ’n rolidentiteit sal meer moontlikhede bied vir meer sosiale betrokkenheid en om die trauma op ’n abstrakte vlak te konseptualiseer.

Om die identiteitskrisis op te los, is dit volgens Erikson (1968:59) nodig om deur ’n oorgangstadium te gaan waartydens individue min verpligtinge het en in staat is om te soek, te bevraagteken en met verskillende rolle en geloofstelsels te eksperimenteer. Hulle kan byvoorbeeld met verskillende beroepsrolle eksperimenteer deur verskillende soorte werk gedurende hulle vakansie te doen. Gedurende hierdie tydperk word individue die geleentheid gegee om te eksperimenteer sonder dat daar noodwendig van hulle verwag word om te slaag. Mislukking in hierdie stadium hoef nie noodwendig ernstige emosionele, ekonomiese en sosiale gevolge te hê nie. Oor die verloop van die adolessente jare begin adolessente die opinie van betekenisvolle ander persone integreer in hulle eie voorkeure en afkeure. So begin hulle ’n identiteit vorm (Erikson 1968:56-99).

Die antwoorde op sy vraag: “Wie is ek?” begin uitkristalliseer wanneer adolessente die oortuigings, houdings en waardes begin ondersoek wat hulle voorheen aanvaar het deur met ander te identifiseer, maar wat nou nie meer te versoen is met hulle eie behoeftes en houding nie. Hulle behou die wat inpas en integreer hulle met hul eie persoonlikheid om ’n unieke geheel te vorm. Geslaagde identiteitsvorming vind plaas wanneer adolessente vir hulself kan sê: “Dit is waarin ek belangstel en waaraan ek waarde heg”, wanneer hulle weet wat hulle van die lewe verwag en ook weet waar hulle in die samelewing inpas en wat ander van hulle verwag. Word hierdie tydperk van eksperimentering egter onbepaald voortgesit, kan dit lei tot ’n onvermoë om volwasse

verantwoordelikhede te aanvaar (Gerdes 1988:74) en dan sou dit hulle vatbaar maak om hulleself tot sondebok te maak.

Die proses van identiteitsontwikkeling begin reeds in die vroeë kinderjare, maar word gedurende adolessensie 'n ontwikkelingskrisis wat oplossing vereis indien die identiteit duidelik gedefinieer wil word. Indien adolessente nie daarin slaag om hulle identiteit duidelik te omskryf nie, sal rolverwarring en onsekerheid oor identiteit in die weg staan van 'n verbintenis tot volwasse rolle en langtermynrolle en hulle ook vatbaar maak om die sondebok-meganisme toe te pas. Daar is goeie redes waarom adolessente se identiteit deur adolessensie verander. Omdat fisiese verandering so vinnig en drasties plaasvind, verander dit die fisiese self of adolessente se siening van hul eie liggame.

Erikson (1968) is van mening dat, as 'n gevoel van individuele identiteit gedurende adolessensie suksesvol gevorm word, dit tydens die vroeë volwassenheid gestabiliseer word. Dit vind plaas wanneer persone se belangstellings verdiep en minder gevarieerd is, wanneer hulle vermoëns om te werk en lief te hê bevestig word deur verantwoordelike betrokkenheid by 'n beroep en by die vorming van 'n gesin, en wanneer hulle die geleentheid gehad het om hulle idees te toets en te bevestig.

Resente studies stem saam met Erikson dat om 'n mens se waardes, planne en prioriteite te bevraagteken, nodig is vir 'n volwasse identiteit. Hulle verwys egter nie meer soos Erikson na hierdie proses as 'n krisis nie (vergelyk Brownlee I999:15; Beautris 2002:77). Trauma neem die aandag weg van die identiteitsvorming en so verbeur adolessente die geleentheid om deur die rolverwarring te werk. Hierdie verwarring (trauma-, liggaams- en rolverwarring) bring gevoelens van hartseer, onsekerheid, magteloosheid, vrees en angstigheid. Hulle steek dit weg agter woede omdat dit 'n makliker emosie is om te hanteer. Om die woede te verwerk, moet hulle 'n sondebok soek op wie hulle die woede kan projekteer. Die sondebok is dikwels hulself omdat hulle so magteloos en onseker voel.

**7.6.3. Die emosionele ontwikkeling**

Kenmerkend van adolessente se emosionele lewe is die komplekse en intense aard daarvan. Verhoogde emosionaliteit in die vorm van buierigheid, bakleierigheid en emosionele uitbarstings kom dikwels voor (Smith 1981:32).

Die jare van liggaamsverandering gaan gepaard met skommelende gevoelens wat die adolessent skaars kan verstaan. Die meeste van die adolessente toon kenmerke van innerlike verwarring gepaardgaande met gemoedskommeling (Richards 1985:56). Trauma veroorsaak ook veranderde emosies en adolessente beleef nou van twee kante emosies wat hulle nie verstaan nie. Om dit te hanteer, moet hulle een emosie uitsonder en gewoonlik is dit woede. Om woede te hanteer, moet hulle ’n sondebok vir die trauma vind. Hulle emosies word deur verskeie faktore beïnvloed. Sulke faktore is hoofsaaklik in mense en situasies geleë. Die nuwe aanpassings wat hulle nou as adolessent in die volwasse wêreld moet maak, is ’n belangrike oorsaak van verhoogde emosionaliteit. Die volwassene verwag van hulle selfstandige optrede waartoe hulle dikwels nie in staat is nie, byvoorbeeld selfdissipline ten opsigte van hulle emosies. Om ’n verhouding met die teenoorgestelde geslag aan te knoop, bring dikwels spanning en ’n algemene opgewondenheid mee (Smith 1981:35). Ander faktore wat hulle emosies intensiveer, is hulle beroepskeuse, te streng optrede van hulle ouers en seksuele rypwording. Hulle beleef allerhande nuwe gevoelens wat hulle nie altyd kan begryp en hanteer nie. Hiervan is veral gevoelens oor die seksuele vir hulle moeilik hanteerbaar.

Gedurende vroeë adolessensie (13-16 jaar) wil adolessente die wêreld rooskleurig sien. Hulle verwag om skoonheid en volmaaktheid te sien maar in plaas daarvan vind hulle onregverdigheid en menslike tekortkomings. Hierdie realiteite laat hulle gefrustreerd, onseker en ontnugter voel. Dit maak hulle sinies (Elium & Elium 1996:257). Daarom belewe hulle trauma baie ontwrigtend wanneer die trauma deur mense veroorsaak is.

Alhoewel tye verander, is daar steeds ouers wat hulle seuns grootmaak om hulle diepste gevoelens te ontken. Hulle mag kwaad, aggressief en seksueel voel, maar word nie toegelaat om hulle hartseer, teleurstelling, vrese, verlies en

omgee te wys nie. Dit is belangrik dat seuns toegelaat word om hulle gevoelens uit te spreek. Gevoelens van woede en die van behoefte om te verower moet gebalanseer word deur die uitdrukking van ander emosies. Meisies aan die ander kant is bekend vir hulle gemoedsveranderinge. Die vloei van estrogeen en progesteroon in adolessente dogters is verantwoordelik vir hulle onvoorspelbare emosionele omwentelings (Elium & Elium 1996:316).

Adolessente is meestal nog nie emosioneel ryp nie en het oor die algemeen nie emosionele beheer nie. Hulle word maklik deur hulle emosies meegesleur (Smith 1981:35). Ook het hulle nog nie balans tussen rasionele denke en emosies gevind nie. Die rasionele is nie om ’n sondebok te soek nie maar om eerder ’n mens se eie emosies te verwerk. Hulle het egter nog nie daardie balans gevind nie en is dus maklike teikens in die sondebok-meganisme. Hulle is dikwels nog nie in staat om hulle emosies op aanvaarbare wyses deur ontlading te verlig nie. Hulle is ook geneig om hulle emosies op te krop. Angs word dikwels by wyse van verdedigingsmeganismes bekamp. Veral twee sodanige meganismes kom gereeld voor naamlik asketisme en intellektualisering. Asketisme is ’n poging om hulle natuurlike drange, byvoorbeeld hulle seksuele behoeftes te ontken. Intellektualisering stel hulle in staat om hoogs intellektuele bespreking, byvoorbeeld oor vrye liefde te voer. By wyse van hierdie besprekings probeer hulle dan om die angs te hanteer wat deur hulle ontwakende seksuele behoeftes veroorsaak word (Smith 1981:35).

Bocknek (1980:73) verwys na die narcissistiese oriëntasie wat by adolessente aanwesig is. Hy definieer narcissisme as: “the investment of energy in oneself as the focal source of interest and concern” (Bocknek 1980:73). Hierdie selfbetrokkenheid verbaas ‘n mens nie, gesien in die lig van talle veranderinge wat gemaak moet word. Dit sluit in die teenstrydighede en konflikte wat hanteer moet word en die noodsaaklikheid om besluite te neem wat adolessente se hele lewe kan beïnvloed. Die narcissistiese oriëntasie hou hoofsaaklik met twee aspekte verband, naamlik hoe adolessente hulself waarneem en hoe hulle glo ander hulle sien (Gerdes 1988:301).

#### 7.6.3.1. Gevoel van waardeloosheid

Wanneer kinders voel dat hulle waardevol en gerespekteer is, ontwikkel hulle selfbeeld. Hulle ontwikkel ook outonomie, dit is ’n gevoel van skeiding in ’n verhouding. Hulle leer om hulle liggaamsfunksies te beheer en te reguleer en om hulle eie opinie te vorm en uit te druk. Trauma skend die outonomie van die persoon. Die trauma vernietig die geloof dat ‘n mens in verhouding met ander kan wees (Herman 1992:53).

Adolessente sukkel om ’n eie opinie te hê. Getraumatiseerde persone voel waardeloos en kan nie selfhandhawend optree nie. Hulle selfbeeld is aangerand deur vernedering, skuld en magteloosheid. Omdat tienerjare juis die tyd is waarin hulle ontdek wie hul is, is ’n trauma in daardie tyd baie sleg, want dan hou die brein hom besig met ander dinge as identiteitsvorming en dit maak dat adolessente sukkel om ‘n sondebok te vind. ’n Maklike teiken is die adolessent self en daarom blameer hy of sy hom- of haarself vir die trauma.

#### 7.6.3.2. Wantroue in ander en omgewing

Na ‘n trauma wantrou mense ander en hulleself. Hulle sukkel soms vir jare om weer die wêreld en mense te vertrou (Matasakis 1996:100). Dit maak dat hulle makliker ’n sondebok kan soek want wanneer hulle een gekry het, kan hulle weer die res van die wêreld vertrou. Volgens Girard (1986:146) het die eerste samelewings weer ’n sondebok gesoek wanneer geweld weer opvlam en die wonderlike oomblik van vrede en eenheid word herhaal wanneer die sondebok gevind is. So bring die feit dat ’n sondebok gevind is vir getraumatiseerdes weer vrede en kan die wêreld weer vertrou word.

### 7.7. Wanbegrippe in sondebok-ritueel

Saam met die sondebok-ritueel ontstaan wanbegrip oor twee sake. Die eerste is dat die gemeenskap glo dat die vrede wat hulle na die ritueel beleef, direk deur die slagoffer voortgebring word (Girard 1986:210). Die tweede misverstand is

dat die gemeenskap glo dat die oorsaak van alle geweld die slagoffer se skuld was. Hierdie misverstande gee aan die slagoffer die mag oor geweld en oor vrede en volgens die vroeë gemeenskappe is dit 'n goddelike kwaliteit. Dit word die oorsprong van die vroeë godsdiens (Girard 1986:210).

As die gemeenskap die werklikheid ingesien het, naamlik dat die oorspronklike gewyde ritueel die moord op 'n relatiewe onskuldige persoon was wat willekeurig aangewys is, sou dit nie die uitwerking van ontsag behou het nie. Die ritueel was die poging om die gewyde gebeure op 'n beheerde manier uit te voer sodat die gevoel van ontsag en vrede verkry is sonder om deur die chaos van die geweld te gaan. Net so sal die getraumatiseerde nie beter voel nadat hy of sy 'n sondebok gekry het of self die sondebok is nie, indien hulle verstaan dat die sondebok eintlik onskuldig is, of dat al die oorsake van die geweldsdaad nie net op hierdie een persoon afgeskuif kan word nie. Die hele proses geskied op 'n onbewuste vlak.

### 7.8. Jesus, die sondebok

Volgens Girard (kyk 1987:44-98) vertel die Bybel en spesifiek die Evangelies die verhaal van geweld teen die sondebok-slagoffer vir die eerste keer vanuit die standpunt van die slagoffer en nie soos al die mites, vanuit die standpunt van die gemeenskap nie. Deur op die slagoffer te fokus en nie op die "geregverdigbare geweld" teen die slagoffer nie, ontmasker die Bybel die gewyde mites se sondebok-meganisme. Wanneer dit ontmasker word, word die mag van die sondebok-meganisme verswak en ondermyn. Girard (1987:44) stel dit so:

> Once understood, the mechanism can no longer operate, we believe less and less in the culpability of the victims they demand. Deprived of the food that sustains them, the institutions collapse one after the other around us. Whether we know it or not, the Gospels are responsible for this collapse.

Girard (1987:50) se sondebok-teorie toon aan dat gemeenskappe, tot en met die tyd van Jesus, geweld deur middel van die sondebok-meganisme beheer het.

Jesus is as onskuldige slagoffer vermoor as gevolg van die vrees en wraak van mense. Jesus se lewe en dood het ten doel gehad om die sondebok-teorie te ontmitologiseer. Dit is nie God wat verwag dat ’n onskuldige man moet sterf nie, maar die gepeupel en ander magte wat offerandes vereis het en die vereiste aan God toegeskryf het. Die dood van die slagoffer was ook nog in Jesus se dae ’n offerande gebeurtenis. Dit is wat die hoëpriester, Kajafas, bedoel het toe hy gesê het: “ ... en besef julle ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie” (Joh 11:50). Jesus het verstaan dat God die bron van onvoorwaardelike liefde en absolute vergifnis is en dit sluit volgens Girard (1987:77) die moontlikheid uit dat God die offer van ’n onskuldige sou eis. Deur die sondebok-meganisme te ontmasker vir wat dit is, word Jesus se dood die finale offerande en dui dit die einde van offerandes aan. Girard (1987:80) identifiseer Christus as ’n nuwe soort sondebok – een wat *homself* offer en wat deur dit te doen, wys dat Hy verstaan wat aangaan. Die woorde: “Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” staan sentraal vir Girard. Die klimaks is nie die dood van die slagoffer nie, maar die ervaring van die gewyde ontsag wanneer die slagoffer op die oomblik van sy dood sy folteraars vergewe. Girard (1987:90) herdefinieer Christus se dood as ’n self-offerande om vir die wêreld te wys dat die sondebok-meganisme ’n vergeefse poging is om geweld te eindig.

Teologies en histories gesien, openbaar en vernietig die dood van Jesus, volgens Girard (1986:99), die sondebok-meganisme. Deur die eeue heen het die effek van die evangelie op die kultuur grootliks die mag van die sondebok-meganisme ondermyn. God reageer op die mens se geweld met nie-gewelddadige liefde en dit is vir Girard (1987:89) die kern van die Bybel. Hy vind dit betreurenswaardig dat hierdie boodskap dwarsdeur die geskiedenis van die kerk grootliks geïgnoreer is. Die kerk het volgens hom die dood van Christus verkeerd geïnterpreteer deur te verkondig dat God ’n offer, ’n slagoffer, geëis het. Volgens Bailie (1995:2) wie se werk, *Violence unveiled*, die teorie van Girard toepas op hedendaagse geweld, gee die Nuwe Testament ’n stem aan die slagoffer. Die verhaal word vertel vanuit die perspektief van die slagoffer.

Hierdie boodskap kan met groot vrug deur die pastor gebruik word by getraumatiseerde adolessente wat 'n sondebok soek vir die onreg wat hulle aangedoen is (vergelyk in hierdie verband Hoofstuk 7 wat dit in detail bespreek).

In hierdie hoofstuk het ek die twee kern-konsepte uit Girard se teorie bespreek naamlik nabootsende geweld en die sondebok-meganisme. Ek het bevind dat dit bruikbaar is vir hierdie studie oor trauma omdat geweld in baie soorte akute trauma 'n groot rol speel en ook omdat daar na 'n traumatiese ervaring dikwels na 'n sondebok gesoek word. Deur die sondebok-teorie van Girard op die soteriologie van Jesus toe te pas en op sy vergifnis te fokus, kan die getraumatiseerde (gekruisigde) Jesus adolessente se rolmodel (mimesis) word, eerder as dat hulle soek na identiteit by hulle eie portuurgroep. Dit word dieper in Hoofstuk 9 onder herstrukturering bespreek.

# Hoofstuk 8
# Die reis na heling – ’n narratiewe pastorale model

## 8.1. Inleiding

In Hoofstuk 4 het ek bekende pastorale teorieë kortliks verken ten einde ‘n breë oriëntering te verskaf ten opsigte van die benaderings wat die pastoraat tot hiertoe bedien het. Ek het vir hierdie studie die narratiewe metode gekies omdat dit oor die kapasiteit en dinamika beskik om die positiewe elemente van ander pastorale benaderings te gebruik ten einde pastoraat aan getraumatiseerdes te bevorder. Nog ’n rede waarom ek die narratiewe pastorale model gebruik, is omdat dit die potensiaal het om die Godsverhaal en die trauma-verhaal bymekaar uit te bring ten einde getraumatiseerde adolessente te begelei om heel mense te word. Een manier om antwoorde te vind op vrae wat na trauma ontstaan is deur verhale. Met behulp van die narratiewe metode kan die pastor saam met pastorante na antwoorde soek. In hierdie hoofstuk gaan ek die narratiewe metode in meer diepte as in Hoofstuk 4 bespreek.

Die eenvoudigste omskrywing van ’n verhaal is dat dit die vertelling van ’n opeenvolging van gebeurtenisse is – met ’n begin, ’n middel en ’n einde (Hinchman & Hinchman 1997:xv). Hierdie begin, middel en einde hou meestal verband met ’n gegewe situasie, ’n verandering van die situasie en ’n uiteinde wat die verandering sinvol maak. Die implikasie van so ’n omskrywing is dat daar geïmpliseer word dat iets *vertel* word en daar is gevolglik sprake van ’n kommunikasieproses (Gerkin 1997:186). Die omskrywing impliseer ook dat die opeenvolging van gebeurtenisse uiteindelik op so ’n manier aaneengeskakel word dat dit op iets uitloop. Gerkin (1997:187) praat in hierdie verband van ‘n “waardebelaaide eindpunt”. As die opeenvolging van gebeure nie uiteindelik op iets sinvols uitloop nie, is dit nie die moeite werd om alles te vertel nie.

Voordat die narratiewe as ’n postmoderne metodologie bespreek word, is dit ter wille van ’n holistiese beeld nodig om kortliks die oorsprong van die narratiewe te bespreek.

**8.2. Oorsprong van die narratiewe benadering**

Van die vroegste teoretiese werk oor die narratiewe is waarskynlik Aristoteles (384-322 vC) se invloedryke werk oor die poëtika (Aristoteles 1965). Sommige van die vroegste Christelike teologie is in die vorm van lewensverhale. Die vroeë Christene het begryp dat die verhale oor Jesus se lewe ten doel het om God se teenwoordigheid tussen hulle te verstaan (Graham, Walton & Ward 2005:49). Daar is gewonder of die verhale wat gelowiges oor hulle omstandighede vertel het, dieselfde krag het as die verhale van Jesus en die verhale wat oor Hom vertel is. Christene het deur die eeue baie kreatiwiteit aan die dag gelê deur die verhale waardeur hulle God se teenwoordigheid in hulle lewe verwoord het. Graham, Walton & Ward (2005:55) toon verskeie verhale aan om die teenwoordigheid van God in die lewe van mense te verwoord, soos byvoorbeeld die verhaal van Margery Kempe (1373-1438). Roger Sharrock (1976:71) toon aan dat daar in die laat 17$^{de}$ eeu byeenkomste gehou is waar gelowiges hulle verhale oor God se betrokkenheid in hulle lewens met mekaar gedeel het. Hierdeur is mense die geleentheid gebied om met ander oor God te praat.

Richard Niebuhr met sy 1941 artikel "The story of our lives" word as die vader van die narratiewe benadering beskou (Van Huyssteen 1997:181).

Voor die 1970's is die narratiewe dikwels as uitsluitlike studieveld van spesialiste in die letterkunde beskou. Sedert die 1970's het die narratiewe groeiende aandag geniet in 'n verskeidenheid van studieterreine. Die Amerikaanse filosoof, Stephen Crites se "The narrative quality of experience" is een van die eerste artikels binne die narratiewe benadering (Crites 1971:291-311). Hierdie artikel het 'n groot invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van die narratiewe. Crites (1971:291-311) argumenteer dat mense 'n geskiedenis het en " … that the formal quality of experience through time is inherently narrative" (Crites 1971:291). Dit beteken dat die mens die wêreld en sy belewenisse in die wêreld in 'n verhalende vorm weergee. Crites (1971:291-311) se artikel handel oor die vraag hoe die mens se identiteit gevorm word binne 'n spesifieke kulturele konteks. Volgens hom verskil gemeenskappe van mekaar en 'n

gemeenskap se identiteit word deur sy verhale gevorm. Verhale is die manier waarop mense gevorm word sowel as die manier waarop hulle hul wêreld vorm (Crites 1971:299). Hy beweeg weg van 'n moderne perspektief met die klem op rede en objektiewe waarneming na 'n postmoderne perspektief.

Teen die einde van die 1980's het die narratiewe reeds 'n opvallende posisie in die menswetenskappe begin inneem. In die geskiedenis is David Carr (1991, 1997) 'n narratiewe eksponent en in die opvoedkunde is dit weer Gardner (1991) wat bekend is vir sy werk oor die narratiewe. In die filosofie is veral Paul Ricoeur (1981, 1984, 1991, 1998) en Hans-Georg Gadamer (1960) eksponente van die narratiewe. Ricoeur, 'n Franse filosoof en godsdienstige denker, volg die hermeneuties-fenomenologiese tradisie waarin "verduidelik" en "verstaan" kernbegrippe is. Die hermeneuties-fenomenologiese tradisie ontwikkel uit die verklarende benadering wat die subjektiewe dimensie van die mens in konteks beklemtoon in reaksie op die objektiewe realiteit van die positivistiese benadering. Hierdie studie maak gebruik van sy werk omdat dit 'n geweldige invloed op talle navorsers uitoefen. Sy werke is ook waardevol omdat hy 'n verband tussen die metodologie van die teks-interpretasie en menslike dade vind deur die mens se dade te verstaan as verwant aan 'n teks. Die gesproke kommunikasie word in skrif weergegee. Soos 'n teks het 'n mens se dade 'n invloed op sy leser. Soos 'n teks op verskeie maniere in verskillende kontekste geïnterpreteer word, so ook 'n mens se dade. So word die teks geadresseer aan enigeen wat lees of kan interpreteer. Veral die werk van Gadamer (1989), *Truth and Method,* het die weg gebaan vir die veronderstelling dat daar nie binne die geesteswetenskappe sonder meer van 'n natuurwetenskaplike epistemologie uitgegaan kan word nie. Hy toon aan dat daar 'n afstand bestaan tussen die skrywer (getraumatiseerde adolessent in hierdie werk) en die leser (pastor). Die pastor moet bewus wees van hierdie afstand met betrekking tot die teks (getraumatiseerde adolessente en hul omgewing). Die narratiewe wending het ook die terrein van die sielkunde betree. Sedert die tagtigerjare was daar 'n duidelike toename in die werk van sielkundiges wat hulself wend tot narratiewe soos byvoorbeeld Freedman & Combs (1996), Hayden White (1987, 1999),

Kennith Gerger (1999) en Hermans (1999, 2001) en Jerome Bruner (2003). Bruner het bydraes op die gebied van die sielkunde en die letterkunde gelewer. Op teologiese gebied is die narratiewe geïnspireer deur ‘n groep teoloë by die Yale Divinity University. Baie van hulle was teologies beïnvloed deur Karl Barth en Thomas Aquinas en op filosofiese gebied deur Ludwig Wittgenstein en Alasdair MacIntyre. Op teologiese gebied is George Lindbeck (1984, 2002), Stanley Hauerwas (1974, 1980) en Hans Frei (1993) bekend vir die benadering van die Yale teologie wat bou op Ricoeur se filosofie.

David Tracy (1975), verteenwoordig die Chicago skool wat ook op Ricoeur se filosofie bou. Tracy is bekend daarvoor dat hy metodologies die ideologiese en psigologiese verdraaiings in die opinies en bydraes van die persoon betrokke in die hermeneutiese gesprek naspoor. Hierdie verdraaiings moet ontbloot word. Dit is nodig dat die pastor suspisieus moet wees wanneer hy of sy na getraumatiseerde adolessente se verhale luister, asook wanneer hy of sy na sy of haar eie verhaal luister. Die effek van die belangstelling in die narratiewe oor die grense van verskillende vakgebiede heen, was dat die dissiplinêre en metodologiese beperkings wat binne onderskeie dissiplines geld, al meer geïgnoreer is. Die fokus op die narratiewe het sodoende ‘n kruis-dissiplinêre benadering tot gevolg gehad. In die werk van Ricoeur en White het die narratiewe sentraal begin staan in die ondersoekmetodes binne die menswetenskappe.

Samelewings en individue gebruik verhale om sin te gee aan die wêreld om hulle (Graham, Walton & Ward 2005:50). Herbert Anderson (2001:32), ‘n praktiese teoloog van Chicago, beklemtoon die pastorale belang van mense wat hulle verhale vertel. Volgens hom behoort geestelike en menslike verhale in pastorale sorg inmekaar geweef te wees.

In hierdie paragraaf het ons die oorsprong van die narratiewe van nader bekyk. Vervolgens gaan ons die narratiewe as ‘n postmoderne navorsingsmetodologie ondersoek.

## 8.3. Die narratiewe as ’n postmoderne navorsingsmetodologie

Sedert die sestigerjare het daar ’n algemene misnoeë met moderne teorieë en tradisionele metodologie (by name kwantitatiewe navorsing geskoei op ’n empiriese, positivistiese uitgangspunt) ontstaan. Dit is as onvoldoende beskou om mense en hulle belewenisse van die wêreld te ondersoek (Hinchman & Hinchman 1997:xiv). Omdat die narratiewe paradigma wegbeweeg van die modernistiese wyse van navorsing word dit as metode van navorsing in hierdie studie gebruik. Aangesien die postmodernisme reeds uitgewys is as filosofiese onderbou van die narratiewe benadering en dit in Hoofstuk 1 krities geëvalueer is, word dit nie weer hier bespreek nie.

Hoewel ek narratief werk, is ek nie van mening dat die narratiewe benadering die absolute en finale antwoord vir wetenskapsbeoefening is nie. Ek beskou die narratiewe benadering as bruikbaar en nuttig wanneer daar pastoraat aan getraumatiseerdes gebied word. Dit is egter nie die enigste werkwyse om met getraumatiseerde adolessente om te gaan nie.

## 8.4. Meesterverhale

‘n Hoofstuk oor die narratiewe sou onvolledig wees sonder ‘n kort bespreking oor taal. Aangesien dekonstruksie reeds in Hoofstuk 1 bespreek is, word hier net enkele opmerkings neergepen om ons in te lei in die bespreking oor die meesterverhale. Die strukturaliste soos byvoorbeeld Saussure (1857 – 1913) betwyfel die vermoë van taal om betekenis te openbaar. Hulle toon aan dat een teken ’n ander teken voorveronderstel en dat een teken eindeloos van ’n ander verskil. Die resultaat is derhalwe die uitstel van betekenis. Derrida (sien Hoofstuk 1) ontwikkel sy denke uit die strukturalisme en kritiseer die idee dat taal gegrondves is in ’n kenbare realiteit. Sy dekonstruksie denke moedig kritiek en skeptisisme aan, veral teenoor die totaliserende denksisteem.

### 8.4.1. Moderne denke oor meesterverhale

Die Britse teoloog en letterkundige Gerard Louglin wat geassosieer word met die radikale ortodokse skool, is in sy bekende werk oor die narratiewe, *Telling God's*

*story: Bible, church and narrative theology* (1996) van mening dat daar ook verhale in die moderne tyd was: hy verwys na meesterverhale met ’n wetenskaplike nougesetheid (Loughlin 1996:8). ’n Meesterverhaal is ’n verhaal wat alles verduidelik en nie net vir mense vertel hoe dinge tans is nie, maar hoe die dinge was en hoe dit sal wees en wat die mens se plek daarin is. Sulke meesterverhale vertel aan mense wie hulle is (Loughlin 1996:8). Die wêreld is gedomineer deur meesterverhale (veral ekonomiese en politieke verhale wat voorgeskryf het wat belangrik en wat werklik is). Tipiese moderne meesternarratiewe is Marxisme, Darwinisme en Freudianisme. Wanneer meesterverhale volgens hulle eie erkenning polities is, is hulle ideologies, en vertel hulle aan mense dat die samelewing beter sal wees in die konteks van hulle verhaal (Louglin 1996:8). Sulke verhale is volgens die ontwerpers van die verhale (byvoorbeeld Karl Marx of Sigmund Freud) altyd waar omdat dit die wêreld by hulle verhaal laat inpas. Vir Loughlin (1996:8) lyk dit of die meeste mense in so ’n verhaal wíl wees. Hy stel dit as volg: “We want to be mastered or written into a narrative that is larger, longer, and stronger than our own. This is because stories are secure places. We know how they begin and how they end. ‘... once upon a time... happily ever after ... “ (Loughlin 1996:8).

### 8.4.2. Postmoderne denke oor meesterverhale

Jean-François Lyotard (1924 - 1998), ‘n Franse post-strukturalistiese filosoof wat bekend is vir sy invloedryke werke oor die postmoderne, soos onder andere die werk *The postmodern condition: A report on knowledge* (1984), is van mening dat die moderne wêreld begin het om die ou meesterverhale op ’n nuwe manier te vertel (Lyotard 1984:214). Hierdie verhale het nie meer oor God gehandel nie, maar oor die geskiedenis, evolusie, die psige, oor sterre en wetenskaplike vooruitgang, oor genetiese manipulasie en meester-rasse. Die meesterverhale van die moderne tyd het mettertyd krake begin toon en sodoende mense se vertroue verloor. Dit het só ongeloofwaardig geword dat dit vir Lyotard (1984:216) lyk of daar geen meesterverhaal oor is nie. Mense wil verhale hoor en omdat daar nie meer ’n meesterverhaal is nie, moet hulle volgens Lyotard

(1984:216) hulle eie individuele verhale skep. Loughlin wat in sy werke heelwat na Lyotard verwys, som dit so op: "We have to be our own story-tellers, our own little masters" (Loughlin 1996:9).

In die postmoderne wêreld vertel mense hulle eie verhale. "We are our own little storytellers, living among the ruins of our former grand narratives. We tell stories purely for pleasure. Today we tell one story and tomorrow we will tell another. Stories are fashionable; we change them with the seasons, as we change our clothes" (Loughlin 1996:9).

In die postmoderne denke is daar 'n duidelike verskil tussen die nihilistiese– en postmoderne teologie. Louglin (1996:17) som dit op deur aan te dui dat die verskil in hulle stories die verskil tussen niks en alles is.

Mark Taylor, een van Amerika se bekende filosowe en Don Cupitt, 'n wetenskaplike en teoloog by die Cambridge University, is albei sterk beïnvloed deur die filosofieë van taal soos strukturalisme, post-strukturalisme en dekonstruksionisme en ook deur die mense wat hierdie filosofieë ontwikkel het soos Derrida (1976, 1989), Nietzsche (1968) en Kierkegaard (1813-1855). Vir die nihilistiese postmoderne teologie is God nie buite die taal nie, want taal het volgens hulle nie 'n buitekant nie (Derrida 1976:157). God is in 'n taal. God is taal. Derrida (1976:158) meen dat daar niks buite die teks is nie. Mense se kennis kom net deur taal. Die nihilistiese postmoderne denke glo dat daar nie 'n Christelike storie is nie. Cupitt (1991:80) stel dit so: "The world remains fictional as it must ... Outside our stories there is still nothing but formlessness." Dit is vir hulle die meesternarratief of metanarratief: dat daar niks is nie. Vir die postmoderne nihilistiese denke is daar geen metanarratief van enige aard nie. Al wat daar is volgens hulle is 'n versameling van plaaslike narratiewe en dit is narratiewe wat beperk is tot spesifieke individue (Lyotard 1986:xxiv). Lyotard (1986:xxiv) skryf: "I define postmodern as incredulity towards meta narratives". Volgens Bridger & Atkinson (1988:280) is daar 'n belangrike motivering vir sy reaksie en hulle is van mening dat postmoderne denkers weier om metanarratiewe te aanvaar omdat dit 'n historiese reaksie is teenoor die vernietigende effek van die laaste ongeveer honderd jaar. Hulle is ontnugter

deur die beweerde triomf van die wetenskap met sy beloftes en leuens. Die nihilistiese postmoderne teoloë veronderstel dat ’n ware verhaal een is wat gemeet word aan die realiteit (vgl Taylor 1980:54; Cupitt 1994:119). Maar as die realiteit nie geken kan word nie omdat al wat die mens ken een of ander soort verhaal is, kan verhale nooit gemeet word aan realiteit nie, maar slegs gemeet word aan mekaar.

Die ortodokse postmoderne teologie is van mening dat taal die mens juis bewus maak van die bestaan van dinge buite die taal (Louglin 1996:22). Alhoewel woorde gebruik word om oor dinge te praat, kan ‘n mens dit gebruik om oor ander dinge as woorde te praat. Volgens hulle mag ‘n mens nie voorgee dat dit maklik is om oor God te praat nie, maar dat nie onmoontlik is nie. God is ’n mensgemaakte karakter in die Bybelse verhaal, maar dit beteken nie dat God ’n menslike Wese is nie (Louglin 1996:22).

Die ortodokse postmoderne teoloë, waaronder Louglin (1996:20) is van mening dat die wetenskaplike teorieë ook nie so seer gemeet word teen die realiteit nie, maar wel teen die eksperimentele data. Wetenskap word teen teorie gemeet en daarom word verhale teen ander verhale gemeet. Die Christelike waarheid het nog nooit ten doel gehad om verhale teen die realiteit te meet nie, maar om verhale teen die waarheid, Jesus Christus, te meet. Vir die Christelike kerk het die lewensverhaal van Jesus Christus nog altyd eerste gekom en alle ander dinge is daarteen gemeet. Hierdie lewensverhaal is die waarheid vir die Christendom. Die waarheid is nie versin nie, want die verhaal is aan die mens gegee. Dit is die kerk se verhaal. Daar word gesê dat die ortodokse postmoderne narratiewe teologie gewelddadig is omdat hulle dink dat die Christelike verhaal ’n meesterverhaal is wat alle ander verhale se plek wil bepaal. Volgens hulle is dit geweld om die laaste woord te hê. Dit moet egter volgens Loughlin (1996:22) in gedagte gehou word dat die Christelike verhaal altyd voorlopig is omdat dit nog nie geëindig het nie. Dit word vertel in die hoop dat die Een van wie daar gepraat word, sal terugkom om die laaste sê te sê. Die laaste woord is tot op hede nog nie gespreek nie (Louglin 1996:23). Frei (1993:88) redeneer dat die Christelike verhaal eerste kom. Dit is die storie

waaraan ander stories hulle meet. Wanneer Müller (1996:45) sê dat pastorale interaksie die doel het om mense te help "om tot verhaal te kom" het hy 'n groter, wyer, allesomvattende verhaal in gedagte (Müller 1996:86). Hy verwys na hierdie groter verhaal as 'n metaverhaal, 'n "grand narrative" (vgl Middleton & Walsch 1993:39).

Hierdie studie ondersteun die ortodokse postmoderne teologie en gaan daarom van die standpunt uit dat daar wel 'n metanarratief is waarvan die Christus-verhaal deel vorm. Johannes 14:6 gee Christus se eie woorde weer naamlik dat Hy die waarheid is. Hy maak nie aanspraak op die feit dat Hy die waarheid vertel nie. Hy ís die waarheid. Sonder so 'n metaverhaal kan 'n mens se eie verhaal nooit sin maak nie. Müller (1996:86) toon aan dat dit dan "... 'n fladderende storietjie is wat nêrens verbind is nie."

In hierdie paragraaf het ons metaverhale bespreek en gesien dat sonder 'n metaverhaal hoop nie moontlik is nie. Müller (1996:87) beklemtoon dat die meesterverhaal nie gesien moet word as 'n verhaal naas die mens se eie verhaal nie. Hierdie meesterverhaal is die verhaal van God se liefde. Vervolgens is dit nodig om na die doel van die narratiewe te kyk ten einde vas te stel of mens sin uit trauma kan maak. Om betekenis na trauma te vind word in paragraaf 9 in diepte bespreek.

## 8.5. Die doel van die narratief

Trauma bring vrae oor die sin en die doel van die gebeure na vore. Trauma, soos ander lewenservarings, nooi mense uit om daaroor te dink. In die vroeëre tye het individue antwoorde by die plaaslike gemeenskap en by die godsdienstige tradisie gekry op die vrae wat deur die trauma na vore gekom het (Graham, Walton & Ward 2005:36). Vandag is die situasie anders. Die uitdaging in die globaliserende wêreld eis dat die trauma krities oordink word en dat eie antwoorde gevind word. Een manier om antwoorde te vind op vrae wat na trauma ontstaan, is deur verhale. Getraumatiseerde mense vertel hulle verhale en so word hulle gedwing om oor die traumatiese gebeure te praat en dit te interpreteer. Dis 'n manier hoe hulle weer die trauma kan herbeleef en weer

die emosies wat met die trauma geassosieer is, kan voel (Graham, Walton & Ward 2005:37).

Regina Coll (1992:91), bekend vir haar feministiese werke, verstaan onder verhale van getraumatiseerdes die volgende:

> It is the search for meaning, when done in die light of faith … theological reflection occurs when the events of life are examined through the eyes of faith, in order to integrate experience and faith. This making sense of experience looks for God's presence and seeks to honor the insights gained from life.

Sy dui aan dat getraumatiseerde mense deur verhale hulle geloof her-interpreteer. Die doel van verhale is volgens haar "... faith seeking understanding" en "... not to defend God in the face of overwhelming evil and suffering but to come to grips with demanding questions as honesty as we can" (Coll 1992:95). Volgens haar is die narratiewe 'n manier om sin van die lewe te maak vanuit die geloofsperspektief. Dit is 'n soeke na betekenis, in die lig van geloof sodat 'n mens kan agterkom wat agter die gebeure in die lewe sit. Sy is van mening dat: "Theological reflection occurs when the events of life are examined through the eyes of faith, in order to integrate experience and faith. This making sense of experience looks for God's presence and seeks to honor the insights gained from life" (Coll 1992:91).

Charles Gerkin (1984, 1991, 1997), die Protestantse liberale pastorale teoloog is in sy denke sterk beïnvloed deur Anton Boisen, die pionier-stigter van die kliniese pastorale opvoedings-beweging. Gerkin noem sy eie benadering 'n narratiewe hermeneutiese perspektief. Hierdie studie vind sy werke bruikbaar omdat hy sensitief is vir beide die individuele en die gemeenskapsdimensies. Hy neem die individu, gemeenskap en kulturele konteks in ag en vir 'n studie wat uit die postmoderne invalshoek geskryf word, is dit waardevol. Die doel van die narratiewe proses is die transformasie van die mense se verhale (Gerkin 1984:54). In hierdie verband lê Julian Müller (1996:54-56), wat in sy werke baie na Gerkin verwys, klem op die "herstel van heelheid in die pastoraat". Sin word

gevind wanneer kleiner verhale 'n heel verhaal word. Volgens Müller (1996:101-102) is die grond van sy narratiewe model te vind in die oortuiging dat die menslike verhaal sin maak as dit deel is van iets groters, van 'n eenheidsverhaal:

> Verandering vind plaas deur die twee stories wat nie wil saamvloei nie, weer en weer te herstruktureer (oorvertel en herinterpreteer) totdat dit in een storie ontwikkel ... Aan die hand van die elemente van 'n verhaal word 'n persoon of 'n gesin tot die vertel van die volle verhaal gelei ... Daarom word mense gelei om hulle verhale op so 'n wyse te vertel en te hervertel dat daar uiteindelik herinterpretasie en rekonstruksie plaasvind.
>
> (Müller 1996:102, 104)

In hierdie verband bevind Graham, Walton & Ward (2005:33) dat daar getraumatiseerdes is wat nie gemaklik is om hulle verhale te vertel nie. Sommiges het deur die trauma hulle identiteit verloor en het nie meer die nodige kreatiewe krag om 'n verhaal te vertel nie. Ander sal nie verligting en troos daarin vind om hulle verhale te vertel nie, aangesien hulle nie meer energie oor het om dit te vertel nie. Dit geld egter meer in die geval van kroniese trauma as akute trauma (Graham, Walton & Ward 2005:33). Dit mag 'n tydelike krisis of 'n langdurige probleem wees. Dit is dus nie noodwendig bevrydend om chaotiese simptome van trauma in ‘n samehangende verhaal te verenig nie. Meichenbaum & Fritzpatrick (1993:80) het getraumatiseerdes se verhale met mekaar vergelyk. Hulle het mense wat 'n trauma ervaar het, maar ten spyte van die trauma nog goed in hulle werk en omstandighede gefunksioneer het, vergelyk met getraumatiseerde mense wat post-traumatiese stressimptome ontwikkel het en sodoende nie meer goed kon funksioneer nie. Hulle bevind dat diegene wat geneig was om post-traumatiese stres te ontwikkel, nie hulle trauma in hulle verhale geïntegreer het nie. Dit dui aan hoe belangrik dit is vir getraumatiseerde mense om hulle verhale te vertel en die trauma in die verhale te integreer. Ook Antze & Lambeck (1996:3) is van mening dat die vertel van ‘n mens se verhaal

nie outomaties genesing moontlik maak nie: " ... there is nothing liberating in narrative per se. Merely to transfer a story from embodied symptoms into words is not necessarily to exorcize it" (Antze & Lambeck 1996:5).

Hierdie studie handel spesifiek oor akute trauma en daarom word die metode van die narratiewe gekies. Die studie veronderstel nie dat die vertel van verhale (waar trauma in die verhaal geïnkorporeer is) altyd genesing en verligting bring nie. Soms kan trauma nie maklik in 'n verhalende vorm aangebied word nie. Dit neem dikwels tyd en elke nuwe onthou-blokkie word tydsaam in die verhaal ingebou.

Uit die voorafgaande kan 'n mens aflei dat die doelwit van die narratiewe metode nie die verskaffing van realistiese objektiewe eksterne feite is nie, maar wel die mededeling van ervarings en 'n oproep tot die aanhoorder om te deel in die ervarings van wat vertel word. Die funksie van die narratief is nie beskrywend van aard nie, maar 'n oproep tot 'n respons by die hoorders. Die oogmerk is die versmelting van die trauma-verhaal met die fundamentele narratief (die verhaal van Jesus Christus). Vervolgens gaan ek die rol wat die Bybel in die narratiewe benadering inneem, bespreek. Veral gaan ek die plek van die Bybel in hierdie studie bespreek.

### 8.6. Die plek van die Bybel

Die Ou Testament bevat 'n ryke verskeidenheid verhale oor die volk van Israel. Die kernboodskap van die Bybel is die verlossingsverhaal van God. Hierdie verhaal kan beskryf word as die Verhaal van alle verhale. Geen mensgemaakte of geskrewe verhaal kan ooit so ryk wees aan beskrywings, karaktersketse en waarhede nie (McWilliams 2000:2-5). Vervolgens bespreek ek die belang wat hierdie studie aan die verhaal van Christus toedig. 'n Mens moet die Bybel ken sodat 'n mens in staat sal wees om dit te kan interpreteer ten einde die trauma te kan interpreteer. Lindbeck (1984:34) wat ook soos Frei 'n navolger van Barth is, is van mening dat om 'n Christen te word, die mens die verhaal van Israel en Jesus só goed moet ken dat hy of sy homself of haarself en die wêreld daardeur kan interpreteer. Wanneer 'n mens die trauma-verhaal in die Godsverhaal inweef

kan ’n mens sin en betekenis uit die traumatiese gebeure vind. Hauerwas (1990:145) kom tot die konklusie dat getraumatiseerdes hulle trauma kan verstaan wanneer hulle God se lewende teenwoordigheid in ‘n ‘mutual story’ beleef (Hauerwas 1990:145).

### 8.6.1. Geloofsgemeenskappe leef die Bybel se verhaal

Karl Barth (1928, 1956) se werke het die hedendaagse narratiewe teoloë soos Frei (1993), Lindbeck (1984, 2002) en Hauerwas (1990, 2001) geïnspireer. Barth (1956:37-50) was teleurgestel in die ondersteuning wat die liberale teologie aan die Duitse oorlogsdoelwitte gegee het. Hy het geglo dat hulle mislei is deur ’n teologie en daarom nie probeer het om die ramp van die Eerste Wêreldoorlog te voorkom nie. Hy meen dat Jesus die sleutel is om die Bybel en die mens se geskiedenis te interpreteer (Barth 1956:65). Barth beskou die verhaal van Jesus as ’n betroubare verhaal waarin die waarheid van die mens se geskiedenis sigbaar gemaak word (Barth 1928:17). Die Christelike geloof is gebaseer op God se verhaal, wat deur die lewe en dood van Jesus Christus vertel word. Dit nooi Christene uit om deur hulle lewe Jesus se verhaal te vertel. Die verhaal word dan ook in die geloofsgemeenskappe vertel. Die trefkrag van hierdie metode van teologiese refleksie is veral sigbaar in die konteks waar Christene die behoefte het om hulle eiesoortigheid te bevestig in ‘n bedreigende en uitdagende omgewing. Dwarsdeur die eeue het Christene nie net alleen die verhaal van Jesus vertel nie, maar probeer om hulle lewens volgens hierdie verhaal te vorm.

Hauerwas (2001:372) is van mening dat die verhaal van God geleef moet word sodat die koninkryk van God sigbaar kan word:

> The church is not the kingdom but the foretaste of that kingdom. In the church the narrative of God is lived in a way that makes the kingdom visible. The church must be the clear manifestation of a people who have learned to be at peace with themselves, one another, the stranger and of course, most of all, God. There can be no sanctification of individuals without a sanctified people …

Hauerwas se verstaan van die kerk is dat die kerk as ’n gemeente gevorm word deur ’n verhalende tradisie wat ’n eiesoortige karakter verleen aan die wat leef volgens sy verhaal (byvoorbeeld leef as nie-gewelddadig, as gasvry).

Frei (1993:65) wat geïnspireer is deur Barth se siening, het geargumenteer dat die sleutel om die Christelike leerstellinge te verstaan die verhale van Jesus is. Jesus is die sleutel om die Bybel te verstaan en ook om die kerk te vernuwe. Die Bybel is nie ’n gefragmenteerde geskiedkundige teks nie, maar ‘n “realistiese” verhaal. Hy meen dat sonder ’n spesifieke verhaal wat vir Christene ’n kenmerkende identiteit gee, sal Christene hulle spesiale rol en missie verloor (Frei 1993:66). Vir Frei (1993:67) word die identiteit van Christus die beste gekommunikeer deur die lydings- en opstandingsverhaal en die res van die Bybel moet vanuit daardie perspektief gelees word. Die outoriteit van die Woord van God berus volgens hom in die vermoë wat die Woord het om oor die identiteit van Jesus te kommunikeer. Daarom moet pastoraat gesentreer word rondom die verhaal van Jesus (Frei 1993:70-80).

Die vroeë Christene moes hulle onderskeidende Christelike identiteit vestig in die kultuur van die Romeinse Ryk en daarom het hulle weekliks die liefdesmaal gevier. Hierdie liturgiese daad was gedra deur die krag van die verhaal waaruit nuwe vorme van aanbidding en opofferende dade voortgevloei het. Uit hierdie liturgiese daad ontwikkel die viering van Paasfees, die Heilige Week en Pinkster. So het Christene hulle lewenspatroon rondom die gewyde gebeure van die lewe van Jesus geskik (Graham, Walton & Ward 2005:40).

Loughlin (1996:223-224) meen dat gemeenskappe vergader om te luister na en herinner te word aan die lydings- en sterwensverhaal van Jesus. Hulle word verander in die liggaam van Christus en word dan vertellers van God se verhaal in die wêreld:

> The participants’ absorption into the story is made possible through their absorption of the story in and through its ritual enactment. They are not simply witnesses of the story, but characters within it. They do not simply recall the forgiveness of sins but also ask and receive

> forgiveness; they do not repeat the praise of others but give praise themselves; they do not merely remember the night on which Jesus was betrayed but mindful of their own daily betrayal gather with the apostles at the night's table themselves called by the one who called his disciples to eat with him. Above all they do not merely remember the giving of the bread and the passing of the cup. But receiving the bread and passing the cup themselves they too share in that night's food.
>
> (Loughlin 1996: 223-224)

Die sterk klem wat Loughlin op die Christelike gemeenskap as die liggaam van Christus plaas, gee aan die narratiewe teologie 'n dinamiese kwaliteit.

### 8.6.2. Voorkeur van die Christelike verhaal

Narratiewe teoloë soos Lindbeck (1984) en Milbank (1990) glo dat die Christelike verhaal oor Christus en sy kerk voorkeur geniet oor ander verhale. "It is a story to live by" (Lindbeck 1984:5). Eerder as om die Bybel in die wêreldse terme te verstaan, verstaan die Christen die wêreld in Bybelse terme. Die Christen neem die Bybelse verhale, veral die verhale van Christus as die fundamentele verhaal waardeur al die ander verhale verstaan word (Milbank 1990:9).

Hauerwas (1974, 1980, 1990) se veelvuldige werke handel onder andere oor verhale en trauma. Hy kom tot die konklusie dat getraumatiseerdes hulle trauma kan verstaan wanneer hulle God se lewende teenwoordigheid in 'n 'mutual story' beleef (Hauerwas 1991:145). So gesien, beteken dit dat 'n getraumatiseerde se pyn in God se ware verhaal ingeskryf is. Getraumatiseerde mense se

> … life becomes important as it is incorporated into the narrative of the community of faith and is thus inscribed into the life of God. There is nothing beyond what the radically inclusive narrative can bear – even

> the death of a child. I believe we share a common story which makes it possible for us to be with one another especially as we die.
>
> (Hauerwas 1990:148)

Die verhale wat Jesus vertel het, was dikwels skokkend en moeilik om te interpreteer. Hierdie verhale van Jesus is belangrik in die narratiewe pastoraat, maar dit bepaal nie die gelowige se eie verhaal nie. Dit is eerder so dat drade van hierdie verhaal geweef word in nuwe verhale wat oorspronklik en lewendig is (Graham, Walton & Ward 2005:46). God word deur hierdie ervaringsverhaal openbaar.

In narratiewe teologie word betekenis gevind wanneer menslike verhale geïnkorporeer word in God se groter verhaal (Graham, Walton & Ward 2000:5). Graham, Walton & Ward (2005:3) is daarvan oortuig dat om verhale van God en sy volk te vertel, belangrik is vir genesing na trauma. Getraumatiseerdes soek na verhale wat geloofsoorsprong het om hulle in hul lyding te begelei. Daar is egter verskillende maniere waarop verhale vertel word wat verlossend is vir mense.

Kennith Pohly, 'n sielkundige, teoloog en sosioloog (2001:154) spesialiseer in teologiese refleksie vanuit die perspektief van die narratiewe teologie. Vir hom is die narratiewe "a way of thinking about the God/human relationship so as to bring the narratives of human experience and the narratives of God's activity into dialogue with each other." Hierdie metode van teologiese refleksie verskaf die kreatiewe potensiaal vir mense om betekenisvolle verhale uit hulle omstandighede te skep.

### 8.7. Postmoderne narratiewe pastoraat

Binne die pastorale beraad het 'n narratiewe aanslag die effek dat storievertelling en die luister na stories 'n belangrike pastorale strategie word (Louw 1999:23). Hierdie verhale moet belig word in die lig van die Verhaal van die evangelie (Groome 1991:217). Daar moet 'n samesmelting plaasvind tussen die

Godsverhaal en die mensverhaal. Crites (1971:21) argumenteer dat ‘n mens se lewe betekenis vind in die interaksie tussen die alledaagse verhaal van ‘n mens se lewe, die klein verhale wat uitdrukking gee aan mense se persoonlike ervaring en die gewyde verhale van die kultuur, dit wil sê die groot verhale wat mense deel. Alleen maar die Groot Verhaal kan betekenis gee aan die menslike verhaal. Anderson & Foley (1998:147) waarsku dat die pastor wel dikwels vir getraumatiseerdes hulle verhaal laat vertel sodat genesing kan plaasvind, maar dat die pastor egter in gebreke bly om in daardie verhaal die glorie van God te bevestig. “We acknowledge that enabling people who have experienced trauma to tell their story. The challenge for the pastoral minister however is to shape the stories so that it is not only healthy at the level of the human story but also rebounds to health and vitality of the divine story” (Anderson & Foley 1998:147). Anderson & Foley (1998:140) is oortuig dat wanneer ‘n mens ‘n verbinding tussen die traumaslagoffer se verhaal en God se verhaal maak, die getraumatiseerde persoonlik groei en ’n gevoel van bevryding ervaar. Dit is egter nie ’n maklike taak nie. Graham, Walton & Ward (2005:70) is van mening dat dit heelwat kreatiwiteit en insig by die pastor verg om hierdie menslike verhaal by die gewyde verhaal in te skakel.

Uit die voorafgaande besef ‘n mens dat om deur God se verhaal na die mens se verhaal te luister, sal voorkom dat die mens se verhaal bloot ’n fenomenologiese karakter dra. Ook besef ‘n mens dat die ou verhaal postmodern is omdat dit ’n verhaal oor die toekoms is wat ná die huidige kom. Die postmoderne werke word volgens Lyotard (1984:24) nie deur die verlede beheer nie en kan nie beoordeel word deur die huidige reëls nie omdat dit die verlede se reëls bevraagteken. Die werk is ’n gebeure wat voor sy tyd is. Dit is waar van God se werk, wat nie deur die verlede beheer word nie, maar voor sy tyd is: postmodern (Louglin 1996:27). Vervolgens bespreek ek die drie verhale in die narratiewe teologie ten einde plek te vind vir die pastorant se trauma-verhaal.

**8.8. Drie verhale in die narratiewe teologie**

Die Bybel vertel die verhaal van God en van sy volk. In die Bybel hervertel of herskryf die verhaal van Jesus van Nasaret die verhaal van Israel. Deur die hervertelling is dit ’n nuwe verhaal, ’n tweede verhaal, ’n verhaal wat die eerste een verander en anders as die eerste een is. En hierdie veranderde verhaal is ook waar wanneer die verhaal van Jesus hervertel word deur diegene wat ná Hom kom (Louglin 1996:191). Verhale word vertel, en vertel is altyd hervertel en hervertel verander die verhaal. Christus se hervertel van die Wette en die Profete stuur die verhaal in ’n nuwe rigting en gee dit ’n nuwe onvoorsiene betekenis (Loughlin 1996:191).

Die verhaal van die kerk is die derde verhaal en dit het so pas begin. Al word die verhaal van die kerk vertel in boeke en in die geskiedenis of in oordenkinge kan dit nie vertel word soos dit is nie. Die rede hiervoor is dat die verhaal van die kerk, wat die hervertel van Christus se verhaal is, weer die begin van ander verhale wil wees (Loughlin 1996:191). ‘n Mens kry tans drie verhale waar die tweede enersyds die eerste een hervertel en andersyds ook die derde vooruit vertel. Die eerste verhaal vertel die tweede vooruit en die derde verhaal hervertel die ander twee. Die derde verhaal vertel nie net die ander twee nie – dit maak hulle vertel moontlik. As dit nie vertel word nie, sou die ander verhale ook nie vertel kon word nie. Al drie verhale is inmekaargeweef. Dit is so omdat dit die verhale van ’n geloofsgemeenskap is wat lees, vertel en optree. Die kerk is die gemeenskap wat Christus se verhaal vertel deur self die voortsetting van die verhaal van Christus te wees. Dit is onmoontlik om aan die gemeenskap te dink sonder die verhaal. So is dit ook nie moontlik om aan een verhaal sonder die ander een te dink nie. Die verhaal van getraumatiseerdes word so deel van die derde verhaal omdat die derde verhaal nog nie geëindig het nie. Frei (1993:43) stel dit so: “The stories of all is included in the story of Christ, so that the end of his story is the end of all stories. The story of Christ continues in the story of the Church because the Church is precisely constituted as the continuation of Christ’s story*.”* Die verhaal kan nie vertel word sonder dat dit in die eerste en/of tweede verhaal ingeweef word nie. Hierdie ingeweefdheid in

mekaar is ‘n sterk eienskap van die verhaal. So gesien is die verhaal van Jesus ook die verhale van sy getrouste volgelinge. Daarby is elkeen van hulle verhale ook ingeweef in die verhale van die mense met wie hulle te doen gehad het. Die verhaal van Jesus is daarom ingeweef in baie ander verhale, almal in mekaar verweef sodat dit een verhaal maak: die verhaal van die mensdom.

**8.9. Sin in vertelling**

Onder die paragraaf oor die doel van die narratiewe het ons inleidende aanmerkings oor sin en betekenis na trauma gemaak. Vervolgens gaan ons dit in meer diepte bespreek. Mense word gebore met die vermoë en begeerte om verhale te vertel en om na verhale te luister (Webb-Mitchell 1995:219). “Narrative is crucial in understanding human life for all that we are, and all that we do, and all that we think en feel is based upon stories, both our personal stories and the stories of our significant community” (Webb-Mitchell 1995:215). Mense is storievertellers. Hulle wil sin maak van hulle wêreld en probeer om deur die verhale sin te maak van hulle wêreld en van hulle plek in die wêreld. Daarom konstrueer hulle verhale wat beskrywings van gebeure is en wat hulle en ander mense se reaksies op daardie gebeure bevat.

’n Persoonlike narratiewe identiteit ontwikkel reeds sedert ’n mens se eerste lewensdag deur middel van interpretasies. ’n Huilende baba interpreteer sy ouers se sorg as vertroue en ’n onversorgde baba interpreteer dit byvoorbeeld as wantroue (Ganzevoort 2000:282). Hierdie voorbeeld illustreer dat die vorming van ’n persoonlike narratiewe identiteit sedert geboorte onlosmaaklik deel vorm van ’n mens se lewe (Ganzevoort 2000:282). Stroup (1981:101) erken dat die benaming *identiteit* verskillende betekenisse het. Dit kan verwys na algemene ooreenkomste of *identiteit* kan verwys na die samehang van die persoon oor die verloop van tyd. Stroup (1981:101) gebruik die volgende voorbeeld: “John is nie nou anders as wat hy twintig jaar gelede was nie.” *Identiteit* kan ook gebruik word om ’n kwaliteit van ’n persoon te beskryf. In hierdie verband verwys persoonlike identiteit na die soort persoon wat iemand geword het of besig is om

te word. Stroup (1981:102) gebruik die volgende voorbeeld: "Fred leef in konstante vrees vir sy pa".

Crites (1971:112) meen dat die mens se lewe betekenis vind in die interaksie tussen die alledaagse verhale oor die lewe, die klein stories wat uitdrukking gee aan die mens se persoonlike ervaring en die gewyde verhale van die mens se kultuur: dit is die groot verhale wat mense deel. Capps (1980:101) is van mening dat narratiewe teologie ten doel het om persoonlike betekenis in verhale te vind en so insig te kry. Betekenis word gegenereer in die interaksie tussen die verhale van die mens se eie lewe en die geestelike verhale van die kultuur waarby hy of sy inskakel. Gerkin (1984:79) laat die woorde van Anton Boisen dat die mens 'n 'living human document' is, weer herlewe.

"'n Storie is .... 'n beskrywing en verklaring waarom dinge is soos dit is. Daarom is dit ook heeltemal moontlik dat jy God kan raakloop in die proses van die vertel van jou storie" (Müller 1996:21).

In trauma gaan dit ten diepste oor die soeke na sin. Daar moet sekerlik gevra word na wat met sin bedoel word. Müller (1996:27) beskryf dat sin gaan oor die "samehang wat aan die geheel van ons bestaan 'n ervaring van betekenis gee. Sin is daarom toekomsbepalend. Dit kan nie sinvol nagejaag word sonder 'n duidelike beeld van 'n toekomsstorie nie". Laasgenoemde aanhaling word in Hoofstuk 7 in diepte bespreek.

Uit die voorafgaande besef 'n mens dat geduldige en sinvolle luister na mense se stories tot narratiewe sin en betekenis in die verwarde gebeure lei.

## 8.10. Die hermeneutiese dimensie in die narratiewe benadering

Vir Gerkin (1984:54) is die narratiewe praktiese teologie 'n voortgaande hermeneutiese proses binne die onmiddellike verhalende konteks van bediening. Die taak van die pastor is primêr hermeneuties. Dit beteken onder meer beteken dat die taal die medium is waardeur terapie plaasvind en dat die pastor 'n interpreterende rol speel. Dit is juis in die opsig dat narratief en metafoor 'n belangrike rol speel in die pastor se hermeneutiese taak. In die gebruik van die narratiewe terapie kies die pastorant om huidige stories wat problematies is, te

vervang met ’n storie wat hom toelaat om gelukkig te leef en te funksioneer. Die taak van die pastor is om die pastorant te help om ’n narratiewe tuiste vir hulle verhaal of belewenis te vind. So ’n benadering help *om te verstaan* dat die verhale van die pastor en die pastorant plaasvind binne die konteks van ’n groter verhaal.

Die berader interpreteer die verhale en die pastorant vertel sy lewensverhaal sover as wat hy dit kan onthou en deurdat hy dit doen organiseer hy versamelings van sy ervarings in ’n samehangende geheel. Ricoeur skryf so daaroor:

> But what is it to remember? It is not just to recall certain isolated events but to become capable of forming meaningful sequences and ordered connection. In short, it is to be able to constitute one’s own existence in the form of a story where a memory as such is only a fragment of the story. It is the narrative structure of such life stories that makes a case history.
>
> (Ricoeur 1984:44)

Soos die pastorant sy verhaal aan die berader vertel is die taak van die berader om interpreterende sleutels te voorsien wat die pastorant in staat sal stel om die betekenis van die verhaal te ontdek en daaroor na te dink en nuwe betekenis vir die toekoms te kry. So kan hy/sy vry word om sy/haar houding en gedrag te verander. Dit mag ’n pynvolle blootlegging van emosies behels wat vir lank begrawe was.

Om ‘n mens se lewensverhaal te ondersoek en te bekyk is ’n moeiliker proses as wat dit aanvanklik voorkom. Dunné (1970:92) glo dat die pastor in die lewe van die pastorant kan intree en sy of haar lewensverhaal kan verstaan. Net so kan ‘n mens in die lewensverhale van Paulus, Augustinus en Kierkegaard inkom en die verskillende vorme onderskei wat ’n Christelike lewe kan aanneem en sodoende tot ’n beter verstaan van mens self kom. ’n Mens kan dan “… discovers this shape of the life story in other ages, the story of deeds, and the

story of experience and coming back from this to his own time is how he discovers by contrast its current shape, the story of appropriation" (Dunné 1970:170).

Geheue is belangrik in die persoonlike identiteit omdat die identiteit van mense onlosmaaklik verbonde is aan die geskiedenis van die persoon. Persoonlike identiteit met sy afhanklikheid van geheue is 'n hermeneutiese konsep (Stroup 1981:103). Dit is 'n hermeneutiese konsep omdat dit primêr 'n oefening in interpretasie is. Deur die geheue kan 'n persoon sekere gebeure van sy of haar geskiedenis oproep en dit dan gebruik om die betekenis van die geheel te interpreteer. Die pastorante vertel hulle lewensverhaal. Daarvoor het hulle hul geheue nodig en in die vertelling interpreteer hulle dit om betekenis te vind. Stroup (1981:104) is van mening dat persoonlike identiteit altyd 'n patroon of vorm is wat die geheue uit die geskiedenis van die persoon herroep. Die geskiedenis van die persoon is die keuses wat hy of sy maak en die dinge wat met hom of haar gebeur. Wolfhart Pannenberg (1970:139) beskryf die geskiedenis as volg: "... a history which is entirely particular and unique …"

'n Mens se lewensverhaal of lewensgeskiedenis is nie eenvoudig die som van al die gebeurtenisse wat hy of sy ervaar het en al daardie oomblikke van geboorte tot die hede nie. Lewensgeskiedenis of lewensverhaal, soos persoonlike identiteit, is 'n verklarende konsep wat gebruik word om orde in 'n persoon se ongestruktureerde verlede te bring en wanneer dit gebeur, kry dit 'n spesifieke betekenis of waarde (Stroup 1981:106). Die rou materiaal waarvan persoonlike identiteit gekonstrueer word, word nooit ten volle verstaan nie. Die historiese getrouheid van persoonlike identiteit beteken dat die mens in die proses van wording is. Die proses is nooit voltooi nie omdat die toekoms 'n oop horison is waarna iemand se persoonlike geskiedenis beweeg. So lank as wat 'n persoon aanhou om nuwe ervarings te hê, is daardie persoon se identiteit in die proses om te word (Stroup 1981:110). In die verloop van 'n enkele lewe mag 'n persoon se identiteit verskeie veranderings ondergaan. Terwyl die persoonlike geskiedenis nie verander nie, kan die verlede onderdruk of vergeet word.

Om saam te vat kan ons sê dat geheue belangrik is hoewel dit net een moment in die komplekse daad van interpretasie is. Om te onthou wat gebeur het, is om deel te neem aan interpretasie of verklaring.

### 8.11. Die narratiewe pastor

Die verhale se interpretasie en herinterpretasie moet gefasiliteer word:

> To seek counseling sometimes means to seek an ally who will confirm one's own interpretation of experience as over and against another interpretation insisted upon by another person whose interpretations carry weight with the seeker. For these and other complex reasons the one seeking counseling comes asking for a fresh interpretation of what has been experienced as new "story for his of her life".
>
> (Gerkin 1984:26)

Capps (1980:100) meen dat pastors nie mediese dokters met medisyne of ander "quick fix" is om dinge beter te maak nie. Hulle is eerder "wounded healers", mense wat self pyn en lyding ervaar en oorleef het. Omdat hulle deur hulle aanvaarding van hulle eie aanvaarding 'n dieper waardering van die betekenis van hulle eie verhale het, is hulle in staat om ander mense te aanvaar en by die pyn te bly terwyl ander hulle verhale deel. "Being on a journey themselves counselors are equipped to walk alongside others for a while" (Capps 1980: 100).

Gerkin (1984:114) beskou die narratiewe pastor as interpreterende gids wat die mense in hul verhale begelei om self sin en identiteit te vind. Persone soek 'n pastor op omdat hulle 'n behoefte het aan iemand wat na hul verhale van nood sal luister (Gerkin 1984:26). 'n Pastor is 'n luisteraar na sodanige verhale. Maar nie net 'n luistenaar nie; hy kom ook na die gesprek met eie verhale, onder andere met 'n interpretasie van God se verhaal met mense (Gerkin 1984:27). In die pastorale proses word die onderskeie verhaalkomplekse op mekaar betrek met die oog op die vorming van 'n nuwe verhaal wat vir die pastorant voorkeur uitsigte bied (Gerkin 1984:26). Hierdie nuwe verhaal is nie afkomstig van een

van die gespreksgenote nie. Dit is ’n skepping van en dit resulteer uit die pastorale proses. Die nuwe verhaal word gekonstrueer deur die onderskeie gespreksgenote. Veltkamp (2002:119) stel dit goed wanneer hy skryf: “De pastor is er, die is beschikbaar in het luisteren naar het verhaal van de ander. De pastor is ook bereid om desgevraagd in dat verhaal te participeren als referent en representant van heel dat groter verband dat wij hier aanduiden als het Verhaal van God met de mensen.”

Die pastor is meer as ’n neutrale luisteraar na ander se verhale. Daar behoort by hom/haar ’n gewillligheid te wees om betrokke by die ander een se verhaal te word (Müller 1996:161). Dit vind plaas wanneer daar ’n doelbewuste en empatiese inbeweeg in die ander se kulturele sisteem plaasvind (Müller 1996:161).

Müller (1996:70) is van mening dat die narratiewe pastors drie belangrike hulpmiddels het waardeur hulle die verhale van mense ernstig kan opneem en waarmee daar saam met die pastorante op reis gegaan kan word. Die drie is responsief-aktief luister, ’n nie-wetende posisie-inname en gespreksvrae. In die narratiewe pastoraat gaan dit dus nie in die eerste plek oor sekere tegnieke nie, maar die klem val eerder op narratiewe betrokkenheid. Die bogenoemde drie hulpmiddels moet dus slegs as hulpmiddels beskou word wat die ontginning van verhale en die integrering daarvan in die proses van singewing vergemaklik.

In die postmoderne narratiewe terapie vertel die mens-in-nood sy verhaal implisiet volgens sy eie interpretatiewe waarde. Die pastorale situasie vorm in hierdie opsig ’n geslote ruimte tussen die pastor en die getraumatiseerde pastorant, omdat die oordragfunksie van taal verhef word tot die kriteria waarvolgens gehandel word. Die pastor fasiliteer slegs die mens-in-nood se vertellings. Die konstrukte waarmee gewerk word, is die persepies van die getraumatiseerdes. Daarom is interpretasie en refleksie metodes in hierdie benadering. Die basiese materiaal waarmee narratiewe benadering werk, is die persoon se keuses en hul invloed op verskeie situasies en verhoudings; innerlike en intersubjektiewe konflikte, begeertes en intensies met betrekking tot toekomstige gedrag en morele aangeleenthede (Louw 1999:165).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die waarde van 'n narratiewe aanpak in die pastoraat opgesluit lê in die sensitiwiteit van die pastor om na die mens en in hierdie studie, in besonder getraumatiseerde adolessente, se storie binne 'n reële en sosiale konteks te luister. Omdat stiltes en metafore 'n groot rol in die narratiewe pastoraat speel, bespreek ek dit net kortliks.

**8.12. Metafore en stiltes in die narratiewe**

Paul Ricoeur (1998:139) het baie navorsing oor metafore gedoen en kom tot die gevolgtrekking dat die metafoor belangrike implikasies vir teologiese denke het omdat dit Christene uitdaag om kreatief te dink oor die metafoor wat hulle gebruik om God te beskryf. Dit is nie soseer beskrywend as wat dit die manier is waarop Christene hulle geloof uitleef en vorm nie.

> It seems that our life, enveloped in one single glance, appears to use as the field of a constructive activity, deriving from the narrative intelligence through which we attempt to recover … the narrative identity which constitutes us. I emphasize the expression 'narrative identity' because that which we call subjectivity is neither an incoherent succession of occurrences nor an immutable substance incapable of becoming. It is exactly the kind of identity which the narrative composition alone, by means of its dynamism, can create.
>
> (Ricoeur in Valdes 1991:437)

In die narratiewe pastoraat word daar baie van metafore gebruik gemaak. Die pastor moet in die narratiewe pastoraat in besonder let op die rol en betekenis van die verhaal en die metafoor omdat "metaphor, and narratives are most important in their predicative function: to open up new possibilities of existence; to create new meaning; to reveal a surplus of meaning" (Streib 1991:117). Metafore in die lewensverhale van mense plaas die klem op 'n verskeidenheid van persoonlike ervarings. In 'n pastorale proses word die ervarings

geïnterpreteer. Die ervarings wat deur metafore uitgedruk word, word dan "identiteitsmetafore" genoem. Binne 'n bepaalde lewensverhaal is daar dus 'n aantal metafore wat gekoppel is aan unieke ervarings. Hierdie metafore gee uitdrukking aan ervarings waarvan die betekenis ontwykend van aard is en daarom dus net op metaforiese wyse uitgedruk kan word.

Walton (1999:338) meen dat mense wat intense trauma gehad het se geheue gelokaliseer is op die grens van hulle bewussyn, "to be worked around or told in fragments … There is no narrative of trauma, no memory – only speaking in signs (Walton 1999:339). Verhale kan nie altyd herstel wat verloor is in trauma nie. In sulke gevalle kan beelde, simbole en metafore die pyn van die trauma dra sonder om te probeer om die verskrikking van storievorm te begryp. Metafore harmonieer met 'n narratiewe navorsingsbenadering en dit is baie bruikbaar. "Metafore is draers van betekenis. Dit funksioneer om uitdrukking te gee aan menslike ervarings wat op geen ander manier uitgedruk kan word nie. Dit sê meer as wat letterlik gesê sou kon word" (Müller & Maritz 1998:70).

Elie Weisel (2000:35), 'n oorlewende van volksmassamoord, is van mening dat daar geleenthede is wanneer woorde misluk en verhale nie vertel kan word nie, maar dat getraumatiseerdes dan ook hulle pyn wil kommunikeer. Hy toon aan: "sometimes when no words are possible then silence can become an alternative language. It is possible to have a language of silence. It is about gestures" (Weisel en Beale 2000:35). Daar moet vir die getraumatiseerde kans gegee word om in tekens en metafore te praat en om te kommunikeer in die taal van stilte. Fisiese gebare kan soms sê wat woorde nie kan nie. Daar is tye wanneer dit nie reg is om verbindings tussen sekere dinge te maak en betekenis en oplossings vir ander te maak en te gee nie. In hierdie verband meen Laub & Felman (1992:163): "Our duty is not to give speech to what is unspeakable so that it can address us in narrative form, but rather to grant it the power to address us in its silence."

### 8.13. Narratief terapeutiese proses

Die Bybel se baie narratiewe vertel een verhaal. Die verhaal is nie losstaande van die narratief nie, maar die narratief is nie dieselfde as die verhaal nie. Die volgorde van die narratief kan verskil van dié van die verhaal; die narratief se tydsduur is omtrent altyd verskillend van die verhaal se duur. Die narratief kan baie kere iets vertel wat een keer gebeur het, en dan weer net een keer vertel wat baie kere gebeur het. Die afstand tussen die narratief en die verhaal kan baie verskil. Die Bybel se baie narratiewe (veral die Evangelies) vertel een verhaal op verskeie maniere. Dit beskrywe nie elke deel van die verhaal nie – daar is weglatings en ook pouses (soos wette, psalms en liedere) en dele wat herhaaldelik vertel word. ’n Verhaal kan uit ’n hele aantal verskillende perspektiewe beskryf word. Elkeen gee ’n ander siening van die gebeure, elkeen gee meer of minder inligting oor die verhaal (Genette 1980:173).

Omdat ’n verhaal saamgestel word uit baie stories is dit noodsaaklik om aandag te gee aan die rol wat die storielyn speel. Alles sentreer om die storielyn. Die storielyn hou altyd verband met die sentrale storie, daarom gebeur dit dikwels dat die totale inhoudelike van ’n verhaal nie onmiddellik na vore kom nie. Persoonlike lewenservarings en gebeure besit nie noodwendig ’n narratiewe karakter nie, maar ten einde ervarings en gebeure volgens ’n logiese raamwerk te orden, word van ’n narratiewe struktuur gebruik gemaak. Die oomblik as ’n storie vertel word, begin ’n proses waarvolgens gepoog word om gebeure op ’n logiese manier te orden. Deur middel van die interpretasies van die gebeure ontwikkel persoonlike identiteite en verhale wat aan bepaalde rolspelende karakters of persoonlikhede verbind word (Ganzevoort 2000:3).

Die formule wat Müller (2001:65) vir die narratief terapeutiese proses voorstel, is ABDCE. Hiermee sluit hy nou aan by ’n boek, *Bird by bird,* van Lammot (1995) en benut die verhalende proses soos in haar boek uiteengesit as ’n metafoor vir die hoofmomente van die pastoraal-terapeutiese proses. Die formule bevat die eerste letter van die kernwoord wat ’n bepaalde pastoraal-terapeutiese moment aandui:

- **A/*Action*/(Aksie)**

Die persone wat vir terapie kom, is geneig om hulle verhale volledig vanuit die perspektief van die probleem te vertel. Die doel van terapie is egter om 'n alternatiewe verhaal te ontwikkel waarin die probleem nie domineer nie. Indien 'n pastor uitsluitlik op die probleem sou fokus, versterk hy/sy sodoende die probleemgerigtheid van hulle gespreksgenote en belemmer hy/sy daardeur die geleentheid vir nuwe verhale om na vore te kom. Daarom wil Müller (2001:66) in die aksie-moment aan die hede aandag gee. Om op die hede te konsentreer, bied hoop vir die toekoms.

- **B/*Background*/(Agtergrond)**

Die pastorant kry die geleentheid om die aksie teen 'n bepaalde agtergrond te plaas. Die verhale oor die verlede kom aan die beurt. Om die verledeverhale te vertel, behels in baie gevalle dat die kinderjare herbesoek word.

- **D/*Development*/(Ontwikkeling)**

Pastorante (karakters) se verhale kry geleentheid om te ontwikkel. Die knoop in die verhaal word nie deur die pastor blootgelê nie. Pastors wag vir pastorante om hulle van die knoop te voorsien. "To stick to your characters, to trust them, to know that they will in the end provide the plot. You as therapist just have to wait and be willing to write it down. That is your contribution, to reflect and facilitate and wait until the plot emerges" (Müller 2001:167).

- **C/*Climax*/(Klimaks)**

Die klimaks of moment van verandering word nie beplan, beheer of geïnisieer deur die pastor nie. Pastors moet pastorante toelaat om hul eie rigting huiswaarts te vind, ook al gaan dit vir pastorante gepaard met lyding. "Both good writing and therapy moves on the edges of life, are interested in the essence of life and of relationships" (Mülller 2001:68). Die terapeut bring God nie van buite-af in die gesprek in nie, maar hier op die grenssituasies van die

lewe, waar die lewe en verhoudings en trauma diepgaande blootgelê word, ontstaan ’n natuurlike plek vir die verhale aangaande God om ter sprake te kom.

- **E/*Ending*/(Die einde)**

Nadat pastorante hul eie plot ontwikkel het en dit uitgeloop het op die klimaks wat hulle bewerk het, moet pastors die einde aanvaar (Mülller 2001:69).

Paul Ricoeur se teorie van die narratiewe word as volg beskryf (Ricoeur 1991:20-33) in twee uitdrukkings wat hy gebruik naamlik “emplotment” en konfigurasie:

**i. “Emplotment”**

Hy het sy konsep van die narratief as “emplotment” by Aristoteles (Vertaling Dorsch 1965:31-75) gekry. Aristoteles se begrip van “emplotment” bevat die idee van fabel en intrige, verbeelding en goed-gekonstrueerde storie. Ricoeur (1991:20-33) skets drie maniere waarop die narratief as “emplotment” sy elemente saamstel. Eerstens word een storie uit baie insidente of gebeure gemaak. Die gebeurtenisse in die storie is nie net aan mekaar verbind nie, maar ook aan die hele storie. Dit is verbind aan die storie se begin, middel en einde. Dit herinner aan Aristoteles (Vertaling Dorsch 1965:31-75) se goed gestruktureerde intrige (komplot). Tweedens voeg die “emplotment” die karakter en aksie en omstandighede saam. Dit “emplots” verskillende soorte gebeurtenisse saam.

**ii. Konfigurasie.**

Die narratiewe verbind natuurlike voorvalle en mense se dade (opsetlik en nie opsetlik) en die gevolge van die dade aan mekaar. Derdens wil die narratiewe ’n gevoel van tyd skep. Volgens Ricoeur (1991:20-33) is daar twee soorte tyd in elke storie. Eerstens is daar dié van opeenvolging wat oop en vaag is. Daar kan altyd gevra word wat gebeur het voordat die storie begin het en wat gebeur het nadat dit geëindig het. Die tyd tussen die begin en die einde van die storie vorm ’n tweede soort tyd: die kunsmatige tyd van die storie self. Aristoteles

(Vertaling Dorsch 1965:31-75) meen dat poësie praktiese wysheid is. Hierby sluit Ricoeur (1991:99) ook aan wanneer hy argumenteer dat die narratief 'n nuwe weergawe van die wêreld om die mens is.

**8.14. Vertelling lei tot heling**

Volgens Müller (2002:58) beteken die opskrif dat daar nie iets soos individuele verhale bestaan nie. Die verhaal van die self kan nie in isolasie van die res vertel word nie. Louglin (1996:82) beskryf dit so: "No one human life-story is isolate, entire onto itself. All human life-stories are woven out of and into other life-stories; the stories of parents and children, of friends an enemies, of all whom we have touched and who have touched us, however fleetingly". Individuele stories dra alleen gesag as dit vertel word na aanleiding van die groter geheel waarbinne dit gekonstrueer word. Met die vertelling van verhale is die mens voortdurend besig om sy wêreld te konstrueer en te beitel aan individuele kernverhale asook makro gesins- en kultuurverhale (Müllller 2002:59).

Wanneer getraumatiseerdes hulle verhaal aan die geloofsgemeenskap vertel, kan dit ook vir die gemeenskap helend wees. Graham, Walton & Ward (2005:66) is van mening dat, soos wat getraumatiseerdes besig is met die vertel van hulle verhaal, "… we can also imagine how through hearing and telling stories, particularly the stories of victims and survivors human cultures can form narrative identities that enable them to move forward through time in healthy and creative ways without forgetting the past". Getraumatiseerdes vind baie keer krag deur hulle verhaal te vertel. Wanneer hulle verhale deur ander mense gehoor en beaam word, kan sosiale en persoonlike verandering plaasvind. Howard (1991:190) skryf: " … we are lived by the stories we tell. Beware of the stories you tell yourself, for you will surely be lived by them".

Alhoewel die vertel van 'n lewensverhaal geheue en interpretasie verg, is dit ook afhanklik van die raamwerk waarbinne daardie persoonlike verhaal geïnterpreteer word en daardie raamwerk is gevorm deur 'n persoon se plek in 'n samelewing (Stroup 1981:110). 'n Gemeenskap is volgens Stroup (1981:132-133) 'n groep mense wat 'n gemeenskaplike verlede deel, wat spesifieke

gebeurtenisse in die verlede verstaan as belangrik om die huidige te interpreteer en wat die toekoms kan voorspel deur die gedeelde hoop wat hulle het. Wanneer die verhale wat die samelewing oor hulleself vertel verander, verander die samelewing. Die wêreld verander wanneer mense ander stories daaroor vertel. Hulle glo dat wat die meeste saakmaak in die vertel van ’n storie, nie die vertel van die storie is nie, maar die storie wat vertel word (Louglin 1996:111).

Daar is ’n wederkerige verhouding tussen storie en storieverteller en die samelewing: “As I recount my life-story, my story produces the ‘I’ which recounts it. I tell the story by which I am told. And since I am part of a larger community – one in which others tell stories about me, just as I tell stories about them – I am the product of many inter-related narratives, as is everyone else” (Loughlin 1996:12).

**8.15. Metode van narratiewe navorsing**

Hermans (2001:6) argumenteer: “... as we construct our stories we are sewing together fragments of living in larger wholes. We seek to comprehend through the stories we tell. Story is the natural form we use to put the aspects of experience and life together, to bring what we are living into synthesis, an articulated coherence”. Geen mens gaan met ’n enkelvoudige, helder en samehangende verhaal na ’n pastor toe nie. In die unieke verhouding van in-diepte kommunikasie ontvou hierdie persoonlike verhaal. Müller (1996:9) wys daarop dat waar daar kontinuïteit tussen die verlede, deur die hede na die toekoms is, is daar hoop en sekuriteit. Vertel veronderstel ’n spesifieke verlede en toekoms van die pastorant. Waar dit nie gebeur nie, is daar onsekerheid en spanning, selfs uitsigloosheid. “Die pastor se groot taak is om te luister na, en om die stories van mense te interpreteer” (Müller 1996:107). Die pastorant moet uitgenooi, uitgelok, en uitgedaag word om sy/haar storie onbevange en sonder verskonings en weglatings in ’n atmosfeer van openhartige aanvaarding te vertel.

Om goed te onthou is belangrik. “The more complete the story, the more integrated the self” (Crites 1971:162). Die verhaal word vertel en weer vertel en oor vertel, altyd weer met ander nuanses. “In the telling and retelling the images

which convey meaning for them begin to emerge with more clarity and integration" (Jensen 1984:222). Mense is geneig om die gevestigde roete van hulle lewensverhaal te onthou omdat dit veilig is tot wanneer 'n trauma gebeur. "Crisis situations are the turning points …" (Jensen 1984:223).

In die literatuur is dit duidelik dat dit altyd gaan om 'n her-vertel. Daar is nie sprake van 'n eenmalige klaar-vertel nie (Stroup 1981:15). Daar kan 'n paar sessies deur die pastor afgesonder word sodat die pastorant sy of haar verhaal oor en oor kan vertel en telkens nuwe insigte byvoeg.

Vertel veronderstel 'n luisteraar. "The act of telling always presupposes a dialogical relationship between a teller and a listener ... we argue that the client's self-narrative results from the contributions of both the client and the pastor" (Hermans 2001:28*).* In wisselwerking met mekaar, deur gesprek, word gesamentlik aan 'n self-narratief gebou. Albei dra by tot die proses. Hulle staan komplimentêr teenoor mekaar. Die pastorant is die kundige oor die inligting wat sy of haar lewensverhaal betref, die pastor daarenteen is die kundige oor meerdere lewensverhale.

Mense is gedurig besig om die invloede op hulle lewe in die vorm van stories te organiseer (Stroup 1981:111). Stroup (1981:111) wys hoe *identiteit* en *storie* in mekaar se verlengstuk lê. 'n Mens word deur ander geken wanneer hulle jou storie ken. Elke mens het 'n "kenstorie" (Müller 1996:23).

Narratiewe navorsing fokus van die dele na die geheel. Narratiewe navorsing wil nie opbreek tot in die kleinste moontlike deeltjies en dit ontleed nie. Daar word gepoog om die geheel te erken en te verstaan. Uit daardie verstaan word na sommige onderafdelings gekyk, en binne daardie konteks vind interpretasie plaas. Narratiewe navorsing begin nie by die formulering van 'n hipotese wat dan geverifieer of gefalsifiseer word soos by moderne navorsing nie. So 'n benadering stel te veel filters en vooroordele tussen die navorser en die medenavorsers en verhoog die waarskynlikheid en versoeking dat die navorsing gemanipuleer kan word ten einde sekere resultate op te lewer. Postmoderne narratiewe navorsing begin by die keuse van 'n situasie of tema. In die ontvouing van die verhaal kristalliseer die fokus en afbakening mettertyd.

Dit maak van narratiewe navorsing 'n onseker proses wat geduld van die navorser verg, asook 'n openheid en oplettendheid na die ontwikkeling van die narratief en die besondere temas wat na vore tree.

Meier (2001:391-418) skryf dat postmoderne benaderings moderne voorveronderstelling van werklikheid en epistemologiese raamwerke van positivisme verwerp. Volgens die postmoderne siening is die werklikheid nie enkelvoudig nie, maar word dit saamgestel uit meerdere realiteite wat deur individue sowel as sosiale en temporele faktore beïnvloed word. Binne die narratiewe benadering is dit belangrik om kennis te neem van die bepaalde uitgangspunte wat daar bestaan oor die realiteit. Freedman & Combs (1996:20) verwys na drie sodanige sienings. Die eerste is dat die realiteit kenbaar is – die elemente en werking van die realiteit kan akkuraat en herhaaldelik ontdek, beskryf en deur mense benut word. Tweedens is die mens 'n gevangene van sy of haar eie persepsie – die pogings om die realiteit te beskryf, vertel aan die mens baie meer oor die mens self wat besig is om die realiteit te beskryf. Derdens, kennis ontstaan binne gemeenskappe van denkers – die realiteit wat die mens aanvaar, is daardie realiteit wat hy of sy onderhandel met ander. Die narratiewe terapie is volgens Freedman en Combs (1996:20) op die derde siening gebaseer. Dit kom ooreen met postmoderne denke oor die realiteit en is 'n groot rede waarom ek die narratief as metode gekies het.

In trauma gaan dit ten diepste oor die soeke na sin. Veral "soekers" wil antwoorde op hulle vrae oor die trauma hê – hulle wil betekenis daarin sien. In hierdie hoofstuk het ons gesien dat geduldige en sinvolle luister na mense se verhale tot narratiewe sin en betekenis in getraumatiseerde adolessente se verwardheid lei. Die narratiewe benadering kan getraumatiseerde adolessente begelei om vanaf *tremens* (woedeherinneringe as gevolg van die verskriklike gebeure) na *fascinans* (verwondering oor die spirituele) te vorder. Dit vind plaas wanneer die Godsverhaal en die trauma-verhaal een word en wanneer getraumatiseerde adolessente Jesus as rolmodel aanneem.

# Hoofstuk 9

# Pastoraat, adolessensie en geïnternaliseerde hoop

## 9.1. Inleiding

In Hoofstuk 1 het ons bespreek dat die kerk geroep is om die evangelie van God aan stukkende mense en gemeenskappe te bedien. Die kerk behoort 'n genesende gemeenskap in die Suid-Afrikaanse konteks te wees. Daarvoor moet die kerk en pastors opgelei word om mense wat getraumatiseer is, te begelei om weer heel mense te word. In Hoofstuk 4 het ons bespreek dat die sentrale doelstelling van die pastoraat is om mense te help om sinvol te lewe In trauma gaan dit ten diepste oor die soeke na sin. In Hoofstuk 2 het ons bespreek dat veral "soekers" (adolessente) antwoorde op hulle vrae oor die trauma wil hê – hulle wil betekenis daarin sien. Ek vind Capps se teorie oor hoop en herstrukturering bruikbaar omdat dit adolessente weer hoop vir die toekoms kan gee en daarom gaan ek dit in hierdie hoofstuk bespreek. In Capps (1996) se werk bied hy 'n model oor hoop aan. Sy pastorale model word gebruik omdat hy klem lê op die feit dat pastors die draers van hoop is. Hy is van mening dat 'n kerntaak van die pastor is om 'n "provider of hope" te wees (Capps 1996:12). Dit is waar dat ander beroepe ook hoop aanbied, maar dit is net 'n gedeelte van wat hulle aanbied. Pastors, aan die ander kant, is meestal nét draers van hoop. Dit is hierdie taak van 'n pastor wat hom of haar van ander beroepe onderskei. Om hoop te skep is 'n sentrale bestanddeel van die terapeutiese proses. Hoopterapie geskied met behulp van herstrukturering omdat daar anders oor die situasie gedink moet word. Hiervoor gebruik ek in hierdie hoofstuk Capps se werk, *Reframing: New method in pastoral Care* (1990) as raamwerk. Ek gebruik ook Borg se werk, *Meeting Jesus again for the first time* (1994) omdat dit inhoud gee aan die konsep van "hoop" uit 'n postmoderne invalshoek en ook omdat dit terselfdertyd sterk op die narratiewe steun. Ten einde aan verwarde getraumatiseerde adolessente weer hoop vir die toekoms te gee, is hierdie werk bruikbaar. Borg (1994, 1995) is 'n sterk voorstander van die narratiewe omdat dit die emosies van die mens aanspreek. Soos wat godsdienstige wette riglyne

gee oor menslike gedrag, en die teologie en leerstellings mense meer insig in geloof gee, spreek verhale die belewenisse van mense aan. Borg (1994:121) stel dit so "… stories appeal to the imagination to that place within us where our images of reality, life and ourselves reside." Sodoende bring hy hoop nader aan die ervaring van die numineuse. Ek gaan ook kernelemente uit die hoopteologie van Moltmann (1926 - ) bespreek. Die waarde van Moltmann (1974) se denke vir hierdie studie is daarin geleë dat hy hoop koppel aan twee belangrike teologiese momente: God se identifikasie met menslike lyding via die kruis en die verband tussen God en die oorwinningsperspektief van die opstanding. Volgens Moltmann (1974:33) is die enigste metode om hoop te genereer, blootstelling aan God se trou. Dit beteken dat daar gepoog moet word om mense se Godskonsep te beïnvloed en te verander. Hierdie verandering kan gegenereer word wanneer die persoon met Skrifbeloftes gekonfronteer word, wat in hierdie studie aan Borg (1994) se meta-verhaal model gekoppel word.

**9.2. Trauma en wanhoop**

Vanweë trauma en die gepaardgaande emosies van hulpeloosheid en magteloosheid, dink mense dat hulle aan die einde van hulle krag is: "Ek kan nie meer nie; al my reserwes is uitgeput en my bestaande hanteringsvaardighede het in duie gestort" (Louw 1999:524). Volgens Louw (1999:525), 'n teoloog wat hoopterapie bestudeer het, kan "hoop"-loosheid beskryf word as 'n magtelose gevoel of ervaring van kontroleverlies en hulpeloosheid. 'n Toestand van "hoop"-loosheid ontstaan óf as gevolg van 'n pynlike verlies wat reeds gely is óf as gevolg van die antisipering van 'n moontlike verlies. "Hoop"-loosheid is dan 'n hulpelose gevoel wat korreleer met verlies-angs en "performance anxiety" (Louw 1999:525). Louw (1999:525) is van mening dat wanhoop ontstaan wanneer mense oorweldig word deur 'n ervaring van algehele doelloosheid en sinloosheid. Tussen "hoop"-loosheid en wanhoop bestaan daar slegs 'n graadverskil, nie 'n wesenlike aardverskil nie. Wanhoop is 'n toestand van bestaansvertwyfeling en 'n ervaring van sinloosheid as gevolg van die ontbreking van bestaansgeborgenheid. Die wanhopige sien

geen doel meer in die lewe nie, ervaar sy of haar lewe as 'n doodloopstraat en voel oorweldig deur skuld en angs vir die dood. Die uiteinde van wanhoop is 'n algehele ervaring van toekomsloosheid. Hierdie toekomsblokkasie veroorsaak 'n heel besondere neurose: 'n weiering om by die onmiddellike werklikheid of realiteit betrokke te raak. Dit ontstaan weens 'n akute angs vir die toekoms en meegaande akute ervaring van doelloosheid en sinloosheid (Louw 1999:525). In hierdie hoofstuk word 'n pastorale model aangebied om die "hoop" -loosheid" wat getraumatiseerde adolessente beleef, teen te werk en hulle sodoende te begelei tot heelwording. Hierdie studie gaan gebruik maak van Capps se werk, *Agents of Hope: a pastoral psychology* (1996). In hierdie werk bied hy 'n model oor hoop aan (Capps:1996). Sy pastorale model word gebruik omdat hy klem lê op die feit dat pastors die draers van hoop is. Hy meen dat 'n kerntaak van die pastor is om 'n "provider of hope" te wees (Capps 1996:12). Dit is waar dat ander beroepe ook hoop aanbied, maar dit is net 'n gedeelte van wat hulle aanbied.

Pastors, aan die ander kant, is meestal nét draers van hoop. Dit is hierdie taak van 'n pastor wat hom of haar van ander beroepe onderskei. Om hoop te skep is 'n sentrale bestanddeel van die terapeutiese proses. Hoopterapie geskied met behulp van herstrukturering omdat daar anders oor die situasie gedink moet word. Hiervoor word Capps se werk, *Reframing: New method in pastoral care* (1990) as raamwerk gebruik. Borg se werk, *Meeting Jesus again for the first tim*e (1994) gee inhoud aan die konsep van "hoop" uit 'n postmoderne invalshoek en steun terselfdertyd sterk op die narratiewe. Ten einde aan verwarde getraumatiseerde adolessente weer hoop vir die toekoms te gee, is hierdie werk bruikbaar. Borg (1994, 1995) is 'n sterk voorstander van die narratiewe omdat dit die emosies van die mens aanspreek. Soos wat godsdienstige wette riglyne gee oor menslike gedrag, en die teologie en leerstellings mense meer insig in geloof gee, spreek verhale die belewenisse van mense aan. Borg (1994:121) stel dit so "… stories appeal to the imagination to that place within us where our images of reality, life and ourselves reside." Sodoende bring hy hoop nader aan die ervaring van die numineuse. Ek gaan

ook kernelemente uit die hoopteologie van Moltmann (1926 - ) bespreek. Die waarde van Moltmann (1974) se denke vir hierdie studie is daarin geleë dat hy hoop koppel aan twee belangrike teologiese momente: God se identifikasie met menslike lyding via die kruis en die verband tussen God en die oorwinningsperspektief van die opstanding. Volgens Moltmann (1974:33) is die enigste metode om hoop te genereer, blootstelling aan God se trou. Dit beteken dat daar gepoog moet word om mense se Godskonsep te beïnvloed en te verander. Hierdie verandering kan gegenereer word wanneer die persoon met Skrifbeloftes gekonfronteer word, wat hieronder aan Borg (1994) se meta-verhaal model gekoppel word.

**9.3. "Future visioning"**

Daar is volgens Capps (1996:14) geen waarborg dat mense dit waarop hulle hoop gaan kry of bereik nie. Om te hoop is 'n gevoel dat dit wat 'n mens wil hê of bereik, wel sal gebeur. Daarom is daar die volgende twee sinne afwisselend by hoop betrokke: "Ek dink ... " en "Ek is seker ... "

Alhoewel dit by hoop nie primêr oor emosies gaan nie, is daar fluktuerende emosies by hoop betrokke. Vir Capps (1996:13) gaan hoop primêr oor die manier waarop 'n mens na 'n verskynsel kyk, al is emosies daarby betrokke.

Capps (1994:75-89) verduidelik hoop aan die hand van die voorbeeld van fotografie en projeksie. Projeksie vind plaas wanneer 'n beeld op 'n skerm verskyn. In die geval van fotografie projeksie het die beeld 'n kunstige funksie as gevolg van sy bedrieglike denkbeeldige karakter. Mense kan hulle 'n ander realiteit verbeel as die werklike een. Net so is hoop 'n projeksie omdat dit 'n toekoms verwag wat tegnies gesproke vas en onrealisties is, maar tog deur en deur werklik omdat dit hunker na iets wat nie bestaan nie. Dít op sigself is gewoonlik meer werklik as die wyse waarop die objektiewe wêreld gesien word. Omdat hoop 'n projeksie is, visualiseer mense moontlikhede wat nog nie realiteit is wanneer hulle hoop nie, maar vir die mens is hierdie moontlikheid 'n potensiële realiteit. Hoop is 'n sekere manier om te kyk en te visualiseer. In hierdie sin is

hoop 'n "future visioning" (Capps 1994:75) omdat verbeelding die toekoms meer werklik laat voel, asof die toekoms al teenwoordig is.

Mense se beelde van hoop is ook projeksies van hulself. Deur te hoop projekteer hulle hulself in die toekoms en visualiseer hulle 'n bestaan wat anders as die huidige een is. Die toekoms is onvoorspelbaar en die mens se hoopvolle toekomsprojeksie word selde met akkuraatheid voorspel. Dit beteken nie dat die pastor sodanige toekomsprojeksies by getraumatiseerde adolessente moet ontmoedig nie.

Hoop kan feite verander. Erikson (1964:17) stel dit so "… hope not only maintains itself in the face of changed facts – it proves itself able to change facts, even as faith is said to move mountains." Volgens Erikson (1964:20) is hoop dikwels die beslissende element om feite te verander. Verandering is onvermydelik. Die toekoms sal nie dieselfde as die huidige wees nie, net soos die huidige nie dieselfde as die verlede is nie. Gebaseer op hierdie feit kies hoop om die veranderinge wat mag plaasvind, te antisipeer. Toekomsprojeksie is realiteite omdat hulle 'n impak op die huidige toestand van sake het. Dit is die rede waarom die vermoë om te hoop so belangrik was vir die gevangenes in die konsentrasiekampe tydens die Tweede Wêreldoorlog (Capps 1994:80). Omdat toekomsverwagting persone in staat stel om hulle begrip van hoe die toekoms lyk, te rekonstrueer, gaan ons vervolgens bespreek hoe dit 'n verskil aan die toekoms maak voordat ons die inhoud van hoop bespreek.

### 9.4. Hoop maak 'n verskil aan die toekoms

Deur 'n toekoms te projekteer, hoop 'n mens dat die teenswoordige sal verander. Hoewel die gevangenes fisies steeds gevange gehou was, het hulle innerlik 'n mate van vryheid beleef tot dié mate waartoe hulle in staat was om te hoop. Hoop is nie projeksies op dit wat mens glo onmoontlik is nie. Wanneer die mens hoop, verwag hy of sy die realisering van dit wat geprojekteer is. Dit beteken nie dat hoop slegs verwagtings van realistiese moontlikhede is nie. Hoop is nie gebaseer op berekeninge van dit wat op die basis van vorige ondervinding as realisties ervaar is nie. Dit is gebaseer op die siening dat die toekoms oop is en

dat die toekoms tot ’n sekere mate ontvanklik en vatbaar is vir die mens se pogings om ’n verskil te maak (Capps 1994:88). Ware hoop is gebaseer op dit wat vir die mens moontlik is en daarom moet mense insig hê in hulle eie temperament, karakter, motiverings en waardes. Omdat die toekoms oop is, is daar altyd die risiko dat die hoop nie realisties is nie. Teleurstelling, ontmoedigings en gevoelens van skok mag volg. Om te hoop is om ’n risiko te neem. Daar is altyd ’n moontlikheid vir mislukking en skaamte en vernedering mag daarmee gepaard gaan.

**9.5. Inhoud van die hoop**

In die voorafgaande paragrawe het ons gesien dat ten einde ‘n terapeutiese rol te kan speel, moet hoop nie ‘n vorm van wensdenkery wees nie. Dit moet deel wees van die persoon se vermoë om realisties na ‘n situasie te kyk ten einde die feite te evalueer sodat uiteindelike konstruktiewe besluite geneem kan word. In hierdie paragraaf fokus ek op die inhoud van die hoop.

Borg (1994:121) vestig sy aandag op drie verhale in die Bybel wanneer hy inhoud aan hoop wil gee. Hierdie drie makro-verhale gee ‘n beeld van die religieuse lewe. Elkeen spreek ‘n ander dimensie van die getraumatiseerde se toestand aan. Borg (1994:121) is van mening dat die drie makro-verhale die kern van die Bybel is, aangesien dit die godsdiensbelewing en lewe van ou Israel en die vroeë Christelike beweging gevorm het. Volgens Borg (1994:121-136) is die drie makro-verhale verhale van hoop omdat dit vertel van ‘n nuwe begin wat deur God voorsien word. Twee van die drie verhale is onlosmaaklik verbonde aan die geskiedenis van ou Israel, naamlik die verhaal oor die uittog uit Egipte en die verhaal van die Jode wat uit Jerusalem na Babilon weggevoer is en tydens die Persiese Ryk weer teruggekeer het. Die derde verhaal het nie betrekking op die geskiedenis van ou Israel nie, maar op ‘n instelling (die tempel, priesterdom en offerande). Met hierdie benadering oor die drie verhale sluit Borg (1994) aan by die benadering van William James (1902:508) in sy klassieke werk, *The varieties of religious experience*. Die verhale soos Borg (1994:121-136) dit voorstel, sal vervolgens kortliks bespreek word en daarna in verband gebring

word met trauma. Aan die einde van die drie verhale sal aangetoon word hoe dit by *hoop* uitkom.

### 9.5.1. Die uittog

Vir die mense van ou Israel was die verhaal van die uittog uit Egipte hulle "primal narrative" (Borg 1994:123). Hierdie verhaal het hulle identiteit, sowel as hulle gevoel oor hulle identiteit en oor God gevorm. Die verhaal is oor en oor vertel en dit is tydens hulle feeste gevier. Dit is belangrik om te verstaan dat dit vir hulle nie 'n verhaal oor hulle verlede was nie, maar oor die hede. Dit was nie net hulle voorouers wat in die uittoggenerasie geleef het, Farao se slawe in Egipte was en deur God uit Egipte gelei is nie. Die Pasga liturgie som dit so op:

> For ever after, in every generation all of us must think of ourselves as having gone forth from Egypt. For we read in the Torah: "In that day thou shalt teach thy child, saying: All this is because of what God did for me when I went forth from Egypt". It was not only our ancestors that the Holy One blessed by God, redeemed, us, too, the living, God redeemed together with them, as we learn from the verse in the Torah: "And God brought us out from thence, so that God might bring us home, and gives us the land which God pledged to our ancestors".
>
> (Maurice 1942:27)

Hierdie verhaal stel die mens se toestand en God se verhouding met die mens te alle tye voor. Die verhaal handel oor slawerny, vrywording, 'n reis en 'n bestemming. Dit begin met die Joodse slawe wat baie hard onder Farao moes werk en min rantsoene en vryhede ontvang. Die verhaal vervolg dan met die tien plae en die vrylating van die Jode. Die verhaal eindig nie toe hulle Egipte verlaat het nie. Die uittog het hulle op 'n reis deur die woestyn geneem. Hierdie reis het 40 jaar geduur. Die bestemming was die beloofde land, wat die plek van God se teenwoordigheid simboliseer.

Getraumatiseerdes bevind hulself ook in Egipte, 'n land van slawerny. Trauma maak die mens 'n slaaf van die liggaam se reaksies op die trauma. Slaap- en eetversteurings, woede, bitterheid en aggressie, vrees en angstigheid, deurmekaar denke en swak konsentrasie, irritasie en die gebruik van plaasvervangers is enkele voorbeelde van die simptome van trauma. Hierdie simptome hou getraumatiseerdes gevange en kan hulle laat verval in 'n diepe depressie of in post-traumatiese stresversteuring. As die probleem slawerny is, is die oplossing vrywording. In die verhaal van die uittog begin die vrywording in die nag, in die donkerte voor die dag (Borg 1994:124). In die donkerte van die trauma, kan die mens se vrywording ook begin. Die vrywording behels die proses om Egipte en die heerskappy van Farao te verlaat en deur die see te beweeg. Die vryheid is volgens Borg (1994:124) nie die einde van die verhaal nie. Dit lei na 'n reis deur die wildernis en hier word God ontmoet. Dit verg moed om deur trauma en meegaande emosies te werk en die verhaal te vertel. Dit is soos 'n reis deur die woestyn. Gedurende die reis kan God ontmoet word.

Hierdie gedagte bring ons weer uit by Otto se numineuse, naamlik 'n ontmoeting met die heilige. Ten einde heel te word na trauma, moet die reis deur die wildernis 'n ontmoeting met die heilige insluit. Borg (1994:125) meen dat die ontmoeting met God vrees en angs meebring en dat daar na die sekuriteit van Egipte verlang word. Volgens Otto (1923:158) bring die ervaring van die numineuse ook vrees in die sin van respek en afstand en verwondering. Die verlange na die sekuriteit bring ons by Girard (1979) se sondebok-meganisme uit. Getraumatiseerdes vind sekuriteit deur agter die sondebok te skuil. Om 'n sondebok te identifiseer, bring vir getraumatiseerdes rustigheid omdat al die negatiewe gevoelens op die sondebok gelaai kan word. Dit veroorsaak dat getraumatiseerdes meer gemaklik voel. Borg (1994:126) is van mening dat die wildernis 'n plek is waar die mens deur God versorg word met water en brood uit die hemel. God beweeg saam met die mens op die reis in 'n wolkkolom bedags en in 'n vuurkolom snags. Die hoop in trauma is daarin geleë dat God in die reis op pad na heling by getraumatiseerdes is: in donker dae en ook wanneer dit beter gaan. Hierdie reis is 'n lang reis; dit neem veertig jaar. Dit is nie 'n vinnige

en maklike proses om deur trauma te werk nie. Dit neem tyd. Die bestemming van die reis is volgens Borg (1994:126) die lewe in die teenwoordigheid van God. Maar God is nie net die bestemming nie. Hy is die Een wat op die reis ontmoet en geken word. Borg (1994:126) stel dit soos volg: "It is a journeying *towards* God that is also with God."

Die tweede makro-verhaal wat Borg in sy werk (1994) bespreek, is dié van die Jode wat in ballingskap na Babilonië weggevoer is en later weer terugkeer na Jerusalem.

### 9.5.2. Ballingskap en terugkeer

Soos die Eksodusverhaal is hierdie verhaal ook onlosmaaklik verbonde aan 'n historiese gebeurtenis. Die ballingskap begin in 587 voor Christus toe Jerusalem en die tempel verower en vernietig is deur die Babiloniërs. Die gevangenes is na Babilon, ongeveer 800 myl vanaf Jerusalem, weggevoer. Daar het hulle as vlugtelinge gelewe, verwyder van hulle land en onder die heerskappy van die vyand. Die ballingskap kom 50 jaar later tot 'n einde toe die Persiese Ryk die Babiloniërs verslaan het en aan die Jode toestemming gegee het om na hulle land terug te keer. Soos met die Uittog-verhaal het hierdie verhaal die lewenswyse en religieuse ervaring van die Jode gevorm. Die verhaal word vir hulle 'n metafoor van hulle verhouding met God. Die bannelinge se lewenswyse in die vreemde was anders as alles wat vir hulle bekend, geliefd en veilig was. Dit was 'n lewe weg van Sion, die plek waar God teenwoordig is. Hulle het volgens Borg (1994:127) magteloos en verontreg gevoel. Ballingskap word gekenmerk deur hartseer en woede. Borg (1994:128) toon aan dat hierdie emosies in Psalm 137 verwoord word. Ons het in Hoofstuk 7 bespreek dat woede 'n groot rol speel wanneer die sondebok-meganisme aangewend word. Woede veroorsaak dat getraumatiseerdes 'n sondebok soek, want dan kan die woede bedaar. Woede by kinders en adolessente is 'n uitdrukking van onderliggende hartseer, verlies, magteloosheid, vrees en angstigheid. Dit is dikwels makliker vir 'n kind om woede te beleef as die meer pynlike onderliggende emosies (Hodgkinsin & Stewart 1991:59). Kinders weet nie

hoe om hulle woede op ’n gepaste manier uit te spreek nie. Om woede op ’n gepaste manier uit te druk, is deel van die genesingsproses. Getraumatiseerde mense het die reg om woede te voel vanweë dit wat met hulle gebeur het en hulle het die reg om dit uit te druk. Getraumatiseerde adolessente het ’n behoefte om ontslae te raak van hulle pyn en soek daarom onbewustelik na ‘n geskikte sondebok. Die slagoffer van trauma blameer die sondebok en doen so geweld aan die sondebok wat tot slagoffer gemaak word. Deur die slagoffer te blameer, raak die oortreder ontslae van die skadelikheid wat in sy eie psige vasgelê is.

Twee van die simptome wat ’n mens na ’n akute trauma belewe is magteloosheid en ’n gebrek aan die gevoel van veiligheid. Die bekende verander. Dit voel asof ‘n mens se hele lewe binne sekondes verander. Ná trauma word die een dag soos die ander en ‘n mens verlang na die lewe voor die trauma wat slegs vaagweg onthou word. Woede en hartseer is twee sterk emosies wat na trauma belewe word, as gevolg van die verlies wat plaasgevind het. Verlies na trauma kan onder andere die verlies van onskuld behels, asook die verlies van ’n gevoel van veiligheid en sin en betekenis in die lewe.

Volgens Borg (1994:129) is die probleem die ballingskap, terwyl die oplossing daarvan die terugtog is. Vir die terugreis gebruik hy Jesaja 40:3-4 as voorbeeld. Soos die Uittog-verhaal is die verhaal van die Ballingskap ’n verhaal oor ’n reis. Dit stel die religieuse lewe voor as ’n reis na die plek waar God teenwoordig is, ’n “terugkomreis”. Soos die Uittog-verhaal vertel hierdie vertelling die verhaal van God wat die reis saam met die mens meemaak. Hier gebruik Borg (1994:130) die gedeelte in Jesaja 40:29-31. Trauma kan verstaan word as ’n reis terug, na die plek waar die getraumatiseerde God weer vind.

### 9.5.3. Die priester-verhaal

Die derde verhaal het nie betrekking op die geskiedenis van ou Israel nie, maar op ‘n instelling van ou Israel – die tempel, priesterdom en offerandes. In hierdie verhaal is die priester die een wat die mens gereedmaak om deur middel van offerandes voor God te verskyn. Die priester-verhaal lei na ’n ander voorstelling

van die religieuse lewe. Dit is nie primêr 'n verhaal van slawerny, ballingskap en van 'n reis nie, maar 'n verhaal van sonde, skuldgevoelens, onreinheid en offerande (Borg 1994:130). Die begrippe van onreinheid en skending is sentraal. Dit word ook verbind aan beelde van reiniging en bedekking. Hierdie verhaal stel nie die mens primêr in slawerny voor of as mense wat verlang om huis toe te gaan nie. Die mens word as 'n sondaar voorgestel wie God se wette oortree en sodoende skuldig voor Hom as die Regter staan. So word die religieuse lewe 'n verhaal van sonde, skuld en vergifnis.

Tans domineer hierdie verhaal nog die ander twee verhale, asook die Christelike verstaan van Jesus en die religieuse lewe. Hierdie verhaal is die kernverhaal in die populêre siening van Christus as die Verlosser wat sondaars tot God se vergifnis kan lei. Wanneer 'n mens sê: "Christus het vir my sonde gesterf", plaas hy of sy dit binne-in die raamwerk van die priesterlike verhaal. Die dominansie van hierdie verhaal veroorsaak die prominente plek wat aan die belydenis van sonde in die Christelike aanbidding gegee word. Die priesterlike verhaal se betekenis is eenvoudig, direk en radikaal: die mens word aanvaar, net soos hy of sy is. God het mense lief ongeag wie hulle is. Die priesterlike verhaal beteken volgens Borg (1994:131) dat 'n mens se sonde, onreinheid en skuld nie tussen die mens en God moet staan nie. Dit beteken dat 'n nuwe begin moontlik is. Die mens hoef nie in slawerny te lewe as gevolg van die seer van die verlede nie. Getraumatiseerdes kan vrykom van hulle verlede en hoef nie in die verskrikking van die trauma gevange gehou te word nie. In lyn met die postmoderne siening waarsku Borg (1994:131) dat wanneer die priesterlike verhaal die dominante verhaal of die enigste verhaal word wat dien as voorstelling van Jesus en van die Christelike lewe, dit ernstige beperkinge inhou. Hy gaan selfs so ver om te beweer dat dit sodoende versteurings in die mens se insig oor die Christelike lewe kan bring. Hy beveel aan dat mense die priesterlike verhaal as een van drie maniere moet verstaan ten einde 'n geheelbeeld van die Christelike lewe te kry.

Al drie bogenoemde verhale is verhale van swaarkry en van 'n belewenis van verwydering van God. Die uittog-verhaal handel oor slawerny. Volgens die ballingskap-verhaal lewe die mens in Babilon, vervreemd van die kern van sy of haar wese en verlangens. In die priesterlike verhaal word die mens se lewe gekenmerk deur skuld, skaamte, negatiewe eiewaarde en die meegaande kloof wat ontstaan tussen God en die mens as gevolg van die genoemde emosies (Borg 1994:132). Al drie verhale skilder God wat intiem betrokke is by die mens se lewe: "There is a power that wills our liberations, a light shining in the darkness that invites us home from exile, a compassionate presence that accepts us just as we are, though we may not yet know that" (Borg 1994:134). In al drie verhale is die konsekwente boodskap dat God nie die mens se huidige toestand (trauma) begeer nie. Die uittog-verhaal spreek van verontregting, slawerny en vrywording. Die ballingskap-verhaal vertel die goeie nuus dat tuiskoms moontlik is. Die priesterlike verhaal bevestig dat die mens se verlede nie die finale woord oor hom of haar is nie. Al drie is verhale oor 'n reis. Die religieuse lewe is nie 'n statiese sirkel van sonde, skuld en vergifnis nie, maar 'n reis van Egipte na die wildernis en van Babel na Jerusalem. Dit is 'n reis van vrywording en tuiskoms. Dit is 'n reis ná God en ook mét God. Die priesterlike verhaal is ook 'n reisverhaal in die sin dat God mense aanvaar net soos hulle is en waar hulle ook al op reis is. Die feit dat die getraumatiseerde adolessent deur God aanvaar word, is 'n proses wat lank kan neem. Hierdie proses is die reis.

Hoop is volgens Capps (1994:75) 'n projeksie omdat dit 'n toekoms verwag wat tegnies gesproke vas en onrealisties is. So verwag getraumatiseerdes vrywording, tuiskoms en aanvaarding. Hierdie projeksie is deur en deur werklik omdat dit 'n hunkering is na iets wat nie tans in die trauma ervaar word nie. Op die oomblik beleef getraumatiseerdes slawerny of ballingskap. Omdat hoop 'n projeksie is, visualiseer getraumatiseerde adolessente moontlikhede wat nog nie realiteit is wanneer hulle hoop nie, maar hierdie moontlikheid is 'n potensiële realiteit. So word vrywording, tuiskoms en aanvaarding 'n potensiële werklikheid. Getraumatiseerdes het verskillende behoeftes: sommige aan vrywording, ander aan tuiskoms, en nog ander aan

aanvaarding. Ten spyte van die verskille in die drie verhale bied hulle 'n beeld van die religieuse lewe as 'n reis wat 'n verdieping en veranderde verhouding met God meebring. God kan in die trauma ontmoet word. Hierin lê die hoop: die numineuse kan beleef word.

Capps (1994:75) is van mening dat wanneer mense hoop, hulle hulself in die toekoms projekteer en 'n bestaan visualiseer wat anders is as die teenswoordige een. 'n Goeie vraag wat die pastor aan die pastorant in nood kan vra is: "Hoe sien jy jou in die nabye toekoms en hoe sien jy jou in die verre toekoms?" (Met ander woorde: "Hoe sien jy jou nou in Egipte en hoe sien jy jouself in die Beloofde Land?") Hierdie vrae stel getraumatiseerde adolessente in staat om maniere te vind om die gaping wat die twee skei, kleiner te maak. So word mense gelei om die toekoms meer realisties voor te stel en die proses van die huidige tot die toekoms meer positief te beleef (dit wil sê die reis deur die woestyn).

Friedenberg (1964:97) beskryf adolessensie as die periode waartydens individue leer wie hulle is en wat hulle werklik voel. Dit is dus 'n ideale tyd om getraumatiseerde adolessente te konfronteer met hoe hulle hul tans in die naspel van die trauma ervaar en hoe hulle hulself in die toekoms sien. Hier speel Jesus as rolmodel 'n groot rol. Pastors moet getraumatiseerde adolessente lei om Jesus as rolmodel na te volg en om soos Jesus te word. In Hoofstuk 7 het ons bespreek dat Jesus 'n rolmodel is wanneer dit by vergifnis kom. Hoop kan nie beleef word as daar nie vergifnis betrokke is nie. Volgens Girard (1986:156) het kennis oor die sondebok-meganisme in samelewings nie geweld verminder nie, maar " ... this knowledge must be added to the will to forgive". Vergifnis is die sleutel vir mense wat die verskrikking van hulle verlede wil oorkom.

Pastors sal die kwessie rakende vegifnis met groot deernis moet benader ten einde tweede orde verandering (nie net die persoon nie, maar ook die sisteem) te bevorder (hoofstuk 3). Die fokus behoort eerder op die proses van heelwording te val. Vergewing kan net heelword bevorder indien dit vrywillig deur die slagoffer gegee word (Stone 1990:76). Bonhoeffer se siening oor vergifnis is in Hoofstuk 7 bespreek. Volgens Bonhoeffer

(1959:36) is "true repentance [is] embodied in a life of discipleship. Forgiveness is thus costly. Forgiveness cannot be demanded. It can only be hoped for. The aim of forgiveness is to restore communion with one another and with God in order to reconcile our brokenness. Forgiveness is a way of life." Sonder vergifnis is hoop nie moontlik nie.

Erikson (1968:88) beskou adolessensie as baie belangrik vir psigososiale ontwikkeling, veral omdat dit as basis dien vir die daaropvolgende ontwikkeling gedurende volwassenheid. Erikson (1968:88) toon aan dat die mees beslissende periode in die vorming van die volwassene se persoonlikheid die adolessensiejare is. Die hooftaak van individue gedurende adolessensie is om op grond van wat hulle oor hulself en ander geleer het, 'n gevoel van identiteit te ontwikkel wat hulle in staat sal stel om hul toekomstige rolle te beplan. Indien hulle nie daarin slaag om 'n gevoel van identiteit te ontwikkel nie, lei dit tot roldiffusie, dit wil sê 'n onsekerheid oor hulself, hulle rolle en plek in die samelewing. Hierdie nuwe interpersoonlike dimensie is veral belangrik ná trauma omdat dit adolessente in staat stel om nuwe rolle te integreer en om met ander persone in verhouding te wees (Roos, Du Toit & Du Toit 2002:5). Integrasie kan makliker plaasvind indien toekomsprojeksie tydens trauma gebruik word.

**9.6. Moltman se teologie van hoop**

Alhoewel Jürgen Moltmann (1926 - ), die teoloog van die hoop - soos hy algemeen bekend staan - hoofsaaklik 'n bydrae tot die sistematiese teologie gelewer het, is sy siening oor hoop bruikbaar in pastoraat aan getraumatiseerde adolessente. Vir Moltman (1974:189) handel hoop oor God se beloftes. Hy toon aan hoe dit voorkom in twee makro-verhale van die Bybel en pas dit op die praktyk toe. Moltmann was in 1944 'n agtienjarige soldaat in die Duitse leërmag tydens die Tweede Wêreldoorlog. Daarna was hy in gevangenekampe in België, Skotland en Engeland. In die Belgiese kamp het hy gesien hoe gevangenes innerlik ineenstort, hoe hulle alle *hoop* laat vaar het en hoe hulle siek geword en doodgegaan het omdat hulle nie meer hoop gehad het nie. 'n Kopie van die

Nuwe Testament het Moltmann laat besef dat God agter die doringdraad teenwoordig was. Van toe af het die ervaring van die lewe as gevangene 'n lewenslange indruk op hom gemaak: die swaarkry het die hoop versterk. In sy werk *Theology of hope* (1974) is die eskatologiese hoop die sentrale tema. Dit is oorspronklik geskryf vir interne groepbesprekings. Maar binne twee jaar na verskyning het die boek deur drie uitgawes gegaan en dit is in Engels, Italiaans, Frans, Japanees en Nederlands vertaal. Die boek het hoop gebring in 'n algemeen angstige en pessimistiese wêreld wat na die Tweede Wêreldoorlog aan die orde van die dag was. Met hierdie werk wou Moltmann (1964:101) die oorspronklike hoop aan die Christendom teruggee, aangesien 'n mens met die mag van hoop die oue kan laat gaan en begin met iets nuuts. Moltmann (1964:55) is van mening dat trauma mense hulpeloos uitlewer aan uitsigloosheid, maar dat hulle hulself teen hierdie uitsigloosheid kan verset deur van hoop gebruik te maak. Ek gaan vervolgens twee van die drie kern-konsepte wat volgens Moltmann (1964:120-298) belangrik is vir elke Christelike teologie van hoop bespreek. Die rede waarom ek die twee uitlig is omdat dit van direkte belang by getraumatiseerde adolessente is.

**9.6.1. Die Goddelike belofte**

Eskatologie word nie op profesieë en voorspellings gebaseer nie, maar op God se beloftes. In 'n voorspelling praat iemand oor toekomstige gebeurtenisse wat hyself nie kan voortbring nie. Voorspellings is so vaag dat hulle enigiets wat gebeur kan bevestig. Maar in 'n belofte belowe God plegtig om dit wat Hy sê te doen en Hy waarborg dit met sy getrouheid en dit is ondubbelsinnig. Die fundamentele Goddelike beloftes in die Ou Testament is die beloftes van 'n verbond wat gemaak is met Noag, Abraham, Israel en die Messias. God belowe dat Hy vir hulle 'n God sal wees en hulle sal sy volk wees. Dit is 'n belofte uit vrye wil van God se kant af en Israel het die keuse of hulle God se volk wil wees. In hierdie verbondsbelofte is God teenwoordig. Hy belowe aan hierdie mense sy getrouheid en aangesien getrouheid die essensiële aard van sy Goddelikheid is, is dit ook so met die belofte. Wat belowe word in die belofte en die belofte is een

en dieselfde, naamlik die teenwoordigheid van God. In die teologie van hoop beklemtoon Moltmann hierdie karakter van God se belofte aangesien dit 'n mens krag gee om alles wat mens het en is agter te laat soos Abraham en Sara. Of om soos Israel Egipte te verlaat en dit te waag in die onbekende in deur net te vertrou op die belofte. Die naam wat die Nuwe Testament vir hierdie waagmoed gee is "geloof". In Hebreërs 11:1 staan: "Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie". Die Ewige Een daal neer en deel Israel se lot deur hulle na vryheid te lei. God gaan bedags in 'n wolkkolom saam en snags in vuur en praat met Moses as 'n vriend. God word die metgesel op pad en die mede-lyer van sy volk in die uittog van die wêreld om hulle in die koninkryk van sy glorie te bring. Die *hier* is die belofte van die glorie *daar* en dit is meer as net 'n woord; dit is 'n Goddelike teenwoordigheid wat die lewe met geluk vul, selfs in die ellende van die ballingskap.

So moet die pastor vir getraumatiseerde adolessente daarop wys dat hoop oor God se beloftes gaan. Die feit dat die Uittog-verhaal in Kanaän geëindig het, is vir Moltmann (1964:4) nie net die vervulling van 'n belofte nie, maar die bevestiging van God se trou. Op hierdie bevestiging van God se trou moet "soekers" staan. Ook met die ballingskap-verhaal is God as die God van hoop teenwoordig en kom Hy sy beloftes na. Dit beteken vir getraumatiseerdes dat die hele Skrif die struktuur bevat van 'n belofte in vervulling. Juis God se vervulde beloftes gee aanleiding tot nuwe gestaltes van hoop. Dit laat getraumatiseerdes in die geloof aanbeur na die komende ryk van God.

### 9.6.2. Die verhoging van die gekruisigde Christus as God se belofte vir die wêreld

Die groot wentelpunt van die geskiedenis, wat ook die historiese bewys is van God se vervulde beloftes, is volgens Moltmann (1964:60) die kruis van Christus. Om die inhoud van hierdie hoop en die betekenis van die kruis te begryp, moet die teologie die kruis vanuit die opstanding van Christus interpreteer. Vanuit die opstanding verstaan die mens die hoop van die Christendom as 'n

bevrydingshoop en terselfdertyd ‘n opstandingshoop. Vir Moltmann is 2 Korinthiërs 1:20: “Hy is die “ja” van God, die “ja” op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop “Amen” sê”, die rede waarom hy die opwekking van Jesus uit die dood as God se finale en universele belofte van die nuwe skepping van alle dinge geïnterpreteer het. Die goddelike “ja” en “amen” is die onvoorwaardelike bevestiging van die belofte van sy komende teenwoordigheid. Die vervulling van die belofte het aanvanklik net vir Jesus geraak, maar God het Hom uit die dood opgewek sodat Hy die Eerste kan wees van dié wat volg. Sonder die komende koninkryk van God se glorie en die ewige lewe van die toekomstige wêreld het God se opwekking van Jesus geen betekenis nie, maar sonder sy opwekking het ook die hoop van die Christene geen Christelike grondslag nie. Daarom moet die Christologiese kern van teologie ’n eskatologiese horison hê. “Christian eschatology doesn’t talk about the future as such ... but about Jesus Christ and *His* future” (Moltmann 1974:17). Ten slotte lê Moltmann (1974:221) klem op die aard van die belofte wat “ever-expanding” is: “When fulfilled it is never wrapped up or completed in its fulfilment. For the fulfilment itself creates new horizons”. So is die beloftes van die Ou Testament, alhoewel dit vervul is, nooit afgesluit nie. God vervul sy belofte aan Israel om hulle na die Beloofde Land te bring, maar open weer ‘n nuwe horison van gehoorsaamheid en seëninge. God se belofte van ‘n Messias is vervul in Christus, maar dit open ‘n nuwe horison na die Pinkster en die Wederkoms. Elke vervulling lei tot verdere hoop. Moltman (1966:225) stel dit soos volg: “Hence every reality in which a fulfilment is already taking place now becomes the confirmation, exposition and liberation of a greater hope”. Hoop eindig nooit.

Pastors moet getraumatiseerde adolessente daarop wys dat as God die getraumatiseerde Jesus opgewek het nadat Hy tereggestel was deur die magshouers van hierdie wêreld, dan bring Hy ook ‘n toekoms vir die getraumatiseerdes van hierdie wêreld. Christus se opstanding is die belofte van ’n nuwe toekoms vir getraumatiseerde adolessente. Volgens Moltmann (1974:84) is die Christelike eskatologie ‘n leerstelling oor hoop in die sin dat hoop

gegee moet word as ‘n alternatiewe toekoms vir mense wat swaarkry. Hy is van mening dat "… the theologian is not concerned merely to supply a different *interpretation* of the world, of history and of human nature, but to *transform* them in expectation of a divine transformation" (Moltmann 1981:200). Die kruis van Jesus gaan vir hom nie soseer oor die dood van Jesus nie, maar oor God wat identifiseer met mense se swaakry in die wêreld. So identifiseer God Hom met die “soekers”. Moltmann (1974:227) som dit so op: "God and suffering are no longer contradictions," maar "God’s being is in suffering and the suffering is in God’s being itself, because God is love.”

### 9.7. Hoop en herstrukturering

#### 9.7.1. Trauma Skikkingsindroom

In Hoofstuk 5 het ek die Trauma Skikkingsindroom in diepte bespreek. Ek verwys hier weer net vlugtig daarna voordat ek dit op herstrukturering gaan toepas. Miller (1998:16) het ’n model ontwikkel wat getraumatiseerde adolessente se belewenis van die trauma beskryf. Hy noem dit die Trauma Skikkingsindroom. Die eerste fase is adolessente se belewenis van die trauma waarin daar ’n doodsdreigement, ernstige besering of dreigement van besering of enige ander dreigement is. Die tweede fase behels adolessente se reaksie. Dit mag vrees, magteloosheid en verskrikking insluit (Miller 1998:20). Die derde fase behels die her-beleef van die trauma deur middel van nagmerries, vermyding, terugflitse en denke oor trauma. Tydens fase vier begin adolessente om die trauma te verwerk. Hierdie her-evaluering mag adolessente lei om hulle reaksies op die trauma en die meegaande rou, beter te verstaan. Indien getraumatiseerde adolessente reeds ’n mate van abstrakte denke bemeester het, sal dit die fase vergemaklik. Hanteringsstrategieë help getraumatiseerde adolessente om die betekenis van die trauma op hulle identiteit te aanvaar en op te los sonder gevoelens van twyfel of skuld (Miller 1998:18). Herstrukturering is ’n bruikbare

hanteringstrategie wat pastors in hulle werkwyse met getraumatiseerdes kan gebruik. Herstrukturering maak gebruik van toekomsvisualisering en hoop ten einde adolessente te lei om heel mense te word.

Furman, ’n psigiater wat spesialiseer in die adolessensie, gebruik saam met sy kollega Ahola, die metode van herstrukturering in hulle terapie. Furman & Ahola (1992:6) versoek getraumatiseerde adolessente om hulself in die toekoms te projekteer (byvoorbeeld ’n paar weke vorentoe, ses maande en ’n jaar). Vervolgens moet hulle die teenswoordige lewe vanuit die toekoms beskryf, met ander woorde, lank nadat die trauma gebeur het. Die getraumatiseerdes verduidelik dan wat hulle dink die verskil tussen die toekoms en die teenswoordige is en verskaf redes vir hulle antwoord. So word hulle geleer om op die toekoms, waar die trauma iets van die verlede is, te fokus. Die rede waarom Furman & Ahola (1992:7) hierdie werkswyse gebruik, is omdat hulle opgemerk het dat getraumatiseerdes geneig is om op die verlede te konsentreer omdat dit dan makliker is om ander te blameer en sondebokke te soek. Die gevolg is dat die verlede as die bron van getraumatiseerdes se probleme beskou word. Deur op die toekoms te fokus, begin getraumatiseerdes die verlede as die bron van hulle groei na heel mense te sien.

**9.7.2. “Revising the past”**

Furman & Ahola (1992:19) gebruik die voorbeeld van ’n vrou wie se ma haar vir ure lank in ’n donker kas toegesluit het toe sy ’n kind was. Hierdie vrou het later in haar lewe ’n kuns-onderwyseres geword en kinders gehelp om hulle verbeeldingswêreld te ontwikkel deur van kuns gebruik te maak. Tydens die beradingsessie het sy aan die berader vertel dat haar ma haar op gereelde basis in ‘n donker kas toegesluit het. Die berader het nie die trauma gereduseer nie. Sy wás die slagoffer van kindermishandeling. Hy het wel vir haar die vraag gevra: “Wat het jy in die kas gedoen sodat jy nie mal van vrees geword het nie?” Sy het geantwoord: “Ek het my verbeelding gebruik. Ek het aan myself gedink op ’n ander plek, in ’n park, in die veld.” Die berader het geantwoord: “En is dit nie wat jy nou met jou leerlinge doen nie? Die donker kas het jou ’n manier

gegee om die donker te hanteer en dit is vandag die tegniek wat jy met jou leerlinge gebruik." Sy het nog nooit voorheen die verbinding gemaak nie.

Hierdie metode van Furman & Ahola (1992:19) noem Capps (1994:84) "revising the past" en dit word gebruik om 'n persoon se persepsie van wat moontlik in die toekoms is, te verander. Verandering word moontlik gemaak wanneer 'n mens die betekenis van sekere gebeure in die verlede verander. Capps (1994:85) is van mening dat "revising the past" teologies verstaan kan word in die lig van God se genade. God is in staat om die geweld en trauma wat teen mense gepleeg word te verander in iets beters as wat getraumatiseerdes dit kon voorstel. Dit is in God se aard om te hoop (Capps 1994:85). Die wêreld en die mens bestaan omdat God gehoop het om iets nuuts te maak. Hierdie hoop het 'n groot risiko vir God ingehou en die geskiedenis van die mensdom beskryf hierdie risiko.

### 9.7.3. Hoop as deug

Erikson (1963:220-290) se teorie oor menslike ontwikkeling word wyd aanvaar en speel 'n groot rol in alle menslike en sielkundige ontwikkelingsteorieë. Hy toon aan dat die deug van hoop tydens kinderjare verkry word. Die konsep van vertroue en wantroue is dwarsdeur 'n mens se lewe teenwoordig. As die konsep nie aangespreek word gedurende babajare nie, mag dit 'n negatiewe uitwerking op mense hê. Dit kan daartoe lei dat hulle nooit ten volle hulself in die wêreld word nie. As mense nie leer om hulself, ander mense en die wêreld te vertrou nie, verloor hulle die deug van hoop wat direk verbind is met hierdie konsep. En as mense hulle geloof in hoop verloor, sal hulle sukkel om mislukkings en slegte tye in hulle lewe te oorkom. Vir Erikson is die babajare gevolglik belangrik om die deug van hoop aan te leer:

> Every adult, whether he is a follower or a leader, a member of a mass or of an elite, was once a child. He was once small. His triumphs will be measured against this smallness, his defeats will substantiate it. The questions as to who is bigger and who can do or not do this or

> that, and to whom – these questions fill the adult's inner life far beyond the necessities and the desirabilities which he understands and for which he plans.
>
> (Erikson 1950:224)

### 9.7.4. Omskrywings van herstrukturering

Herstrukturering kan omskryf word as "to change the conceptual and emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the 'facts' of the same concrete situation equally well of even better and thereby changes its entire meaning" (Capps 1990:128).

Watzlawick, Weakland & Fisch (1974:95) gee die "klassieke omskrywing" van herstrukturering: "To reframe, then, means to change the conceptual and emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the 'facts' of the same concrete situation equally well or even better and thereby changes its entire meaning".

Hierdie metode bied bruikbare insigte wanneer daar met getraumatiseerde adolessente gewerk word. Eksponente van die metode van herstrukturering is onder andere: Watzlawick, Weakland & Fisch (1974), Bandler & Grindler (1979) en Capps (1990).

Om dinge in 'n nuwe lig of vanuit 'n nuwe perspektief te sien – dit wil sê die vermoë agter herstruktureringsintervensies – sorteer onder die epistemologie van die teorie van kennis binne die filosofie. Baie nadenke wat verbind is aan hierdie vaardigheidsvermoë kan nagespoor word tot by Immanuel Kant (1724-1804) se Kopernikus rewolusie in epistemologie. Tydens die 16$^{de}$ en 17$^{de}$ eeu kry 'n mens die verandering van 'n Ptolomeese paradigma na 'n Kopernikaanse paradigma. Claudius Ptolomeus (ca tweede eeu nC) en Nicholas Kopernikus (1473-1543) het albei 'n prentjie van die heelal as 'n geheel en van die aarde se plek in die heelal gegee. Kopernikus het geglo dat dit die son is wat stilstaan en die aarde en ander hemelliggame wat om die son draai. Ptolomeus daarenteen het geglo dat die son om die aarde draai en dat die aarde die middelpunt van die heelal is. Die Ptolomese paradigma was dominant in die Westerse wetenskap

vir 1500 jaar totdat Kopernikus gekom het. Die verandering van 'n Ptolomese - na 'n Kopernikaanse paradigma is 'n herstrukturerings-meganisme omdat albei paradigmas maniere is om na dieselfde verskynsel (die heelal) te kyk, maar die verskynsel word verskillend gesien.

Volgens Kant (1724-1804) is die mens se brein nie 'n passiewe ontvanger van kennis in waarneming nie, maar die brein is aktief en selektief in die proses. Herstrukturering is 'n sentrale tema in 'n verskeidenheid filosowe se werke soos Gadamer (1960) en Rorty (1980, 1989).

### 9.7.5. Aard van herstrukturering

Bandler & Grindler (1979) toon in hulle werk, *Reframing: Neuro-Linguistic Programming* aan dat die betekenis wat enige gebeurtenis het, afhang van die raamwerk waarin die spesifieke gebeurtenis geplaas word. Wanneer die raamwerk verander, verander die betekenis. "This is called reframing: changing the frame in which a person perceives events in order to change the meaning. When the meaning changes, the person's responses and behaviour also change" (Bandler & Grindler 1979:1-5).

Die werk van Watzlawick, Weakland & Fisch (1974), *Change: Principles of problem formation and problem resolution,* bied 'n sistematiese teorie van verandering aan, wat die herstruktureringsmetode ondersteun. Volgens die genoemde persone is daar twee soorte veranderings naamlik: eerste orde verandering en tweede orde verandering. Eerste orde verandering geskied in 'n gegewe sisteem wat onveranderd bly. 'n Voorbeeld van eerste orde verandering word deur Watzlawick, Weakland & Fisch (1974) gegee: 'n persoon wat in die nag droom, kan 'n verskeidenheid handelinge in die droom uitvoer soos byvoorbeeld hardloop, vlug, of wegkruip. Nie een van hierdie gedragsveranderings sal die droom tot 'n einde laat kom nie. Tweede orde verandering verander die sisteem. Tweede orde verandering vind plaas wanneer daar verandering is vanaf die droom na wakker word (Watzlawick, Weakland & Fisch 1974:116). Alhoewel baie situasies in die lewe net eerste orde verandering verg, is daar situasies waar eerste orde verandering onvoldoende is

(Watzlawick, Weakland & Fisch 1974:116). Watzlawick, Weakland & Fisch (1974:81-82) skets 'n verhaal om tweede orde verandering te illustreer. Gedurende een van die baie 19de eeuse oproere in Parys het die kommandeur van die weermag opdrag ontvang om op opswepers in die stadsvierkant te vuur. Hy het sy soldate beveel om posisies in vuurlinies te vorm en hulle gewere op die skare te rig. Terwyl daar 'n doodse stilte gekom het, het hy op sy hardste geskreeu: "Dames en here, ek het opdrag gekry om op die opswepers te vuur. Maar omdat ek 'n groot getal eerlike, respektabele inwoners voor my sien, vra ek dat hulle die plein verlaat sodat ek met veiligheid op die opswepers kan skiet". Die plein was binne minute leeg (Watzlawick, Weakland & Fisch 1974:81-82). Tweede orde verandering het in bogenoemde voorbeeld deur herstrukturering gekom. Die offisier het voor 'n dreigende skare te staan gekom, met tipiese eerste orde bevele om die vyandigheid met vyandigheid teen te staan. Sy manskappe was gewapen terwyl die skare ongewapen was en derhalwe is daar min twyfel dat dit sou slaag. In die groter konteks sou hierdie verandering egter geen verandering teweeggebring het nie, maar slegs die bestaande onrus aangehits het. Deur sy ingrepe het die offisier 'n tweede orde verandering gebring. Hy het die situasie buite die raamwerk (homself en die skare) geneem en dit op so 'n manier geherstruktureer dat dit vir al die betrokkenes aanvaarbaar was.

Capps (1990:27-45) verskaf vier kenmerkende eienskappe van tweede orde verandering wat die herstruktureringsmetode ondersteun. Hy is van mening dat dit 'n verskil kan maak tussen suksesvolle en minder suksesvolle herstrukturering. Die eienskappe is die volgende:

#### 9.7.5.1. Skynbaar teenstrydige ingrepe

Hierdie tegniek behels dat getraumatiseerde adolessente aangemoedig word om te wens dat dít wat hulle vrees, wél met hulle sal gebeur. Wanneer pastorante wens dat dit gebeur, ontdek hulle dat dit nie gebeur nie, juis omdat die wens en die vrees twee teenoorgesteldes is wat mekaar neutraliseer. Volgens Capps (1990:29) het hierdie tegniek beperkinge in die sin dat sommige mense meer as

ander geskik is vir skynbaar teenstrydige ingrype. Hy is van mening dat hierdie metode ontoepaslik is by depressiewe mense omdat die "... paradoxical formulation may appear to be a mockery of their condition. Instruction (sic!) a person who is depressed to experience deeper levels of depression is cruel." Hierdie metode is wel toepaslik in gevalle van akute rou: "...as when a therapist asks a bereaved husband whether he would want his wife back even for a little while, if this would mean that she would have to go through her painful death all over again?" Capps (1990:30). Skynbaar teenstrydige ingrype is ook geskik wanneer dit gebruik word om vrees te hanteer (Capps 1990:30). Vrees en rou is twee emosies wat getraumatiseerde adolessente beleef en daarom sou hierdie metode wel toegepas kon word waar nodig.

**9.7.5.2. Wegweerkaatsing ("Dereflection")**

Dit dien geen doel om getraumatiseerdes aan te moedig om *nie* oor die trauma te dink nie, omdat dit *juis* hulle aandag sal vestig op dit wat hulle probeer vermy. Hierdie tegniek stel voor dat getraumatiseerdes aan iets *anders* moet dink om sodoende afstand te kry van teenswoordige gedagtes. Daarmee word die denke op meer positiewe dinge gerig soos byvoorbeeld gesonde aktiwiteite wat hulle lewe verryk. Dit is veral van waarde vir adolessente wat baie negatief oor hulleself dink. Dit is ook voordelig om hierdie metode toe te pas by getraumatiseerde adolessente wat aanhoudend aan die trauma dink.

**9.7.5.3. Die illusie-alternatief**

Die illusie alternatief is 'n bruikbare tegniek in situasies waar een persoon 'n ander op 'n sekere manier wil laat optree, maar aanvoel dat die ander een weerstand gaan bied. In plaas van pleidooie of dreigemente wat die ander persoon meer koppig kan maak, bied pastors aan pastorante 'n keuse tussen twee sake, maar dit sluit die moontlikheid om niks te doen nie, uit. Capps (1999:35) gee die volgende voorbeeld: "Wil jy bed toe gaan om 19h45 of om 20h00?" Die keuse wat vir die ander een aangebied word, sluit nie 'n keuse in of hy of sy bed toe wil gaan of nie. "It merely offers flexibility as to when this

outcome will be accomplished" (Capps 1996:35). Capps (1996:35) bied die volgende stelling as voorbeeld aan: "Wil jy hierdie week beheer oor jou gedrag kry of volgende week? Miskien is dit te vroeg. Miskien het jy drie of vier weke nodig" (Capps 1996:36). Hierdie stelling impliseer dat getraumatiseerde adolessente die vermoë het om die geïmpliseerde verbetering te kan uitstel. Dit impliseer ook dat hulle net sowel onmiddellik kan verbeter. Pastorante kan kies wanneer verbetering moet intree. Dit impliseer dat daar nie twyfel bestaan oor die feit dát verbetering moet plaasvind nie. Getraumatiseerdes het nie 'n keuse of hulle beheervermoë oor die probleem het nie. Deur vir hulle sekere vryheid van keuse te gee oor die tydstip waarop die verbetering moet kom, word die illusie van keuse en beheer aan die kant van pastorante geskep.

Hierdie metode kan ook by slagoffers van verkragting toegepas word. Tydens verkragting voel slagoffers magteloos. Indien alle vorme van beheer ná die trauma uit hulle hande geneem word, soos byvoorbeeld dat hulle nie 'n keuse het waar hulle voorts gaan bly nie, voel dit vir hulle of hulle weer in die oorspronklike trauma teruggeplaas word as gevolg van dieselfde gevoel van magteloosheid. Daarom moet slagoffers van verkragting na afloop van die trauma voel dat hulle in beheer is deur byvoorbeeld self besluite te neem. Ongelukkig kan getraumatiseerdes nie goeie besluite neem nie as gevolg van deurmekaar denke en swak konsentrasie. Met hierdie metode kan daar vir die slagoffer besluite geneem word terwyl sy voel dat sy dit self neem en in beheer is.

Die pastorale interaksie het volgens Müller (1996:165) herstrukturering in die oog. 'n Voorwaarde vir herstrukturering is wanneer mense hulle trauma objektiveer en personifieer (Müller 1996:165). Dit stel mense in staat om hulle los te maak van daardie dominante verhale wat hulle lewens en verhoudinge gedurig vorm. Sodoende word die moontlikheid geskep dat hulle hul verhaal op 'n nuwe manier kan herskryf.

Capps (1996) se metode van herformulering maak diagnose oorbodig en is sodoende in lyn met die postmoderne denke waar die pastor nie 'n diagnose aanbied nie, maar saam met die pastorant na antwoorde soek. Die fokus vir

verandering kan sodoende val op die meer toeganklike en voorhande domein van taal en betekenis. Mense se waarneming en gedrag verander wanneer die woorde of betekenis wat hulle aan gebeure heg, gewysig word. Die verandering wat deur herformulering teweeggebring word, steun op die bedrieglike verhouding tussen taal en werklikheid. Dieselfde werklikheid kan op verskillende maniere beskryf word. Wanneer ‘n bepaalde beskrywing van die werklikheid as problematies ervaar word, moet alternatiewe beskrywings gegenereer word. Dit is egter nie enige beskrywing wat verandering moontlik maak nie. ‘n Samehang moet plaasvind tussen die pastor se beskrywing, die pastorant se beskrywing en die situasie wat beskryf word.

Gedurende adolessensie leer adolessente hoe om op die vraag: “Wie is ek?” te antwoord. Vir Erikson (1968:59) is dit nodig om deur ’n oorgangsstadium te gaan wat die psigososiale moratorium genoem word ten einde die identiteitskrisis op te los. Dit is ’n tydperk waartydens individue min verpligtinge het en in staat is om te soek, te bevraagteken en met verskillende rolle en geloofstelsels te eksperimenteer. Hulle kan byvoorbeeld met verskillende beroepsrolle eksperimenteer deur verskillende universiteitskursusse aan te durf of verskillende soorte vakansiewerk te doen. Gedurende hierdie tydperk word hulle die geleentheid gegee om te eksperimenteer sonder dat daar noodwendig van hulle verwag word om te slaag. Mislukking kan in hierdie stadium toegelaat word en hoef nie ernstige emosionele, ekonomiese en sosiale gevolge te hê nie. Indien hierdie tydperk van eksperimentering egter onbepaald voortgesit word, kan dit lei tot ’n onvermoë om volwasse verantwoordelikhede te aanvaar (Gerdes 1988:311). Gedurende die adolessensie sukkel adolessente met rolverwarring versus rol-identiteit. Adolessente bevraagteken wie hulle is en waarheen hulle op pad is. In die proses ontwikkel hulle hul eie selfkonsep in teenstelling met die selfkonsep wat van ander verkry is. Hierdie proses behels ’n bevraagtekening van die basiese samelewing, moraliteit en godsdiens.

Herstrukturering kan so ’n verwarde adolessent wat deur die trauma nog meer verward geraak het, help om anders oor die trauma te dink.

**9.7.6. Kategorisering se rol in herstrukturering**

Om herstrukturering beter te verstaan is dit nodig om te weet wat kategorisering is. Kategorisering verminder die toevloei van informasie wat die mens elke moment moet hanteer. Kategorieë help die mens om die wêreld te vereenvoudig (Fiscke & Morling 1995:94). Lakoff (1987:29), 'n kognitiewe sielkundige, is van mening dat "... categorization does enter into our experience of seeing, and not all of us categorize the same things in the same way. Different people, looking upon a situation will notice different things. Our experience of seeing may depend very much, on what we know about what we are looking at". Kategorisering help mense om in elke situasie " ... to go beyond information given" (Bruner, Goodnou & Austin 1956:114). Deur 'n kategorie te kies of op te roep maak 'n mens 'n deur na 'n biblioteek van inligting oop wat verbind is aan hierdie kategorie in 'n mens se geheue. Hierdie informasie sluit al die data in wat 'n mens nodig het om dinge te verstaan, voorspel en op te tree. Hierdie informasie word in konsepte of raamwerke gestoor. Wanneer mense verskillende kategorieë gebruik, word verskillende informasie in die brein geaktiveer en dit beïnvloed persepsies en gedrag in daardie situasies.

Kant (1724-1804) is van mening dat die mens se brein 'n aktiewe rol speel om die wêreld te konstrueer. Volgens hom word die wêreld gesien in kategorieë en hierdie kategorieë is konstante eienskappe van die brein.

Kognitiewe sielkunde bestudeer die innerlike verstandelike prosesse soos probleemoplossing, geheue en taalgebruik. Die kognitiewe sielkunde se wortels is in die Gestalt sielkunde van Max Wertheimer (1880 – 1943), Wolfgang Köhler (1887 – 1967), en Kurt Koffka (1886-1941). Ander eksponente van die kognitiewe sielkunde is onder andere Jean Piaget (1896 – 1980), Aaron T Beck (1921 - ), Fergus Craik (1935 - ), Albert Ellis (1913-2007), Frederic Bartlett (1886-1969), James McClelland ( 1948 - ), Eleanor Rosch (1938 - ) , Saul Sternberg (1933 - ), Lev Vygotsky (1896-1934) en Elizabeth Spelke. (1949 - ). Die kognitiewe sielkunde toon aan dat kategorieë kan verander en dat dit binne bereik van die mens se bewuste keuses is (ten minste gedeeltelik). Mense se kenmerkende manier om die omgewing waar te neem word beïnvloed deur hulle

behoeftes en praktiese belangstelling: hulle neem die aspekte van die omgewing waarin hulle belangstel en wat vir hulle belangrik is, in. So merk mens verskillende dinge op soos wat mens se belangstellings verander.

### 9.7.7. Herstrukturering met die oog op heelwording

Met trauma is tweede orde verandering dikwels noodsaaklik om heel te word. Die verhaal van die getraumatiseerde adolessent word herskryf en kry 'n ander wending. Heling deur middel van herstrukturering vind op twee vlakke plaas. Van der Schaaf & Dreyer (2004) stel dit so: "Het eerste is dat van het aardse niveau, die justiële weg, die weg van genoegdoening. Het tweede niveau is dat van het geloof, de spiritualiteit, de vrijspraak." Getraumatiseerde adolessente word vry van die neerdrukkende mag wat die oortreders op hulle het. Die verhouding tussen die oortreders en getraumatiseerde adolessente en die verhouding tussen getraumatiseerde adolessente en God verander. Daar is nie meer 'n direkte verband tussen oortreders en getraumatiseerde adolessente nie. Die getraumatiseerde adolessente het vergewe en dit maak hulle heel. Wanneer getraumatiseerde adolessente heel is kan hulle ander getraumatiseerde adolessente help om heel te word.

Pastors speel in bogenoemde proses 'n belanglike rol. Saam met getraumatiseerde adolessente soek hulle agter ("beyond") die verhaal. Indien dit nie gebeur nie bly getraumatiseerde adolessente op die vlak van eerste orde verandering. Indien pastors en adolessente wel in staat is om "beyond" die trauma-verhaal te kom vind tweede orde verandering plaas en sal die situasie waarin die getraumatiseerde adolessent hulself bevind verander. Getraumatiseerde adolessente is dan nie meer slagoffers nie. Hulle is heel.

Ek het in Hoofstuk 6 aangetoon op watter manier Otto herstrukturering in sy *fascinans* motief gebruik en dat die transformasie vanaf *tremens* na *fascinans* heling van die akute trauma by adolessente kan bewerkstellig. Getraumatiseerdes kan gelei word om te ervaar hoe God hulle trauma betree. Dit sal óf 'n oorweldigende gevoel, óf vrede in hulle wakker maak. Hulle kan God ontmoet binne hulle verwardheid en die onstabiliteit rondom hulle. Die

verwondering kan weer hulle vertroue in God herstel. In die verwarde wêreld met hulle verwarde emosies kan hulle God ontmoet en in verwondering voor Hom staan. Die ontsag en angs mag só oorweldigend groot wees dat dit lyk asof dit die kern van hulle wese indring. Maar dit kan ook so sag soos ’n ligte windjie wees wat oor hulle gemoedere waai (Otto 1923:42).

Ek het in Hoofstuk 7 aangetoon hoe Girard gebruik maak van hersturkturering in sy *sondebok* motief. Omdat geweld in baie soorte akute trauma ’n groot rol speel en ook omdat daar na ’n traumatiese ervaring dikwels na ’n sondebok gesoek word is, Girard se teorie in hierdie verband bruikbaar gevind. Deur die sondebok-teorie van Girard op die soteriologie van Jesus toe te pas en op sy vergifnis te fokus, kan die getraumatiseerde (gekruisigde) Jesus adolessente se rolmodel (mimesis) word, eerder as dat hulle soek na identiteit by hulle eie portuurgroep. So kan daar by hulle ná vergifnis tweede orde verandering plaasvind.

### 9.7.8. Waarde van herstrukturering

Meichenbaum & Fritzpatrick (1993:489) beklemtoon die gebruik van herstrukturerings tegnieke: “Individuals do not merely respond to events in and of themselves, but they respond to their interpretation of events and to their perceived implications of these events”. Meichenbaum & Fritzpatrick (1993:489) gebruik herstrukturering om die simptome van post-traumatiese stres te normaliseer. Hulle sien die simptome as ‘n probleem in die sin dat die simptome oorspronklik bruikbaar was om die trauma te hanteer, maar dat hulle neig om aanhoudend te word wanneer hulle nie langer nodig is nie. Hulle verduidelik dit as volg:

> ... I help people who have PTSD to appreciate that their intrusive thoughts, hyper vigilance, denial, dissociation, dichotomous thinking, and moments of rage each represent coping efforts, and metaphorically reflect the “body’s wisdom”. For example, intrusive thought may reflect ways of making sense of what happened, as attempts to “finish the story”, to answer “why” questions. Denial may

> be an attempt to "close oneself," dealing with limited amounts of stress at a given time – a way to take a "time out". Hypervigiliance may seen as being on continual "sentry duty" when it is no longer needed.
>
> (Meichenbaum & Fritzpatrick 1993:489)

McArnarey & Hendee (1989:77) wys getraumatiseerde adolessente hoe om herstrukturering te doen met "bad events so as to stubbornly refuse to make themselves depressed and miserable about them, and instead only make themselves feel healthily sorry and disappointed".

Die filosoof Epictetus (55-135 nC) kan die vader van herstrukturering genoem word. Sy eie geskifte het nie bewaar gebly nie en daarom moet ons op sekondêre bronne steun. Een van die kerndoelwitte van sy Stoïsynse skool was om vrede in elke situasie te kry, al is dit hoe moeilik. Dit is verkry deur vinnige verandering in denke. Epictetus se bekendste beginsel is: "It is not the things themselves that disturb people but their judgements about those things" (Epictetus, Handbook 5, in Gill 1995:289).

Janof-Bulman (1992:123) dui aan dat navorsing daarop dui dat slagoffers van traumatiese gebeure dikwels hulle trauma in 'n positiewe lig herstruktrueer.: "Victims often report benefits gained from their traumatic experience, including self-knowledge, a reordering of priorities, and a reappraisal of their life. By emphasizing benefits derived or lessons learned from the experience, victims can continue to believe that the world is a benevolent, just place and that they are worthy people."

### 9.8. Waarde van hoopterapie

Die vraag ontstaan waarom die pastoraat nie tot dusver die bruikbaarheid van die hoopkategorie in pastorale terapie besef het nie. Louw (1999:555) antwoord dat dit is omdat pastors behep is met tegniek wat waarneembare resultate moet lewer. Die pastor is dikwels meer op aksie en handeling ingestel as op die ontdekking wie hulle is en wie die nuwe mens in Christus is. Die pastor voel verleë met die term "hoop" omdat hy met die vraag worstel: "Hoe moet ek nou

die hoop bedien sodat mense se lewe kan verander?" Tot dusver het die pastor nie besef dat dit in 'n pastorale terapie nie noodwendig om 'n spesifieke tegniek en metode gaan nie, maar 'n nuwe wyse van bestaan en nuwe lewensperspektief (Louw 1999:534). Sonder die hoopbegrip sal wanhoop by getraumatiseerde adolessente regeer. Om vir getraumatiseerdes te wys dat daar hoop is, nie deur eie pogings nie, maar deur God, is die mees vrymakende boodskap wat 'n persoon kan hoor. Die is die boodskap wat die getraumatiseerde kan lei om die numineuse te beleef. Die herontdekking van die misterie van die geestelike sou vir getraumatiseerde adolessente hoop kon bring. In Hoofstuk 6 het ons aangedui dat die toeëiening van die numineuse die *tremens* (verskrikking) in *fascinans* (bewondering as reaksie op God) kan omskep sodat die adolessent by meer uitkom as net "soek". Dit laat hulle besef dat God nie 'n bo-natuurlike wese is nie, maar dat God te make het met die kern van hulle bestaan, dit wil sê die heilige misterie wat rondom hulle bestaan en hoop in die trauma gee.

# Hoofstuk 10
# Bevindings

## 10.1. Terugskouing en slotopmerkings

In hierdie studie het ek uitgewys dat Suid-Afrika ’n hoë misdaadsyfer het en dat geweld en misdaad in besonder teen adolessente gepleeg word. Adolessente is individue in die lewensperiode tussen kind en volwassene. Hulle is “soekers” en uit jeugstudies het ek aangedui hoe hulle identiteit in die portuurgroep vind. Daarom is hierdie tydperk die periode wanneer hulle hulself herdefinieer, nuwe dimensies ontdek, hulle selfbeeld wysig en met ’n nuwe selfkonsep vorendag kom. Trauma werk ontwrigtend op hulle ontwikkeling in. Ek het uit navorsing daarop gewys dat, omdat kinders en adolessente se breine nog nie sodanige vermoëns ontwikkel het nie, dit vir hulle moeilik is om deur die trauma te werk (Miller 1998:91). Adolessente se ervaringsveld is kleiner as volwassenes s’n en daarom het hulle ’n kleiner voorraad van suksesvolle hanteringsmeganismes waarop hulle kan steun (Miller 1998:90). Hierdie beperkte denkprosesse verminder hulle vermoë om elke keer ’n nuwe manier van aanpassing by trauma te vind.

Trauma is aan die toeneem en die vraag ontstaan in welke mate pastors toegerus is om trauma te hanteer en om meer spesifiek adolessente pastoraal te begelei. Ek het aangetoon dat daar ’n leemte aan navorsing is wat fokus op pastoraat vanuit ’n postmoderne perspektief aan adolessente wat ’n akute trauma beleef het. Om ’n sinvolle bydrae op hierdie gebied te lewer het ek van drie teorieë gebruik gemaak naamlik dié van Rudolf Otto (1869 – 1937), René Girard (1923 - ) en Donald Capps (1990, 1993, 1994, 1996). Ek het geen literatuur kon vind wat Girard of Otto se teorie met getraumatiseerde adolessente verbind nie.

Ek het Rudolf Otto (1923) se teorie oor die numineuse bruikbaar gevind om getraumatiseerde adolessente te begelei tot heelwording. Ek het aangetoon dat getraumatiseerde adolessente baie verward is omdat die kritiese denke, wat hulle tydens adolessensie ontwikkel en wat twyfel kan veroorsaak, binne die

trauma situasie verwardheid bring. Ek het ook Mircea Eliade (1987), wat van mening is dat adolessente “soekers” is wat die geestelike betref, se werk bespreek. Vir “soekers” sou dit helend wees indien hulle in hierdie verwarde adolessensie- en trauma-tyd die misterie van die geestelike kan herontdek. Dit is nie ’n intellektuele paradoks nie, maar ’n geestelike belewenis. Die religieuse ontwikkeling van adolessente is van so ’n aard dat daar by hulle baie klem op die nie-rasionele val, wat dit maklik maak om hulle die numineuse te laat beleef. As die numineuse ervaar word, is daar twee gevolge, naamlik ’n ervaring van verwondering en ’n ervaring van vrees in die sin van diep respek en afstand. Ek het in diepte bespreek hoe getraumatiseerde adolessente begelei kan word om God binne ’n verwarde postmoderne wêreld te ontmoet. Deur die toeëiening van die numineuse kan adolessente by meer uitkom as net “soek”.

In hierdie studie het ek ook René Girard (1965, 1977, 1978, 1979, 1986, 1987, 1993) se teorie oor nabootsende geweld en die sondebok-meganisme gebruik omdat dit lig werp op getraumatiseerde adolessente se verwerking van die trauma. Ek het aangetoon dat die sondebok-meganisme teorie ’n mens help verstaan hoe mense geweld verwerk deur iemand óf iets te blameer. Girard (1986:156) meen dat die kennis oor die werking van die sondebok-teorie nie geweld minder maak nie, maar “... this knowledge must be added to the will to forgive”. Ek het vergifnis in detail bespreek. Vergifnis is die sleutel vir mense wat die verskrikking van hulle verlede wil oorkom. Ek het aangetoon dat en hoe Girard lig werp op hierdie onderwerp. Adolessente het veral behoefte aan rolmodelle (Baumeister 1990:518-520). Rolmodelle word onder andere op televisie gevind. Hulle sien hoe ‘n held optree wanneer hy te na gekom word, hulle sien sy weerwraak en neem dan aan dat dit die korrekte optrede is. Die huidige samelewing is gefassineer deur geweld. Henslin (1994:110) stel dit so: “It may seem bizarre to members of other cultures, but murder is a major form of entertainment in American Society. Night after night we watch shootings, strangulations, stabbings, slashing, beatings, bombings and various other forms of mutilation and mayhem flashing across our television screens – all in living color”. Daar is soveel geweld op televisie en dit veroorsaak dat mense meer

verdraagsaam teenoor oortreders word. Die televisie leer kinders en adolessente oor wraak en weerwraak. Mense kan nie lewe te midde van geweld nie, ook kan hulle nie oorleef deur geweld te ignoreer nie. Pastors moet getraumatiseerde adolessente begelei om Jesus as rolmodel na te volg en om soos Jesus te word. Ek het aangetoon dat deur Girard se teorie oor die kruis van Jesus toe te pas, die getraumatiseerde en gekruisigde Jesus die rolmodel van “soekers” kan word, eerder as die soeke na identiteit by hulle portuurgroep. Ek het aangetoon dat getraumatiseerde persone waardeloos voel en nie selfhandhawend kan optree nie. Hulle selfbeeld is aangetas deur vernedering, skuld en magteloosheid. Omdat tienerjare juis die tyd is waarin ‘n mens ontdek wie hy of sy is, kan ’n trauma in daardie tyd baie vernietigend wees, want dan hou die brein hom besig met ander dinge as identiteitsvorming en dit maak dat adolessente ‘n sondebok probeer vind. ’n Maklike teiken is die adolessent self en daarom blameer hulle hulself vir die trauma, al is daar nie rasionele denke betrokke nie. Girard wil deur die sondebok-meganisme te ontbloot, beter begrip by mense wek oor die manier waarop hulle trauma hanteer.

Uiteindelik het ek Capps se teorie oor hoop en herstrukturering bruikbaar gevind omdat dit adolessente weer hoop vir die toekoms kan gee. In Capps (1996) se werk bied hy ‘n model oor hoop aan. Sy pastorale model is gebruik omdat hy klem lê op die feit dat pastors die draers van hoop is. Hy is van mening dat ’n kerntaak van die pastor is om ‘n “provider of hope” te wees (Capps 1996:12). Dit is waar dat ander beroepe ook hoop aanbied, maar dit is net ’n gedeelte van wat hulle aanbied. Pastors, aan die ander kant, is meestal nét draers van hoop. Dit is hierdie taak van ’n pastor wat hom of haar van ander beroepe onderskei. Om hoop te skep is ‘n sentrale bestanddeel van die terapeutiese proses. Hoopterapie geskied met behulp van herstrukturering omdat daar anders oor die situasie gedink moet word. Hiervoor is Capps se werk, *Reframing: New method in pastoral care* (1990) as raamwerk gebruik. Met Borg se werk, *Meeting Jesus again for the first tim*e (1994) het ek inhoud aan die konsep van “hoop” uit ‘n postmoderne invalshoek gegee. Borg (1994, 1996) is ’n

sterk voorstander van die narratiewe omdat dit die emosies van die mens in ag neem. Soos wat godsdienstige wette riglyne gee oor menslike gedrag, en die teologie en leerstellings mense meer insig in geloof gee, spreek verhale die belewenisse van mense aan. Borg (1994:121) stel dit so "… stories appeal to the imagination to that place within us where our images of reality, life and ourselves reside." Sodoende bring hy hoop nader aan die ervaring van die numineuse. Ek het ook kernelemente uit die hoopteologie van Moltmann (1926 - ) bespreek. Die waarde van Moltmann (1966) se denke vir hierdie studie is daarin geleë dat hy hoop koppel aan twee belangrike teologiese momente: God se identifikasie met menslike lyding via die kruis en die verband tussen God en die oorwinningsperspektief van die opstanding. Volgens Moltmann (1974:33) is die enigste metode om hoop te genereer, blootstelling aan God se trou. Dit beteken dat daar gepoog moet word om mense se Godskonsep te beïnvloed en te verander. Hierdie verandering kan gegenereer word wanneer die persoon met Skrifbeloftes gekonfronteer word en dit word in hierdie studie aan Borg (1994) se meta-verhaal model gekoppel.

## Literatuurverwysings


Abel, T, Martin, K C & Kandel, E R 1998. Memory suppressor genes: Inhibitory constraints on the storage of long-term memory. *Science* 279(3), 338-341.

Adams, J E 1973. *The Christian counselor's manuel*. Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Adams, J E 1974. *Shepherding God's flock*, Vol 1. Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Adams, J. E 1977. *Competent to counsel.* Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Adams, J E 1977. *The use of the Scriptures in counseling*. Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Ambler, R 1995. Where on earth is God?, in Young, F (ed), *Dare we speak of God in public?,* 90-99. London: Mowbray.

American Adademy of Pediatrics 2001. Media violence. *Prediatrics* 108, 1222-1226.

Anderson, R & Dartington, A 1998. *Facing out. Clinical Perspectives on adolescent disturbance.* New York: Routledge.

Anderson, H & Foley, E. 1998. *Mighty stories, dangerous ritual: weaving together the human and the Divine.* San Fransisco, CA: Jossey-Bas.

Anderson, H 2001. *The family and pastoral care*. London: Routledge.

Ariés, P 1962. *Centuries of childhood*. New York: Random House.

Aristoteles 1965. *On art of poetry in classical literary criticism*. Translated by T S Dorsch. Harmondsworth: Penguin Books.

Armfield, F 1994. Preventing PTSD resulting from military operations. *Military Medicine* 159, 739-746.

Arsenault, P 2004. Validating generational differences: A legitimate diversity and leadership issue. *Leadership and Organization Development Journal* 25(2), 124-141.

Asbrook, J B 1994. *The cry for the other: Womb of human development.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Ashby, H U 1997. *Reclaiming the soul of the cure of souls.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Atkinson, R C & Shiffrin, R M 1968. Human memory: A proposed system and its control processes, in Spence, K W & Spence, J T (eds.), *The psychology of learning and motivation, Vol 2.* New York: Academic Press.

Bailie G 1995. *Violence unveiled*. New York: Crossroad Publishing Company.

Baldwin, J M 1897*. Social and ethnic interpretations in mental development: A study in social psychology*. New York: MacMillian.

Ballard, P 1986. *The foundation of pastoral studies and practical theology.* Cardiff: Faculty of Theology.

Ballard, P & Prit, J 1996. *Practical theology in action: Christian thinking in the service of church and society.* London: SPCK.

Bandler, R & Grindler, J 1979. *Reframing: Neuro-linguistic programming*. Moab Utah: Real People Press.

Bandura, A 1974. Behavior theory and the models of man. *American Psychologi*st 29, 859-869.

Barkham, M 1989. Brief prescriptive therapy in two-plus-one sessions: Initial cases from the clinic. *Behavioral Psychotherapy* 17, 161-175.

Barlett, A 2001*. Cr oss purposes: The violent grammar of Christian atonement.* Harrisburg, PA: Trinity Press*.*

Barth, K 1928. *The Word of God and the word of man*. Boston MA: Pilgrim Press.

Barth, K [1956] 1960. *The Humanity of God*. Tr by JN Thomas. Atlanta GA: John Knox Press.

Baumeister, F R F 1990. Identity crisis, in Lerner, R M, *The encyclopedia of adolescence, Vol 1*, 518-521.

Bauman, Z 1989. *Modernity and the holocaust*. Cambridge: Polity Press.

Baumrind, D 1993. The average expectable environment is not good enough.

A respons to scars. *Child Development* 64, 1299-1317.

Beautris, A 2002. Life events and childhood morbidity: A prospective study. *Pediatrics,* 935-940.

Bandura, A 1974. Behavior theory and the models of man. *American Psychologist* 29, 499-520.

Beck, A 1970. Cognitive therapy. *Behaviour Therapy* 1, 184-200.

Beets, H M 1993. Pastoraat aan die enkelouergesin in die NG Sendingkerk in SA. Doktorale proefskrif: Unisa.

Berger, P 1977. *Facing up to modernity*. Harmondsworth: Penguin.

Benedek, E P 1985. Children and disaster: Emerging issues. *Psychiatric Annalisis,* 168-172.

Berger, P L 1992. *A far glory: The quest for faith in an age of credulity.* New York: Free Press.

Berk, L E 1997. *Child development*. Needham Heights: Needham Heights Press.

Bernard, L C & Kupat, E 1994. *Health psychology: Biopsycholosocial factors in health illness.* London: Harcourt.

Berzonsky, M 1981. *Adolescent development*. New York: Macmillan.

Beukes, C J 1996. Michel Foucault en die historisering van Andersees. *Hervormde Teologiese Studies* 52 (2 & 3), 144-156.

Bloom, B L 1992. *Planned short-term psychotherapy: A clinical handbook.* London: Allyn & Bacon.

Blos, P 1962. *On adolescence*. New York: Free Press.

Bocknek, G 1980. *The young adult*. Monterey, CA: Brooks.

Bolton, G 2001. *Reflective practice: Writing and professional development.* London: Paul Chapman.

Bonhoeffer, D 1954. *Life together*. London: SCM Press.

Bonhoeffer, D 1959. *The cost of discipleship*. London: SCM.

Bonhoeffer, D 1967. *Letters and papers from prison.* New York: Macmillan.

Bons-Storm, R 1984. *Kritisch bezig zijn met pastoraat: Een verkenning van*

*de interdisciplinaire implicaties van de Practische Theologie.* Gravenhage: Boekencentrum.

Borg, M 1994. *Meeting Jesus again for the first time*. San Francisco, CA: Harper.

Borg, M 1995. *The heart of Christianity*. San Francisco, CA: Harper.

Bornstein, M W 1989. Sensitive periods in development: Structural characteristics and causal interpretations. *Psychological Bulletin* 105, 179-197.

Bourne, E J 1990. *Anxiety and phobia.* Oakland, CA: New Harbinger.

Brainerd, C J 1978. *Piaget's theory of intelligence*. New York: Prentice-Hall.

Bremmer, J D & Marmar, C 1998. *Trauma, memory and dissociation*. Washington, DC: APA Press.

Brennar, S E 2001. *A cognitive architecture for dialogue and repair*. Oakland, CA: New Harbinger.

Breslau, N, Davis, G C & Andreski, P 1991. Traumatic events and PTSD in urban population of young adults. *Archives of General Psychiatry* 48, 216-222.

Bridger, F & Atkinson, D 1988. *Counseling in context: Developing a theological framework.* London: Redwood Books.

Bronfenbrenner, U 1993. The ecology of cognitive development: Research models and fugitive findings, in Wozniak, R S & Fischer, W, *Development in context*, 3-44. New York: Erlbaum.

Brownlee, B I999. *Inside the teen brain*. US News & World Report. August, 9.

Browne, Q & Finkelhor, D 1986. Impact of child sexual abuse: A review of the research. *Psychological Bulletin* 99, 66-77.

Browning, D S 1983. *Integrating the approaches*. New York: Harper & Row.

Browning, D S 1991. *A fundamental practical theology: Descriptive and strategic proposals.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Bruner, J 2003. *Making stories: Law, literature, life.* Harvard, MA: Harvard University Press.

Buhler, C 1962. *Values in psychotherapy.* New York: Glencoe.

Burgess, A W & Homstrom, L L 1974. Rape Trauma Syndrome. *American Journal of Psychiatry* 131, 981-986.

Burgess, A W 1975. Family reaction to homicide. *American Journal of Orthopsychiatry* 45, 391-398.

Burkhard, J J 2004. *Apostolicity then and now: An ecumenical church in a postmodern world.* Collegeville, MN: Liturgical Press.

Burnham, J B 1986. *Family therapy: First steps toward a systemic approach*. London: Tavistock Publications.

Butcher, J N, & Koss, M P 1978. *Research on brief and crisis oriented psychotherapies.* Oxford: Oxford University Press.

Butler, C 2002. *Postmodernism: A very short introduction*. Oxford: Oxford University Press.

Calhoun, K S & Atkison, B M 1982. A longitudinal examination of fear reactions in victims of rape. *Journal of Counseling Psychology* 29, 655-661.

Campbell, J 1972. *Myths to live by*. New York: Bantam.

Capps, D 1980. *Pastoral counseling and preaching: A Quest for an integrated ministry.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Capps, D 1990. *Reframing: New method in pastoral care*. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Capps, D 1993. *The depleted self: Sin in a narcissistic age.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Capps D 1994. The pastor as bearer of hope. *Lutheran Journal of Theology* 20, 75-89.

Capps, D 1996. *Agents of hope: A pastoral psychology.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Capps, D 1984. An action-oriented method for pastoral theology . *Pastoral Psychology* 41(1), 37-41.

Card, J 1983. *Lives after Vietnam: The personal impact of military service.* Lexingston, MA: DC Health.

Carlson, E B 1997. *Trauma assessments*. New York: Guilford Press.

Carr, D 1991. Discussion: Ricoeur on Narrative, in Wood, D, *On Paul Ricoeur: Narrative and interpretation.* London: Routledge.

Conradie, E M 1996. Is the new paradigm in theology still new?, in Mouton, J & Lategan, B. *The relevance of theology for the 1990s*, 83-105. Pretoria: HSRC.

Carr, D 1997. Narrative and the real world: An argument for continuity, in Hinchman, L P & Hinchman, P & Hinchman, S K (eds), *Memory, identity, Community*, 7-25. New York: State University of New York Press.

Case, R 1992. *The minds staircase*. New York: Erlbaum.

Chemtob, C, Roitblat, H, Mamada, R & Carlson, R 1988. A cognitive action theory of posttraumatic stress disorder. *Anxiety Disorders* 2, 252-275.

Chip, J A 1988. Ten traps for therapists in the treatment of trauma survivors. *Dissociation* 1, 24-32.

Cicchett, D & Toth, S 1998. Risk, trauma and memory. *Development and Psychopathology* 10, 4-16.

Clark, M J 1992. Care of clients in disaster settings. *Nursing in the Community* 2, 696-725.

Clebsch, W A & Jaekle, C R 1964. *Pastoral care in historical perspective.* New York: Englewood Cliffs Press.

Clinebell, H J 1966. *Basic types of pastoral counseling*. Nashville, TN: Abingdon.

Clinebell, H J 1984. *Basic types of pastoral care and counseling resources for the ministry of healing and growth*. London: SCM.

Cobb, J B 1977. *Theology and pastoral care*. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Codrington, G 2000. Mind the gap. *Psychology* 4, 34-41.

Coetzee, B 1999. Die fasilitering van waardevorming by die adolessent in die egskeidingsgesin. PhD proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Cohen, A 1985. *The symbolic construction of community.* London: Routledge.

Coll, R 1992. *Supervision of Ministry Students.* Collegeville, MN: The Liturgical Press.

Collins, G R 1972. *Effective counseling*. Dallas, TA: Word Books.

Collins, G R 1988. *Christian counseling: A comprehensive guide*. Dallas, TA: Word Books.

Coomes, M & DeBard, R 2004. A generational approach to understanding students. *New Directions for Student Services* 106, 5-16.

Cottingham, J, Stoothoff, R, Kenny, A & Murdoch, D 1988. *The philosophical writings of Descartes*. Cambridge: Cambridge University Press.

Coutois, C A 1999. *Healing the incest wound: Adult survivors in therapy.* New York: W W Norton.

Crabb, L J 1985. *Effective biblical counseling*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Crafford, J D & Kotze, D J 1997. 'n Narratiewe pastorale terapie met depressiewe persone. *Acta Theologia* 1, 99-119.

Craik, F M & Lockhart , R S 1998. Levels of processing: A framework for memory research. *Journal of Verbal Learning and Verbal Behavior* 11, 671-184.

Crites, S 1971. The narrative quality of experience. *Journal of the American Academy of Religion* 39 (3), 291-311.

Crow, L D 1965*. Adolescent development and adjustment*. New York: McGraw-Hill.

Cupitt, D 1980. *Taking leave of God*. London: SCM Press.

Cupitt, D 1991. *What is a story?* London: SCM Press.

Cupitt, D 1994. *After all: Religion without alienation*. London: SCM Press.

Crowne, D P & Stricland, B R 1961. The conditioning of verbal behavior as a function of need for social approval. *Journal of Abnormal and Social Psychology* 63, 498.

Daly, R J 1983. Sameul Pepy and posttraumatic disorder. *British Journal of Psychiatry* 143, 64-68.

Davis, R C 1985. *The emotional aftermath of crime*. New York: Brunner Mazel.

Davis, R C, Lurigio, A J & Skogan, W G 1997. *Victim of crime*. London: Sage Publications.

Davidson, R J 1992. Emotion and affective style: Hemispheric substrates.

*Psychological Science* 3, 39-43.

De Beer, C S. 2007. Filosofiese besinning oor geweld: Uitdagings aan informatiseringstrategieë. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 47(4), 4-7.

Deblinger, E & Heffin, A H 1996. *Treating sexually abused children and their nonoffending parents.* New York: Guilford Press.

De Jager, J J 2001. Die dekonstruksie van tradisionele problem-realiteite in 'n plattelandse gemeenskap. Ongepubliseerde M-verhandeling: Universiteit van Pretoria.

De Jongh van Arkel, J T 1988. Die pastoraat: Noodsaaklike onderskeidings. *PTSA* 5, 1-13.

De Jongh van Arkel, J T 1991. Sorg, Pieterse, H J C, e.a. Studiegids Praktiese Teologie PTB 301-9. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Jongh van Arkel, J T 1992. Sorg in Wolfaardt, J A e.a. in Studiegids Praktiese Teologie 3, 4-21. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Klerk, J C 1996. Situating Biblical narrative studies in literary theory and literary approaches. *Religion and Theology* 4(3), 190-207.

De Klerk, W J 1975. *Pastorale Sensitiwiteit*. Johannesburg: Perskor.

De Klerk, W J 1985. *Rousmart*. Johannesburg: Perskor.

Denzin, N K & Lincoln, Y S 1998. *Collecting and interpreting qualitative materials.* Thousand Oaks, MA: Sage.

De Reuver, R 2004. *Een kerk in meervoud: Een theologisch onderzoek naar de ecclesiologische waarde van pluraliteit*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Derrida, J 1976 *Of grammatology*. Tr. by Spivak. London: Johns Hopkins University Press.

Derrida, J 1989. *Of spirit: Heidegger and the question.* Tr. by Bennington & Bowlby. Chicago, IL: University of Chicago Press.

Descartes R 1637. La géométrie. Vertaal in 1954 Smith, D E & Lantham, M L, *The geometry of René Descartes*. Dover: Dover Press.

Dewsbury, D A 1992. Comparative psychology and ethnology: A reassessment. *American Psychologist* 47, 208-215.

Dill, J & Kotze, D J 1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese

konteks vir die Praktiese Teologie. *Acta Theologica* 17(1), 1-26.

Dingemans, G D J 1989. Praktische theologie als een academische discipline. *NTT* 43(3), 192-212.

Dingemans, G D J 2001. *De stem van de Roepende: Pneumatologie.* Kampen: Kok.

Dittes, J E 1967. *The church in the way, minister on the spot.* Westminister, PA: John Knox Press.

Dittes, J E 2004. *When people say no*. Westminister, PA: John Knox Press.

Dixon, R A & Lerner, R M 1992. A history of systems in developmental psychology. *Development of children* 3, 58-67.

Drewery, W, Winslade, J & Monk, G 2000. Resisting the dominant narrative: Towards the therapeutic re-authoring of lives, in Neimeyer, R & Raskin, J (eds), *Constructions of disorder*. Washington, DC: American Psychological Association.

Dreyer, Y 1998. Pastorale interaksie met vroue in Prakties-Teologiese begronding. Doktorale proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Dreyer, Y 2003. 'n Teoretiese inleiding tot die narratiewe hermeneutiek in die teologie. *HTS* 59(2), 313-331.

Dreyer, Y 2006. Postmoderne kerk-wees in die lig van publieke teologie in eenheid en verskeidenheid. *HTS* 62(4), 1313.

Doehring, C 2006. *The practice of pastoral care*. Louisville, KY: John Knox Press.

Douvan, E & Adelson, J 1966. *The adolescent experience*. London: Wiley.

Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders. Washington, DC: American Psychiatric Association.

Dunné, J S 1970. *A search for God in time and memory*. London: Macmillan.

Durkheim, E 1897. *Suicide*. London: Tavistock Publication.

Du Toit, B 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Dykstra, C 1981. *Vision and character*. New York: Paulist Press.

Dyregrov, A 1991. *Critical incident stress debriefings.* Norway: University of

Bergen.

Dyson, A O 1982. Theology and the educational principles in ministerial training. *Kairos* 6, 4-15.

Eagan, G 1975. *The skilled helper*. California: Monterey.

Elder, G H 1998. The life course as developmental theory. *Child Development* 69, 1-12.

Eliade, M 1975. *Rites and symbols of initiation: The mysteries of birth and rebirth.* New York: Harper & Row.

Eliade, M 1987. *De magie van het alledaagse: De transcendentie van het dagelijks leven*. Katwijk: Sirvire.

Elium, D & Elium, J 1996. *Raising a son*. California: Berkeley.

Embelton G 2001. *Understanding and working with the impaired physician.* Brisbane: New Seminar.

Epstein, J 1995. *Emotion processes*. Canada: Toronto.

Erickson, M J 2001. *Truth or consequences: The promise & perils of postmodernism.* Illonois: Intervarsity Press.

Erikson, E 1963. *Childhood and society*. New York: Norton.

Erikson, E 1964. *Insight and responsibility*. New York: Norton.

Erikson, E 1968. *Identity: Growth and crisis*. London: Faber.

Everly, G S 1995. *Psychotraumatology: Key papers and core concepts in post-traumatic stress*. New York: Plenum Press.

Faber, H & van der Schoot, E 1965. *The art of pastoral conversation*. New York: Abingdon Press.

Farley, E 1983. *Theologian: The fragmentation and unity of theological education.* Philadephia, PA: Fortress Press.

Farley, E 1987. Interpreting situations: an inquiry into the nature of practical Theology in Mudge, L S & Poling, *Formation and reflection: The promise of practical theology.* Philadelphia, PA: Fortress Press.

Farnsworth, K E 1985. *Wholehearted integration: Harmonizing psychology and Christianity through word and deed.* Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Frank, A 1995. *The wounded storyteller*. Chicago, IL: University of Chicago.

Feyerabend, P & Kuhn, T 1989. *Reclaiming reality: Premodernism.* London: Verso.

Feldman, S M 2000. *American legal thought from to Postmodernist: An intellectual voyage*. New York: Oxford University Press.

Figley, C R 1978. *Stress disorders among Vietnam veterans: Ttheory, research, and treatment.* New York: Brunner/Mazel.

Figley, C R 1998. *Traumatolgy of grieving: Conceptual, theoretical and treatment foundations*. Philadelphia: Brunner/Mazel.

Firet, J 1977. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

Fischer, K W 1975. *Piaget, learning and cognitive development*. Toronto: Randan House.

Fischer, K W & Pipp, S L 1984. Processes of cognitive development: optimal level and skill acquisition, in Sternberg, R J, *Mechanisms of cognitive development,,* 45-80. New York: Freeman.

Foucault, M 1977. *Discipline and punish: The birth of the prison.* Tr by Sheridan, A. Harmondsworth: Penguin Books.

Fowler, J 1981. *Stages of faith*. San Fransisco, CA: Harper and Row.

Frankl, V E 1963. *Mans search for meaning: An introduction to logotherapy* New York: Washington Square Press.

Frankl, V E 1969. *The will to meaning.* New York: New American Library.

Frankl, V E 1969. *The doctor and the soul*: New York: Bantam Books.

Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities*. New York: W.W. Norton.

Freedy, J R. & Donkervolt, J C 1995. Traumatic Stress: An overview of the Field in Freedy, R & Hobfoll, S E, *Traumatic stress: From theory to practice.* New York: Plenum.

Frei, H 1993. *Theology and narrative: Selected essays*. New York. Oxford University Press.

Freud, S 1894. *Introduction to the psychology of war neurosis.* London: Hogarth Press.

Freud, S 1905. *Three essays on the theory of sexuality*. New York: Basic.

Freud, S 1924. On history of the psychoanalytic movement, in *Collected Papers* 1, 614. London: Hogarth.

Freud, S 1925. Instincts and their vicissitudes, in *Collected papers* 4, 614. London: Hogarth.

Freud, S [1923] 1974. *The ego and the id.* London: Hogarth.

Friedenberg, E 1964. *The vanishing adolescent*. Boston, MA: Beancon.

Friedrich, W 1986. Behavior problems in young children and adolescents. *Journal of Pediatric Psychology,* 47-57.

Fries, H 1969. *Faith under challenge*. Washington, DC: Catholic University of America.

Fromm, E 1955. *The sane society.* New York: Rinehart.

Furman, B & Ahola, T 1992. *Solution talk: Hosting therapeutic conversations.* New York: WW Norton.

Gadamer, Hans-Georg 1989 (1960). *Truth and method*. Tr by J Weinsheimer & D Marshall. London: Sheed & Ward.

Ganzevoort, R R 2003. *Vergeving als opgave*. Tilburg: KGSV.

Garbarino, J 1992**.** *Coping with the consequences of community violence.* San Francisco, CA: Jossey Bass.

Garbers, J G 1996. *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing*. Pretoria: Van Schaik.

Gardner, H 1982. *Art, mind and brain*. New York: Basic Books.

Gardner, W L 1991. Towards a theology of translation. *Notes on Translation* 5(3), 15-22.

Garfield, S L 1989. *The practice of brief psychotherapy*. New York: Pergamon.

Gay, P 1973*. The enlighten: An interpretation, Vol 1: The rise of modern paganism.* London: Wildwood House.

Gelso, J E & Johnson, D H 1983. *Exploration in time-limited counseling and psychotherapy.* New York: Teachers College Press.

Genette, G 1980. *Narrative Discourse*. Tr.by Levin, J E. Oxford: Basil Blackwell.

Gerdes, L C 1988. *Die ontwikkelende volwassene*. Durban: Butterworths.

Gergen K J 1999. *Narrative, moral identity and historical consciousness: A social constructionist account.* http:/www.swarthmore edu/SocSci/kgergen1/text3html (99/03/06).

Gergen, K L 2001. Construction in contention: Towards consequential resolutions. *Theory & Psychology* 11(3), 419-432.

Gerkin, C V 1984. *The living human document: Revisioning pastoral counseling in a hermeneutical mode*. Nashville, TN: Abington Press.

Gerkin, C V 1991*. Prophetic pastoral practice. A Christian vision of life together*. Nashville, TN: Abington Press.

Gerkin, C V 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville, TN: Abington Press.

Gilbert, D T, Brown, R P, Pinel, E C & Wilson, T D 2000. The illusion of external agency*. Journal of Personality and Social Psychology* 79, 690-700.

Gillis, H M 1993. *Children and disasters*. New York: Plenum.

Girard, R 1965. *Deceit, desire and the novel: self and other in literary structure.* Stanford: John Hopkins University Press.

Girard, R 1977. *Violence and the sacred*. Stanford: John Hopkins University Press.

Girard, R 1978. *To double business bound:* |*Essays on literature, mimesis and anthropology.* Stanford: John Hopkins University Press.

Girard, R 1979. Mimesis and violence: perspectives in cultural criticism. *Berkshire Review* 14, 9-19.

Girard, R 1986. *The scapegoat*. Stanford: John Hopkins University Press.

Girard, R 1987. *Things hidden since foundation of the world .* Stanford: Stanford University Press.

Girard, R 1993. Violence, difference, sacrifice: A conversation with Rene Girard. *Religion and Literature* 25, 9-33.

Golden, C 1981*. Diagnosis and rehabilitation in clinical neuropsychological.* Springfield: Thomas.

Gordon, I J 1962*. Human development: From birth through adolescence*. New

York: Haper.

Gottfried, A E 1988. *Maternal employment family environment and children's development: Infancy through the school years.* Greenwich: C T Press.

Graham, L K 1992. *Care of persons, care of worlds: A psycho systems approach to pastoral care and counseling*. Nashville, TN: Abington Press.

Graham, E, Walton, H & Ward, F 2005. *Theological reflection methods.* London: SCM Press.

Graham, G 1988. *Contemporary basic philosophy.* Oxford: Basil Blackwell.

Grassie, W 1997. Postmodernism: What one needs to know. *Zygon: Journal of Religion and Science* 3, 15-27.

Gribbon, R. T 1993. *Developing faith in young adults: Effective ministry with 18-35 year olds.* New York: Alban Institute.

Gottlieb M C & Lasser J 2001. Competing values: A respectful critique of narrative research. *Ethics & Behaviour* 11, 2.

Gould, R L 1980. Transformations during early and middle adult years, in Smelser, N J & Erikons, H, *Themas of word and love in adulthood,* 213-237. London: Grant McIntyre.

Goulet, L R & Baltes, P B 1970. *Life-span developmental psychology: research and theory.* New York: Academic Press.

Garrison, K C 1995. *Psychology of adolescence*. New York: Basic Books.

Graham, E 1996. *Post modernism in age of uncertainty*. New York: Mowbray

Graves, R 1957. *Goodbye to all that*. New York: Doubleday.

Greenberg, J R & Mitchell, S A 1983. *Object relations in psycho-analytic theory.* Cambridge: Harvard University Press.

Greeno, J G 1999. A perspective on thinking. *American Psycholist* 44, 134-141.

Grenz, S J 1996. *A primer on postmodernism*. Michigan: Eerdmans Publishing Co.

Grinker, P & Spiegel, J P 1945. *Men under stress.* Philadelphia: Blakeston.

Griffen, D R 1988. *God and religion in the postmodern world: Essays in*

*postmodern theology*. New York: State University of New York Press.

Groome, T H 1991. *Sharing faith: A comprehensive approach to religious education an pastoral ministry*. San Fransisco, CA: Harper.

Gueri, M & Alzate, H 1984. The disaster preminary report on its effects on health. *Disasters* 8, 18-20.

Gunton, C E 1933. *The one, the three and the many*. Cambridge: University Press.

Gustafson, J M & Johnson, E W 1982. The corporate leader and the ethical resources of religion: A dialogue, in Williams, O F & Houck, J W, *The Judeo-Christian vision and the modern corporation,* 306-329. Notre Dame: University of Notre Dame Press.

Gutierrez, G. [1973] 1988*. A theology of liberation.* London: SCM Press.

Habermas, J 1972. *Knowledge and human interests.* Heineman: London.

Habermas, J 1982. *Theorie des kommunikativen Handelns 1 & 11.* Frankfurt: Suhrkamp.

Habermas, J 1993. *Na-metafysisch denken*. Kampen: Kok.

Haley, S 1984. I feel a Little Sad: The application of object relations theory to Hypnotherapy of Post-Traumatic Stress Disorder, in Vietnam Veterans. Paper presented at Society for Clinical and Experimental Hypnosis, October, at San Antonio, TX.

Hall, C S 1904. *Adolescence.* New York: Appleton-Century Crofts.

Hall, C S & Lindsay, G 1978. *Theories of personality*. New York: John Wiley & Sons.

Hall, W S 1989. Reading comprehension. *American Psychologist* 44, 157-161.

Hare-Mustin, R T, & Marecek, J 1988. The meaning of difference: Gender theory, postmodernism, and psychology. *American Psychologist* 43(6), 455-464.

Hauerwas, S 1974. *Truthfulness and tragedy*. Indiana: University of Notre Dame.

Hauerwas, S 1980. *A community of character.* Indiana: Notre Dame Press.

Hauerwas, S 1990. *Naming the silences*. Grand Rapid, MI: Eerdmans.

Hauerwas, S [1983] 2001. The servant community: Christian social ethics, in Hauerwas, S, *The Hauerwas Reader*. Durham: Duke University Press.

Havighurst, R J 1965. *Disengagement and patterns of aging.* Chicago, IL: University of Chicago Press.

Heasman, K 1969. *An introduction to pastoral counseling*. London: SCM Press.

Heitink, G 1983. *Gids voor het pastoraat*. Kampen: Kok.

Heitink, G 1984. *Pastoraat als hulpverlening*. *Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* Kampen: Kok.

Heitink, G 1993. *Praktische theologie*. Kampen: Uitgeverij Kok.

Heitink G 1998. *Pastorale zorg: Theologie, differentiatie, praktijk. Handboek Praktische Theologie*. Kampen: Kok.

Held, D 1992. *The development of the modern state*. Cambridge: Polity Press.

Hendin, H & Haas, P 1984. *Wounds of war: The psychological aftermath of combat in Vietnam.* New York: Basic books.

Henslin J M 1994. *Social problems*. New York: Prentice Hall.

Herman, J L 1992. *Trauma and recovery*. New York: Basic Books.

Hermans, H J M 2001. The person as a motivated storyteller: Valuation theory and the self-confrontation method. http://www.socsci.kun.ni/hermans/Polyphony html(28/11/2001)29pp.

Hesse, E & Main, M 1999. Unresolved responses to trauma in parents. *Inquiry* 19,4.

Heyns, L M & Pieterse, H J C 1990. *Eerste tree in die praktiese teologie*. Pretoria: Gnosis.

Heyns J A 1988. *Inleiding tot die dogmatiek*. Midrand: NG Kerkboekhandel.

Hiltner, S 1949. *Pastoral counseling*. New York: Abingdon Press.

Hiltner, S 1958. *Preface to pastoral theology*. New York: Abingdon Press.

Hiltner, S 1959. *The Christian shepherd: Some aspects of pastoral care.* New York: Abingdon Press.

Hiltner, S 1972. *Theological dynamics*. Nashville, TN: Abington Press.

Hinchman, L P & Hinchman, S K 1997. *Memory, identity, community*. USA: State University of New York Press.

Hobson, T 1999. Faith and rhetorical violence: a response to Girard. *Modern Believing* 40, 34-41.

Hodgkinsin, P E & Stewart, M 1991. *Coping with catastophe.* New York: Routledge.

Horowitz, M J 1986. Stress-response syndromes: A review of posttraumatic and adjustment disorders. *Hospital and community Psychiatry* 37, 241-249.

Horowitz, M J 1992. John B. Watson's legacy: Learning and environment. *Developmental Psychology*, 28, 360-367.

Howard, G. S 1991. Cultural tales: A narrative approach to thinking, cross – cultural psychology and psychotherapy. *American Psychologist* 46, 187-197.

Hulme, W E 1955. When people will not come to the minister for help. *Pastorale Psychology* 6, 43.

Hunsinger, D 1995. *Theology and pastoral counseling.* Michigan: Eerdemans Publishing Co.

Hurding, R 1998. *Pathways to wholeness*. Trafalgar: Trafalgar Square

Hymann, G 2002*. The predicament of postmodern theology: Radical orthodoxy or nihilist textualism?* Louisville, KY: Westminister John Knox.

Irving, R G & Zuck, R B 1977. *Youth and church*. Chicago, IL: Moody Press.

Ito, Y 1993. Increased prevalence in children with psychological, physical and sexual abuse. *J. Neuropsychiatry & Chin. Neurosci* 5, 401-408.

Iwanies, D 1996*. The emotionally abused and neglected child.* New York: John Wiley.

James, W 1902. *The varieties of religious experience*. New York: Penguin.

Janoff-Bulman, R 1992. *Shattered assumptions: Towards a new psychology of trauma.* New York: Free Press.

Janse van Rensburg, J 2000. *The paradigm shift. An introduction to postmodern thought and its implications for theology.* Pretoria: Van

Schaik.

Janson, M 1979. Pastoraat as hulpverlening. Studiegids Praktiese Teologie 3, 303. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Jonker, W D 1981. *In diens van die Woord.* Pretoria: NGK Boekhandel.

Johnston, D R 1988. The role of the creative arts therapies in the diagnosis and treatment of psychological trauma. *The Arts in Psychother* 14, 7-13.

Jordaan, W & Jordaan, J 1987. *Mens in konteks*. Isando: Lexikon Uitgewers.

Jordaan, W 1996. Postmodernisme en die huwelik*. Praktiese teologie in Suid-Afrika* 11, 2-17.

Joseph, R 1992*. The right brain and unconscious: Discovering the stranger within.* New York: Plenum Press.

Joseph, S, Williams, R & Yule, W 1997*. Understanding post-traumatic stress.* New York: John Wiley & Sons.

Joubert, G 1997. *Die groot gedagte. Abstrakte weefsel van die kosmos.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Jowet, B 1968. The dialogues of Plato. *The Republic* 7, 1-163.

Jung, C G 1933. *Modern man in search of a soul*. New York: Harvest.

Kahane, R 1997. *The origins of postmodern youth: Informal youth movements in a comparative perspective.* Berlin: Walter de Gruyter.

Kalat, J W 2006. *Biological psychology*. Belmont: Wadsworth.

Kant, I [1760] 1952. *The critique of judgement*. Tr by Meredith, J C. Oxford: Oxford Univerity Press.

Kaufmann, W 1956. *Nietzsche: Philosopher, psychologist, antichrist.* Princeton: Princeton University.

Kay, W K & Francis, L J 1985. The seamless robe: interdisciplinary enquiry in religious education. *British Journal of Religious Education* 7, 64-67.

Kay, W K & Francis, L J 1996. *Drift from the churches: Attitude toward Christianity during childhood and adolescence*. Cardiff: University of Wales Press.

Kearney, R 1998. *The wake of imagination: Toward a postmodern culture.* London: Routledge.

Kiesler, C A 1982. Mental hospitals and alternative care: Non institutionalization as potential public policy for mental patients. *American Psychologist* 37, 1051-1057.

Kilbourn, P 1996. *Children in crisis*. California: MARC.

Kirk-Duggan, C 2006. *Theology and violence.* Oxford: Oxford Univerity Press.

Klahr, D 1998. Information-processing approaches to cognitive development, in Bornstein, M H & Lamb, M E, *Developmental psychology: an advanced textbook.* New York: Erlbaum.

Klages, M *1997. Postmodernism.* [Aanlyn]. Beskikbaar by: http://www.colorado.edu/English?ENGL2012Klages/porno.htm.

Kohlberg, L 1983. *The psychology of moral development*. New York: Harper and Row.

Kohut, H 1977. *The restoration of the self.* New York: International Universities Press.

Koss, M P & Butcher, J N 1986. Research on brief psychotherapy, in Bergin, A E & Garfield, L E, *Handbook of psychotherapy and behavior change: An empirical analysis (3rd ed.).* New York: Wiley.

Kriel, J F 1985. *'n Ondersoek na die effektiwiteit van die gespreksmodel van Gerard Eagan vir die pastorale bediening*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Kroll, J, Habenicht, M & MacKenzie, T 1989. Depression and posttraumatic stress disorder in southeast Asian refugees. *American Journal of Psychiatry* 4, 146-179.

Kulka, R A, Schlenger & W E & Fairbank, J A 1990. *Trauma and the Vietnam war generation.* New York: Brunner/Mazel.

Kübler-Ross, E 1997. *On death and dying*. New York: Simon and Schuster.

Kuhn T S 1970. *The Structure of scientific revolutions.* Chicago, IL: University of Chicago.

Kunzman, K A 1990. *The healing way. Adult recovery from childhood abuse.* Minnepolis, MN: Hazelden Educational materials.

Lakeland, P 1997. *Post modernity: Christian identity in a fragmented age*.

Minneapolis, MN: Fortress Press.

Lamb, L 1976. The theory-praxis relationship in contemporary Christian theologies. Proceedings of the Catholic Theological Society of America (Conference paper).

Lammot, A 1995. *Bird by bird: Some instruction on writing and life.* New York: First Anchor Books Edition.

Lamprecht, N E 1996. Geslagsrolidentiteit. Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Landman, C 1999. Telling sacred stories: Eersterust and the forced removals of the 1960's. Unpublished report: Research Institute for Theology and Religion. Pretoria: University of South Africa.

Lanyado, M & Horne, A 1995. *Child and adolescent psychotherapy*. New York: Routledge.

Laub, D & Felman, S 1992. *Testimony: Crises of witnessing in literature, psychoanalysis and history.* London: Routledge.

Levine, B 1985. Rene Girard on Job: the question of the scapegoat. *Semeia* 33, 125-133.

Leech, K 1981. *The social God*. London: Sheldon Press.

Lenski, G, Nolan, P & Lenski, J 1995. *Human societies.* New York: McGraw-Hill.

Lester, A D 1985. *Pastoral care with children in crisis.* Pennsylvania: The Westminister Press.

Levin, P 1997. *Walking the tiger. Healing trauma.* California: North Atlantic Books.

Levinas, E 1978. *Het menselijk gelaat*. Baarn: Ambo.

Levinson, D 1980. The mid-life transition. *Psychiatry* 40, 99-112.

Lewis, C S 1940. *The problem of pain.* New York: Harper Collins.

Lewis, C S 1998. *On grief*. Nashville, TN: Thomas Nelson Publishers.

Lidz, T 1968. *The person.* New York: Basic.

Lifton, R J & Olson, E 1976. The human meaning of total disaster. *Psychiatry* 39, 1-18.

Lifton, R J 1983. Responses of survivors to man-made catastrophes. *Bereavement care* 2, 2-6.

Lindbeck, G A 1984. *The nature of doctrine: Religion and theology in a postliberal age.* Philadelphia: Westminister Press.

Lindbeck, G A 2002. *The church in a postliberal age*. London: SCM Press.

Lloyd, M A 1985. *Adolescence.* New York: Glencoe.

Harper & Row, J 1968. *The Educational writings of John Locke.* Ed. Axtell, J L. Cambridge: Cambridge University Press.

Loewenstein, R 1990. Somatoform disorders, in victims of incest and child abuse in Kluft, R, *Incest-related syndromes of adult psychopathology,* 75-112. Washington, DC: American Psychiatric Press.

Louglin, G 1996. *Telling God's story: Bible, church and narrative theology.* Cambridge: Cambridge University Press.

Louw, D J 1983. *Versoening in die huwelik*. Durban: Butterworth.

Louw, D J 1984. Pastoraat in Eskatologiese Perspektief. *Teologie Aktueel* 3, 44-87. Pretoria: N.G. Kerk Uitgewers.

Louw, D J 1996. Praktiese teologie in sosiologiese perspektief – enkele kritiese vrae met die oog op teologiese toerievorming. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 11, 23-37.

Louw, D J 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting.* Pretoria: RGN-Uitgewery.

Louw, J P & Nida, E A 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains*, *Vol 1.* Goodwood, Cape: United Bible Societies.

Luther, M [1956] 1999. Luther's Works, in Jaroslav, J P, Oswald, H C & Lehmann, H J, *Luther's Works* 13, 168. Saint Louis: Concordia Publishing House.

Lyall, D 1995*. Counseling in the pastoral and spiritual context.* Philadephia: Open University Press.

Lyons, J A 1987. PTSD in adolescents. *Development and behaviour Prediatrics* 8, 349-359.

Lyotard, J F 1986. *The postmodern condition: A report on knowledge.* Manchester: Manchester University Press.

Lyotard, J F 1993. *The postmodern explained*. Minneapolis, MN: University of Minnesota Press.

Lyotard, J F 1984. *The postmodern condition: A report on knowledge*. Tr. by Bennington, G & Massumi, B. Manchester: Manchester University Press.

Macquarrie, J 1978. *Christian hope*. Oxford: Mowbray.

Madison, G B 1988. *The hermeneutics of postmodernity: Figures and themes*. Bloomington: Indiana University Press.

Mahoney, M J & Lyddon, W J 1988. Recent developments in cognitive approaches to counseling and psychotherapy. *The Counseling Psychologist* 16, 190-234.

Malcolm, J 1984. *In the freud archives*. New York: Alfred A Knopf.

Malpas, S 2001. *Postmodern Debates*. New York: Palgrave.

March, J S & Muller, K 1998. *Cognitive-behavioral treatment*. New York: Guilford Press.

Maslow, A H 1971. *The farther reaches of human nature*. New York: Viking.

Matasakis, A 1996. *I can't get over it.* New York: New Harbinger Publications.

Matasakis, A 1994. *Post-traumatic stress disorder: A complete treatment guide.* New York: New Harbinger Press.

Mattes, J A, Rosen, B & Klein, D F 1977. Comparison of the clinical effectiveness of "short" versus "long" stay psychiatric hospitalization. II. Further results of a 3-year post hospital follow-up. *Journal of Nervous and Mental Disease* 165, 387-394.

Maurice, S 1942. *Haggadah of Passover*. New York: Hebrew Publishing.

Mayou, R Bryant, B & Duthie, R 1993. Psychiatric consequences of road traffic accidents. *British Medical Journal* 307, 647-651.

McArnarey, E R & Hendee, W R 1989. Adolescent pregnancy and its consequences. *J. Amer. Med. Ass.* 262, 74-82.

McCann, L & Pearlman, L A 1990. *Psychological trauma and the adult*

*survivor: Theory, therapy and transformation.* New York: Brunner/Mazel.

McCann, L & Pearlman, L A 1994. *Trauma and evil: Healing the wounded soul.* Minneapolis, MN: Augsburg Fortress.

McClendon, J W 1974. *Biography as theology*. Nashvill, TN: Abington Press.

McCoy, C.S 1992. Narrative theology and business ethics: Story based management of values, in Willaims, O F & Houck, J W, *A virtuous life in business: stories of courage and integrity in the corporate world*, 51-72. Lanham: Rowan and Littlefield Publishers.

McKenna, A J 1997. Derrida, death and forgiveness. *First Things* 71, 34-37.

McFadyen, A 1996. *The call to personhood.* Cambridge: Cambridge University Press.

McFague, S 2001*. Life abundant: Rethinking theology and economy for a planet in peril.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

McLaren, B D 2000. *The church on the other side*. New York: Zondervan.

McLeod, J 1999. A narrative social constructionist approach to therapeutic empathy. *Counselling Psychological Quarterley* 12 (4), 377-394.

Meichenbaum, D S & Fritzpatrick, D 1993*. A constructivist narrative perspective on stress and coping*. New York: Free Press.

Meier, P D & Minirth, F B 1982. *Introduction to psychology and counseling*. New York: Baker Books.

Meier, A 2001. Narrative in psychotherapy theory, practice and research: A critical review. *Theoforum* 32 (3), 391-418.

Middleton, J R & Walsh, B J 1993. Theology at the rim of a broken wheel: Bruce Cockburn and christian faith in a postmodern world. *Grail* 9(2), 15-9.

Milbank, J 1990*. Theology and social theory: Beyond secular reason.* Oxford: Basil Blackwell.

Miller, P H 1993. *Theories of developmental psychology.* New York: Freeman.

Miller, T W 1998. *Children of trauma*. Connecticut: International Universities Press.

Miller, P H 2002. *Theories of developmental psychology*. New York: Freeman.

Mircea, E 1987. *The encyclopedia of religion*. New York: Macmillan.

Moltmann, J 1969. *Geloof in de toekomst.* Utrecht: Baarn.

Moltmann, J 1981. *The trinity and the kingdom of God.* London: SCM.

Moltmann, J 1990. *Gerechtigheid schept toekomst.* Utrecht: Baarn.

Moltmann, J 1974. *Het experiment hoop: verkenningen.* Utrecht: Baarn.

Monohon, M 1997*. Developing strategies to deal with trauma in children.* Washington, DC: IOS Press.

Moore, T 1992. *The care of the soul.* New York: Harper Collins.

Moran, G F & Vinovskis, M P 1986. The great care of godly parents: Early childhood in puritan New England. *Monographs of the Society for research in child development* 50(4), 22-37.

Morgan, A 2000. *What is narrative therapy? An easy-to-read introduction*. Adelaide: Delwich Centre Publication.

Morrison, J A 2000. Protective factors associates with children's emotional responses to chronic community violence exposure. *Trauma, Violence and Abuse: A review Journal* 1(4), 299-320.

Mott, F W 1919. *War neuroses and shell shock*. London: Oxford University Press.

Mouton, M & Marais, H C 1989*. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe.* Pretoria: RGN.

Mouton, M & Marais, H C 1991. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Mulcahey, K M 1990*.* Adolescent pregnancy: Prevalence, health and psychosocial risks*. Nutritional Management of Pregnant Adolescent* 1, 6-19.

Müller, J 1996. *Pastorale gesinsterapie – om tot verhaal te kom.* Pretoia: RGN-Uitgewers.

Müller, J 1991. Eko-hermeneutiese pastoraat en gemeenskapsontwikkeling: 'n Afrika perspektief. *Acta Theologica* 2, 91-97.

Müller, J 2002. *Gesinne van binne*. Bloemfontein: CLF Drukkers.

Murphy, N & McCledon, J W 1988-1989. Distinguishing modern and postmodern

theologies. *Modern Theology* 5, 191-214.

Neimeyer, R A & Rasking, P J 2000. Constructions of disorder. *American Psychological Association*, 207-242.

Nel, M 1991. Die wisseling tussen teorie en praxis in die praktiese teologie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 6(1), 22-38.

Nel, M 1997. Basis- en praktykteorie vir jeugbediening in die rigting van 'n meer komprehensief-geïntergreerde gemeentelike bediening. *PTSA* 12(2), 27-37.

Nelson, C A & Bloom, F E 1997. Child development and neuroscience. *Child development* 68, 970-987.

Nesselroade, J R & Blates, P B 1979. *Longitudinal research in the study of behavior and development*. New York: Academic Press.

Neugarten, B L 1968. *The awareness of middle age.* Chicago, IL: University of Chicago Press.

Neuger, C C 2001. *Counseling women: A narrative, pastoral approach.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Newman, B M & Newman, P R 1999. *Development through life. A psychosocial approach.* Belmont: Wadsworth Publishing Company.

Nickoloff, J B 1996. *Gustavo Gutierres: Essentail writings*. London: SCM Press.

Nietzsche, F 1968. On truth and lie in a extra-moral sense?, in Kaufman, W, *The Portable Nietzsche*. New York: Viking Press.

North R S J 1985. Violence and the bible: The Girard connection. *The Catholic Biblical Quarterley* 47, 1-27.

Oates, W E 1953. *The bible in pastoral care*. Philadelphia, PA: Westminister Press.

Oates, W E 1974. *Pastoral Counseling*. Philadelphia, PA: Westminister Press.

Oakes, E T 1996. *The Achievement of Alasdair McIntyre*. Philadelphia, PA: Westminister Press.

O'Brien, P 1985. *Stopping rape: Successful survival strategies*. New York: Pregamon.

O'Donnell, K 2003. *Postmodernism.* England: Lion Publishers.
Oden, T C 1966. *Kerugma and counseling*. Philadelphia, PA: Westminister Press.
Oden, T C 1969. *The structure of awareness*. Philadelphia, PA: Westminister Press.
Oden, T C 1989. *Pastoral counseling*. New York: Crossroad.
Oden, T C 1989. *After modernity … what?* Canada: Zondervan.
Opperheim, H 1892. *Die Traumatischen Neurosen*. Berlin: August Hirschwald.
Otto, R 1907. *Naturalism and religion*. Oxford: Oxford University Press.
Otto, R 1923. *The idea of the holy*. Oxford: Oxford University Press.
Otto, R 1928*. The kingdom of God and the Son of Man: A study in the history of religion.* Oxford: Oxford University Press.
Otto, R 1931. *Religious essays: A supplement to the idea of the holy.* Oxford: Oxford University Press.
Otto, G 1975*. Praktisch Theologisches Handbuch.* Hamburg: Rennebach.
Pannenberg, W 1970. *What is man*? Philadelphia, PA: Fortress Press.
Parry-Jones, B & Parry-Jones, W L L 1994. Post-traumatized stress disorder: Supportive evidence from an eighteenth century natural disaster. *Psychological Medicine* 24, 15-27.
Pattison, S 1994. *Pastoral care and liberation theology.* Cambridge: Cambridge University Press Gee.
Perry, B D 1996*. Maltreated children: Experience, brain development and the next generation.* New York: Norton.
Perry, B D 1997*. Incubated in terror: neurodevelopment factors in the cycle of violence*. New York: Guilford Press.
Piaget, J 1950. *Psychology of intelligence.* Boston, MA: Routledge and Keargan Paul.
Piaget, J 1971. *Biology and knowledge*. Chicago, IL: Chicago Press.
Piaget, J 1972. Intellectual evolution form adolescence to adulthood. *Human Development* 15, 1-12.
Pieterse, H J C 1988. Die legitimiteit van die elektroniese massamedia in diens

van die Woord, in *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 4, 1-11.
Pieterse H J C 1991. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die praktiese teologie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 6(1), 38-51.
Pieterse, H J C 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers.
Pieterse, H J C 1994. Metateorie as wetenskapsbenadering in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(1), 33-49.
Pieterse, H J C 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 17(1), 188-292.
Pienaar, J F 1996. Die begeleiding van 'n predikant tydens sy midlewe. 'n Eko-hermeneutiese perspektief. Doktorale proefskrif*:* Universiteit van Pretoria.
Placher W C 1999. Christ takes our place. *Interpretation* 31, 5-20.
Plamenatz, J 1963. *Man and Society*. London: Longman.
Plomp J 1967. *Presbyteriaal – episcopaal?* Kampen: Kok.
Pohly, K 2001. *Transforming the rough places the ministry of supervision.* Nashville, TN: Abingdon. .
Polkinghorne, D E 1988. *Narrative knowing and the human science*. New York: University of New York.
Pollcock, L 1987. *A lasting relationship: Parents and children over three centuries.* Hanover, NH: University Press of New England.
Pond, D 1973. *Counseling in religion and psychiatry*. London: Oxford Press.
Porter, R 1990. *The enlighten.* London: MacMillan.
Price, D A 1996. Inner child work: What is really happening? *Dissociation* 9(1), 68-73.
Pruyser, P W 1976. *The Minister as diagnostician*. Philadelphia, PA: Westminister Press.
Pruyser, P W 1984. The diagnostic process in pastoral care, in Richard, A W & Rowe, R, *Psychiatry Ministry and Pastoral Counseling,* Collegeville: Liturgical Press.
Pyle, W T & Seals, M A 1995*. Experiencing ministry. Supervision: A field-*

*based approach.* Nashville, TN: Broadman & Holman.

Rando, T A 1993. *Treatment of complicated mourning*. Champaign: Research Press.

Reik, T 1956. *Listening with the third ear.* New York: Grove.

Regele, M 1995. *Death of the church.* Grand Rapids, MI: Baker Book House .

Reinherz, H Z, Giaconia, R M, Lefkowitz, E S, Pakiz, B & Frost, A K 1993. Prevalence of psychiatric disorders in a community population of older adolescents. *Journal of the American Academy of child and adolescent psychiatry* 32, 369-377.

Rensch, A 1967. *Das Seelsorgerliche Gesprach*. Gottingen: Vandenheock.

Resnick, L B 1989. Developing mathematical knowledge. *American Psychologist* 44, 162-169.

Retief, Y 2004. *Genesing vir trauma in die Suid-Afrikaanse konteks*. Paarl: Struik Christelike boeke.

Richards, L 1985. *Youth Ministry*. Michigan: Zondervan Publishing House.

Richards, P & Bergin, A E 1997. *A spiritual strategy for counseling and psychotherapy.* Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P 1981. *Hermeneutics and the human sciences.* Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P 1984. *The reality of the historical past*. Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P 1991. *A Ricoeur reader: Reflection and imagination.* London: Harvester Wheatsheaf.

Ricoeur, P 1991. Life in quest of narrative, in David, W, *Paul Ricoeur: Narrative and interpretation.* London and New York: Routledge.

Ricoeur, P 1998. *Critique and convictions*. New York: Columbia University Press.

Riger, S & Gordon, M 1981. The fear of rape: A study of social control. *Journal of Social Issues* 37, 71-92.

Riggs J W 2003. *Doing theology in the contemporary world.* Harrisburg, PA: Trinity Press International.

Rogers, C 1961. *Client-centered therapy on becoming a person*. Boston: Houghton.

Rogers, C 1963. The pastors work with grief. *Journal of Pastoral Psychology* 14, 20-43.

Rogers, C 1950. *Therapy: Its current practice, implications and theory.* Boston: Houghton.

Roos, V, Du Toit, R S & Du Toit, M 2002. A Counselors guide in dealing with trauma, death and bereavement. Pretoria: University of Pretoria.

Roscam-Abbing, P J 1987. *Gespreksbeleid in die pastorale sorg*. Utrecht: E. J. Beijleveld.

Rousseau, J J [1762] 1955. *Emile*. New York: Dutton.

Rossouw, P J 1983. *Grondlyne van 'n pastorale model – Gerben Heitink*. Pretoria: NGK boekhandel.

Rossouw, G J 1995. Theology in a postmodern culture: Ten challenges, in Rossouw, G J, *Life in a postmodern culture*. Pretoria: HRSC Publishers.

RZepka, J J 1983. Counseling women who have unplanned pregnancies: A pastoral Approach. *Journal of American Aced of children Psychiatry* 3, 201-222.

Sack, W 1993. A 6-year follow-up study of Combodian refugee adolescents traumatized as children. *Journal of American Aced of children Psychiatry* 4, 431-437.

Saler, B 1977. Supernatural as a Western category. *Ethos* 5, 31-53.

Santrocki, J W 1986. *Life-span development*. Dubuque: Brown.

Sarkisian, S 1984. Coping with a massive stressful life event: The impact of the Armenian genocide of 1915 on the present day health and morale of a group of women survivors. *Armenian Rev*. 37, 33-44.

Schacter, D L 1996. *Searching for memory: The brain, the mind and the past.* New York: Basic Books.

Schleiermacher, F 1922. *The Christian faith in outline.* Tr. by Baillie, D M. Edinburgh: W. V. Henderson.

Scott, M J & Strading, S G 1994. *Counseling for PTSD*. London: Sage

Publications.

Selye, H 1956. The stres of life. New York: McGraw-Hill.

Shahar, S 1990. *Childhood in the middle ages*. London: Routledge & Kegan Paul.

Sharraock, P 1976. *The pilgrim's progress, a casebook.* London: Macmillan.

Sharp, S & Cowie, H 1998. *Counselling and supporting children in distress*. London: Sage Publications.

Sheely, G 1986. *Predictable crises of adult life.* New York: Dutton.

Shiffrin, R M & Atkinson, R C 1969. Storage and retrieval processes in longterm memory. *Psychological Review* 76, 179-193.

Shore, J H Tatum, E L & Vollmer, W H 1983. Psychiatric reactions to disaster: The Mount St. Helens experience. *American Journal Psychiatry* 143, 590-596.

Sim, J 1998. Collecting and analyzing qualitative data: issues reused by the focus group. *Journal of Advanced nursing* 28(2), 345-352.

Skinner, B F 1957. *Verbal behavior.* New York: Appleton-Century-Crofts.

Slabbert J A 1988. Die ontwikkeling van 'n metaleermodel. Doktorale proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Siegler, R S 1993. Beyond the immaculate transition: Advances in the understanding of change. *Newsletter of the Society for research in Child Development* 55, 166-189.

Sifneos, P E 1972. *Short-term dynamic psychotherapy and emotional crisis.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Simons, R L 1992. Support from spouse as a mediator and moderator of the disruptive influence of economic strain on parenting. *Child development* 63, 1282-1301.

Sonnekus, M C H 1993. *Die kind en die evangelie.* Pretoria: Bet-el Uitgewers.

Smith, L D 1992. On prediction and control: B.F. Skinner and the technological ideal of science. *American Psychologist* 47, 216-223.

Smith, K, Cowie, H & Blades, M 2003. *Understanding children's development.* New York: Blackwell.

Smith, R 1981. *Leer die kind ken*. Pretoria: Academica.

Smith, W J 2002. ‘n Prakties-teolgoiese perspektief op hoop as pastorale bemagtiging en verrryking in die rouproses. Doktorale Proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Smuts, A J 1969. *Die pastorale gespreksvoering*. Pretoria: NGK Uitgewers.

Snyman, J J 1995. Postmodernism, art and aesthetics, in Rossouw, G J(red), *Life in a postmodern culture*, 63-73. Pretoria: HSRC Publishers.

Stein, M B 2004. Hippocampal volume in women victimized by childhood sexuel abuse. *Psychol Medicine* 27, 951-959.

Steinberg, L 1999. *Adolescence* (5th Edison). New York: McGraw-Hill.

Sterk, H 1993. *After Eden: Facing the challenge of gender reconciliation*. New York: McGraw-Hill.

Steyn, H M 2003. Die nooit-getroude vrou sonder kinders: ’n pastoraal narratiewe benadering met besondere verwysing na diskoerse. Doktorale Proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Stone, H W 1980. *Using behavioral methods in pastoral counseling.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Stone, H 1994. *Brief pastoral counseling*. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Stone, L 1977. *The family, sex, and marriage in England 1500-1800.* New York: Harper & Row.

Strauss, W & Howe, N 1991. *Generations: The history of America’s future, 1584-2069*. New York: William Morrow.

Strauss, W & Howe, N 2000. *Millennials rising.* New York: Vintage Books.

Stroup, G W 1981. *The promise of narrative theology: Recovering the gospel in the church.* Oregon: Wipf and Stock.

Suger, M 1988. Children and multiple trauma in a disaster. *Child Psychiatry & Human Development* 19, 163-169.

Summit, P C 1983. The child sexual abuse accommodation syndrome. *Child Abuse Neglect* 7, 177-193.

Swartley W 2000. *Violence renounced: Rene Girard, biblical studies and peacemaking*. Telford: Pandora Press.

Sweet, L 2000. *Post-modern pilgrims.* Nashville, TN: Broadman & Holman Publishers.

Swinton,J & Mowat, H 2006. *Practical Theology and Qualitative Research* Aberdeen: SCM Press.

Symonds, M 1980. The second injury to victims. *Eval. & Change* 23(4), 36-38.

Taylor, M C 1980. *Journeys to aelfhood: Hegel and Kierkegaard.* Berkeley: University of California Press.

Teicher, E 1993. Early childhood abuse and limbic system ratings in adult psychiatric outpatients*. J. Neuropsychiatry & Clin. Neurosc* 5, 301-306.

Terr, L 1983. Chowchilla revisited: the effect of psychic trauma four years after a school-bus kidnapping. *American Journal of Psychiatry* 2, 1543-1550.

Terr, L 1988. What happens to early memories of trauma? A study of twenty children under age five at the time of documented traumatic events. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry* 7, 96-114.

Terr, L 1990. *Too scared to cry*. New York: Harper & Row.

Terr, L 1994. *Unchained memories*. New York: Busic Books.

Thomas, A & Chess, S 1977. *Temperament and development*. New York: Brunner.

Thurneysen, E 1962. *A theology of pastoral care*. New York: John Knox Press.

Tillich, P [1949] 1962. *The shaking of the foundations*. Harmondsworth: Penguin.

Tillich, P 1952. *The courage to be*. London: Fontana.

Tracy, D 1975. *Blessed rage for order: The new pluralism in theology.* New York: Seabury.

Tracey, D W 1985. Theological method, in Hodgson, P C & King, R H, *Christian theology: An introduction to it's traditions and tasks,* 35-60. Philadelphia PA: Fortress Press.

Tracey D W 1987. Practical theology in the situation of global pluralism, in Mudge, L & Phling, J, *Formation and reflection: The promise of practical theology,* 139-154. Philadephia, PA: Fortress Press.

Torrance, T F 1988. *The Trinitarian faith*. Edinbufth: Christian Journals.

Troxell, B B 2000. Mutuality and dialogue in pastoral supervision. *Journal of supervision and training in ministry* 20, 202.

Thurneysen, E 1962. *A theology of pastoral care*. Richmond Virginia: John Knox Press.

Van den Aardweg, E M & Van den Aardweg, E D 1993. *Psychology of Education.* Pretoria: E & E Enterprises.

Van Aarde, A G 1999. Dekonstruksie van dogma. 'n Eietydse ondersoek na die spore van die leer van die twee nature van Jesus. *HTS* 55/2&3, 437-470.

Van Aarde, A G 2003. Theorizing about myth. *Acta Patristica et Byzantina* 14, 245-265

Van den Heever, J 1995. Die moderne jong volwassene se verhoudingslewe: 'n Pastoraal-teologiese studie. Doktorale Proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Van der Kolk, B A 1984. Nightmares and trauma. *American Journal of Psychiatry* 141, 187-190.

Van der Kolk, B A 1985. Adolescent vulnerability to posttraumatic stress disorder. *Psychiatry* 48, 365-370.

Van der Kolk, B A 1987. *The psychological consequences of overwhelming life experiences: Psychological trauma*. Washington, DC: American Psychiatric Press.

Van der Kolk, B A 1991. Childhood origins of self – destructive behavior. *American Journal of Psychiatry* 148, 1665 -1671.

Van der Kolk, B A & Fisher, R 1995. Dissociation and the fragmentary nature of traumatic memories overview and exploratory study. *Journal of Traumatic Stress* 8, 4.

Van der Kolk, B A 1998. The trauma spectrum: The interaction of biological and social events in the genesis of the trauma response. *Journal of Traumatic Stress* 1, 273-290.

Van der Schaaf T S, Dreyer, Y 2004. Ontferming 'beyond' vergeving als weg naar heling en heelheid: Reframing' als narratief-pastorale bemachtiging.

*HTS* 60 (4), 355-1372.

Van der Schaaf T S, Dreyer, Y 2004. Ontferming 'beyond' vergeving als weg naar heling en heelheid: Een theoretisch model voor narratief pastoraat. *HTS* 60 (3), 1127-1147.

Van der Ven, J.A. 1988. Practical theology: From applied to empirical theology. *Journal of Empirical Theology* 1(1), 7-27.

Van der Ven, J A 1993. *Practical Theology: an empirical approach.* Kampen: Kok Pharos.

Van der Ven, J A 1994. Empirical methodology in practical theology: Why and how? *PTSA* 9(1), 29-44.

Van der Ven, J A 1998. *Education for Reflective Ministry*. Louvain: Peters.

Van der Watt, J 2000. *Die Christen, die Bybel en die toekoms*. Vereniging: CUM.

Van Dyke, C & McKinnon, J A 1985. PTSD: A 30 year delay in a world war two combat veteran. *American Journal of Psychiatry* 142, 1070-1073.

Van Huyssteen, J W 1999. *The shape of rationality: Toward interdisciplinary in theology and science.* Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Van Huyssteen, J W 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology*. Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Van Huyssteen J W 1999. The Shaping of rationality : Toward Interdisciplinarity. Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

VanKatwyk, P L 1997. Healing through differentiation . A Pastoral care and counseling perspective. *The Journal of Pastoral Care* 51, 3-283.

Van Stone, D S & Lutzer, E W 1990. *The hurt and healing of sexual abuse.* Chicago, IL: Moody Press.

Vattimo, G 1988. *The end of modernity*. London: Polity Press.

Vattimo, G 1997. *Beyound interpretation. The Meaning of hermeneutics for philosopy.* Tr. By Webb, D. Cambridge: Polity Press.

Van Zyl, P J 1995. ‘n Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van huisbesoek op erediensbywoning binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Doktorale Proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Veltkamp H 2002. *Geen leven zonder bijwerkingen. Dagboek uit een ziekenhuis*. Kampen: J.H. Kok.

Veronen, L J, Kilpatrick, D G & Resick, P A 1979. Treating fear and anxiety in rape victims: Implications for the criminal justice system. *Perspectives on victimology,* 148-158. Beverly Hills, CA: Sage.

Viljoen, D J 1995. Die dooplidmaatbediening van die NG Kerk 1962-1990. Doktorale proefskrif: Universiteit van Pretoria

Ward, G 1997. *Postmodernism.* London: Hodder Headline.

Warshaw, R 1988. *I never called it rape.* New York: Harper & Row.

Watson, J.B 1920. Conditioned emotional reactions. *Journal of Experimental Psychgology* 3, 1-4.

Walton, H 1999. Love relations: Exploring the intimacy between women's writing and theology, in Gearon, L , *English Literature, Theology and the Curriculum.* London: Cassell,

Watson, W 1961. *China: Before the Han dynasty*. New York: Praeger.

Watson, P J 1998. Girard and integration: Desire, violence and the mimesis of Christ as foundation for postmodernity. *Journal of Psychology and Theology* 26, 311- 321.

Wickham, R & West, J 2002. *Therapeutic work with sexually abused children.* London: SAGE Publications.

Watzlawick, P, Weakland, J & Fisch, R 1974. *Change: Principles of problem formation and problem resolution.* New York: Norton.

Weaver, A J 1992. The distressed family and wounded children. *Journal of religion and health* 31(3), 207-219.

Webb-Mitchell B 1995. The importance of stories in the act of caring. *Pastroal Psychology* 43(3), 21-225.

Weber, M 1980. *Wirtschaft und Gesellschaft: Grundriss der Verstehenden Soziologie*. Halbband Tübingen: Mohr.

Weisel, E & Beale, T 2000. *Strange fire: reading the bible after the holocaust.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

Williams, D D 1961. *The minister and the cure of souls*. New York: Harper.

White, M 1997. *Narratives of therapists's lives.* Adelaide: Dulwich Centre Publications.

White, H 1987 *The content of the form: Narrative discourse and historical representation*. Baltimore: The Johns Hopkins University Press.

White, H 1999. *Figural realism: Studies in the mimesis effect*. Baltimore: The Johns Hopkins University Press.

White, S H 1976. The active organism in theoretical behaviorism. *Human Development* 19, 99-107.

White, S H 1988. Poststructuralism and political reflection. *Political Theory* 16(2), 186-208.

White, S H 1992. G. Stanley Hall: From philosophy to developmental psychology. *Developmental Psychology* 28, 25-34.

Whitehead, J D & Whitehead, E E 1990. *Method in ministry: Theological reflection and Christian ministry.* San Francisco, CA: Harper & Row.

Wickham, R & West, J 2002. *Therapeutic work with sexually abused Children*. London: SAGE Publications.

Williams J G 1996. *The Girard reader*. New York: Crossroad Pubco.

Wink, W 1986. *Unmasking the powers*. Philadelphia, PA: Fortress Press.

Wise, C A 1956. *Psychiatry and the bible*. San Francisco, CA: Harper & Brothers.

Wolff, S 1992. *Children under stress.* London: Penguin Books.

Woodward, W 1990. *Embracing the chaos.* London: SPCK.

Wolfaardt, J A 1978. Praktiese teologie, in Eybers, I H, König, A & Stoop, J A, *Inleiding in die teologie.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.

Worden, J W 1991. *Grief counseling and grief therapy: A handbook for the mental health practitioner.* New York: Springer.

Wunnenberg, K 2000. *Grieving the loss of a loved one*. Michigan: Zondervan Publishing House.

Zemke, R , Raines, C & Filipczak, B 1999. Generation gaps in the company classroom, retrieved on 30 Aug 2004 from the World Wide Web at http://millennials.com/Training99.html

Zizioulas, J  1985.  Being as communion.  London:  Darton.Levine, Baruch.
http://www.iss.co.za/CJM/statgraphs/index.htm).
(http://www.saps.gov.za/statistics/re...rime_stats.htm).
U.S. Justice Department, Bureau of Justice Statistics - www.ojp.usdoj.gov/bjs/.
http://www.iss.co.za/CJM/statgraphs/index.htm

## Summary

## Traumatized adolescents' search for hope: A pastoral model

South Africa has a high incidence of crime where violence is particularly being committed against adolescents. Trauma has a disruptive influence on the development of adolescents. There is a lack of research focussing on pastoral counselling from a postmodern perspective regarding adolescents who experience acute trauma. This study makes use of three theories to make a meaningful contribution namely those of Rudolf Otto (1869 – 1937), René Girard (1923 - ) and Donald Capps (1990, 1993, 1994,1996).

This study finds Otto`s theory about the numinous useful to assist traumatized adolescents on the road to healing. A numinous experience causes two results namely an overwhelming feeling of awe and a feeling of fear that comes from respect and distance. Traumatized adolescents should be guided into a meeting with God in a confusing post-modern world. Through the appropriation of the numinous adolescents can reach infinitely more than only being a "seeker"..

Girard`s (1978) theory on mimetic violence and the scapegoat mechanism has been used in this study since it throws some light on the manner in which traumatized adolescents process trauma. The scapegoat mechanism theory helps one to understand how violence can be processed by scapegoating someone or something else. Girard`s theory also enlightens on the theme of forgiveness. Forgiveness is the key to overcome the horrors of the past. Adolescents particularly need role models. These role models can be found amongst other things, on television. Role models teach adolescents about revenge and reprisal. This study demonstrates that by applying Girard`s theory to the cross of Jesus, the traumatized and crucified Jesus becomes the role model for the "seekers" rather than identification with the peer group. Girard creates a greater understanding to manage trauma by exposing the scapegoat mechanism.

Capps' theory about hope and reframing on the other hand is useful in the sense that it gives hope for the future to adolescents. Hope therapy entails reframing since the situation needs a new perspective. The work of Capps, *Reframing: New method in pastoral care* (1990) was used as a framework.

Narrative therapy is used because it assists the traumatized in their search for meaning. Ganzevoort's (2000) theory regarding personal narrative identity proved to be useful in pastoral care to traumatized adolescents. The same applies to Erikson's (1963) development theory, which includes the concept that the virtue of hope develops during childhood. It can also be associated with Moltmann's (1974) view of hope as an alternative future for suffering persons.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## KEYWORDS

Adolescents: Individuals in the life cycle between childhood and adulthood.

Development: A lifelong process of change in the structures and function of organisms.

Maturing: Changes and growth in the structures or functions of organisms as result of the evolution of genetic potential.

Perspective on the organism: Change is stimulated from inside the organism.

Perspective on the meganism: Change is stimulated by the contexts and environment which in turn change the child's behaviour

The ecological system theory: Seen from this perspective, development takes place within the complex system of relationships which are influenced by multiple levels of the surrounding environment.

Acute trauma: A sudden, unexpected and terrible single event.

Chronic trauma: Trauma experienced repeatedly over a period of time.

"Tremens" [= the present participle of the Latin verb *tremo*, "to tremble"]:

A feeling of awe which refers to a special kind of fear and anxiety in the presence of something mysterious.

Absolute profanity: A term used by Otto to indicate that an experience of the numinous gives cause to a feeling of utter worthlessness in a person's perception of his/her existencel.